

# **Dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.**

Karel Petrus Steyn

12975575

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister  
Theologiae in Pastoraal aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

Studieleier: Prof. B.J. de Klerk

November 2010

## Voorwoord en Bedankings

Gedurende hierdie studie het ek weer onder die indruk gekom van die grootheid van God se genade. Nie net dat dit Hy is wat ons deur Jesus Christus verlos het nie, maar dat Hy ons verder ook geestelike broers en susters gee om ons te help vorm as mense en as diensknegte van die Here.

Om hierdie rede gaan alle lof, eer en dank aan my hemelse Vader wat aan my die genade bewys het om in Sy diens te staan! Mag hierdie beskeie studie met sy baie gebreke tot die eer van God se Naam en die uitbreiding van Sy koninkryk dien!

Verder wil ek ook net die volgende persone van harte bedank:

- My ouers, Klaas en Adrie Steyn: Die Here gebruik julle op `n wonderlike wyse in Sy diens om my te vorm as `n kind van die Here. Dankie vir die ondersteuning, gebede en motivering wat julle met alle liefde gee.
- Die res van my familie en vriende: Dankie vir al die belangstelling en ondersteuning ten tye van die studie. Dit is julle wat my deur gebed gedra het wanneer ek die motivering en ondersteuning nodig gehad het.
- My studieleier, prof. Ben de Klerk: Dankie vir die besondere leiding en hulp wat u my gegee het. Dit was `n besondere voorreg om u as `n Leermeester te hê.
- Die Gereformeerde Kerk Empangeni: Dankie vir die belangstelling en ondersteuning wat elkeen gegee het. Dit was `n besondere voorreg om deur ons onderlinge gesprekke gevorm te word. Mag die Here ons seën in die werk wat ons in Sy koninkryk doen.
- Me. Marie de Kock: Dankie vir u kundigheid en insette in verband met die taalversorging van hierdie skripsie. Dit word opreg waardeer!

*“O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! “Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom `n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?” Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid!”*

*Romeine 11:33-36*

Karel Steyn

Oktober 2010

## **Abstract**

### **Discipleship as a ministry model for Congregation-building to the baptized members (13 to 18 years of age) in the Reformed Churches in South Africa.**

The Church lives in times of change. In times of change Christ builds and equips his Church, through the Holy Spirit, to proclaim the gospel to the world and to make disciples. As part of the congregation, it is important to ask what the role of the youth and youth ministry plays in the building and equipment of the church, which Christ is busy doing. The aim of this dissertation is to examine the possibility that discipleship can be used as a model for ministry for congregation-building to the baptized members (13 to 18 years of age) of the Reformed Churches in South Africa.

The following working method was used in order to reach this particular aim:

- Firstly, a basis-theoretical investigation was conducted ascertaining the subject, object, aim and nature of congregation-building.
- Secondly, a basis-theoretical investigation focused on discipleship was done. In this investigation the aim was to find a workable definition for “disciple” and “discipleship” as well as the aim and nature of discipleship. This investigation concluded by showing the relation between congregation-building and discipleship.
- Thirdly, an empirical study was launched to determine the situation in the Reformed Churches in South Africa pertaining to youth and youth ministry. In this study the first priority was to determine the aim for youth ministry as determined by the Deputies for Catechesis and Youth nurture of the Reformed Churches in South Africa. The second priority is to determine the present tendencies under the youth in classis KwaZulu-Natal-North of the Reformed Churches in South Africa. The findings of this study were then weighed against the perception of the teachers of Catechesis in this particular classis.
- Lastly, the findings of the basis-theoretical investigation and the empirical study was synthesised into a practical theory for discipleship as a ministry model for church-building for the baptized members (13 to 18 years of age) in the Reformed Churches in South Africa.

The finding of this study is that discipleship can indeed be applied as a ministry model for church-building for the baptized members (13 to 18 years of age) in the Reformed Churches in South Africa. Through this ministry model the baptized

member can be equipped in a contextual-relevant manner to bring the gospel to the world, through his or her love for God to his or her neighbour, as a member of the faith community of the church.

## **Uittreksel**

### **Dissipelskap as 'n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.**

Die kerk bevind haarself in veranderende tye. In hierdie veranderende tye is Christus deurgaans besig om sy Bruid deur die Heilige Gees op te bou en te versterk om die evangelie na die wêreld te neem en sy dissipels te wees. Omdat die jeug deel van die gemeente is, is dit ook van besondere belang om te vra wat die rol van die jeug en jeugbediening is binne die gemeentebou waarmee Christus besig is. Die doel van hierdie skripsie is om te bepaal of dissipelskap as 'n bedieningsmodel vir gemeentebou toegepas kan word, met 'n besonderse toespitsing op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Om hierdie doel te bereik is die volgende werkswyse gevolg:

- Eerstens is daar op 'n basisteoretiese wyse bepaal wat die subjek, objek, doel en wese van gemeentebou is.
- Tweedens is 'n basisteoretiese ondersoek na dissipelskap geloods. Hier is werkbare definisies van die terme "dissipel" en "dissipelskap" bepaal waarna die doel en beginsel van dissipelskap bepaal is. Hierdie ondersoek is afgesluit met 'n voorlopige aanduiding van die verhouding tussen gemeentebou en dissipelskap.
- Derdens is empiriese navorsing gedoen om die huidige stand van sake met betrekking tot die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te bepaal. In hierdie studie is daar eerstens bepaal wat die doelstellings vir jeugbediening is, soos bepaal deur onderskeidelik die Deputate Katkisasie - en Deputate Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Tweedens is die huidige tendense wat daar onder die katkisante in klassis KwaZulu-Natal-Noord heers, bepaal. Hierdie bevindings is gemeet en geweeg aan die persepsies wat daar tans onder die kategete in dieselfde klassis heers.
- Die laaste stap van hierdie werkswyse was om op grond van die basisteoretiese ondersoek en die empiriese navorsing 'n praktykteorie vir dissipelskap as 'n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te stel.

Die finale bevinding van hierdie studie is dat dissipelskap wel as 'n bedieningsmodel vir gemeentebou toegepas kan word op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Deur hierdie bedieningsmodel kan die dooplidmaat op 'n kontekstueel-relevante wyse toegerus word om met liefde teenoor God en teenoor sy naaste die evangelie na ander te bring terwyl hy deel in die geloofsgemeenskap van die kerk.

## **Key terms**

Congregation-building / Building the congregation

Disciple

Discipleship

Baptized child not yet confessing his or her faith

Contextual-relevance

Kingdom of God

Faith community

Spiritual growth

Congregation

## **Sleutel terme**

Gemeentebou

Dissipel

Dissipelskap

Katkisant / Dooplidmaat

Kontekstueel-relevant

Koninkryk van God

Geloofsgemeenskap

Geloofsgroei

Gemeente

## Inhoudsopgawe

1.1.	Oriëntering en Probleemstelling .....	1
1.1.1.	Oriëntering .....	1
1.1.2.	Probleemstelling .....	3
1.2.	Doelstelling en Doelwitte .....	4
1.2.1.	Doelstelling .....	4
1.2.2.	Doelwitte .....	4
1.3.	Sentraal-teoretiese argument of hipotese .....	5
1.4.	Metodologie .....	5
1.5.	Die gebruik van sekere begrippe .....	9
1.5.1	Die gebruik van “katkisant” en “dooplidmaat” .....	9
1.5.2	Die gebruik van “bedieningsmodel”, “bedieningstrategie” en “bedieningsplan” .....	9
2.	Basis-teoretiese perspektiewe op “Gemeentebou” as `n vertrekpunt vir hierdie studie. ....	10
2.1	“Gemeentebou” - perspektief van Heitink.....	11
2.2	“Gemeentebou” - perspektief van Hirsch .....	13
2.3	“Gemeentebou” - perspektief van Nel .....	18
2.4	“Gemeentebou” - perspektief van Te Velde.....	23
2.5	“Gemeentebou” - perspektief van Wijma .....	26
2.6	Gevolgtrekking .....	28
3.	Basis-teoretiese perspektiewe op dissipelskap as `n moontlike bedieningsmodel. ....	30
3.1	Definisie van Dissipelskap .....	31
3.1.1	`n Nadere definisie van die term “Dissipel”. .....	31
3.1.1.1	Definiëring vanuit die Skrif.....	31
3.1.1.1.1	Die term “dissipel” in die Evangelies .....	32
3.1.1.1.2	Die term “dissipel” na die hemelvaart van Christus .....	34
3.1.1.1.3	Gevolgtrekking .....	35
3.1.1.2	Definiëring vanuit teologiese werke. ....	36



3.1.1.2.1 Die term “dissipel” - volgens Calvyn.....	36
3.1.1.2.2 Die term “dissipel” - volgens Hull.....	37
3.1.1.2.3 Die term “dissipel” - volgens Cyzewski .....	38
3.1.1.2.4 Die term “dissipel”- volgens Bonhoeffer .....	38
3.1.1.2.5 Die term “dissipel” - volgens De Klerk en Pretorius .....	39
3.1.1.2.6 Die term “dissipel” - volgens Hirsch .....	40
3.1.1.2.7 Die term “dissipel” - volgens Mull .....	41
3.1.1.2.8 Gevolgtrekking.....	42
3.1.2 `n Nadere definisie van die term “Dissipelskap” .....	43
3.1.2.1 Definiëring vanuit die Skrif.....	43
3.1.2.1.1 “Dissipelskap” in Markus 1:1-16.....	44
3.1.2.1.2 “Dissipelskap” in Markus 8:34-9:1.....	44
3.1.2.1.3 “Dissipelskap” in Johannes 15:5-8.....	45
3.1.2.1.4 “Dissipelskap” in Johannes 21:15-19.....	46
3.1.2.1.5 “Dissipelskap” in Matteus 28:16-20 en Handeling 1:3-8 .....	47
3.1.2.1.6 “Dissipelskap” in 2 Petrus 1:3-8 .....	52
3.1.2.1.7 Gevolgtrekking .....	54
3.1.2.2 Definiëring vanuit teologiese werke.....	54
3.1.2.2.1 “Dissipelskap” volgens Calvyn.....	54
3.1.2.2.2 “Dissipelskap” volgens Hull.....	57
3.1.2.2.3 “Dissipelskap” volgens Cyzewski .....	59
3.1.2.2.4 “Dissipelskap” volgens Bonhoeffer .....	61
3.1.2.2.5 “Dissipelskap” volgens De Klerk en Pretorius .....	64
3.1.2.2.6 “Dissipelskap” volgens Hirsch .....	65
3.1.2.2.7 “Dissipelskap” volgens Mull .....	66
3.1.2.2.8 Gevolgtrekking.....	68
3.2 Basis-teoretiese perspektiewe op die doel van Dissipelskap .....	69
3.3 Basis-teoretiese perspektiewe op die beginsels van Dissipelskap.....	76
3.4 Sintese: Die verhouding tussen Dissipelskap en Gemeentebou.....	81
4. Empiriese navorsing rakende die onderrigmetodes tot geestelike groei wat daar tans op die dooplidmate, tussen die ouderdomme 13 tot 18, in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik word.....	85
4.1 Die aanslag van die nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die verlede. ....	86
4.1.1 Deputate Katkisasie 1997-2009.....	87
4.1.1.1 Deputate Katkisasie 1997 .....	87

4.1.1.2	Deputate Katkisasie 2000 .....	88
4.1.1.3	Deputate Katkisasie 2003 .....	89
4.1.1.4	Deputate Katkisasie 2006 .....	89
4.1.1.5	Deputate Katkisasie 2009 .....	91
4.1.1.6	Gevolgtrekking .....	92
4.1.2	Nasionale Deputate Jeugsorg 1997-2009 .....	93
4.1.2.1	Deputate Jeugsorg 1997 .....	93
4.1.2.2	Deputate Jeugsorg 2000 .....	96
4.1.2.3	Deputate Jeugsorg 2003 .....	99
4.1.2.4	Deputate Jeugsorg 2006 .....	101
4.1.2.5	Deputate Jeugsorg 2009 .....	104
4.1.2.6	Gevolgtrekking .....	106
4.2	Die algemene opvatting onder die dooplidmate (13 tot 18 jaar) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, oor geestelike groei en dissipelskap. ....	107
4.2.1	Metodiek gevolg vir die empiriese navorsing onder die dooplidmate (13 tot 18 jaar) .....	107
4.2.2	Bevindings van die empiriese navorsing onder die dooplidmate tussen die ouderdomme 13 tot 18 .....	109
4.2.2.1	Samestelling van die toegespitsde groep dooplidmate .....	109
4.2.2.2	Die bevindings onder die ouderdomsgroep 13 tot 14 .....	111
4.2.2.2.1	Kerk .....	111
4.2.2.2.2	Koninkryk en Dissipelskap .....	113
4.2.2.2.3	Kategese. ....	119
4.2.2.2.4	Gevolgtrekking .....	121
4.2.2.3	Die bevindings onder die ouderdomsgroep 15 tot 16 .....	122
4.2.2.3.1	Kerk .....	122
4.2.2.3.2	Koninkryk en Dissipelskap .....	124
4.2.2.3.3	Kategese. ....	128
4.2.2.3.4	Gevolgtrekking .....	129
4.2.2.4	Die bevindings onder die ouderdomsgroep 17 tot 18 .....	130
4.2.2.4.1	Kerk .....	131
4.2.2.4.2	Koninkryk en Dissipelskap .....	133
4.2.2.4.3	Kategese. ....	140
4.2.2.4.4	Gevolgtrekking .....	143

4.2.2.5 Die bevindings van die groep waarvan die ouderdomme onbekend is .....	143
4.2.2.5.1 Kerk .....	144
4.2.2.5.2 Koninkryk en Dissipelskap.....	145
4.2.2.5.3 Kategese. ....	152
4.2.2.6 Gevolgtrekking van die empiriese navorsing onder die katkisante. .....	155
4.2.2.6.1 Kerk .....	155
4.2.2.6.2 Koninkryk en Dissipelskap.....	156
4.2.2.6.3 Kategese. ....	157
4.3 Die algemene opvatting onder die kategete van dooplidmate tussen die ouderdomme 13 tot 18, van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, oor die geestelike groei en dissipelskap by hierdie dooplidmate. ....	158
4.3.1 Metodiek gevolg vir die empiriese navorsing onder die kategete.	158
4.3.2 Bevindings van die empiriese navorsing onder die kategete. ....	158
4.3.2.1 Die samestelling van die toegespitsde groep kategete. ....	158
4.3.2.2 Die bevindings onder die kategete .....	159
4.3.2.2.1 Kerk .....	160
4.3.2.2.2 Koninkryk en Dissipelskap.....	164
4.3.2.2.3 Kategese. ....	175
4.3.2.3 Gevolgtrekking.....	179
4.3.2.3.1 Kerk .....	179
4.3.2.3.2 Koninkryk van God en dissipelskap .....	180
4.3.2.3.3 Kategese .....	180
4.4 Gevolgtrekking oor die bevindings van die empiriese navorsing. ....	181
4.4.1 Die huidige siening van die katkisante rakende die kerk, die koninkryk van God en dissipelskap en die kategese. ....	182
4.4.1.1 Kerk.....	182
4.4.1.2 Die koninkryk van God en dissipelskap.....	183
4.4.1.3 Kategese.....	184
4.4.2 Die bereiking van die doelwitte wat deur die deputategroepe gestel is. ....	185
4.4.2.1 Die doelwitte wat gestel is.....	185
4.4.2.2 Gevolgtrekkings en opmerkings rakende die bereiking van die doelwitte.....	186

<b>5.</b>	<b>Enkele praktyk-teoretiese perspektiewe vir dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.....</b>	<b>189</b>
5.1	Inleiding .....	189
5.2	`n Praktykteorie vir dissipelskap as `n bedieningsmodel tot gemeentebou vir en aan die dooplidmate.....	189
5.2.1	Uiteensetting van die praktykteorie.....	189
5.2.2	Die doel en beginsels van dissipelskap binne gemeentebou. ....	190
5.2.2.1	Die doel van dissipelskap binne gemeentebou .....	190
5.2.2.2	Die beginsels van dissipelskap binne gemeentebou.....	192
5.2.3	Dissipelskap as bedieningsmodel toegepas op die dooplidmate binne die landelike, plattelandse en stedelike kontekste.....	193
5.2.3.1	Dissipelskap as bedieningsmodel vir en aan dooplidmate in die landelike konteks. ....	193
5.2.3.2	Dissipelskap as bedieningsmodel vir en aan dooplidmate in die plattelandse konteks.....	196
5.2.3.3	Dissipelskap as bedieningsmodel vir en aan dooplidmate in die stedelike konteks. ....	200
5.3	Samevatting.....	202
<b>6.</b>	<b>Finale samevatting en bevinding.....</b>	<b>202</b>
6.1	Basis-teoretiese perspektiewe op “Gemeentebou” as `n vertrekpunt vir hierdie studie.....	204
6.1.1	Probleemstelling .....	204
6.1.2	Metodologie.....	204
6.1.3	Resultaat.....	205
6.2	Basis-teoretiese perspektiewe op dissipelskap as `n moontlike bedieningsmodel.....	206
6.2.1	Probleemstelling .....	206
6.2.2	Metodologie .....	207
6.2.3	Resultaat.....	207

6.3	Empiriese navorsing rakende die onderrigmetodes tot geestelike groei wat daar tans op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik word.....	208
6.3.1	Probleemstelling .....	209
6.3.2	Metodologie .....	209
6.3.3	Resultaat.....	210
6.4	Enkele praktyk-teoretiese perspektiewe vir dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. ....	212
6.4.1	Probleemstelling .....	212
6.4.2	Metodologie.....	213
6.4.3	Resultaat.....	213
6.5	Gevolgtrekking .....	214
6.6	Enkele terreine vir verder navorsing. ....	215
Addendum.....		216
Addenda by hoofstuk 3 .....		216
Addendum 1 – Uitgebreide eksegetiese van Markus 8:27-9:1 .....		216
Addendum by hoofstuk 4 .....		224
Vraelyste aan Katkisanter en Kategete – Afrikaans.....		224
Vraelyste aan Katkisanter en Kategete - Engels .....		230
Bibliografie.....		237

# **1. Verantwoording**

## **1.1. Oriëntering en Probleemstelling**

### **1.1.1. Oriëntering**

Soos wat die tye verander, word die bedieningsmodelle van die kerk - plaaslik en universeel - gedwing om aan te pas, sodat die mees optimale bediening kan plaasvind (Niemandt, 2007:9, 34, 44). Sedert die verandering van regering in Suid-Afrika in 1994 word daar grootskaalse verandering in Suid-Afrika beleef. Nie net op politieke front nie, maar ook op sosiale en godsdienstige fronte is daar al hoe meer veranderings en uitdagings.

Te midde van hierdie veranderings het die kerk as navolger van Christus die roeping om vir die wêreld plek voor God in te neem (Bonhoeffer, 2008:89) om so die doel wat God self vir die kerk gestel het, te bereik. Om hierdie roeping egter uit te voer is dit belangrik vir die kerk om toegerus te wees vir die uitdagings wat ons in die gesig sal moet staar. Dit vereis dat daar opbou of toerusting moet plaasvind in die gemeente, sodat die gemeente kan groei (Te Velde, 1992:29). Hierdie groei moet egter nie net geestelik van aard wees nie, maar ook in getalle (Te Velde, 1992:32). Dit is juis dan die doel van die Praktiese Teologie om die kerk in hierdie situasie diensbaar te wees, siende dat dit juis die Praktiese Teologie is wat krities nadink oor die handeling van mense in gehoorsaamheid aan God se Woord (Heyns & Pieterse, 1991:1).

Om bogenoemde roeping te vervul, is dit egter nie net belangrik vir die kerk om na die Woord van God te luister nie, maar om ook te luister hoe God Homself aan ons openbaar in die tendense wat daar in die samelewing gevind word (Niemandt, 2007:34; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2).

Volgens Niemandt (2007:10-15) leef die kerk in veranderende tye. Hierdie veranderende tye bevat volgens hom drie elemente wat 'n radikale invloed het op die bestaan van die kerk, naamlik Postmodernisme, post-Christenheid en Globalisering (Niemandt, 2007:12). Dit is in hierdie tendense wat God Homself aan ons openbaar

en waarin die kerk nuut moet dink oor sy roeping in die wêreld (Niemandt, 2007:44, vergelyk ook Barna, 2006:48). Die openbaring van God in hierdie tendense is egter nie soterologies van aard nie, maar dit is openbaringe waardeur ons God leer ken as Skepper en Onderhouer van die heelal (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 2 en 12)

Deel van hierdie tendense is dat die kinders van gelowiges in hierdie veranderende tye grootword waar alle vorme van `n enkele waarheid betwyfel word (Niemandt, 2007:22). Waarheid is kontekstueel en soos die konteks verander, só sal die waarheid dus verander. Omdat die kinders van gelowiges in aanraking met kontekstuele waarhede kom, verval die sin vir `n enkele waarheid en word daar meer krities na die wêreld rondom hulle gekyk.

Hierdie tendens suur ook deur na die geloofslawe waar geloof al hoe meer krities beoordeel word en daar `n al groter wordende afsydigheid en selfs teenstand teen die kerk beleef word (Barna, 2006:37). Die gevolg van bogenoemde is dat daar `n al hoe groter neiging onder die jongmense (lees: dooplidmate) van vandag is om minder aandag aan die kerk en aan `n verhouding met God te spandeer as wat in die verlede die geval was.

Met bogenoemde in gedagte is dit dus nodig dat daar weer gedink moet word oor die bediening van die dooplidmate in die kerk. Niemandt (2007:21,23) stel dat die Postmodernisme en in `n mindere mate ook die post-Christenheid, al hoe meer die klem laat val op verhoudings, ook binne die kerklike samelewing. Wanneer daar nuut gedink moet word oor die bediening aan die dooplidmate binne die kerk, sal daar dus ook `n sterk klem geplaas moet word op die ontwikkeling van verhoudings.

Siende dat hierdie studie vanuit `n gemeentebou- perspektief aangepak word, is dit belangrik dat daar op die innerlike bouwerk van die gemeente en verhoudings in die gemeente gefokus sal moet word. Die gemeente kan net haar roeping nakom indien sy goed toegerus is vir die taak wat sy moet uitvoer. Om hierdie doel deur hierdie studie te bereik, word `n toespitsing gemaak op `n sekere groep mense in die kerk, naamlik die huidige dooplidmate van die kerk, en dan in die besonder, die dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tussen die ouderdomme 13

tot 18. Die doel van hierdie toespitsing is om sodoende `n meer gefokusde studie op `n bepaalde groep te doen, sodat daar `n konkrete sintese aan die einde van die studie gemaak kan word. Soos hierbo genoem is dit dan spesifiek ook hierdie groep wat die ergste geraak word deur die veranderende tye waarin die kerk haar bevind.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing, gaan daar op dissipelskap as `n bedieningsmodel gefokus word. Die rede waarom daar juis op dissipelskap besluit is, is omdat dit die bedieningsmodel is wat Christus self aan sy dissipels opgedra het (Hull, 2006:25, 67) en omdat dissipelskap `n volhoubare bedieningsmodel is wat nie gekoppel is aan `n bepaalde tydperk nie – dit is nie net `n bedieningsmodel nie, maar `n *lewenstyl* (Hull, 2006:24). Verder, wanneer Christus sy eerste dissipels roep (Matteus 4:18-22) en ook wanneer Hy hulle later uitstuur met die groot Sendingsopdrag (Matteus 28:16-20) nooi Hy die gelowiges telkens om in `n besonderse verhouding met Hom te tree. Dissipelskap kan dus voorlopig as `n verhoudingsgedrewe bedieningsmodel getipeer word.

Omdat dissipelskap as `n verhoudingsgedrewe bedieningsmodel getipeer word, gaan daar gefokus word op die onderrigmetodes wat vir geestelike groei onder die dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik word. Sodoende kan daar bepaal word tot watter mate daar aandag gegee word aan die vorming van verhoudings tydens die kategetiese onderrig van die dooplidmate. Om na hierdie onderrigmetodes te kyk, belig slegs een deel van die probleem en daarom gaan dit nodig wees om te bepaal wat hierdie groep dooplidmate se menings oor dissipelskap en geestelike groei is.

### **1.1.2. Probleemstelling**

Wanneer die bogenoemde situasie-analise en die roeping van die kerk in die wêreld in ag geneem word, kan die volgende oorkoepelende vraag gestel word: “Hoe kan dissipelskap as `n bedieningsmodel dien vir die dooplidmate (13 tot 18 jaar), in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika?”. Vanuit hierdie oorkoepelende vraag is daar `n aantal onderliggende vrae wat na vore kom:

- a) Wat sal `n omvattende, beskrywende definisie van die dissipline ‘Gemeentebou’ wees?



- b) Hoe kan Dissipelskap, met `n goeie definisie en uiteensetting daarvan, dien as `n bedieningsmodel aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika?
- c) Watter onderrigmetodes tot geestelike groei word daar tans op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas?
- d) Tot watter sintetiese gevolgtrekking kan daar vanuit bogenoemde data gekom word? Watter praktyk-teoretiese beginsels kan hieruit geformuleer word?

## **1.2. Doelstelling en Doelwitte**

### **1.2.1. Doelstelling**

Die doel van hierdie studie is om die waarde van dissipelskap te ondersoek as `n moontlike bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika..

### **1.2.2. Doelwitte**

Om hierdie doelstelling te bereik is dit van besonderse belang om konkrete doelwitte te stel. Die volgende doelwitte word dan ook hieronder voorgestel:

- a) Om `n duidelike uiteensetting van die dissipline 'Gemeentebou' te gee en om dit as `n vertrekpunt vir die studie te neem.
- b) Om Dissipelskap as `n bedieningsmodel aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te ondersoek deur werkbare definisies vir die terme "dissipel" en "dissipelskap" te gee en na die beginsels en doel van Dissipelskap te kyk.
- c) Om te bepaal watter onderrigmetodes tot geestelike groei daar tans op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas word.
- d) Om enkele praktyk-teoretiese beginsels te formuleer vir `n bedieningsmodel vir en aan hierdie groep dooplidmate.

### **1.3. Sentraal-teoretiese argument of hipotese**

Die sentraal-teoretiese argument van hierdie studie is: Dissipelskap is `n bedieningsmodel waarmee die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gelei kan word in die voetspore van Jesus.

### **1.4. Metodologie**

Om die doelstelling en doelwitte van hierdie studie te bereik, sal daar as `n vertrekpunt vir hierdie studie van `n basisteoretiese navorsingsmetode gebruik gemaak word. Hierdie studie word dan ook vanuit `n reformatoriese tradisie aangepak met die leer van die Skrif, soos dit in hoofsaak in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls vervat is, as die voorveronderstelling van die navorser (Breed, Janse van Rensburg & Jordaan, 2008:37-67).

Hierdie navorsingsmetode sal aangewend word tydens die uiteensetting van die dissipline “Gemeentebou” deur verskillende definisies van hierdie term in oënskou te neem en op grond daarvan `n gevolgtrekking en `n selfstandige definiëring vir die term “Gemeentebou” te maak. `n Deeglike literatuurstudie sal dus hier die modus operandi wees.


Dissipelskap as moontlike grondtema vir `n bedieningsmodel gaan ook onderwerp word aan `n basisteoretiese ondersoek deurdat daar `n eksegeties-openbaringshistoriese navorsingsmetode gevolg gaan word. Die model wat hiervoor gebruik gaan word is grammaties-historiese eksegeese (Breed, Janse van Rensburg & Jordaan, 2008:37-67). Daar gaan dan veral gefokus word op die definiëring van dissipelskap, die beginsels van dissipelskap asook die doel van dissipelskap. Daar is alreeds baie oor dissipelskap geskryf (vergelyk Hull, 2006:313-328) en om van hierdie literatuur nie in aanmerking te neem nie, sal `n groot leemte in hierdie studie laat, daarom sal daar ook tydens hierdie ondersoek van `n literatuurstudie gebruik gemaak word.

’n Kwalitatiewe navorsingsmetode gaan egter gebruik word om die studie oor die onderrigmetodes tot geestelike groei van die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te maak. Om die studie oor die onderrigmetode van dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te doen, gaan daar gebruik gemaak word van die inligting wat daar vanaf die verskillende deputate van Kategese en Jeugsorg van die Nasionale Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verkry is. Verder gaan daar ook ’n vraelys uitgestuur word aan ’n aantal Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waarin daar vrae gevra word rondom die onderrigmetode wat tans gebruik word om die dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te onderrig.


Nadat verskillende aspekte van dissipelskap beskryf is en ’n studie oor die onderrigmetodes tot geestelike groei van die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedoen is, gaan daar ’n aantal praktyk-teoretiese merkers gegee word vir dissipelskap as ’n bedieningsmodel aan hierdie groep dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Om bogenoemde praktyk-teoretiese beginsels te formuleer word ’n bepaalde handelingswetenskaplike model benodig waarmee die interaksie en korrelaat tussen bogenoemde verskillende aspekte gekontroleer en bepaal kan word. Hierdie handelingswetenskaplike model kan ook ’n hermeneutiese model genoem word waarin die praxis oorweeg word in die lig van die huidige, ook genoem geldende teologiese (De Wet, 2006:72) tradisie asook die gewenste situasie (Heitink, 1999:113). Vanuit die wisselwerking tussen die huidige tradisie en die gewenste situasie word daar dan ’n nuwe prakties-teologiese teorie geformuleer wat aanleiding gee tot ’n nuwe praxis (Heitink, 199:114).

Zerfass se model kan grafies soos volg uiteengesit word (vergelyk De Wet, 2006:72):



Wanneer die doelstelling en doelwitte van die studie met bogenoemde grafiese uiteensetting van Zeffass se model belyn word, kan dit soos volg daar uitsien:



Uit bogenoemde uiteensetting word dit egter baie duidelik dat daar nie `n nuwe praxis afgelei of gestel kan word nie. Die rede hiervoor hang saam met die aard van hierdie studie. Die doel van hierdie studie is nie om `n nuwe praxis daar te stel

nie, maar om navorsing oor die huidige situasie in die kerk en samelewing te doen en om op grond van Skrifstudie enkele praktyk-teoretiese perspektiewe neer te lê as riglyne om die situasie in die kerk en samelewing aan te spreek. Die basisteorie en praktykteorie word dus deur middel van hierdie metodologie van mekaar geskei, sodat daar vir die doel van hierdie studie in hoofsaak op die basisteorie gefokus kan word (vergelyk De Wet, 2006:59).

Alhoewel basisteorie en praktykteorie van mekaar onderskei moet word en tot `n groot mate, vir die doel van hierdie studie, van mekaar geskei moet word, kan en mag dit egter nie in totaliteit geskei word nie (De Wet, 2006:59). Om hierdie rede sal daar ook in hierdie studie, juis wanneer daar by die basis-teoretiese beginsels stilgestaan word, sekere verwysings na `n moontlike praktykteorie wees. Hierdie verwysings na `n moontlike praktykteorie word in die voorlaaste hoofstuk van hierdie studie onder die hoofstukindeling “enkele praktyk-teoretiese perspektiewe vir dissipelskap as `n bedieningsmodel tot gemeentebou vir en aan die dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika” gegee.

## **1.5. Die gebruik van sekere begrippe**

### **1.5.1 Die gebruik van “katkisant” en “dooplidmaat”**

In hierdie studie word daar afwisselend gebruik gemaak van die terme “katkisant” en “dooplidmaat”. Telkens verwys hierdie twee terme na die lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat reeds gedoop is, maar wat nog nie in die openbaar belydenis van geloof afgelê het nie. Daar word in `n mindere mate na hierdie groep ook verwys as die jeug of die respondente. “Jeug” of “respondente” veronderstel dan telkens `n groep lidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika..

### **1.5.2 Die gebruik van “bedieningsmodel”, “bedieningstrategie” en “bedieningsplan”**

“Bedieningsmodel”, “bedieningstrategie” en “bedieningsplan” moet in hierdie studie as wisselvorme beskou word vir die proses waardeur gemeentebou plaasvind. Al drie hierdie terme verwys dus na die proses waardeur die kerk van Jesus Christus opgebou word.

## **2. Basis-teoretiese perspektiewe op “Gemeentebou” as `n vertrekpunt vir hierdie studie.**

Voordat enige studie in die vakdissipline van gemeentebou aangepak kan word, is dit nodig om duidelik uit te spel wat onder gemeentebou verstaan word. Deurdat daar `n konkrete definisie van die term “gemeentebou” geformuleer word, sal daar dan ook later in die studie bepaal kan word of dissipelskap wel `n plek binne die kader van gemeentebou kan inneem.

Om hierdie deel van die studie aan te pak en suksesvol af te handel, gaan daar `n basis-teoretiese ondersoek na die term “gemeentebou”, soos gesien deur verskillende teoloë uit verskillende kerklike kringe, gedoen word. Met hierdie werkswyse sal die nodige insigte na vore kom om `n konkrete definisie van gemeentebou te gee terwyl daar wyd genoeg gekyk word om te verseker dat hierdie definisie ook gebalanseerd is.

Vir hierdie doel gaan daar dus gekyk word na die bydraes van Heitink, Hirsch, Nel, Te Velde en Wijma. Heitink, Te Velde en Wijma kom vanuit dieselfde denkskool, soos wat dit duidelik word in hulle werke. Daar word gereeld deur die een teoloog verwys na die ander en op hierdie manier bou hulle saam voort op die definisie, doel, wese, objek en subjek van gemeentebou (vergelyk Wijma, 2005:1, 3). Deur hierdie drie teoloë se werke te bestudeer word `n duidelike oorsig verkry van die ontwikkeling van gemeentebou in gereformeerde kringe in Europa.

Die rede waarom die bydrae van Nel bestudeer gaan word, is omdat Nel `n Suid-Afrikaner is. Alhoewel Nel (1998:3-7) ook vanuit `n gereformeerde agtergrond skryf, is sy bydrae baie meer kontekstueel-relevant as die bydrae vanuit Europa omdat hy binne die konteks van die nuwe Suid-Afrika skryf (Nel, 1998:9-10). Die 1998-bydrae van Nel is spesifiek gefokus op jeugbediening en oorvleuel in hierdie opsig dus met die groep waarop die empiriese navorsing in hoofstuk 4 gedoen gaan word.

Hirsch (2006:11-12) vorm deel van die Ontluikende Missionale Kerk. Die Ontluikende Missionale Kerk, of *Emerging Missional Church* soos dit in Engels bekend staan, is `n groep kerke wat daarna streef om op `n nuwe manier kerk te

wees in die konteks van die 21ste eeu (Niemandt, 2007:61-62). Hirsch poog om in sy bydrae die basiese waarhede uit te haal waaruit die kerk nog al die eeue bestaan (Niemandt, 2007:63). Deur Hirsch se bydrae te bestudeer kan daar vanuit hierdie relatiewe jong groep kerke moontlik ander perspektiewe ingewin word as wat daar by die gereformeerde teoloë gevind word. Op hierdie manier word daar in hierdie studie dus balans gevind wat betref die subjek, objek, doel en wese van gemeentebou.

Aan die einde van hierdie hoofstuk gaan daar `n konkrete definisie van gemeentebou gegee word wat deur die res van die studie gehandhaaf sal word. Hierdie definisie sal ook só geformuleer word dat die voorwerp (objek), onderwerp (subjek), doel en wese van gemeentebou na vore kom (vergelyk Erasmus, 2001:23-28). Hierdie onderskeie dele van gemeentebou sal in die gevolgtrekking van die studie ook uitgelig word.

## **2.1 “Gemeentebou” – perspektief van Heitink**

Heitink (1999:xii) plaas gemeentebou binne die groter vakdissipline van prakties-teologiese ekklesiologie. Gemeentebou is dus `n subdissipline van die prakties-teologiese ekklesiologie. Die rede waarom Heitink gemeentebou as `n subdissipline van ekklesiologie sien is weens die feit dat hy “gemeente” of “kerk” in sy mees basiese vorm, naamlik *koinonia*, sien (Heitink, 1999:277-278). Wanneer die kerk as *koinonia* gesien word, is die probleme in die alledaagse lewe `n kontakpunt vir kommunikatiewe praxis in die kerk (Heitink, 1999:278). Op hierdie manier word dit dan ook duidelik hoe die kerk kontekstueel-relevant vir die samelewing is (vergelyk Cyzewski, 2008:47-52). Alhoewel Heitink *koinonia* as sy basiese definisie vir “kerk” of “gemeente” neem, vermeld hy dat *koinonia* nie die ander funksies van die kerk oorneem nie, maar dat *koinonia* die samevoegende faktor vir die ander funksies van die kerk is (Heitink, 1999:278-279). Hierdie ander funksies van die kerk identifiseer Heitink (1999:278) as die *marturia* (getuienis van die waarheid van die evangelie in alle aspekte, - Erasmus, 2001:40), *leitourgia* (die gelowige se diens van dankbaarheid aan God - Erasmus, 2001:49) en *diakonia* (liefdesdiens van die gelowige aan die naaste, vergelyk Erasmus, 2001:59-60).



Heitink (1999:285-286) wys die leser daarop dat gemeentebou in `n baie nou verhouding met die kerkreg moet staan en dat gemeentebou dikwels saam met kerkreg as kubernetiek gesien word. Die rede hiervoor is dat daar `n groot hoeveelheid kerke is wat nie meer streng deur slegs `n gesagstruktuur gestuur word nie. Al hoe meer kerke word deur die gemeente gestuur om saam vorentoe te beweeg. Hierdie neiging het die deur vir die vorming van gemeentebou as vakdissipline aangehelp.

Heitink (1999:286) wys die leser ook daarop dat die vakdissipline teen die einde van die vorige eeu nog steeds `n baie jong vakdissipline was en dat hierdie subdissipline nog moet groei in die metodologie wat gebruik word om gemeentebou doeltreffend toe te pas. Om hierdie rede is dit, volgens Heitink (1999:286), nodig dat daar `n sekere, vaste siening of oortuiging oor die kerk is wat hierdie subdissipline sal stuur. Hierdie siening of oortuiging moet `n siening of oortuiging wees wat reeds deur die ekklesiologie gevorm is om sodoende `n vaste riglyn of basis aan die studie van hierdie subdissipline te gee.

In hierdie kort bespreking van gemeentebou gee Heitink egter glad nie sy eie definisie van gemeentebou nie, maar sluit slegs aan by `n reeds bestaande definisie, naamlik die definisie van Firet. Hierdie definisie kan soos volg vertaal word: "Gemeentebou is die teologiese teorie van die inisiëring en leiding van prosesse wat gerig is op (a) die funksionering van die gemeente in `n spesifieke situasie, (b) volgens dit wat die gemeente werklik kan bereik, (c) volgens die roeping van die gemeente en (d) die prosesse wat gerig is op die skepping van die nodige strukture vir hierdie funksionering." (vergeelyk Firet, 1986:590 in Heitink, 1999:285).

Alhoewel daar dus nie `n selfstandige definisie by Heitink gevind kan word nie, lig hy `n baie belangrike aspek uit, naamlik die konsep van *koinonia* in die gemeente en gemeentebou. Dit gaan in die gemeente om onderlinge meelewing en gemeentebou moet juis hierdie aspek versterk. Alhoewel *leitourgia*, *marturia* en *diakonia* die noemenswaardige komponente van `n gemeente is, is dit die *koinonia* waartydens hierdie drie komponente die sterkste beoefen word. Goeie gemeentebou sal dus *marturia*, *leitourgie* en *diakonia* binne die konteks van *koinonia* beoefen. Hierdie moet dus as deel van die wese van gemeentebou geag word.

Wat Heitink verder op die voorgrond plaas is dat gemeentebou moet plaasvind deur die gebruik van `n bestaande metodologie. Gemeentebou kan dus nie op `n lukrake wyse aangepak word nie, maar moet konkreet deur middel van `n beproefde metodologie aangepak word (vergelyk Te Velde, 1992a:52). Sodoende sal die regte strukture en prosesse ook in plek wees om die nodige groei te bewerkstellig.

## **2.2 “Gemeentebou” – perspektief van Hirsch**

Wanneer Hirsch se bydrae bestudeer word, moet daar in die eerste instansie onthou word dat Hirsch `n missioloog is. Trouens, die eerste gedeelte van sy boek (2006:15-72) handel oor sy ervarings as missioloog en skets die agtergrond vir sy verdere teorie (2006:24). Om hierdie rede stel Hirsch `n baie hoë premie op die sendinggerigtheid van `n gemeente en dat sending die kern van enige gemeentelike aktiwiteit moet wees (2006:34). Dit verklaar ook waarom Hirsch sterk gekant is teen enige vorme van die aantreklikheidsmodel vir gemeentebou (2006:34).

In plaas daarvan dat Hirsch bloot die doel, objek, subjek en wese van gemeentebou uitstip, wys hy lesers eerder op - wat hy noem - die missionale DNS van die kerk (2006:24-25,75-82). Met missionale DNS, of mDNS, bedoel Hirsch die spesifieke komponente wat volgens die Nuwe Testament deel moet uitmaak van die kerk (2006:76-77). Dit is daardie elemente van die kerk wat die voortbestaan en groei van die kerk uitmaak en wat in elke kerk en gelowige gewerk word deur die Heilige Gees (2006:77). Hirsch vermeld verder dat hierdie mDNS die Apostoliese Wysheid (*Apostolic Genius*) kodifiseer (2006:77). Apostoliese Wysheid is dan ook die lewenskrag wat deur die Nuwe Testamentiese kerk vloei (2006:77).

Hierdie ses elemente, wat die mDNS van die Apostoliese Wysheid opmaak, is volgens Hirsch die belydenis dat Jesus die Here is, dissipelskap, die impuls waarmee sending werklikheid word (*Missional-Incarnational Impulse*), die apostoliese omgewing, organiese sisteme en laastens *communitas* en nie gemeenskap nie (2006:24-25). In die tweede deel van die boek (2006:75-245) word daar breedvoerig hierby stil gestaan. Hier volg nou `n kort toeligting wat aandui hoe hierdie ses elemente elkeen van toepassing is op gemeentebou.

Die eerste element is die eenvoudige belydenis dat Jesus Christus die Koning is (2006:83-100). Hierdie belydenis roep uit dat daar slegs een God is wat beheer het oor die hele lewe van die gelowige en roep ook die gelowige op om só te lewe dat dit duidelik word dat daar net een God is (2006:24, 90-94). Om egter weer as gemeente by hierdie belydenis uit te kom en dit die hart van die gemeentelike bediening en groei te maak, gaan van die gemeente vra om weg te doen met al die gelaaide verduidelikings wat daar rondom die gemeente se godsdiens en geloof staan (2006:99). In wese behels hierdie element dat die koningskap van Jesus Christus dié bepalende faktor in die lewe van die gemeente en van elke lidmaat moet wees. Dit beteken dat die gelowige en die gemeente as geheel só moet leef dat dit duidelik word dat hulle verstaan dat Christus se koningskap ook oor die wêreld strek en nie net oor die kerk nie (2006:96). Hierdie element staan ook in die sentrum van die mDNS en rondom die sentrum word die ander vyf elemente gevorm (Hirsch, 2006:99-100).

Die tweede element, wat deel is van die Apostoliese Wysheid, is dissipelmaking of dissipelskap (2006:101-126). In wese vra dissipelmaking dat die gelowige sy of haar hele lewe daaraan moet wy om meer en meer soos Jesus te word om sodoende die boodskap van Jesus Christus te beliggaam (2006:24, 114-116). Christus het die dissipels op 'n daaglikse basis geleer en gevorm en ons as die kerk moet besef dat dit die enigste manier is om gelowiges en kerklike leiers te vorm (2006:120-121). Christus het juis daarom die meeste tyd spandeer aan die opleiding en verkiesing van die dissipels. Omdat Christus baie prominent die taak om dissipels te maak aan Sy dissipels gee, vorm dissipelskap deel van die kern van enige gemeente. (2006:102). Om hierdie rede is dit egter ook nodig dat daar gekyk moet word na die huidige definisie van kennis, omdat dissipelskap juis handel oor die oordrag van kennis.

Kennis, soos wat Christus ons leer, is nie akademiese kennis of blote feite wat in boeke gevind kan word nie. Kennis, soos wat Christus ons leer, beteken dat daar korrek, in die konteks van God se geboorte, gedink moet word sodat daar korrek opgetree kan word (2006:124). Hierdie vorm van kennis is kennis wat fokus op die beliggaming of modellering van 'n boodskap om sodoende tot nuwe denke en nuwe

optrede te lei (2006:124). Hiermee bedoel Hirsch dat die kerklike leiers nie meer in die konteks van 'n seminarium opgelei moet word nie, maar dat die kerklike leiers binne die konteks waarin hulle die leiding moet neem opgelei moet word. Hiermee skiet Hirsch nie die opleiding van seminariums af nie, maar wys hy daarop dat dit noodsaaklik is dat die gelowige kontekstueel-relevant opgelei moet word (2006:121).

Die derde element gaan oor die impuls waarmee sending 'n werklikheid vir die gemeente word (2006:127-148). Hiermee maak Hirsch (2006:25) dit duidelik dat daar twee impulse in die gemeente aan die werk is en dat hierdie twee impulse in harmonie in die gemeente teenwoordig moet wees (Hirsch, 2006:138-139). Die eerste is die uitwaartse impuls wat die gemeente dryf om die saad van die Woord te saai terwyl die tweede 'n inwaartse impuls is wat die Woord laat wortel skiet in die lewe van die gelowige. Die uitwaartse impuls gaan nie net oor die saai van die saad nie. Dit gaan ook oor die kontekstualisering daarvan binne die kulture en gemeenskappe van verskillende groepe (2006:128). Om bogenoemde rede kan dit geag word as die uitwerking van die sending van God (*missio Dei*, Hirsch, 2006:129-131) en die menswording van Jesus (2006:131-138).

Met "menswording" bedoel Hirsch twee sake. Eerstens verwys dit daarna dat ons, net soos wat God mens geword het om die wêreld met Homself te versoen, moet deel word van die samelewing wat ons deur sending wil bereik. Tweedens beteken dit dan ook dat die ongelowiges deur ons vir Christus moet ontmoet (Hirsch, 2006:133). Wanneer daar gevra word hoe hierdie impulse in die gemeente geaktiveer kan word, wys Hirsch daarop dat die gemeente se ekklesiologie bepaal moet word deur die missiologie en dat die missiologie weer op sy beurt deur die christologie bepaal moet word (2006:142-144). Eers wanneer daar tot die regte ekklesiologie, deur missiologie en christologie heen, verander is, kan hierdie impulse in die gemeente teenwoordig wees.

Die vierde element wat Hirsch aanraak is die apostoliese omgewing waarbinne die gemeente haar bevind (2006:149-178). Hiermee verwys Hirsch (2006:25) na die invloed wat die apostels van die Skrif op die leierskap en bediening van en in die gemeente het en verwys daardeur ook na apostoliese leierskap (2006:150-151). Apostoliese leierskap is dié tipe leierskap wat kerke nodig het wanneer hulle

gekonfronteer word met gedwonge verandering, omdat die tyd waarin die kerk haar bevind haar dwing om op 'n nuwe of ander manier kerk te wees (Hirsch, 2006:152). Apostoliese leierskap is dus 'n diens in die gemeente en nie 'n offisiële amp nie (Hirsch, 2006:153). Die doel van hierdie apostoliese leierskap bestaan uit drie komponente, naamlik om die mDNS van die kerk goed in te plant in die hart van die gelowiges, om die mDNS te beskerm deur apostoliese teologie toe te pas en te integreer in die bediening en laastens om nog omgewings te skep waarbinne die ander bedieninge van die kerk kan floreer (Hirsch, 2006:155-159). Sonder hierdie apostoliese leierskap is dit volgens Hirsch bykans onmoontlik vir 'n gemeente om werklik die volle Apostoliese Wysheid te ontsluit om werklik effektief kerk te wees (2006:177).

Organiese sisteme is die vyfde element wat Hirsch identifiseer (2006:179-216). Die kern van hierdie hoofstuk wys die leser daarop dat prominente Jesus-bewegings, soos Hirsch dit noem, nie verknog is aan 'n instituut nie, maar dat hulle die nodige strukture vir groei in plek het (2006:25). In die Skrif word die metafore vir die kerk en die koninkryk telkens gegiet in die beeld van lewende, groeiende organismes en om hierdie rede moet die kerk ook uit organiese sisteme bestaan wat plek vir groei toelaat (Hirsch, 2006:180-185). Hirsch maak dit egter duidelik dat nie beteken dat die kerk anti-institusie moet wees nie, maar dat die institusionele aspek van kerkregering en kerklike administrasie nie die kerk só oorheers dat die kerk haar identiteit as lewende organisme verloor nie (2006:185-189).

Om die verskil tussen 'n organiese, missionêre kerk en 'n institusionele kerk aan te dui, gebruik Hirsch (2006:196) 'n tabel waarmee die belangrikste verskille aangedui word. In die tweede gedeelte van die boek dui Hirsch (2006:196-216) dan ook duidelik aan hoe die kerk as organisme haarself moet struktureer. Hiervolgens moet die kerk fokus op effektiewe netwerke wat kan groei en aanpas en nie net op die bewaring of handhawing van die institusie nie (2006:196-207). Die kerk moet ook organies groei deurdat daar 'n duidelike vermeerderingspatroon is waardeur die evangelie die wêreld ingedra word (2006:207-212). Hirsch (2006:211) voer verder aan dat persoonlike verhoudings die beste vermeerderingspatroon is, aangesien die evangelie net soos nies van een persoon na 'n ander oorgedra kan word! Laastens voer Hirsch ook aan dat een gemeente 'n volgende moet voortplant en nie moet

kloon nie (2006:212-216). Hiermee bedoel Hirsch dat indien een gemeente `n volgende, of `n dogter-gemeente plant, hierdie nuwe gemeente sekere eienskappe van die oorspronklike gemeente kan hê, maar dat hierdie nuwe gemeente `n nuwe, eie identiteit moet hê (Hirsch, 2006:213).

*Communitas* en nie gemeenskap nie, is die laaste element wat Hirsch identifiseer (2006:217-242). Hiermee wys Hirsch (2006:25) die leser daarop dat geloofsgemeenskappe nie `n doel op sy eie is waardeur sekuriteit en veiligheid gevind moet word nie. Geloofsgemeenskappe moet `n doel hê wat groter as die groep is en wat die gelowige oproep om werklik te reageer op die ware roeping en doel van die gelowige. Gemeenskap van die heiliges, soos dit algemeen ook verstaan word, word dus nie bepaal deur die feit dat gelowiges êrens saam bymekaar is nie, maar dat die gelowiges mekaar se laste dra en op `n besondere manier met mekaar meeleeft (Hirsch, 2006:218). Hierdie besondere meelewing gaan dan ook nie oor sekuriteit nie, ,maar oor `n groter doel waarna die geloofsgemeenskap moet streef: Hierdie geloofsgemeenskap moet uit sy gemaksone geroep word om op `n gevaarlike reis te gaan waartydens die geloofsgemeenskap saam strewe na die roeping wat God aan hulle gegee het (Hirsch, 2006:221). Hierdie onderlinge meelewing word aangevuur deur `n vorm van nood wat beleef word. Hierdie nood word egter nie noodwendig in die gemeente self beleef nie, maar wel binne die groter samelewing waardeur die gelowiges geroep word om `n verskil te maak (Hirsch, 2006:229-231, 239).

Op hierdie wyse beskryf Hirsch die ses elemente wat volgens hom die DNS uitmaak van wat werklik `n missionêre, groeiende kerk is. Wanneer bogenoemde alles as `n geheel gesien word is daar egter twee sake wat baie sterk op die voorgrond tree. Eerstens word dit duidelik dat gemeentebou of gemeentegroei, trouens die wese van kerk-wees, oor die koninkryk van God gaan (Hirsch, 2006:94). Die heerskappy van God oor die lewe van die gelowige en oor die wêreld is die sentrale spil waarom die hele gemeente moet draai. Vir Hirsch speel leierskap, en in die besonder apostoliese leierskap, `n baie belangrike rol as die kerk werklik `n organiese, groeiende kerk wil wees. Om hierdie tipe leierskap te kry is dit egter belangrik dat dissipelskap `n wesentlike deel vorm van die gemeentelike bediening (Hirsch, 2006:161).

Vanuit hierdie ses verskillende elemente is daar dus veral twee wat baie sterk na vore kom, naamlik die koninkryk van God as die spil waarom die kerk draai en dissipelskap as die wyse waarop die kerk binne die koninkryk moet funksioneer en leiers moet produseer.

### **2.3 “Gemeentebou” – perspektief van Nel**

Nel het oor die afgelope paar dekades reeds baie geskryf oor gemeentebou. Vir die doeleindes en weens die skopus van hierdie studie, gaan daar egter hoofsaaklik by twee van Nel se werke stil gestaan word. Die eerste is sy bydrae in boekvorm oor jeugbediening as `n inklusiewe gemeentelike benadering wat in 1998 verskyn het. Sy tweede werk wat bestudeer gaan word is `n teologiese artikel oor die doel van gemeentebou. Hierdie artikel het in 1999 in die vakwetenskaplike tydskrif, *Skrif en Kerk*, verskyn.

Reeds aan die begin van die boek maak Nel (1998:18) dit duidelik dat die gemeentelike bediening ook aandag moet gee aan die bediening vir en aan die jeug, aangesien die jeug `n integrale deel van die gemeente vorm. Dit is juis tydens die jeugfase van `n mens se lewe wat verhoudings `n bepalende rol speel en om hierdie rede moet geestelike groei ook binne `n bepaalde verhouding plaasvind, naamlik `n ekklesiologiese of somatiese verhouding. Jeugbediening moet dus in die besonder deel vorm van die gemeentelike bediening, siende dat die kerk daardie tipe lidmaat moet oplei wat op alle vlakke van die samelewing `n verskil kan maak (Nel, 1998:74).

Trouens, Nel (1998:9-29) begrond jeugbediening as `n inklusiewe gemeentelike benadering op vyf verskillende teologiese verantwoordingspunte. Alhoewel Nel hierdie inklusiewe gemeentelike benadering ook op kulturele (1998:29-50), historiese (1998:51-58) en pedagogiese (1998:59-62) gronde voorhou, gaan daar nie daarby ook stilgestaan word nie, aangesien dit die skopus van hierdie studie, naamlik gemeentebou, gaan oorskry.

Nel neem God as die Gewer van kinders, as die eerste verantwoordingspunt (1998:10-13). God het die mens geskep en God gee aan die ouers kinders om op te

voed sodat die kinders in `n verhouding met God leef. God gebruik dan ook kinders om Homself aan mense te openbaar (vergelyk 2 Konings 5; Nel, 1998:12). Ook Christus maak tydens Sy aardse bediening besondere bemoeienis met kinders. Ook later in die huistafels word die kinders aangespreek en ook die ouers oor hulle verhouding met hul kinders.

`n Tweede verantwoordingspunt is die verbond (Nel, 1998:14-17). Hoe kan daar oor jeugbediening gepraat word sonder om met die verbond rekening te hou? Die kinders van gelowige ouers is juis aanneemlik vir God op grond van die verbond. Hierdie verbondsmatigheid begin reeds met die Abrahamitiese verbond en vorm deel van die nuwe verbond wat deur Christus ingelyf word (vgl. Nel, 1998:14-17).

Nel (1998:17-19) gebruik ook die ekklesiologie as `n verantwoordingspunt. Die jongmense is deel van die gemeente, hulle is deel van die Liggaam van Christus en om hierdie rede verdien jeugbediening dan ook `n egte ekumeniese perspektief.

Verder neem Nel (1998:19-22) die gesin as `n hermeneutiese ruimte as `n verantwoordingspunt vir jeugbediening. Die verhouding tussen kinders en ouers word deur God as ruimte gebruik waarin die jongmense tot kennis van God kom. Om hierdie rede is die gesin, as deel van die gemeente, `n verantwoordingspunt vir jeugbediening in die gemeente. Die kerk word immers in die Skrif as die "huisgesin van God" beskryf (Efesiërs 2:19; 1 Timoteus 3:4, 5:1).

Laastens neem Nel (1998:22-25) die gemeente as agogiese ruimte as `n verantwoordingspunt vir jeugbediening. Hiermee word bedoel dat die gemeente die ruimte is waarbinne die gelowige al hoe meer verander om te word wat hy moet wees. God skenk aan die gelowige, wat in `n verbondsverhouding met Hom staan, `n ruimte waarin hy kan verander om meer en meer soos Christus te word. Die jongmens is deel van die gemeente en daarom het Nel die agogiek as `n verantwoordingspunt geneem.

Wanneer hierdie vyf verantwoordingspunte in ag geneem word, word dit dan ook duidelik waarom die jeug deel moet vorm van die bedieningstrategie van `n gemeente. Wanneer die jeug egter deel vorm van die bedieningstrategie van `n



gemeente, moet die jeug ook deel vorm van die gemeentebou strategie van daardie gemeente.

Nel (1998:63-76) begrond hierdie inklusiewe gemeentelike benadering tot jeugbediening ook op teleologiese gronde. Met teleologies bedoel Nel die doel van jeugbediening (1998:63). Vir Nel gaan die jeugbediening in die laaste plek oor die preserving van die kerk (1998:74, vergelyk ook 1999:385-389). In die 1999-bydrae waarsku Nel eerstens teen verskillende redes waarom gemeentebou en alternatiewe bedieningsvorme aangegryp word. Nel (1999:386) identifiseer en groepeer hierdie redes as die “kom ons red ons kerk”-doel. Alhoewel daar `n verskil in metode tussen hierdie redes vir gemeentebou is, kom al hierdie verskillende redes op dieselfde motief neer, naamlik selfonderhoud (Nel, 1999:388). Independentisme, vernuwing of oordrewe instandhouding is tipiese metodes wat gebruik word om die kerk dan weer te laat groei (Nel, 1999:386-389).

Nel neem twee verskillende vertrekpunte vir die vorming van die doelstellings van die jeugbediening, maar gaan van die standpunt uit dat daar ander doelstellings geformuleer kan word indien ander vertrekpunte geneem word.

Die eerste vertrekpunt wat Nel neem vir die doelstellings van jeugbediening is gemeentebou (1998:63-67). Die Gees bou die gemeente op deur middel van die lidmate, waarvan die jeug `n wesentlike deel is. Om hierdie rede moet jeugsorg `n beginsel wees vir die opbou van die gemeente. Gemeentebou is die saam groei en saam soek na dit wat ons reeds in Christus is. Gemeentebou is nie iets wat die mens uit homself kan doen nie, dit is die Heilige Gees wat die mens gewillig en bekwaam maak (Filippense 3:12, Nel, 1998:65) en so gemeentebou deur die mens laat gebeur. Vir die doel van die jeugbediening beteken gemeentebou dus `n lewende verhouding met God en die soeke na die ewige Ryk. Dit kan bereik word wanneer belydende- en dooplidmate saam groei en saam soek (1998:66).

Samevattend kan gestel word dat die doel, wese, beginsels en ander verwante sake wat betrekking het op die bediening van die belydende lidmate ook prinsipieel van toepassing moet wees op die bediening van dooplidmate.

Die tweede groot doel van die kerk, en ook van die jeugbediening, is die gestaltegewing aan die koninkryk van God. Hiermee bedoel Nel dat die kerk nie vir die koninkryk van die kerk lewe nie, maar vir die koninkryk van God (1998:67; 1999:394). Met betrekking tot die bediening van die jeug en gemeentebou beteken hierdie waarheid dat die gemeente bewus gemaak moet word dat die gemeente nie ter wille van haarself bestaan nie, maar die roeping op aarde het om die koninkryk van God sigbaar vir die samelewing te maak (Nel, 1998:67-68). Om hierdie rede is dit van besondere belang dat daar dus `n verhouding tussen die jeug en die Koning van die koninkryk moet wees en dat die bediening en die gemeentebou moet dien om hierdie verhouding te versterk (1998:68).

Nel (1999:389-390) redeneer dat die doel van die kerk, die roeping van die kerk en die identiteit van die kerk dieselfde is. Die rede hiervoor is dat beide die doel en die identiteit van die kerk voortvloei uit die indikatief oor wat die kerk is. Hierbo is aangedui hoe Nel bewys dat die vergestaltung van die koninkryk van God die doel van die kerk is. Om hierdie rede is die vergestaltung van die koninkryk van God dus ook die roeping van die kerk en ook die identiteit van die kerk (Nel, 1999:389). Gemeentebou is dus die vraag na die identiteit van die gemeente en `n poging om hierdie identiteit te verstaan binne die raamwerk waarin God die mens en die kerk geskep het (1999:390).

Deel daarvan om die koninkryk van God sigbaar in die wêreld te maak, is om die *Shalom* van ons Verbondsgod in die samelewing te soek. Shalom is nie so seer `n staat waarin die mens verkeer nie, maar eerder `n verhouding met die Een wat die vrede gee (Nel, 1998:68-69). Om hierdie rede is die doel van die kerk, van gemeentebou en van jeugbediening sterk missiologies (Nel 1999:391). Juis omdat die kerk die vergestaltung van die koninkryk van God in die wêreld is, is die kerk in identiteit ook missionêr. Daarom moet sending nie `n program op die gemeente se agenda wees nie, maar die wesentlike saak waarmee die gemeente besig is (Nel, 1999:392). Die kerk het dus die roeping om die boodskap van `n verhouding met God na die wêreld te neem. Tog kan hierdie verhouding met die Een wat vrede gee nie staties wees nie en om hierdie rede gaan dit nie net oor die koninkryk van God wat gekom het nie, maar ook oor die koninkryk van God wat nog gaan kom

(1998:74)! Nel heg dus `n sterk eskatologiese motief aan gemeentebou en die bediening van die jeug as deel van die gemeente.

Nog `n manier waarop die koninkryk van God vir die samelewing duidelik kan word, is deur die gemeenskap van gelowiges. Hiervoor het jy Jesus Christus nodig. Geen persoon is alleen in die koninkryk van God nie en niemand kan die koninkryk van God alleen ten volle verstaan nie. Om hierdie rede het God die mens binne `n geloofsgemeenskap geplaas (1998:71). Jode en Grieke word saam een nuwe mensheid deur die versoeningswerk van Jesus Christus. Sodoende kry die koninkryk van God dan ook gestalte. Nel stel dit op 'n besondere wyse: "Diens in navolging van Christus is in groot mate meer as `n doel, dit is deel van die bestaanswyse van die gemeente. Dit is die ware identiteit van die gemeente by God." (1998:72). Diens is ten diepste die gee van jouself. Hierdie diens moet egter uit liefde vir die Koning gebore word. Mense wat binne die koninkryk van God lewe en diens lewer wat uit liefde vir die Koning gebore is, sal 'n radikale verskil in die lewe van ander mense maak(1998:73).

In die laaste hoofstuk van die derde deel van sy boek, gee Nel (1998:177-179) `n bondige gemeentebouerspektief op inklusiewe jeugbediening. Wat volgens Nel van kardinale belang is, is dat die jeugbediening kontekstueel ontwikkel moet word, aangesien die jeug binne `n bepaalde konteks toegerus moet word (vergelyk Cyzewski, 2008:20). Nel (1998:177) voer verder aan dat jeugbediening gedifferensieerd-toegespsits moet wees. Wat hiermee bedoel word is dat dieselfde inhoud en vertrekpunte aan die jeug oorgedra moet word as wat aan die volwasse lidmate oorgedra moet word, maar dat hierdie inhoud en vertrekpunte binne die eie konteks van die jeug oorgedra moet word. Vir Nel gaan die jeugbediening en gemeentebou daaroor dat die gemeente van Christus tot eer van God gebou word. Hierdie opbou moet só plaasvind dat die belydende lidmate versorg word en dat die dooplidmate en dié wat nog nie hul geloof bely het nie bereik word met die liefde van Christus (1998:178).

In Nel se bespreking oor jeugbediening word daar ook `n besonderse verband gevind tussen jeugbediening en dissipelskap (1998:112-140). Alhoewel dissipelskap *per se* eers in hoofstuk 2 behandel gaan word, gaan daar nie net by die werk van Nel

stilgestaan word nie, omdat Nel telkens net dissipelskap noem en nie in die besonder `n eie definisie van die terme “dissipel” of “dissipelskap” gee nie.

In verband met jeugbediening en dissipelskap dui Nel aan dat die ouers `n besondere rol vertolk (Nel, 1998:112). Die ouers het die roeping om die kinders te begelei om vir Christus te volg. Om hierdie punt te illustreer verwys Nel na 1 Korintiërs 10:23-11:1. Dit is egter wanneer ouers, sowel as jeugleiers, nie die dienskneggestalte in navolging van Christus modelleer nie wat christenskap vir die jongmens ongeloofwaardig en selfs problematies raak (1998:125). Die ander gevaar bestaan ook dat daar net eensydig op die “leer” of “*didage*” aspek gefokus word tydens jeugbediening. Die gevolg hiervan is dat navolgingskap of dissipelskap (om die boodskap van Christus te modelleer) vir die jongmens bykans `n opsionele keuse word. Dissipelskap word dan gesien as `n spesiale kwalifisering vir besondere christene en nie as deel van christen-wees nie (1998:138). Om hierdie rede moet besef word dat onderrig nie eerstens oor “leer” of “*didage*” gaan nie, maar daaroor dat die gelowiges wel dissipels is omdat Christus hulle daartoe geroep het. `n Mens word geroep om `n dissipel of gelowige te wees (Nel, 1998:140). `n Mens kan dit nie uit vrye keuse wees nie.

Samevattend kan dus gestel word dat Nel God as die subjek van gemeentebou ag en dat die gemeente as die objek van gemeentebou gesien moet word. Die gemeente moet nie die doel van gemeentebou wees nie. Die doel van gemeentebou is om die gemeente te help om al hoe meer die koninkryk van God in hierdie wêreld te vergestalt. Binne hierdie opdrag het die jeug `n besondere roeping as deel van die gemeente en moet daar ook aan hulle die nodige opleiding gegee word om hierdie roeping te vervul. Dissipelskap as onderrig deur die modellering van ouers en geestelike leiers word voorgehou as `n gemeentelik-inklusiewe benadering waarmee die jeug toegerus en opgelei kan word om hulle roeping te vervul.

## **2.4 “Gemeentebou” – perspektief van Te Velde**

Wanneer `n studie rakende gemeentebou onderneem word, is die bydrae van Te Velde sekerlik van die mees volledige en mees deurdagte bydraes wat gelewer is. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan daar meestal gefokus word op die eerste

bydrae van Te Velde, siende dat hy in hierdie werk die basiese vertrekpunte en definiëring van gemeentebou gee.

Te Velde begin sy uiteensetting van gemeentebou deur die stelling dat daar twee boupartye is, naamlik Jesus God en die gelowiges (Te Velde, 1992a:10-11, 15). Om hierdie punt duidelik te illustreer verwys Te Velde na 1 Korintiërs 3:9-11. In hierdie gedeelte word dit duidelik dat gemeentebou beide 'n werk deur God en deur die gemeente is. Die gelowiges word in drie verskillende hoedanighede gestel. Eerstens is van die gelowiges medewerkers, tweedens is die gelowiges ook die saailand en laastens is die gelowiges ook die gebou van God. Hierin word dit duidelik dat God die bouwerk begin en volhou, maar dat die gelowiges medewerkers is wat op die fondament, wat Jesus Christus is, bou. Die gelowiges is dus tegelyk lewende stene en die bouers (1 Petrus 2:4-5). Gemeentebou is dus nie net amptelike werk nie, maar die werk van elke gelowige (Te Velde, 1992a:17).

Die bouwerk begin by die hoeksteen, Jesus Christus (1 Petrus 2:4-5, Te Velde, 1992a:15). Alle materiaal wat nie by Hom pas nie, is nie goeie materiaal nie en dit is met die wederkoms wat die bouwerk getoets gaan word (1 Korintiërs 3:13-15). Alhoewel Te Velde dit nie in soveel woorde erken nie, is dit egter van 1 Korintiërs 3:13-15 duidelik dat daar 'n eskatologiese ondertoon tot gemeentebou moet wees.

Te Velde identifiseer die volgende aspekte wat die wese van gemeentebou uitmaak en waarsonder gemeentebou onmoontlik is: die prediking (intern en ekstern, vergelyk Te Velde, 1992:108), kategetiese, doop en nagmaal, gebed en Skrifstudie, toesig, tug en barmhartigheid. Gemeentebou begin met die bediening van die Woord en sakramente (Te Velde, 1992a:17) en om hierdie rede het God sekere gawes of ampte aan die kerk gegee om haar te lei in haar verhouding met God (Te Velde, 1992b:74-96).

Tog is daar sekere risiko's waarteen gewaak moet word. Eerstens moet daar gewaak word daarteen dat die organisatoriese kant van gemeentebou die proses oorheers. Gemeentebou moet planmatig, doelgerig en samehangend plaasvind (Te Velde, 1992a:52), maar dit moet nie die oorheersende faktor wees nie. Die beste metode is steeds onderhewig aan God se werk in die gemeente (vergeelyk Psalm

127:1). Die groei van die gemeente kan ook nie 'gemaak' word nie. Slegs deur die soewereine werk van die Heilige Gees kan die kerk werklik groei. Organisasie en metode moet in die regte verhouding tot mekaar gesien word wanneer dit oor gemeentebou gaan – altyd in afhanklikheid van die werk van God deur die Heilige Gees (Te Velde, 1992b:63-64)!

Verder waarsku Te Velde ook dat gemeentebou nie noodwendig met die groei in getalle saamhang nie en ook dat die toename in getalle nie noodwendig standhoudende groei aandui nie (Te Velde, 1992a:32). Daar moet ook onthou word dat die evangelie weerstand in sommige mense se harte gaan wek en dat groei in getalle nie die enigste en beste manier is om gemeentebou te meet nie. Groei in getalle en kwalitatiewe groei van elke lidmaat se geloof gaan hand-aan-hand. Die een kan nie sonder die ander een nie.

Wanneer die essensie van enige vorm van bouwerk of groei in ag geneem word, is dit voor die hand liggend dat gemeentebou verandering in die gemeente te weeg sal bring (vergelyk Malphurs, 1993:113-125; Niemandt, 2007:9, 34, 44; Nel, 1999:389).

Daar is in die algemeen twee reaksies op verandering: Die eerste reaksie is die van mense wat antagonisties staan teenoor die verandering en die tweede die reaksie van mense wat protagonisties staan teenoor die verandering. Alhoewel Te Velde heelwat oor die verhouding tussen verandering en gemeentebou sê, gaan daar nie lank hierby stil gestaan word nie. Wat wel van belang is, en wat Te Velde tereg ook uitwys, is dat daar in die Skrif twee lyne gevind word. Een van behoud en een van verandering; die vashou aan die oue, en die soeke na die nuwe (1992a:39). Tog gaan die vind van die nuwe nie noodwendig gepaard met die los van die oue nie. Wanneer daar oor die 'nuwe' gedink word, moet daaraan gedink word in die konteks van die nuwe lewe van die Christen. Verandering moet nooit die motivering vir verandering wees nie. Ons motivering vir verandering moet wees om dit wat reeds gedoen word, beter te doen (Te Velde, 1992a:39). Verandering vind ook nie stelselmatig plaas nie, maar dikwels met stampe en stote. Verandering vind ook nie in dieselfde mate plaas op alle plekke nie, maar verskil na gelang van die situasie (vergelyk Malphurs, 1993:147-148). Om hierdie rede is dit van belang om te onthou

dat ook gemeentebou soms met stampe en stote gepaard gaan en dat die metode van gemeentebou nie noodwendig by almal in die gemeente aanklank gaan vind nie.

Te Velde gaan verder om aan te dui dat daar `n verwantskap tussen gemeentebou en kerkreg is, aangesien die motivering van beide hierdie vakgebiede op dieselfde Skrifgedeeltes berus (Te Velde, 1992a:50). Beide hierdie vakke streef dus na die optimale funksionering van die gemeente. In kerkreg gaan dit nie om die reëls nie, maar om die diensbaarheid van die reëls ter wille van die opbou van die gemeente. In beide gaan dit om die opbou van die gemeente onder die heerskappy van Christus (vergelyk Te Velde, 1992a:76).

Indien bogenoemde alles in ag geneem word en daar na `n selfstandige definisie van gemeentebou by Te Velde gevra word, is die volgende aanhaling gepas:

‘Gemeenteopbouw: “Het werk dat in de christelijke gemeente gedaan wordt naar Gods opdracht en in zijn kracht om haar op te bouwen, en dat op een manier waarbij bijzondere aandacht wordt besteed aan die gaven en taken van ieder gemeentelid en aan die activiteiten in ‘het middenveld’. Terwijl verder veel nadruk ligt op een goed georganiseerd, planmatig en doelgericht bezig zijn, met gebruikmaking van inzichten en methoden uit die menswetenschappen.” (Te Velde, 1992a:29).

Wanneer hierdie aanhaling van Te Velde bestudeer word, word dit duidelik dat die onderwerp of subjek van gemeentebou God Drie-enig is, wat sy kerk opbou volgens sy opdragte en krag. Die voorwerp of objek van gemeentebou daarteenoor is die kerk of die “christelike gemeente”, wat deur God en die werking van die Heilige Gees die gemeente opbou en toerus deur die verskillende gawes en take wat elke gemeentelid ontvang. Volgens Te Velde is die doel van gemeentebou die opbou van die gelowiges in hulle verhouding met God terwyl die wese van gemeentebou bestaan uit georganiseerde, planmatige en doelgerigte metodes waarmee hierdie opbou kan plaasvind.

## **2.5 “Gemeentebou” - perspektief van Wijma**

Wijma (2005:1) maak dit reeds aan die begin van sy studie duidelik dat hy hom grotendeels vereenselwig met die standpunte wat Te Velde inneem rakende

gemeentebou, alhoewel hy tereg sê dat daar nog baie gewerk moet word aan die fundamente van hierdie vakdissipline, omdat dit nog só `n nuwe veld is. Dit word veral ook duidelik as die onlangse bydraes in hierdie studieveld in ag geneem word (Wijma, 2005:1). Om bogenoemde rede gee Wijma in hierdie kort bydrae `n bondige, tog redelik volledige, uiteensetting van wat gereformeerde gemeentebou volgens hom behels (2005:1).

Wijma begin deur eerstens te vermeld dat daar `n vorm van dualisme in gemeentebou is; dit is God se werk en mense se werk (2005:1). Volgens Wijma is, wanneer die Skrif as vertrekpunt gebruik word, gemeentebou die proses waardeur God die kerk gereed maak of verander om werklik die Bruid van Christus te wees, soos God dit oorspronklik bedoel het (2005:1). In praktyk beteken bogenoemde egter dat die kerk voortdurend onder leiding van sekere Skrifbeginsels besig is om te verander om al hoe meer te word wat die kerk nie nou is nie. Dit beteken dat die kerk moet loskom van hoe die kerk nou daarvan uitsien. Dit wat nie reg is nie of wat die potensiaal het om te verbeter, moet verander (Wijma, 2005:1).

Gemeentebou of gemeenteopbou, wat as sinonieme vir mekaar gebruik word (vergelyk Erasmus, 2001:4), is dus beide die werk van God en van die gemeente (Wijma, 2005:1). Wijma waarsku egter daarteen dat gemeentebou nie slegs gesien moet word in verandering van strukture, netwerke en dies meer, soos baie keer die geval is nie, maar dat gemeentebou gesoek moet word in gemeente-opbou (2005:1). Die wesentlike vraag wat dus gevra moet word is of die gemeente groei in hulle verhouding met Christus en met mekaar. Hiermee sluit Wijma (2005:1) aan by die bydrae van Hirsch (2006:218) wanneer hy meld dat die gemeente gerig moet wees op saamgroei in hulle verhouding met God. Waar Wijma (2005:1) slegs noem dat gemeentebou duidelik moet word in `n groeiende verhouding met God, gaan Hirsch (2006:102-103) selfs sover as om te sê dat hierdie die wesentlike aspek van die bestaan van die gemeente moet wees. Ook hierin ondersteun Wijma en Hirsch mekaar.

Wanneer Wijma (2005:2) sy definiëring van gemeente, asook sy oortuiging oor die doel van gemeentebou, formuleer, gebruik hy Efesiërs 4, en in die besonder verse 1-16, as vertrekpunt. Hiervolgens moet gemeentebou plaasvind deur die ampsdraers



sodat die lidmate toegerus sal wees vir die diens aan Christus wat hulle moet verrig (Wijma, 2005:2).

Die doel van gemeentebou is dat die gelowiges in hierdie sondige wêreld sal aanhou skitter soos sterre (Wijma, 2005:3). Hiermee gee Wijma te kenne dat die doel van gemeentebou die koninkryk van God is, alhoewel hy dit nie in soveel woorde stel nie (2005:3). Binne die konteks waarin Wijma dit gebruik, kan gesien word dat die beeldspraak, “skitter soos sterre”, dui op die uitdra van die evangelie na mense wat buite die gemeente staan (Wijma, 2005:3).

Wijma (2005:3) wys egter daarop dat die bewyse toon dat hierdie vorm van gemeentebou nie op hierdie stadium geslaagd is nie en daarom lewer hy `n pleidooi dat die ampsdraers sal toeneem in hulle kennis van Christus (Wijma, 2005:3). Hierdie pleidooi grondves Wijma op die gebed van Paulus vir die Efesiërs 3. Dit is slegs wanneer daar `n groei in die gemeente se daaglikse wandel saam met God is wat daar werklik groei in die gemeente sal wees. Hierdie – om te groei in jou kennis van Christus - is die werklike pad vir gemeentebou (Wijma, 2005:3)! Kennis van Christus kan egter nie los staan van liefde vir God en liefde vir jou naaste nie en om hierdie rede ag Wijma (2005:4) liefde as die basis vir die doel van gemeentebou.

Wanneer hierdie kort bydrae van Wijma bestudeer word, word dit duidelik dat God en die gemeente die subjek van gemeentebou is, dat die gemeente die objek van gemeentebou is, dat om soos sterre te skitter die doel van gemeentebou is en dat liefde vir God en liefde vir jou naaste die wese van gemeentebou is.

## **2.6 Gevolgtrekking**

Met die uitsondering van Hirsch, wat nie die subjek en objek van gemeentebou uitspel nie, is bogenoemde teoloë dit eens dat God die subjek van gemeentebou is. Dit is God wat die gemeente laat groei volgens die opdragte en waarheid wat in die Skrif vir ons opgeteken staan (vergelyk 1 Korintiërs 3:5-6).

Behalwe Hirsch, wat nie in sy studie vra na die objek van gemeentebou nie, is bogenoemde teoloë dit eens dat die gemeente die objek van gemeentebou is. Dit is egter nie net die gemeente as geheel wat opgebou moet word nie, maar elke gelowige moet persoonlik groei in sy verhouding met God Drie-enig. Hierdie groei vind plaas deur die Heilige Gees wat kragtig in elke gelowige werk, wat die gelowiges tot 'n hegte eenheid in Christus saambind en wat die nodige gawes aan die gemeente gee (vergelyk Matteus 22:34-40, 1 Korintiërs 12:1-15 en Efesiërs 4:1-16).

Wanneer daar gevra word na die doel van gemeentebou, is die koninkryk van God die antwoord wat telkens gevind word. Alhoewel daar op verskillende maniere hierna verwys word, word die koningsheerskappy van God telkens op die voorgrond geplaas. Die gemeente is op die aarde om die evangelie van die Koningsheerskappy van God aan die wêreld duidelik te maak en om hierdie rede moet die opbou van die gemeente plaasvind. Die koninkryk van God moet die spil wees waar rondom alles in die kerk draai (vergelyk Hirsch, 2006:99-100).

Wat die wese van gemeentebou aanbetref, hou beide Heitink en Te Velde voor dat metodologie die wese van gemeentebou moet uitmaak. Gemeentebou moet deur 'n metode beoefen word en om hierdie rede word die metodologie as die wese van gemeentebou by Heitink en Te Velde aangetref (vergelyk Erasmus, 2001:27). Nel en Hirsch voer egter aan dat dissipelskap die wese van gemeentebou moet wees, aangesien dissipelskap gerig is op die koninkryk van God en die koninkryk van God weer die doel van gemeentebou is. Wanneer die bydrae van Hirsch en Nel egter binne konteks gelees word, word dit duidelik dat nie een van hulle dissipelskap as dié metode aanvoer nie, maar dat dissipelskap, of eerder die kenmerke van dissipelskap, die metode moet bepaal. Om hierdie rede kan die wese van gemeentebou bestempel word as die metode of organiese strukture waardeur dissipelskap geleef word (vergelyk Nel, 1998:140).

### **3. Basis-teoretiese perspektiewe op dissipelskap as `n moontlike bedieningsmodel.**

Vir gemeentebou om plaas te vind, in getalle sowel as in die geestelike dimensie, is dit nodig dat mense toegerus moet word (Te Velde, 1992a:29, 32). Ons kan dus sê dat die toerusting van mense die weg is waarlangs gemeentebou moet plaasvind. Die vraag bly egter: Hoe moet hierdie toerusting plaasvind? Watter struktuur, kanaal of proses is nodig dat hierdie toerusting effektief kan plaasvind (vergelyk Te Velde, 1999:50)?

In die inleidende gedeelte van sy boek, maak Hull (2007:21) die volgende stelling: “The Christ-commanded product is a person called a disciple. Christ commanded His church to “*make disciples*” (Matt.28:19). Jesus described a disciple as one who abides in Him, is obedient, bears fruit, glorifies God, has joy, and loves (John 15:7-17)”.

Met hierdie stelling kondig hy die proses aan, wat volgens hom deur God self gegee is, waardeur die kerk geestelik, maar ook in getalle moet groei. Dissipelskap is nie net vir `n sekere groep mense nie en dit is ook nie bloot net `n program of `n produksielyn nie (Hull, 2006:36-41, Mull:2005:132). Dissipelskap is dus die lewenstyl van die gelowige (Hull, 2006:24). Bonhoeffer (2008:260-261) stel dit duidelik dat dissipelskap `n lewenstyl is wanneer hy verduidelik dat dissipelskap nie `n sekere besluit vir hierdie of daardie optrede is nie, maar altyd `n besluit vir of teen Jesus Christus is. Dissipelskap is egter `n lewenstyl wat ook die bedieningstyl van die kerk moet wees, want die kerk bestaan nie uit strukture nie maar uit gelowiges wat in `n besondere verhouding met God staan (Barna, 2006:20, 38)!

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om dissipelskap as `n bedieningsmodel te ondersoek deur eerstens `n definisie van dissipelskap te gee, tweedens te kyk na die doel van dissipelskap en derdens te ondersoek of daar sekere beginsels vir dissipelskap is en hoe hierdie beginsels daar uitsien. Laastens gaan daar stilgestaan word by die verhouding tussen dissipelskap en die vakdissipline van gemeentebou. Daar sal dus sekere gevolgtrekkings hier gemaak word.

### **3.1 Definisie van Dissipelskap**

Wanneer daar na `n definisie van dissipelskap gevra word, moet daar eerstens gevra word wie of wat `n dissipel is. Dit kan baie maklik gebeur dat daar `n siening mag bestaan dat daar twee vlakke gelowiges is, naamlik christene en dissipels (vergelyk Mull, 2005:51-52). Volgens hierdie siening is sogenaamde dissipels dan die “ware” of “beter” gelowiges en die christene dié mense wat hulleself besig hou met die Christelike godsdiens maar wat nie werklik in `n persoonlike verhouding met God staan nie.

Sonder om hierdie siening vanuit die staanspoor te veroordeel, moet daar dus eerstens gekyk word na die tradisionele betekenis van die Griekse woord μαθητής, wat tradisioneel in Afrikaans met “Dissipel” en in Engels met “Disciple” vertaal word (Louw & Nida, 1996a:327), waarna `n vergelyking gemaak sal moet word van verskillende teoloë se definisies van die term “dissipel”.

#### **3.1.1 `n Nadere definisie van die term “Dissipel”.**

##### **3.1.1.1 Definiëring vanuit die Skrif**

Wanneer `n studie na `n meer spesifieke definisie van die term “dissipel” geloots word, is daar volgens die navorser nie `n beter vertrekpunt as die Skrif self nie en dan in die besonder die gebruik van die term μαθητής, wat tradisioneel met “dissipel” vertaal word.

Die woord μαθητής word reeds so lank terug as in die skrywes van Herodotus gevind, waarin die vroeë oorloë tussen die Grieke en die Assiriërs beskryf word (Kittel, Bromiley & Friedrich, 1976b:416). In hierdie konteks word μαθητής in `n baie nou verband met διδάσκαλος gebruik. Volgens Kittel, Bromiley & Friedrich kan daar dus nie `n μαθητής sonder διδάσκαλος wees nie en gaan dit ten nouste oor die verhouding tussen die μαθητής en die inhoud wat hy moet leer.

Die woord μαθητής word net in die vier Evangelies en in die boek Handelingte aangetref en wanneer die term hier gebruik word, word dit gebruik met `n reeds bestaande betekenis. Dit was dus `n woord wat teen die tyd van die ontstaan van die

Nuwe Testament reeds bekend was onder die Jode, soos wat Kittel, Bromiley & Friedrich (1976b:425-440) en Hull (2006:67) ook aandui.

Wanneer μαθητής vir die eerste keer in die Nuwe Testament gebruik word, word dit binne die konteks gebruik van mense wat aan Jesus Christus as hulle Leermeester verbind is (Kittel, Bromiley & Friedrich, 1976b:441). Deur hierdie verhouding word die persoon, wat homself aan die Leermeester verbind, gevorm en geslyp.

### **3.1.1.1.1 Die term “dissipel” in die Evangelies**

Op verskeie plekke in die Evangelies vind ons teksgedeeltes waar hierdie besondere verhouding tussen die Leermeester en die leerlinge deurskemer. `n Voorbeeld hiervan is Markus 2:18-22 waar die μαθητάς van Johannes en die Fariseërs vas, maar die μαθητάς van Jesus Christus dit nie doen nie. Wanneer daar dan navraag gedoen word waarom die μαθητάς van Jesus Christus nie vas nie, is Sy antwoord dat die bruielofsgaste (die μαθητάς) tog nie vas terwyl die bruidegom (Jesus Christus) by hulle is nie. Hierdie verhouding strek dus in die besonder verder as net `n fisiese verhouding tussen die Leermeester en die μαθητής en gaan ook oor die geestelike verhouding wat daar tussen die μαθητής en Leermeester is. Ons sien hierdie besondere verhouding veral in Lukas 11:1-13, waar die μαθητής vir Jesus Christus versoek om hulle te leer bid, soos wat Johannes die Doper sy μαθητάς leer bid het. Dit gaan dus hier oor intensionele geloofsgroei wat plaasvind deurdat die Leermeester die μαθητής onderrig in die verskillende aspekte van die geloof in die konteks van `n besondere verhouding wat daar tussen die Leermeester en die μαθητής bestaan (vergelyk Kittel, Bromiley & Friedrich, 1976b:442).

Kittel, Bromiley & Friedrich (1976b:442) maak `n baie interessante waarneming in die geskrifte van Lukas, wanneer hulle die leser daarop wys dat die woord μαθητής net tot by die gebeure in die tuin van Getsemane gebruik word en dan weer in Handeling 6:1 en verder. Volgens Kittel, Bromiley & Friedrich is hierdie gebruik van μαθητής aanwesig juis met `n teologiese doel in gedagte. Tot en met die gebeure in die tuin van Getsemane is μαθητής spesifiek gebruik met verwysing na die twaalf μαθητής van Jesus. Wanneer die gebruik van μαθητής weer in Handeling 6 opgeneem word, word dit gebruik met die verwysing na alle mense wat in Jesus

Christus glo. Volgens die navorser moet daar nie te veel in hierdie standpunt gelees word nie, aangesien μαθητης wel in twee van die ander drie Evangelies na die gebeure in die tuin van Getsemane gebruik word. Dit is dus slegs in Lukas en in Markus waarin die woord μαθητής nie na die gebeure in die tuin van Getsemane gebruik word nie. Hierdie ooreenkoms kan dan ook verduidelik word aan die hand daarvan dat Lukas die evangelie volgens Markus as `n bron gebruik het om sy weergawe van die evangelie neer te skryf (Guthrie, 1970:121-184). Wat wel deur hierdie studie van Kittel, Bromiley & Friedrich uitgewys word is dat die besondere verhouding tussen Jesus Christus en die mense wat in Hom glo bly voortbestaan het nadat Hy in die hemel opgevaar het (Handeling 1:9-11) en die Heilige Gees uitgestort is (Handelinge 2:1-13).

Dit is juis tydens die hemelvaart wat daar `n besondere opdrag aan die μαθητάς gegee word. Hierdie opdrag word vooraf gegaan deur `n duidelike indikatief. In Matteus 28:16-20 vind ons `n weergawe van hierdie gebeure wat ook in Handelinge 1:3-8 aan ons weergegee word. Onder punt 3.1.2 gaan daar langer by Matteus 28:16-20 stilgestaan word, maar wat hier van toepassing is, is die indikatief wat in vers 18 gegee word, naamlik: “. . . Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde”. Wat hierop volg is die opdrag dat die μαθητάς moet uitgaan en ander μαθητάς moet gaan maak. Hierdie opdrag is dus gesetel in die indikatief dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Christus gegee is!

Hierdie indikatief bou voort op `n imperatief wat die μαθητάς reeds in Johannes 15:5-7 aan die dissipels gegee het, naamlik om “in” Christus te bly. Om in Christus te bly was reeds aan die μαθητάς verduidelik deurdadig daar in Johannes 8:31 en 14:13 die imperatiewe gegee word dat die dissipels vas moet hou aan sy Woord en in sy Naam moet bid. Dat die μαθητάς in Christus se Naam moet bid is sterk gekoppel aan die indikatief in die voorafgaande verse in Johannes 14, naamlik dat die μαθητάς in Christus moet glo. Christus se “woord”, die “waarheid” en die “Woord van God” word pertinent in die evangelie volgens Johannes aan die Persoon van Jesus Christus gekoppel (Johannes 1:14; Du Toit, 1990:54-57).

Wat egter onthou moet word, indien bogenoemde in `n openbaringshistories konteks geplaas moet word, is dat die dissipels reeds dissipels was voordat Christus

gekruisig en opgestaan het. “Dissipel” en “dissipelskap” het dus lank reeds bestaan voordat Christus gesterf het, begrawe is, uit die dood opgestaan het en na die hemel opgevaar het.

### **3.1.1.1.2 Die term “dissipel” na die hemelvaart van Christus**

Na die opstanding van Christus uit die dood word daar `n aantal verwysings na μαθητής gevind. Om hierdie rede moet daar ook na enkele van hierdie tekste gekyk word om `n konkrete definisie van die term μαθητής te gee. Een sodanige verwysing word gevind met die hemelvaart van Christus (Handelinge 1:3-9). Hier staan die hemelvaart van Christus en die opdrag om na alle nasies te gaan en die mense Christus se dissipels te maak in `n baie nou verhouding tot mekaar. Tydens die hemelvaart kom daar dus `n nuwe dimensie aan die term μαθητής. Waar dit voorheen verwys het na almal wat Jesus gevolg het, ongeag of hulle Hom toe reeds as die Christus aanvaar het, word daar nou `n meer spesifieke groep geïdentifiseer as die dissipels, naamlik dié wat Jesus as die Christus aanvaar het.

Ons hoor dit veral daarin dat Jesus juis tydens sy hemelvaart met die 11 dissipels gepraat het en juis aan hulle die opdrag gegee het om uit te gaan en die mense sy dissipels te gaan maak. Wanneer hierdie gebeure vergelyk word met die parallelle gedeelte in Matteus 28:16-20 hoor ons dat Christus juis die indikatief gee dat alle mag aan Hom gegee is en dat dit met hierdie wete is dat die dissipels moet gaan en die mense sy dissipels moet maak. Meer hieroor onder punt 3.1.2.

`n Volgende verwysing na “dissipel” en “dissipelskap” word gevind in 2 Petrus 1:3-8. Alhoewel die term μαθητής nie in hierdie teksgedeelte gevind word nie, word daar sekere kern eienskappe van `n dissipel in hierdie gedeelte gevind. Die rede waarom die navorser hierdie vooronderstelling het, is omdat daar in hierdie teksgedeelte juis daarna verwys word dat dit God is wat die gelowige roep om deel te kry aan die Goddelike natuur. Hierdie Goddelike natuur beteken dan ook om meer en meer soos Jesus te word (vergelyk Calvyn 1999a:232-233).

Wanneer daar na hierdie gedeelte gekyk word, is daar `n aantal noemenswaardige sake wat daaruit voortspruit. Eerstens is die μαθητής `n persoon wat opgeroep word

om alles in die stryd te werp om sodoende sy geloof te verryk met `n aantal vrugte, naamlik: deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding, godsvrug, liefde onder mekaar en liefde vir alle mense. Daar word dus `n konteks van intensionele geloofsgroei (deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding en godsvrug) binne `n geloofsgemeenskap (liefde onder mekaar), met `n oog vir die samelewing (liefde vir alle mense) geskets. Hier vind ons dus `n nuwe konteks waarbinne die μαθητής hom- of haarself bevind en waarop die fokus moet wees.

Tweedens word daar in hierdie gedeelte bevestig dat die doel daarvan om `n μαθητής te wees nie net gerig is op die toename van kennis nie, maar ook op groei in die persoon se verhouding met sy Verlosser Jesus Christus, en dus met God (vers 4 en 8 van die gedeelte; vergelyk met Kolossense 1:24-28). Laastens word dit in hierdie gedeelte duidelik gestel dat `n persoon nie μαθητής kan wees en daarin kan volhard nie, behalwe deur die krag van God (vers 3), want dit is Hy wat die gelowige alles skenk wat hy nodig het om te lewe en God te dien (vergeelyk Kolossense 1:29).

### **3.1.1.1.3 Gevolgtrekking**

Wanneer daar vanuit bogenoemde `n gevolgtrekking geformuleer moet word, om sodoende `n definisie van `n μαθητής te gee, kan dit soos volg verwoord word:

*`n Μαθητής is `n persoon met Jesus Christus as sy Leermeester in leer en lewe. Die μαθητής se geloof vind hy nie in homself nie, maar in die indikatief dat aan Jesus Christus mag oor alles gegee is. Deur sy geloof in Jesus Christus vind daar by hom dus intensionele geloofsgroei, deur gebed en volharding in die Woord van God, in die konteks van `n geloofsgemeenskap plaas. Hierdie intensionele geloofsgroei is egter nie net gemik op die μαθητής self nie, maar ook op alle mense.*

Telkens wanneer die woord “dissipel” in hierdie studie gebruik gaan word, gaan bogenoemde definisie van μαθητής bedoel word.



### **3.1.1.2 Definiëring vanuit teologiese werke.**

Wanneer daar na verskillende teoloë se definisies van “dissipel” (lees in hierdie geval μαθητής) gekyk word, word `n wye reeks definisies aangetref.

Aan die begin van die studie oor die definisie van die term “μαθητής”, is daar verwys na die siening dat `n persoon `n Christen kan wees, sonder dat hy of sy `n dissipel is (Mull, 2005:51-52). `n Siening soortgelyk hieraan word reeds aan die begin van Hull se bydrae gevind wanneer hy die volgende stelling maak: “I find it both sad and appalling that we’ve used the great doctrine of justification by faith and God’s grace to teach that people don’t really need to follow Jesus to be Christians.” (Hull, 2006:17). Hierdie stelling verklap dat daar `n dualistiese siening oor die Christelike gelowige is, naamlik dié wat die sogenaamde “naam-Christene” is en dié wat werklik dissipels is - die ware gelowiges. Dit beteken dat beide in Jesus Christus glo vir hulle verlossing, maar dat dié gelowiges wat dissipels is, beter Christene is of meer doen om gelowiges te wees. Die naam-Christen is dan `n persoon wat sê dat hy in Christus glo, maar wie se lewenstyl en sienings (verstaan hieronder leer) dit nie bewys nie of selfs weerspreek.

#### **3.1.1.2.1 Die term “dissipel” - volgens Calvyn**

In Boek III van sy Institusie spandeer Calvyn heelwat aandag aan die lewe van die gelowige en ondermeer handel dit oor die gelowige as `n dissipel (Calvyn, 1999f:431-446). `n Teksgedeelte wat sentraal staan in sy bespreking van die dissipel is Markus 8:34-9:1, wat onder punt 3.1.2 meer breedvoerig deur die navorser behandel sal word. In hierdie bespreking deur Calvyn maak hy `n soortgelyke onderskeid as bogenoemde. Tog, in hierdie onderskeid staan die ware kennis oor God en die verlossing deur Jesus Christus alleen, sentraal (Calvyn, 1999f:431). Sonder die ware kennis van God kan `n persoon nie tot werklike geloof kom nie en sal die persoon homself ook nie kan verloën om werklik `n Christen te wees nie (Calvyn 1999f:441).

Bogenoemde word saamgevat in wat, volgens die navorser, Calvyn se definisie van `n dissipel is: “It must therefore be our study, if we would be disciples of Christ, to imbue our minds with such reverence and obedience to God as may tame and subjugate all affections contrary to his appointment” (Calvyn; 1999f:446). Uit bogenoemde blyk dit dus dat dissipel-wees vir Calvyn gehandel het oor intensionele

geloofsgroei waartydens die gelowige sy gedagtes vul met soveel aanbidding en gehoorsaamheid aan God dat hy sy hele wese aan God onderwerp. Vir Calvyn (1559:182-183) beteken dissipel-wees nie dat die gelowige reeds volmaak is nie, maar dat die gelowige daarna strewe om meer te leer en te lewe soos wat Christus die gelowige in sy heilige Skrif leer.

### **3.1.1.2 Die term “dissipel” - volgens Hull**

Soos reeds genoem, wys Hull (2006:17) daarop dat daar soms `n onderskeid tussen die dissipel en die Christen gemaak word. Hull maak dit egter duidelik dat hierdie dualisme wat bestaan nie vanuit die Bybel gestaaf kan word nie en dat hyself nie hierdie dualisme kan ondersteun of wil ondersteun nie (2006:32-33). Volgens Hull is daar dan nie `n verskil tussen `n Christen en `n dissipel nie.

Hull definieer `n dissipel as iemand wat gebore word om `n dissipel gemaak te word (2006:33). Wat hiermee bedoel word is dat wanneer `n persoon tot geloof kom, hy wedergebore word en dat hy of sy dan dadelik begin om te groei in sy of haar verhouding met God. Daar is nie `n eerste of `n tweede stap wat geneem moet word nie, maar dit is alles deel van `n ontdekkingstog waarin die hart van die gelowige verlang en begeer om God meer en meer te behaag. Wanneer bogenoemde nie plaasvind nie, het die persoon “afgeteken” en glo die persoon nie meer werklik in God nie, maar probeer die persoon in `n ooreenkoms met God staan (2006:34).

Wanneer Hull (2007:75-95) poog om `n meer volledige definisie van `n dissipel te gee, verval hy in `n twintig bladsye-lange bespreking daarvan. As die vertrekpunt vir sy definisie neem hy `n aantal kenmerke wat Christus self genoem het (Hull, 2007:75). Hiervolgens is `n dissipel iemand wat bereid is om homself te verloën, sy kruis op te neem en Christus te volg (Markus 8:34), wat Christus bo homself, sy familie en besittings stel (Lukas 14:25-35), wat toegewyd is aan Christus se leer (Johannes 8:31), wat toegewyd is aan sendingwerk (Matteus 9:36-38), wat ander mense lief het soos wat Christus lief het (Johannes 13:34-35) en wat laastens in Christus bly, wat gehoorsaam is, wat vrugte dra, wat God verheerlik, wat blydskap het en sy broers lief het (Johannes 15:7-17).

Hull (2007:95) maak egter `n belangrike opmerking, naamlik dat die dissipel juis moet tyd maak vir intensionele geloofsgroei, voordat hy kan uitgaan en ander dissipels kan maak. Konkrete, intensionele geloofsgroei staan dus sentraal tot Hull se verstaan en definisie van wie `n dissipel is.

Wanneer Calvin en Hull se definisies teenoor mekaar geplaas word, vind ons `n wonderlike ooreenkoms tussen hierdie twee definisies, elkeen geformuleer vanuit die teoloog se persoonlike omstandighede. In hierdie opsig is bogenoemde definisies tipierend van wat kontekstuele teologie moet wees (Cyzewski, 2008:36-37).

### **3.1.1.2.3 Die term “dissipel” - volgens Cyzewski**

Alhoewel Cyzewski sy boek aan die studie van kontekstuele teologie wy (2008:10), maak hy enkele opmerkings oor die term “dissipel” en “dissipelskap”. Cyzewski maak nie `n onderskeid tussen `n dissipel en `n Christen nie en gaan van die staanspoor uit van die veronderstelling dat daar nie `n verskil is nie (2008:34-35). Hiervolgens is die gelowige geroep om nie te sit en wag nie, maar om uit te gaan en die evangelie te verkondig. Cyzewski voeg hom by Hull deurdat hy die leser daarop wys dat die dissipel net kan uitgaan en die evangelie kan verkondig indien hy vir God werklik ken. Vir hom is dit ook belangrik dat daar net soveel tyd afgestaan word aan ons groei in `n Christelike lewenstyl as wat daar tyd afgestaan word om `n suiwer leer te bely. Dit is wanneer die dissipel in beide hierdie velde groei wat dit vir hom moontlik is om vry-uit te getuig van Christus en om God se geboorte te gehoorsaam (2008:35).

### **3.1.1.2.4 Die term “dissipel” - volgens Bonhoeffer**

Wanneer daar aan Bonhoeffer gevra word wie `n dissipel is, vestig hy sy antwoord stewig op die leer van `n duur genade (Bonhoeffer, 2008:21-39). Bonhoeffer dui eerstens aan dat die kerk verval het in `n leer van goedkoop genade. Hiervolgens vra die geloof niks van die mens nie. Versoening, vergifnis en genade word entiteite wat die mens met sy verstand moet verstaan en sodoende, deur hierdie verstaan, word die mens dan gered. In wese behels dit die regverdiging van die sonde sonder die regverdiging van die berouvolle sondaar (2008:23). Daarna leer Bonhoeffer dat die gelowige opgeroep moet word tot duur genade. Dit is genade wat van die gelowige vra om die juk van Christus op te neem en Hom te volg. Dit is duur genade

juis omdat dit die gelowige vra om sy lewe op te offer en om hom aan Christus te wy (2008:24). Vir Bonhoeffer is `n dissipel dus `n persoon wat glo en weet dat hy uit genade alleen verlos is, maar wat daarna streef om in gehoorsaamheid aan God se wil te leef en sodoende te buig onder die juk van Christus (2008:37-38).

### **3.1.1.2.5 Die term “dissipel” - volgens De Klerk en Pretorius**

De Klerk en Pretorius (2005:158-163) gee `n bondige en tog volledige beoordeling van die geekte eksegesi van die term “dissipel”. Vanuit hierdie beoordeling word daar dan `n eie definisie vir die term “dissipel” geformuleer (2005:164-165). In hierdie beoordeling en formulering kom daar vir die eerste keer `n baie belangrike element in die definisie na vore, naamlik dat `n persoon `n dissipel kan wees, sonder dat die persoon die verlossing in Christus aangeneem het. Die vraag bly egter staan of `n persoon `n verhouding met Christus kan hê, sonder dat die persoon die verlossing in Jesus Christus aangeneem het? `n “Dissipel” word wel bloot as `n leerling beskou, maar hierdie leerling het, vanuit die tradisionele betekenis van die woord, `n besondere verhouding met die leermeester gehad om te leer soos wat hy leer en te leef soos hy leef (vergelyk Kittel, Bromiley & Friedrich, 1976b:442).

De Klerk en Pretorius maak dit egter duidelik dat indien dissipelskap `n vereiste vir verlossing is, die evangelie van verlossing uit genade alleen in gedrang kom (2005:164). Die teendeel is egter ook nie waar nie. Verlossing is nie `n vereiste vir dissipelskap nie, aangesien dissipelskap `n goeie werk is wat deel vorm van die heiligmaking van die gelowige (2005:165). Volgens De Klerk en Pretorius is `n dissipel dus `n persoon wat groei in hul kennis van God en aanhou groei daarin nadat hulle tot geloof gekom het.

Wanneer die breë definisie van “dissipel”, naamlik `n leerling, gehuldig word, is dit verstaanbaar dat `n persoon `n leerling van iets of iemand kan wees sonder om in daardie persoon te glo. Die vraag bly egter of `n persoon `n leerling van Christus kan wees, sonder om tot sodanige geloof te kom? Is dit nie juis uit genade en deur die geloof wat die persoon gebring word tot op `n punt waar die persoon meer wil leer oor Jesus Christus nie?

In hierdie opsig is 2 Petrus 1:3-8 van besondere betekenis. Alhoewel `n definiëring van die term “dissipel” vanuit die Bybel reeds gegee is, wil navorser juis hier stilstaan by die onderskeid wat daar tussen die Skrif, in die besonder in hierdie Skrifgedeelte, en `n buite-Bybelse definisie van die term “dissipel” getref word. In hierdie gedeelte, 2 Petrus 1:3-8, word die indikatief gestel dat die gelowige uit genade tot geloof gebring is. Hierdie indikatief word gevolg deur die imperatief, naamlik dat die gelowige daarom alles in die stryd moet werp om sy geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

Dit is juis wanneer al bogenoemde toeneem wat die gelowige die Here Jesus Christus beter sal leer ken. Laasgenoemde is `n vasstaande belofte wat deur God gegee word en is dus onbetwisbaar.

Vanuit bogenoemde word die onderskeid tussen `n leerling in die algemeen en `n leerling van Christus dus duidelik. `n Leerling in die algemeen hoef nie met geloofsoortuiging in die persoon of objek wat hy of sy volg, die persoon of objek te volg nie. Daarteenoor kan die leerling van Christus nie anders nie as om juis geloof in Jesus Christus te hê nie, want dit is juis deur die geloof en werking van die Heilige Gees wat die persoon gedring word om Christus te volg!

### **3.1.1.2.6 Die term “dissipel” – volgens Hirsch**

Aan die einde van die 2006-publikasie van Hirsch word `n woordelys gevind waarin `n verduideliking van die sleutel terme in die publikasie aangebring is (2006:273-286). Alhoewel “dissipel”, sowel as “dissipelskap”, terme is wat algemeen in die boek voorkom, word hier nie `n duidelike definisie van een van hierdie terme gegee nie. Hirsch (2006:102) wys egter die leser daarop dat dissipel-wees nie behels dat die persoon `n sekere hoeveelheid kennis oor Christus hoef te besit nie, maar Christus werklik moet ken. Christus moet nie net - met alle respek gesê - `n objek van studie wees nie, maar dié Persoon met wie daar in `n verhouding getree word. Hy het nie net sy leer aan die dissipels oorgedra nie, maar sy hele lewe met hulle gedeel en sodoende het Hy hulle ontwikkel en laat groei as ware dissipels. Kennis van

Christus, en dus van God, is dus nie net bloot intellektuele kennis nie, maar in die besonder `n persoonlike verhouding wat daar bestaan tussen die persoon en Christus.

### **3.1.1.2.7 Die term “dissipel” – volgens Mull**

Aan die begin van die studie om `n definisie van die term “dissipel” te formuleer, is daar na `n ene Richard Mull verwys. Wanneer Mull begin om `n definisie van `n dissipel neer te skryf, neem hy Matteus 28:18-20 as vertrekpunt en lê baie klem op die feit dat Christus alle mag in hemel en op die aarde besit (Mull, 2005:49-50). Daarvandaan beweeg hy na Matteus 10, Markus 6 en Lukas 9-10 waarin Christus die 12 dissipels en daarna die 72 dissipels uitstuur. Tydens die bespreking van hierdie gedeeltes wys hy die leser daarop dat die dissipels sekere dinge gedoen het toe hulle uitgestuur was en verbind dit met die kragtige dade wat Stefanus (Handelinge 6:8-15) en Paulus (Handeling 19 en 20:7-12) gedoen het (2005:50-51). Volgens Mull is hierdie kragtige dade, naamlik: wonderwerke, geesdrywery en genesing, van die kenmerke van `n dissipel en het die kerk veroorsaak dat daar nie vandag meer ware, Bybelse dissipels bestaan nie. Die kerk het veroorsaak dat daar baie Christene is, maar nie werklik dissipels nie (2005:51). Wanneer Mull `n model vir dissipelskap moet gee (2005:129-135) staan hy weer hierby stil en vermeld hy weer eens dat die verkondiging van die koninkryk van God, die genesing van siekes en uitdryf van geeste die drie kenmerke van `n dissipel moet wees. Om hierdie standpunt te staaf, verwys Mull dan na Matteus 4:23-24, Lukas 4:40-41, Matteus 10:1, Matteus 10:7-8; Markus 6:12-13, Markus 16:17-18 en Lukas 9:1-2 (2005:130-134).

Wanneer Mull se definisie vergelyk moet word met dié van Calvin, Hull, Bonhoeffer en Cyzewski vind mens `n skril kontras. Mull staan heeltemal buite die breë definisies wat laasgenoemde teoloë stel. Vanuit die definiëring wat vanuit die Skrifstudie geformuleer is, kan die definisie van Mull ook nie aanvaar word as `n definisie wat `n openbaringshistoriese vergelyking kan deurstaan nie.

### 3.1.1.2.8 Gevolgtrekking

Wanneer `n finale definisie van die term “dissipel” geformuleer moet word, soos wat dit blyk uit verskillende teologiese werke, kan dit soos volg klink: *`n Dissipel is `n persoon wat Jesus as sy Leermeester in lewe en leer volg, sodat hy of sy kan groei in hulle verhouding met God binne die konteks van `n geloofsgemeenskap.*

Hierdie definisie staan volgens die navorser baie komplimenterend teenoor die definisie wat vroeër in die studie vanuit die Skrif geformuleer is: *`n Μαθητής is `n persoon waarvan Jesus Christus sy Leermeester in leer en lewe is. Die μαθητής se geloof vind hy nie in homself nie, maar in die indikatief dat aan Jesus Christus mag oor alles gegee is. Deur sy geloof in Jesus Christus vind daar by hom dus intensionele geloofsgroei, deur gebed en volharding in die Woord van God, in die konteks van `n geloofsgemeenskap plaas. Hierdie intensionele geloofsgroei is egter nie net gemik op die μαθητής self nie, maar ook op alle mense.*

In hierdie twee definisies sien ons die volgende ooreenkomste: Beide maak melding van die besondere verhouding wat daar tussen die gelowige en Jesus Christus as Leermeester is. Beide laat `n sterk fokus val op intensionele geloofsgroei, of anders gestel, `n positiewe groei in die gelowige se verhouding met God. Beide hierdie definisies fokus ook sterk daarop dat hierdie geloofsgroei in die konteks van `n geloofsgemeenskap moet plaasvind.

Wat egter opvallend is, is die verskille wat daar bestaan. Hierdie verskille kom veral na vore vanuit die breër definisie wat vanuit die Skrif afgelei is. Veral drie aspekte kom na vore:

- a) Die feit dat `n mens net `n dissipel kan wees op grond van die heerskappy of koningskap van Christus;
- b) Dat hierdie intensionele geloofsgroei plaasvind deur gebed en volharding in die Woord van God; en
- c) Dat die intensionele geloofsgroei nie net gefokus is op die gelowige self nie, maar ook op die mense waarmee die dissipel se pad kruis.

Dit is die navorser se mening dat hierdie drie aspekte nie net maar oorgesien kan word nie, maar dat elkeen van hierdie aspekte in sy eie reg `n belangrike deel vorm van die mondering van die dissipel. Die rede hiervoor is dat dit juis deur die Skrif en gebed is wat ons in besondere gemeenskap met God tree – dit is immers deur die Skrif wat ons God leer ken (vergelyk artikel 2, Nederlandse Geloofsbelydenis)! Daar is ook geen ander manier wat die mens gemeenskap met God kan hê as deur Christus te aanvaar as sy enigste Verlosser en Saligmaker nie (Johannes 6:47). Dus moet die gelowige die knie voor Christus buig en Hom erken as die enigste Koning. Laastens kan die vraag gevra word: hoe wil die gelowige gehoorsaam aan Christus wees en tog nie Sy groot opdrag uitvoer nie (vergelyk Matteus 28:18-20 en Johannes 8:47)?

Om hierdie rede hou die navorser by die definisie wat op Skrifgronde opgestel is, maar neem die verskillende definisies, soos vanuit teologiese werke blyk, in ag.

Vervolgens die definiëring van die term “Dissipelskap”.

### **3.1.2 `n Nadere definisie van die term “Dissipelskap”**

#### **3.1.2.1 Definiëring vanuit die Skrif**

Wanneer daar na `n definisie vir die term “Dissipelskap” in die Skrif gesoek word, gaan dit nie gevind word onder die term “Dissipelskap” nie omdat hierdie term nie eie aan die Skrif is nie. Om `n Skrif-gefundeerde definisie van “Dissipelskap” te gee, gaan `n openbaringshistoriese studie gemaak word van die gebruik van die term “dissipel” binne die bepaalde konteks waarin die term gevind word. Vir die doeleindes hiervan, gaan dieselfde teksgedeeltes gebruik word as wat in 3.1.1.1. gebruik is asook `n aantal ander teksgedeeltes wat nog nie behandel is nie, soos Markus 1:16-20 (die roeping van die dissipels), : Matteus 28:16-20, Markus 1:16-20, Markus 8:34-9:1, Johannes 15:5-8, Johannes 21:15-19, Handeling 1:3-8 en 2 Petrus 1:3-8. Hierdie gedeeltes gaan ter wille van die studie in openbaringshistoriese volgorde geplaas word. Wanneer die studie rakende die beginsels en doel van dissipelskap (3.1.2 en 3.1.3) `n aanvang neem, sal daar duidelik aangedui word watter van hierdie teksgedeeltes in diepte behandel word. Hier word daar net



gefokus op die betekenis van hierdie teksgedeeltes in die definiëring van die term “Dissipelskap”.

### **3.1.2.1.1 “Dissipelskap” in Markus 1:1-16**

In Markus 1:16-20 vind ons die roeping van die eerste dissipels. Wat besonders van hierdie gebeure is, is dat dit telkens Christus is wat die mense roep om Hom te volg. Dissipelskap voor en tydens Jesus Christus se aardse bediening het plaasgevind deurdat `n leerling hom by `n leermeester voeg, nadat die leermeester hierdie leerling goedgekeur het (Hull 2006:52-62). Christus kom egter en kies mense om sy dissipels te wees – heeltemal teen die gebruik in! Die feit dat Simon, Andreas, Jakobus en Johannes vissers van beroep was, dui daarop dat hulle gewone mense in die samelewing was en nie deel van die godsdienstige elite nie. Met betrekking tot die definiëring van die term “Dissipelskap” beteken hierdie dat dit Christus is wat die persoon roep om sy dissipel te wees. Dissipelskap is dus `n roeping van Christus aan die mens en nie die mens wat homself uit eie krag by Christus voeg nie (vergelyk Nel, 1998:140).

### **3.1.2.1.2 “Dissipelskap” in Markus 8:34-9:1**

Markus 8:34-9:1 (vergelyk Addendum 1) is die volgende gedeelte wat in die Skrif aangetref word wat baie pertinent oor dissipelskap handel. In die gedeelte word die eise van dissipelskap gevind, soos dit tradisioneel gestel word. Daar word dan veral drie aspekte genoem, naamlik selfverloëning, gehoorsaamheid en gewilligheid. Die gelowige moet homself verloën, hy moet sy kruis opneem en Christus volg. Selfverloëning behels presies wat die woord sê: die persoon wat deur Christus geroep is om Hom te volg moet homself agterlaat en Christus volg (Williamson, 1983:154. Vergelyk ook Brooks, 1991:137).

Verskillende verklaarders heg verskillende betekenis daaraan om die kruis op te neem en juis dit maak dit moeilik om te bepaal presies wat hiermee bedoel word. Die meeste teoloë is egter van mening dat die “kruis opneem” hier verwys na die moontlikheid om vir jou geloof vervolgt te word en die lyding wat ons as gelowiges ter wille van ons geloof moet beleef (Brooks, 1991:137; Calvin 1999d:193). Dit gaan hier dus om die bereidheid om jouself tot die dood toe te verloën. In Lukas 9:23, die

parallele weergawe van Markus 8:34-9:1, voeg Lukas die woorde “elke dag” by, wanneer hy die woorde van Jesus weergee oor die persoon wat sy kruis moet opneem. Hierin word dit dan ook duidelik dat hierdie `n proses is wat deurgaans volgehou moet word en dat dit nie `n momentele gebeurtenis is nie (Calvyn 1999 d:193).

Die eerste twee aspekte wat in hierdie gedeelte genoem word, bereik `n hoogtepunt in die derde aspek, naamlik “...en My volg”: Die gelowige moet dus nie meer op hom- of haarself fokus nie, maar op God, wat deur die Heilige Gees, in hom of haar woon. Om die rede dra hierdie gedeelte verder by tot die eerste twee funksies/eise wat daar gegee word.

In hierdie gedeelte is daar dus drie baie belangrike aspekte wat betrekking het op die definiëring van die term “Dissipelskap”. Wanneer ons hierdie drie aspekte van toepassing maak op die definiëring van dissipelskap, word dit duidelik dat dissipelskap `n voortdurende proses is waarin die gelowige vir God bo homself stel, waarin hy bereid is om sy lewe ter wille van Christus af te lê deur sy kruis op te neem en waarin die gelowige, deurdat hy vir Christus navolg, al hoe meer lewe soos Christus ons leer om te lewe.

### **3.1.2.1.3 “Dissipelskap” in Johannes 15:5-8**

Johannes 15:5-8 staan binne die groter kader van een van die “Ek is”- uitsprake van Jesus Christus. Hierin word die gelowige geleer dat Christus die ware wingerdstok is en dat ons die lote is. Hierdie lote word dan deur die boer, ons hemelse Vader (vergelyk vers 1), reg gesnoei sodat dit vrugte kan dra. Wat egter ook van besondere belang is, is dat die lote in die wingerdstok moet bly. Die gelowiges moet dus in Christus, of verbonde aan Christus, bly. Dit is slegs wanneer die loot in Christus bly, wat hy baie vrugte sal kan dra (vergelyk 2 Petrus 1:8). Verder word daar vermeld dat as Christus se woorde in die gelowige bly en die gelowige in Christus bly, die gelowige enige iets in Christus se Naam kan vra en dat die Vader dit dan aan die gelowige sal gee. Hiermee word dit duidelik gestel dat die dissipel se wil omgebuig of verander moet word na Christus se wil. Hierdie aspek gaan dus hand-aan-hand met die selfverloëning van die gelowige. Die uitvloeisel hiervan is dat die

gelowige alles sal kry waarvoor hulle bid. Die uitvloeisel of doel hiervan is dat die Vader verheerlik word deurdat die dissipels vrugte sal dra.

Wanneer bogenoemde van toepassing gemaak word op die definiëring van die term “Dissipelskap”, word dit duidelik dat dissipelskap `n proses is waartydens die gelowige groei in sy verbondenheid aan Christus, sodat hy meer vrugte kan dra en ons Vader in die hemel verheerlik kan word.

#### **3.1.2.1.4 “Dissipelskap” in Johannes 21:15-19**

Johannes 21:15-19 is `n besondere gedeelte wat die definiëring van die term “Dissipelskap” behels. In hierdie gedeelte word daar drie keer aan Simon Petrus die opdrag gegee om na die kudde van die Here om te sien. Dit is in werklikheid drie verskillende opdragte wat in `n nou verband met mekaar staan.

Die eerste opdrag aan Petrus is om Jesus Christus se lammers te laat wei. Baie prominent word die lammers genoem. In die derde opdrag word die weidingsopdrag weer gegee, maar dan dat Petrus die skape sal laat wei. Om hierdie rede is hierdie twee opdragte in wese dieselfde, alhoewel mens sou wil dink dat hier na twee spesifieke dele van die kudde gewys word. Tog kan hierdie onderskeid nie bloot net gemaak word nie (vergelyk Calvyn 1999b:198). Carson (2006:677) dui baie oortuigend aan dat die afwisseling van terme in die Evangelie volgens Johannes baie lukraak is en dat daar nie werklik `n homiletiese en eksegetiese verskil in verskillende terme vir dieselfde saak is nie. Om hierdie rede word daar in hierdie gedeelte die opdrag tot die geestelike groei van die dooplidmate, maar ook die belydende lidmate gegee. Per slot van rekening word die hele kudde as voorwerp geneem!

Die eerste en derde opdrag omvou die tweede opdrag, naamlik “...pas My skape op”. Hierdie tweede opdrag, naamlik “...pas My skape op.”, moet nie in isolasie van die ander twee opdragte gesien word nie. Hierdie opdrag staan, volgens die mening van die navorser, eerder komplimenterend tot die ander twee opdragte deurdat dit deur middel van `n *inclusio* benadruk word. Dit is juis omdat die skape sal wei, dat hulle opgepas moet word.

Hierdie opdragte wat Petrus ontvang, moet ook nie in isolasie van die vroeë gesien word nie. Drie keer vra Christus vir Petrus of hy Hom liefhet en telkens antwoord Petrus vir Christus dat hy Hom wel liefhet. Die rede waarom Christus juis drie keer vir Petrus vra of hy Hom liefhet, is omdat geen persoon `n ander persoon op `n pad van dissipelskap kan neem indien daardie persoon nie verby mense kyk en alle eer aan Christus gee nie. Dit is juis deur jou liefde vir Christus wat jy `n ander persoon op `n pad van dissipelskap kan lei (Calvyn, 1999b:196) en dit is net deur hierdie liefde wat die persoon kan aangaan met hierdie taak om iemand te laat wei (Calvyn, 1999b:197).

Alhoewel hierdie gedeelte in `n groot mate betrekking het op die opsigterswerk van die kerklike leiers (vergelyk Calvyn 1999b:197-198), kan dit nie in isolasie van die opdrag wat die kerklike leiers ontvang om gelowiges te laat groei in hulle verhouding met Christus, gesien word nie. Dit is juis deur hulle opsigterswerk wat die kerklike leiers moet toesien dat die gelowiges groei in hulle verhouding met God.

Met betrekking tot dissipelskap word dit vir ons in hierdie gedeelte duidelik dat dissipelskap net kan plaasvind binne `n liefdesverhouding met God. Dit is vanuit die gelowige se liefde vir God wat hy of sy `n ander persoon op `n pad van dissipelskap neem en wat hierdie persoon self saam met `n ander gelowige op `n pad van dissipelskap stap, sodat God geëer kan word.

### **3.1.2.1.5 “Dissipelskap” in Matteus 28:16-20 en Handeling 1:3-8**

Matteus 28:16-20 en Handeling 1:3-8 is twee tekste wat parallel met mekaar staan omdat beide hierdie skrifgedeeltes dieselfde opdrag bevat wat Christus aan sy dissipels net voor sy hemelvaart gee. Om hierdie rede sal hierdie teksgedeeltes gesamentlik behandel word.

Vir die doeleindes van die bespreking van Matteus 28:16-20 is dit noodsaaklik om `n gedagte-opbou van hierdie paar verse te gee om sodoende die verhouding tussen die verskillende sinne en sinsnedes aan te dui.

Hierdie uiteensetting kan soos volg daarvan uitsien:

Die dissipels gehoorsaam die bevel van Jesus om na die berg in Galilea te gaan.

**Matteus 28:16** “Οἱ δὲ ἕνδεκα μαθηταὶ ἐπορεύθησαν εἰς τὴν Γαλιλαίαν εἰς τὸ ὄρος οὗ ἐτάξατο αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς,

Hulle reaksie wanneer Hy aan hulle verskyn.

**Matteus 28:17.** “καὶ ἰδόντες αὐτὸν” προσεκύνησαν, οἱ δὲ ἐδίστασαν.”

Sy reaksie op hulle aanbidding.

**Matteus 28:18a.** “καὶ προσελθὼν ὁ Ἰησοῦς ἐλάλησεν αὐτοῖς λέγων”

Die vaste indikatief word gegee

**Matteus 28:18b** “Ἐδόθη μοι πᾶσα ἐξουσία ἐν οὐρανῷ καὶ ἐπὶ [τῆς] γῆς.”

Die vaste imperatief word gegee

**Matteus 28:19a.** “πορευθέντες οὖν μαθητεύσατε παντὰ τὰ ἔθνη”

Die eerste aspek van die imperatief

**Matteus 28:19b.** “Βαπτίζοντες αὐτοὺς εἰς τὸ ὄνομα τοῦ πατρὸς καὶ τοῦ υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου”

Die tweede aspek van die imperatief

**Matteus 28:20a.** “διδάσκοντες αὐτοὺς τηρεῖν πάντα ὅσα ἐνετειλάμην ὑμῖν”

Die derde aspek van die imperatief

**Matteus 28:20b.** “καὶ ἰδοὺ ἐγὼ μεθ’ ὑμῶν εἰμι πάσας τὰς ἡμέρας ἕως τῆς συντελείας τοῦ αἰῶνος.”

Matteus 28:16-20 is wel bekend aan die meeste gelowiges, maar tog is hier `n paar prominente aspekte wat betrekking het op die definiëring van die term “Dissipelskap”. Die eerste is dat Jesus Christus pertinent sê dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is (vergelyk Handeling 1:8 waar Christus aan die dissipels die belofte maak dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees op hulle uitgestort sal word). Christus, die Een aan wie alle mag in hemel en op die aarde

gegee is, leer sy dissipels pertinent oor die dinge van die koninkryk van die hemel en die aarde in die veertig dae na sy opstanding en voor sy hemelvaart (Handelinge 1:3). Om hierdie rede kan ons tot die gevolgtrekking kom dat die koninkryk van God die groot motivering agter die aktiwiteite van Christus se dissipels moet wees. Alles wat die gelowiges leer, reël en verrig moet op die verkondiging van die koninkryk van God gerig wees.

Tweedens word daar 'n opdrag gevind, wat by nadere ondersoek, eintlik uit drie opdragte bestaan. Die rede waarom hierdie standpunt gehuldig word is weens die taalgebruik van verse 19 en 20. Vers 19 bevat een werkwoord in die aoristos, imperatief aktief, naamlik μαθητεύσατε wat 'n opdrag is. Hierdie opdrag is egter nie punktueel van aard nie, maar wel iteratief, siende dat dit in hierdie geval oorvleuel met die betekenis van die praesens imperatief (Jordaan, 2006:35). Hierdie werkwoord word voorafgegaan deur 'n aoristos partisipium passief wat dus as neweskikkende werkwoord dien. Die hoofwerkwoord van hierdie gedeelte is dus μαθητεύσατε wat vertaal word met “maak dissipels”. Die “gaan” in die Afrikaanse vertaling behoort dus tot die partisipium wat in hierdie gedeelte aangetref word.

Nadat hierdie imperatief gegee is, volg daar nog twee partisipiums, albei in die praesens aktief. Hierdie twee partisipiums is βαπτίζοντες (letterlik vertaal “dopende”) en διδάσκοντες (letterlik vertaal “lerende”). Beide hierdie partisipiums is dan ook predikatiewe deelwoorde tot die hoofwerk μαθητεύσατε en neem die funksie van 'n newegesikte sin in (vergelyk Jordaan, 2006:27).

Tog, wanneer die gedagte-opbou van die gedeelte uiteengesit word, blyk dit dat daar 'n derde neweskikkende sin by die hoofimperatief is, naamlik om te onthou dat Christus by die dissipels is al die dae tot die voleinding van die wêreld. Hierdie oproep is weens die gebruik van ἰδοὺ wat in die algemeen as 'n aandagmerker gebruik word om die daaropvolgende indikatief te onderstreep (Louw & Nida 1996b:811). Die gebruik van ἰδοὺ in hierdie konteks dien dus as 'n aandagmerker na 'n stelling waarmee Christus sy dissipels wil verseker dat Hy by hulle sal bly en dat Hy aan hulle die nodige beskerming sal bied (Calvyn, 1999e:239). In hierdie opsig kan hierdie sin (“ . . . En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”) juis dan dien as 'n indirekte bevel om 'n sekere waarheid te koester.

Die hoof imperatief is dus dat daar na al die nasies gegaan moet word en dat die mense Jesus se dissipels gemaak moet word. Daar word dus van die gelowiges `n doelbewuste sendingsaksie gevra. Die kerk moet uitgaan na die wêreld toe en die Woord verkondig en nie wag vir die wêreld om na hulle toe te kom nie. Die rede waarom die Woordverkondiging moet plaasvind is dan ook met die doel om hierdie ongelowiges gelowiges te maak deur die werking van die Heilige Gees.

Wanneer hierdie opdrag in Handeling 1:8 weergegee word, word dit gedoen deurdat daar na Jerusalem, die hele Judea, Samaria en die uithoeke van die aarde verwys word. Jerusalem word dan ook op `n besondere manier met die hele Judea, Samaria en die uithoeke van die aarde verbind. Hierdie verbinding sien ons in die gebruik van die futurum, indikatief, medium wat gebruik word saam met die voegwoord *καὶ*. Hierdie futurum funksioneer as `n bevelsfuturum (Jordaan, 2006:10) en word saam met die kopulatiewe voegwoord *καὶ* gebruik (Jordaan, 2006:57) om sodoende `n gelyktydige handeling in die toekoms aan te dui. Die opdrag om na die nasies toe uit te gaan is dus `n opdrag wat nie progressief is nie, maar wat gelyktydig moet plaasvind. Dus is die dissipel-maak aspek van dissipelskap nie net gefokus op die onmiddellike omgewing nie, maar ook universeel. Die gelowige moet dus na maniere kyk om juis ook op `n geografiese breër vlak mense Jesus se dissipels te maak.

Die imperatief word hierna gekwalifiseer deur die eerste van twee partisipijs waarvan die eerste verwys na die doop. Die bediening van die doop moet egter volgens die navorser kollektief van aard gesien word, omdat die dissipels ook die opdrag gekry het om die nagmaal tot die nagedagtenis van Jesus Christus te vier (Luk 22:14-23). Hier word ook pertinent gestel dat die doop moet plaasvind in die Naam van die Here Jesus Christus (“...doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...”). Sonder om hier in `n uiteensetting van die sakrament van die doop te verval, kan daar net samevattend gestel word dat die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees juis uitdrukking gee aan die dissipels se besondere verbondenheid aan die Verbondsgod. Deurdat die Vader die mens roep om te glo, en deurdat die mens deur Christus verlos word en deur die Heilige Gees beseël word tot die eiendom van God (Efesiërs 1:4, 12-14), staan die gelowige in `n

besondere verhouding met die Verbondsgod. Om vanuit hierdie gedeelte die afleiding te maak dat alle gelowiges nou mense kan doop, sal beteken dat daar biblisties te werk gegaan word met hierdie teksgedeelte. Wat hierdie teksgedeelte egter wel vir ons sê, met betrekking tot die definiëring van dissipelskap, is dat dit die gelowiges se plig is om toe te sien dat diegene wat tot geloof kom wel gedoop word (Calvyn, 1999e:236).

Die volgende kwalifisering van die imperatief volg hierop, naamlik dat die dissipels die nuwe gelowiges moet onderrig in alles wat Jesus Christus ons beveel het. Hierdie opdrag wys op die kategorie van nuwe gelowiges, maar wat nie noodwendig as verbondskinders gebore is nie. Hierdie opdrag is egter ook inklusief aan verbondskinders.

Die vraag is egter wat presies hierdie “alles” is wat Christus sy dissipels beveel het om te onderhou. Dit is die navorser se mening dat hierdie opdrag deel vorm van die doel van dissipelskap en om hierdie rede sal die vraag rakende die inhoud wat geleer word behandel word onder 3.1.3.

Wat egter, wanneer daar gewerk word aan die definiëring van die term “Dissipelskap”, wel in hierdie tweede kwalifisering na vore kom, is die oproep tot gehoorsaamheid. Wanneer hierdie oproep tot gehoorsaamheid aan die bevel van Christus gesien word in die lig van die opdragte om mense Christus se dissipels te gaan maak, om mense te gaan doop en om te onthou dat Christus by die gelowiges is tot en met die einde van dae, word dit duidelik dat hierdie opdrag tot gehoorsaamheid gesetel is in die waarheid dat Christus in die gelowige lewe (Kolossense 1:27). Gehoorsaamheid is dus `n integrale deel van dissipelskap.

Laastens word daar die besondere opdrag in die vorm van die versekering aan die gelowiges gegee, naamlik om te onthou dat Jesus Christus met ons is tot die voleinding van die wêreld. Daar moet dus by `n dissipel `n gesonde toekomsverwagting vir die ewigheid gekweek word. Hierdie versekering, in die vorm van `n indikatief, sluit aan by die indikatief wat aan die begin van die gedeelte gegee word, naamlik dat alle mag in hemel en op aarde aan Christus geskenk is. Met betrekking tot dissipelskap beteken dit dat dissipelskap `n deurlopende proses is wat



uitloop na en voltooi sal word met die wederkoms van Christus. Dissipelskap is dus ook nie iets wat uit eie krag aangepak kan word nie, maar is juis iets wat aangepak word deur die krag van die Heilige Gees (Calvyn, 1999e:235).

### **3.1.2.1.6 “Dissipelskap” in 2 Petrus 1:3-8**

Die laaste gedeelte waarby stilgestaan gaan word, in die studie oor die definiëring van die term “Dissipelskap” is 2 Petrus 1:3-8. Die rede waarom daar juis `n gedeelte vanuit Petrus se geskifte gekies word, is om sodoende werklik `n openbaringshistoriese lyn deur die Nuwe Testament te trek en om te verhoed dat slegs een deel van die Nuwe Testament in die studie verreken word.

2 Petrus 1:3-8 is `n besondere gedeelte in die Nuwe Testament, deurdat hierdie gedeelte baie duidelik in die volgorde indikatief-imperatief-belofte ingedeel kan word:

Indikatief	Vers 3-4	“Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan sy Goddelike natuur.”
Imperatief	Vers 5-7	“En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.”
Belofte	Vers 8	“As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken.”

Wanneer bostaande uiteensetting vergelyk word met wat in die Grieks gevind word, word hierdie indeling ondersteun. Regdeur verse 3 en 4 word die partisipium-, indikatiewe-, en subjunktiewevorme van die werkwoorde aangetref. Dit is slegs wanneer vers 5 gelees word wat daar `n baie sterk imperatief gevind word (ἐπιχορηγήσατε).

Dit is die mening van die navorser dat daar juis uit die gebruik van hierdie term in hierdie spesifieke konteks iets geleer kan word oor dissipelskap. ἐπιχορηγήσατε kan eenvoudig vertaal word met “byvoeg”, maar in die besonder verwys dit daarna om iets by te voeg by dit wat reeds bestaan (Louw & Nida, 1996b:602) en waarvan die waarde baie hoog is. Wanneer Petrus hierdie woord gebruik, kom dit in wese daarop neer dat die gelowige nie moet dink aan die “prys” wat hy of sy sal moet betaal nie, maar dat hy of sy moet dink aan die voordele wat hierdie vrugte van die Gees vir sy of haar verhouding met God gaan inhou (Lucas & Green, 1995:57). Hiermee word daar duidelik aangedui dat die geloof reeds bestaan en dat die daaropvolgende vrugte van die Gees, wat reeds bestaan, by die bestaande geloof gevoeg moet word. Al hierdie verskillende vrugte van die Gees moet dus in harmonie saam toeneem en groei. Om hierdie rede word, byvoorbeeld, kennis nie agter gelaat wanneer selfbeheersing nagejaag word nie, maar neem die kennis toe soos wat die selfbeheersing ook toeneem (Calvyn, 1999a:233).

Calvyn wys daarop dat hierdie vrugte van die Heilige Gees nie chronologies opmekaar volg nie, maar dat hulle almal saam toeneem na mate die een of ander toeneem (1999a:233 – vergelyk ook Lucas & Green, 1995:58). Hierdie toename is egter nie iets wat uit die mens na vore kom nie, maar is `n gawe wat van God af kom en wat deur die genade van God in die gelowige gewerk word (Calvyn, 1999a:234). Dit is immers God wat deur sy Goddelike krag ons alles geskenk het om te lewe en om Hom te dien (2 Petrus 1:3).

Dit is om hierdie rede dat die vrugte telkens in uitdrukkings, wat vir die mense bekend was, genoem word. (Lucas & Green, 1995:58-60). Al hierdie verskillende vrugte hou praktiese uitlewing van die geloof voor oë en vorm in wese deel van die hartklop van dissipelskap, siende dat al hierdie vrugte meebring dat ‘n persoon daardeur ons Here Jesus Christus beter sal leer ken (2 Petrus 1:8).

Die Baie belangrike aspek wat in hierdie gedeelte na vore kom, word gevind in die eerste paar woorde van vers 8: al besit die gelowige al hierdie vrugte, moet dit steeds toeneem. Lucas en Green (1995:61) maak die belangrike stelling dat die gelowige nooit tevrede moet wees met sy vlak van goddelikheid nie. Die gelowige moet aanhou om meer en meer soos Jesus te word deurdat hy of sy toeneem in hulle kennis van Jesus Christus (2 Petrus 1:8). Die gelowige se hele lewe, liggaam en siel, moet gegee word om God beter te leer ken (Moo, 1996:44).

### **3.1.2.1.7 Gevolgtrekking**

Wanneer die inligting vanuit al die bogenoemde teksgedeeltes saamgevoeg word tot die definisie van dissipelskap, kan hierdie definisie soos volg klink: “Dissipelskap is die lewenslange proses waartoe die gelowige deur Jesus Christus geroep word om elke dag in liefde homself te verloën en Christus te volg deurdat hy in liefde gehoorsaam aan Christus is deur vir Christus se koninkryk te lewe binne die konteks van die geloofsgemeenskap.”

### **3.1.2.2 Definiëring vanuit teologiese werke.**

Vanuit die literatuurstudie in 3.1.1.1. kan afgelei word dat dit nie maklik sal wees om die definisie vir die term “dissipelskap” te gee nie. Die rede hiervoor is dat daar baie heelte aantal verskillende definisies vir die term “dissipel” by verskillende teoloë gevind word, met die gevolg dat daar ook baie aantal verskillende definisies vir die term “dissipelskap” sal wees.

Om die studie na die nadere definisie van die term “dissipelskap” te loods gaan dus vra dat daar die empiriese studie gedoen moet word na hoe hierdie term deur verskillende teoloë gebruik word en die definisies wat deur die verskillende teoloë vir dissipelskap gegee word.

#### **3.1.2.2.1 “Dissipelskap” volgens Calvyn**

Wanneer hierdie term by Calvyn gesoek word, word dit duidelik dat hierdie term, “dissipelskap”, nie een keer in die Institusie gebruik word nie. Tog, soos wat daar reeds by 2.1.1.1. aangedui is, verwys Calvyn baie na die term “dissipel”. Dit is uit die

gebruik van hierdie term waaruit daar in die voorafgaande gedeelte `n definisie van die term “dissipel” by Calvyn afgelei is en dit is ook deur die gebruik van hierdie selfde term wat ons tot `n redelike definisie van die begrip “dissipelskap” kan kom, indien Calvyn hierdie term sou gebruik het.

Soos wat dit blyk vanuit die studie rakende die gebruik van die term “dissipel” by Calvyn, het hy hoofsaaklik in boek 3 van sy Institusie daaroor gehandel. Die plek in sy Institusie waar Calvyn dissipelskap bespreek is van besondere belang. Eers in Boek 4 behandel Calvyn die kerk terwyl die sake waarvoor Boek 3 handel sentreer rondom die geregtigheid deur die geloof alleen en die verlossing wat daar in Jesus Christus is. Vir Calvyn staan geloof of leer en lewe as `n eenheid saam en kan dit dus nie geskei word nie (Calvyn, 1999f:423-424). Dit is om hierdie rede dat die navorser die snit maak om juis op die gebruik van die term “dissipel” in boek 3 van sy Institusie te fokus in die formulering van `n moontlike definisie van die term “dissipelskap” indien Calvyn hierdie term sou gebruik het.

In boek 3 van sy Institusie is die frekwensie van die gebruik van die woord “dissipel” die hoogste op bladsye 420-436 en daarom gaan daar meestal op hierdie 16 bladsye gefokus word.

Soos vermeld, is Markus 8:34-9:1 `n teksgedeelte wat sentraal staan in sy bespreking van die begrip dissipel. Dit is vir die navorser hartseer dat Calvyn eers by vers 34 van Markus 8 begin met die bespreking en nie reeds by vers 27 nie. In verse 27 tot 30 vind ons die belydenis van Petrus, dat Jesus die Christus is. Hierdie belydenis word opgevolg deur die eerste aankondiging van Christus se dood en opstanding, wat Petrus nie wil aanvaar nie (Markus 8:31-33). Net voor die gedeelte waarop Calvyn baie sterk fokus, Markus 8:34-9:1, maak Christus die volgende stelling wanneer Hy Petrus berispe: “Moenie in my pad staan nie, Satan....want jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê.”

Vir Calvyn staan die ware kennis oor God en die verlossing deur Jesus Christus alleen, sentraal (Calvyn, 1999f:422). Hierdie sentraliteit van die ware kennis van God en die verlossing in Jesus Christus alleen, sou baie sterker na vore gekom het indien Calvyn reeds vers 27 as vertrekpunt geneem het en nie eers vers 34 nie. Hierdie

hele gedeelte, Markus 8:27-9:1, vorm `n hegte eenheid en kan dus as sulks hanteer word (vergelyk Addendum 1).

Calvyn gaan voort deur te sê: sonder die ware kennis van God kan `n persoon nie tot werklike geloof kom nie en sal die persoon homself ook nie kan verloën om werklik `n Christen te wees nie (Calvyn 1999f:422). Ware kennis van God en selfverloëning staan dus in `n hegte eenheid met mekaar en kan nie van mekaar geskei word nie. Met betrekking tot dissipelskap kan daar dus aanvaar word dat Calvyn intensionele geloofsgroei sou koppel aan `n direkte toename in kennis van God en `n volharding in selfverloëning (vergelyk 2 Petrus 1:5-8).

Soos reeds genoem, formuleer Calvyn volgens die navorser sy definisie van `n dissipel met die volgende woorde: "It must therefore be our study, if we would be disciples of Christ, to imbue our minds with such reverence and obedience to God as may tame and subjugate all affections contrary to his appointment" (Calvyn; 1999f:436). Bogenoemde hou dan in dat dissipelskap die proses van intensionele geloofsgroei is waartydens die gelowige sy gedagtes vul met soveel aanbidding en gehoorsaamheid aan God as wat dit nodig sal wees om sy hele wese aan God te onderwerp. Hierdie proses is dus `n voortgaande proses wat nie tot `n einde loop nie, maar wat regdeur die lewe van die gelowige kronkel (Calvyn, 1559:182-183.)

Calvyn maak dit verder baie duidelik dat gehoorsaamheid `n kardinale deel van die gelowige se lewe vorm, omdat die gelowige, wanneer hy in aanraking met die goedheid van God kom, nie anders kan as om gehoorsaam te wil wees nie (Calvyn, 1999f:433). Gehoorsaamheid en tugtiging loop egter hand-aan-hand en dit is juis deur die tugtiging wat God die gelowige tot groter gehoorsaamheid roep (Calvyn, 1999f:432-433).

Die gehoorsaamheid van die dissipel is dus nie geleë in vrees nie, maar in dankbaarheid – dankbaarheid vir die genade wat God aan die gelowige bewys het. Dit is dan ook vanuit die punt van gehoorsaamheid wat Calvyn aandui dat dissipel-wees nie `n punktuele handeling is nie, maar dat dissipel-wees regdeur die lewe van die gelowige strek. Die rede waarom Calvyn hierdie standpunt maak, lê in die doel van gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid is die voertuig waardeur God die gelowige

versterk (Calvyn, 1999f:433) en waardeur God die gelowige se foute van die verlede korrigeer (Calvyn, 1999f:434).

Calvyn (1999f:431-432) maak dit egter baie duidelik dat daar `n hegte eenheid tussen Christus en die gelowige is en dat die enigste wyse waarop die gelowige homself kan verloën op sy eenheid met Christus berus, deurdat hy aanhou om na sy Hoof, dit is Christus, toe te groei. Dit is ook in hierdie selfde gedeelte waar Calvyn `n baie hegte band tussen die dissipel en die koningskap van Christus uitwys. Soos die band van die gelowige met Christus versterk, só lewe die dissipel ook met die wete dat die koninkryk van God `n realiteit in hierdie wêreld is.

Dit is dan ook vanuit hierdie wete, dat die koninkryk van God `n realiteit is en dat daar `n hegte eenheid tussen Christus en die gelowige is, dat die gelowige vervolging kan deurstaan (Calvyn, 1999f:135). Vir Calvyn vorm vervolging `n integrale deel van geloof – die gelowige gaan deur die wêreld vervolgd word. Hierdie vervolging bring mens egter nader aan God, want hoe verder jy van die wêreld en die aarde verwyder is, hoe nader is jy aan God en hoe meer jy deur die huisgesin van die mensdom verstoot word, hoe meer word jy in die huisgesin van God verwelkom (Calvyn, 1999f:134). Sodoende word dit dan ook duidelik dat dissipel-wees langdurig is, sodat die gelowige kan volhard in die geloof (Calvyn, 1999f:435).

Wanneer daar dus `n vaste definisie gegee moet word rakende dissipelskap by Calvyn, sou die volgende stelling gemaak kan word: Dissipelskap is die lewenslange proses waartydens die gelowige homself aan Christus onderwerp deur middel van selfverloëning en gehoorsaamheid, sy kruis opneem en Christus volg, om sodoende te groei in sy kennis van God en sy eenheid met Christus.

### **3.1.2.2.2 “Dissipelskap” volgens Hull**

Wanneer Hull (2006:16) begin om oor dissipelskap te skryf, begin hy om die stelling te maak dat Christenskap sonder dissipelskap nie lewendige (“*vibrant*”) Christenskap is nie en dat die kerk haar invloed op die samelewing sodoende begin verloor. In plaas daarvan dat dissipelskap as deel van die lewe van die gelowige gesien word, word dissipelskap iets buitengewoon, bykans “abnormaal”.

Dissipelskap word gebore vanuit die wedergeboorte (Hull, 2006:17). Wanneer `n persoon weergebore word, kan daardie persoon nie anders as om Christus te wil volg nie en mens kan net Christus volg as jy die diep begeerte het om meer soos Hy te wees (Hull, 2006:16).

Verder maak Hull (2006:24) dit baie duidelik dat dissipelskap `n lewenslange proses is waartydens `n leerling by `n onderwyser leer en daardie onderwyser navolg. Volgens Hull moet dissipelskap dan ook nie net iets wees wat die kerk doen nie, dit moet in die sentrum van die kerk se bestaan wees (Hull, 2006:24). Bogenoemde hou dan in dat die lidmate mekaar moet leer en onderrig wat beteken dat die lidmate inspraak in mekaar se lewens moet hê (Hull, 2006:25). Dit is dan ook juis om laasgenoemde rede dat soveel kerke nie dissipelskap navolg nie, want niemand hou daarvan as iemand anders in jou lewe “inmeng” nie.

Hull (2006:25-26) gaan verder deur die rede te gee waarom dissipelskap juis so belangrik is – omdat Christus dit so wil hê. Hy stel dit pertinent dat Christus enige ander opdrag kon gee net voor sy hemelvaart, maar dat Christus juis besluit het om die opdrag te gee om dissipels te wees en dissipels te gaan maak. Hull voer dan aan dat die rede hiervoor is dat God dit as die hoogste prioriteit gestel het (2006:26-27) en dat God deur middel van dissipelskap die mense van die wêreld wil verander (2006:27-28).

Alhoewel Hull op p. 35 van sy 2006-uitgawe sy definisie vir dissipelskap gee, is die volgende aanhaling volgens die navorser meer holisties tot sy definisie, siende dat die definisie, wat op bogenoemde bladsy gevind word, baie breed is. Dissipelskap, volgens Hull, kan dus soos volg gedefinieer word: “...*discipleship occurs when a transformed person radiates Christ to those around her. It happens when people so deeply experience God’s love that they can do nothing other than affect those around them. The heart of being a disciple involves living in intimate union and daily contact with Christ. Discipleship – the effort both to be a disciple and to make other disciples – is about the immense value of God at work in one individual’s life and the resulting impact on other lives.*” (Hull, 2006:28).

Volgens Hull is daar twee baie belangrike kenmerke van dissipelskap wat ook gebaseer is op die groot opdrag. Die eerste kenmerk is om gedoop te word, of, soos Hull dit stel (2006:29), om in die openbaar dit duidelik te maak dat jy 'n dissipel van Jesus is. Hierdie vind in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika plaas, nie wanneer 'n kind gedoop word nie, maar wel wanneer die gedoopte kind tot openbare geloofsbelydenis kom. Die tweede kenmerk wat Hull (2006:29) noem is dat die dissipel aan alles wat Christus geleer het gehoorsaam moet wees. Hierdie "alles" kondenseer dan in die groot gebod (Markus 12:29-32), naamlik liefde vir God en liefde vir jou naaste.

Met bogenoemde alles in ag geneem is dissipelskap dus vir Hull die proses waarin iemand 'n dissipel is en 'n dissipel maak. Dit is die reis waartydens 'n persoon al hoe meer soos Jesus word en dit openbaar deur liefde vir God, vir jou naaste en jou vyand in gehoorsaamheid te betoon.

Wat Hull, in sy definiëring van dissipelskap, nie insluit nie, is die konteks van 'n geloofsgemeenskap waarin dit moet plaasvind as ook die gerigtheid op die koninkryk van God. Hierdie aspekte is volgens die navorser leemtes in Hull se definisie van dissipelskap.

Bogenoemde beteken egter nie dat Hull nie hiervoor voorsiening maak nie. Trouens, Hull (2006:188-190) beklemtoon juis dat dissipelskap binne die konteks van 'n geloofsgemeenskap moet plaasvind omdat die gelowige op sy eie te swak is om te groei in die geloof en om gehoorsaam te bly. Die konteks van 'n geloofsgemeenskap en selfs die gerigtheid op die koninkryk van God is inherent 'n integrale deel van Hull se verstaan van dissipelskap (vergelyk veral Hull, 2007:136-139), alhoewel hy dit nie pertinent in sy definisie van dissipelskap meld nie. In hierdie opsig is Hull se definiëring van dissipelskap effens stomp.

### **3.1.2.2.3 "Dissipelskap" volgens Cyzewski**

Soos wat daar reeds vermeld is, handel Cyzewski (2008) se bydrae in wese oor kontekstuele teologie en die noodsaak daarvoor (Cyzewski, 2008:17-28). Tog, in sy



beredenering oor die toepassing en begronding van kontekstuele teologie, handel hy kortliks oor die missiologiese perspektief van die kerk en sodoende die roeping tot dissipelskap wat God aan die kerk gee (Cyzewski, 2008:33-35).

In die bogenoemde paar bladsye bespreek Cyzewski die roeping van die kerk en koppel dit direk aan die roeping van die dissipels om uit te gaan en die evangelie te verkondig (vergelyk veral p. 34). Hiervolgens moet die wesentlike vraag van die kerk wees hoe ons die kerk by die mense gaan kry en nie hoe ons die mense in die kerk gaan kry nie. Volgens Cyzewski (2008:34) is God reeds besig om in die wêreld te werk en sy evangelie bekend te maak in die wêreld – ongeag of die kerk hiervan deel is.

Die manier hoe die gelowige egter groei in sy kennis van God en in sy verhouding met God, is deur teologie (Cyzewski, 2008:35). Dit is dan juis deur hierdie groei in sy verhouding met God wat die gelowige die evangelie na die wêreld kan uitdra deurdat liefde vir God en liefde vir die naaste die botoon in die lewe van die gelowige voer (Cyzewski, 2008:35).

Wanneer bogenoemde alles in ag geneem word, kan ons dus sê dat Cyzewski dissipelskap sien as die proses waardeur die gelowige, deur kennis van God, só groei in sy verhouding met God, dat hy uit liefde vir God en liefde vir sy naaste, die evangelie in die wêreld sal indra om sodoende deel te wees van God se werk op aarde (vergelyk Cyzewski, 2008:126).

In bogenoemde definisie sien ons `n sterk ooreenkoms tussen Calvyn en die definisie van Cyzewski, want beide lê klem op die toename in kennis van God en dat hierdie toename in kennis van God moet oorfloei in die dade van die gelowige. Terwyl die dade van die gelowige by Calvyn baie sterk fokus op die selfverloëning van die gelowige, fokus Cyzewski weer op gehoorsaamheid aan die groot gebod. In laasgenoemde opsig is daar weer `n sterk ooreenkoms tussen Cyzewski en Hull omdat beide baie sterk fokus op die groot gebod as die praktiese wyse waarop dissipelskap uitgeleef word.

In sy werk fokus Cyzewski bykans glad nie op die verhouding tussen die koninkryk van God en dissipelskap nie en dit is wel `n effense leemte in sy werk.

Cyzewski se bydrae handel juis oor kontekstuele teologie en in watter belangriker konteks lewe die gelowige as in die konteks van die koninkryk van God (vergelyk Hull, 2007:137)?

#### **3.1.2.2.4 “Dissipelskap” volgens Bonhoeffer**

Bonhoeffer gee op verskeie plekke in sy werk definisies, of eerder perspektiewe, oor dissipelskap. Op hierdie manier bou Bonhoeffer sy definisie van dissipelskap uit en gee hy `n redelike omvattende beskrywing. Bonhoeffer begin (2008:43) deur direk te sê dat dissipelskap beteken om aan Christus verbind te leef. Dit is weens die bestaan van Christus wat dissipelskap bestaan en sonder Christus sou dissipelskap nie bestaan het nie. Bonhoeffer gaan selfs so vêr as om te sê dat Christenskap sonder dissipelskap onvermydelik `n Christendom sonder Christus is (Bonhoeffer, 2008:43). Om hierdie punt verder te illustreer wys Bonhoeffer die leser daarop dat mens in `n verhouding met kennis van God en van Christus kan staan, sonder om werklik in `n verhouding met God en met Christus te staan (vergelyk Bonhoeffer, 2008:67). Hiermee wil Bonhoeffer nie dissipelskap tot `n vereiste van verlossing maak nie, maar beklemtoon hy die punt dat Christus werklik die Middelaar is en dat dit net deur Christus is wat die mens in `n verhouding met God kan staan (Bonhoeffer, 2008:44).

Hierdie waarheid word op sy beurt weer deur Bonhoeffer beklemtoon deurdat hy die leser daarop wys dat dissipelskap nie iets is wat uit die goeddunke van `n mens na vore kom nie, maar dat dissipelskap `n roeping is waarmee Christus die mens aan Hom verbind (Bonhoeffer, 2008:44, 49). Hierdie roeping word dan in die besonder gehoor wanneer die Woord verkondig en die sakramente bedien word (Bonhoeffer, 2008:260). Hiermee sien Bonhoeffer dus duidelik `n verband tussen geloof en dissipelskap. Volgens Bonhoeffer kan die een nie sonder die ander nie. Net soos wat God die mens uitverkies om in Hom te glo, net so roep Christus die gelowige tot dissipelskap (Bonhoeffer, 2008:48-49). Hiermee dui Bonhoeffer die hegte verband aan wat daar tussen geloof en gehoorsaamheid bestaan. Dit is nodig om geloof en

gehoorsaamheid van mekaar te onderskei, maar nooit mag geloof en gehoorzaamheid van mekaar geskei word nie (vergelyk Jakobus 2:14-26).

Bonhoeffer (2008:65) benadruk hierdie eenheid tussen geloof en gehoorzaamheid baie sterk. Volgens hom kan die gelowige nie wil ontvlug na 'n onwerklike wêreld van "etiese kwessies" toe om sodoende te leer hoe die gelowige moet lewe nie. Die gelowige word gekonfronteer met die Christus, wat die eindpunt van die wet is - die wet wat saamgevat kan word as 'n innige verhouding met Christus (Bonhoeffer, 2008:65).

Hierdie wonderlike eenheid, wat die gelowige met Christus deur 'n persoonlike verhouding het, vra van die gelowige dat hy of sy ook sal moet ly en verwerp sal moet word (Bonhoeffer, 2008:80-81). Bonhoeffer (2008:80-90) verduidelik hierdie stelling deur van Markus 8:31-38 gebruik te maak. Vir Jesus om werklik die Christus te wees, vra dat Hy nie net moet ly nie, maar dat Hy ook as Messias verwerp moet word omdat dit 'n Goddelike noodsaaklikheid is (Bonhoeffer, 2008:81). Om dus werklik 'n dissipel van Christus te wees, vra van die gelowige dat hy of sy sal ly en verwerp sal word, omdat hy of sy deel het aan Christus se kruisiging (Bonhoeffer, 2008:81). Die kruis is deel van Christus se wet waaraan die dissipel gehoorzaam moet wees – ook in die lyding en verwerping wat hy of sy mag beleef!

Nie net lyding en verwerping word van die gelowige gevra nie, maar ook selfverloëning. Selfverloëning is nie asketisme, selfpyniging of selfmoord nie (Bonhoeffer, 2008:82). Selfverloëning vra van die gelowige om nie meer in die 'eie-ek' vas te kyk nie, maar om verby 'die self' te kyk en slegs vir Christus wat voor ons uit loop, raak te sien (Bonhoeffer, 2008:82-83). Dit is slegs wanneer die gelowige homself verloën, wat hy of sy bereid sal wees om sy of haar kruis op te neem, want dit is eers dan wat die gelowige nie meer homself of haarself raaksien nie, maar slegs vir Christus, agter wie ons aanloop (Bonhoeffer, 2008:83).

Bonhoeffer maak dit egter baie duidelik dat die gelowige nie moet uitgaan en vir hom- of haarself 'n kruis gaan soek nie. God gee aan elke gelowige 'n eie kruis, 'n kruis wat die gelowige kan dra na die mate van krag wat God die gelowige gee, omdat ons weet dat God ons nooit bo ons kragte sal beproef nie. Om jou kruis te dra

begin reeds die dag wanneer jy tot geloof in Jesus Christus kom, die dag waarop jy weggeroep word van `n wêreldse lewe na `n Goddelike lewe. In wese is dít die kruis wat die gelowige moet dra: `n lewe anders as dié van die wêreld, `n lewe wat wys dat die gelowige enduit en voluit vir Christus en Hom alleen lewe (2008:84-85). Dit is die rede waarom Bonhoeffer selfs sover gaan om te sê dat lyding die kenteken van dissipelskap is (2008:87). Die leerling is nie belangriker as die Leermeester nie en daarom moet die christen nie verwag dat hy waarlik `n dissipel kan wees sonder om te ly nie.

Bonhoeffer (2008:91-93) beskou dan ook dissipelskap as dié integrale deel van die heiligmaking van die gelowige. Bonhoeffer sien hierdie heiligmaking egter nie net as `n geleidelike groeiproses nie, maar ook as `n punktuele gebeurtenis. Sodra die sondaar tot geloof kom, is daar `n radikale skeiding wat plaasvind tussen die natuurlike lewe van die voorheen-verlorene en die nuwe lewe wat die jong gelowige in Christus het. Tog is dit ook deurdadig dat die persoon groei in sy verhouding met Christus, wat hy of sy die ware lewe kan leef. Christus is die Middelaar en hierdie Middelaarskap is nie net van toepassing op die verhouding tussen God en mens nie, maar ook tussen mens en mens en die mens en die werklikheid.

Bonhoeffer (2008:95-97) stel dan ook op grond hiervan dit baie duidelik dat daar geen direkte verbintenis tussen mense is nie en dat die enigste verbintenis tussen mense deur Christus moet gaan. Om enige direkte verbintenis tussen mense, buite Christus om, te soek, sal beteken dat dit liefde vir die wêreld is, selfs al word hierdie verbintenis ook met die opregste harte gekoester. Om hierdie rede is voorbidding en gesamentlike gebed in die Naam van Christus die egste vorm van saamwees.

Juis omdat die enigste verbintenis tussen mense deur Christus kan wees, ag Bonhoeffer die gemeente as `n besondere gemeenskap waarbinne dissipelskap geleef moet word (Bonhoeffer, 2008:259-368). Hierdie hegte verbintenis in die gemeente word gegrondves in die liggaam van Christus, waaraan ons almal deel het deur die doop en die nagmaal heen (Bonhoeffer, 2008:273-276). Tog word daar in hierdie hegte eenheid van Christus se liggaam `n verskeidenheid gevind. Nie almal is oë of hande of voete nie, maar elkeen is deel van die liggaam (Bonhoeffer, 2008:282-283). Dissipelskap is dus `n gemeenskaplike lewenstyl van die individu.

Jy as individu word geroep om deel van die liggaam van Christus te wees om in hierdie besondere konteks `n lewe van dissipelskap te lewe.

Samevattend kan Bonhoeffer se definisie van dissipelskap soos volg verwoord word: "Dissipelskap is die gehoorsame lewenstyl, deur lyding en verwerping heen, waarin die gelowige net vir Jesus Christus lewe in die konteks van die gemeente, nadat Christus hom daarnatoe geroep het."

### **3.1.2.2.5 "Dissipelskap" volgens De Klerk en Pretorius**

De Klerk en Pretorius (2005:165) maak `n besondere opmerking wanneer hulle `n voorgestelde beskouing oor dissipelskap en dissipelmaking gee. Hiervolgens moet daar deurgaans `n duidelike onderskeid tussen dissipelskap en verlossing wees. Wat hiermee bedoel word is dat dissipelskap nie `n voorvereiste vir verlossing moet of kan wees nie (De Klerk & Pretorius, 2005:164) aangesien die evangelie van verlossing uit genade alleen dan in gedrang kom. Aan die ander kant is verlossing ook nie `n voorvereiste vir dissipelskap nie, aangesien hierdie verhouding talle ander probleme na vore bring (vergelyk De Klerk & Pretorius, 2005:162-163). Tog maak De Klerk en Pretorius dit duidelik dat dissipelskap `n goeie werk is wat deel maak van die heiligmaking van die gelowige (2005:165).

In die Heidelbergse Kategismus word daar egter bely dat goeie werke slegs dié werke is wat uit `n ware geloof, tot die eer van God volgens die Wet van God gedoen word (Heidelbergse Kategismus, Sondag 33, vraag en antwoord 91). Daar is dus volgens die belydenisskrifte wat deur beide De Klerk en Pretorius, asook deur die navorser, onderteken word, `n duidelike verband tussen goeie werke en geloof in die verlossing deur Christus alleen. Hierdie verhouding moet egter nie verstaan word as een waarin die goeie werke outomaties die geloof opvolg nie, maar een waarin daar groei plaasvind. Namate die persoon groei in die geloof sal daar ook `n toename of groei in die goeie werke wees (De Klerk & Pretorius, 2005:165). Volgens De Klerk en Pretorius begin dissipelskap reeds voordat die persoon tot saligmakende geloof gekom het en hou dit aan nadat die persoon tot saligmakende geloof gekom het.

Dit is juis by hierdie punt wat De Klerk en Pretorius aandui dat dissipelskap `n proses is en nie `n status of `n besondere identiteit nie (2005:166). Daarom is daar nie `n aantal vereistes vir dissipelskap nie, maar kan daar wel sekere stappe of beginsels geïdentifiseer word. Dit is juis wanneer die kernbetekenis van die woord “dissipel” bestudeer word, wat dit baie duidelik word dat dissipelskap `n proses is (2005:166).

Wanneer bogenoemde alles in ag geneem word, kan die volgende definisie vir dissipelskap by De Klerk en Pretorius geformuleer word: Dissipelskap is die proses waarin die persoon, van die tyd voordat hy tot geloof in Christus gekom het en in die besonder na die wedergeboorte, meer en meer soos Jesus word. Dit is dus deel van die pad tot heiligmaking waarop elke gelowige moet gaan en is nie `n status of `n besondere identiteit nie.

### **3.1.2.2.6 “Dissipelskap” volgens Hirsch**

Hirsch (2006:24) definieer dissipelskap as die onvervangbare en lewenslange taak waarin die gelowige meer en meer soos Jesus word deurdat hy Christus se boodskap met sy lewe uitstraal. Hirsch & Altclass (2009:63) verduidelik hierdie definisie van dissipelskap meer breedvoerig met die volgende stelling: “For the follower of Jesus, discipleship is not the first step in a promising career, but the fulfillment of their destiny to be conformed to the image of Christ (Romans 8:29)”. Hirsch & Altclass verklar wat volgens hulle die essensie van dissipelskap is, deurdat hulle die stelling maak dat die “gevaarlike” stories van Jesus in sy dissipels lewe en dat die gelowiges juis deur die proses van dissipelskap die evangelie vir die mense rondom hulle moet word (2009:65). Elders stel Hirsch (2006:24) dat dissipelskap, eenvoudig gestel, die lewenslange taak is wat behels dat die gelowige die boodskap van Christus beliggaam.

Dissipelskap moet dus in die sentrum van die kerklike lewe staan en moet deel vorm van die basiese funksionering van die kerk, of soos Hirsch dit stel, die missionêre DNA van die kerk (vergelyk Hirsch, 2006:24, 102). Om hierdie rede ag Hirsch (2006:102) dissipelskap as die kardinale deel van die kerklike lewe en gaan selfs so ver as om te sê dat indien die strukture van dissipelskap nie van goeie gehalte en goed deurdag is nie, dit bykans onmoontlik sal wees vir die kerk om enige iets anders

sukksesvol aan te pak. Dissipelskap is dus nie `n program nie, maar `n lewensstog waarop die gelowige gaan en Christus sodoende beter leer ken binne in die konteks van `n kerklike gemeenskap (vergelyk 2006:102). Dissipelskap moet dus ook nie “maklik” of “eenvoudig” wees nie, maar moet algehele toewyding aan Christus in alle aspekte vra, net soos wat Christus algehele toewyding van sy dissipels gevra het (Hirsch, 2006:102-103).

Een aspek wat veral by Hirsch (2006:106-116) gevind word, is `n waarskuwing teen die reaksie wat dissipelskap gaan ontlok. Volgens hierdie waarskuwing gaan dissipelskap in die kerk, soos die kerk vandag daar uitsien, nie met ope arms ontvang word nie, aangesien die kerk vandag “verbruikersgedrewe” is. Hiermee word bedoel dat die kerk haarself vandag só inrig dat sy net mense nader trek wat van die kerk hou en waarmee die kerk haar vereenselwig en gemaklik mee vind, tipies van die Purpose Driven-aanslag van Warren (vergelyk Warren, 2005:119-129). Hierdie benadering staan direk teenoor die dissipelskapmodel wat van die gelowige vra om sekere sake, wat nie ooreenstem met die Woord nie, prys te gee. Die gevolg hiervan is dat die kerk moet meeding teen die ander gelowe en bewegings wat daar op die markplein van die lewe te vind is (vergelyk Hirsch, 2006:109-110).

Die enigste wyse waarop die kerk hierdie tendens en gerigtheid kan omdraai, is om `n profetiese stem te wees wat die gelowiges terugroep na werklike aanbidding en godsdiens deur `n radikale ander wyse van “kerkwees”, naamlik dissipelskap (Hirsch, 2006:112). Om bogenoemde te doen gaan egter van die kerk veral twee aspekte vra, naamlik Skrifgesentreerde verandering van die gelowige (Hirsch, 2006:113-116) en begeesterde leierskap as `n verlengstuk van dissipelskap (Hirsch, 2006:116-120).

Wanneer Hirsch se definisie van dissipelskap saamgevat moet word, kan dit gestel word dat Hirsch dissipelskap sien as die lewenslange tog binne die konteks van `n geloofsgemeenskap waartydens die gelowige verander om al hoe meer die boodskap van Christus te beliggaam.

### **3.1.2.2.7 “Dissipelskap” volgens Mull**

Wanneer Mull oor dissipelskap skryf, faal hy daarin om `n duidelike definisie oor dissipelskap te gee (vergelyk Mull, 2005:49-59). Hy vermeld telkens “biblical discipleship” en “discipleship...as Jesus intended”, maar gee nooit `n duidelike uiteensetting wat hy hieronder verstaan nie. Vanuit die hoofstuk wat oor “basiese dissipelskap” (Discipleship 101) handel, kan daar egter `n aantal afleidings gemaak word oor wat Mull as dissipelskap ag. Soos reeds vermeld, maak Mull (2005:49-50) die waardevolle opmerking dat dissipelskap in wese moet gaan oor die koninkryk van God, siende dat dit die boodskap is wat Christus kom verkondig het. Mull (2005:50-51) gaan egter verder en vermeld dat hierdie verkondiging van die koninkryk van God gepaard gegaan het met genesing van siektes en die uitdrywing van demone. Volgens Mull moet die genesing van siektes en die uitdrywing van demone dus deel vorm van `n Bybelse model van dissipelskap. Soos wat Mull verder handel oor gebedsgenesing en eksorsisme, word dit egter duidelik dat dit vir hom meer daaroor gaan oor wat die gelowige uit die ervaring kry as die eer wat aan God toekom (2005:60-61).

Mull weerspreek homself dus in sy siening oor dissipelskap, aangesien dissipelskap in hierdie konteks nie meer oor die koninkryk van God gaan nie, maar oor die klein koninkrykie van die gelowige. Die volgende aanhaling stel dit treffend: “When God uses you to set a captive free or heals someone as you pray, you’ll experience incredible satisfaction and often deep gratitude from those touched by your prayer – and this will more than make up for those who’ve rejected you” (Mull, 2005:60).

Mull (2005:129) gee egter `n baie waardevolle perspektief oor dissipelskap wanneer hy noem dat dissipelskap op die fondament van Christus se gesag berus. In Matteus 28:18 gee Christus eers die basis waarop die dissipels moet voortbou (naamlik dat alle gesag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is) en dan hoe hulle moet voortbou (naamlik om uit te gaan, mense Sy dissipels te maak, hulle te doop en te leer).

Wanneer bogenoemde volgens Mull gekondenseer word tot `n definisie oor dissipelskap, kan hierdie definisie soos volg daar uitsien: Dissipelskap is die lewenslange proses waardeur die gelowige God se koninkryk moet verkondig, siekes



moet genees en bese geeste moet uitdryf met die wete dat alle mag in hemel en op aarde aan Christus behoort.

### **3.1.2.2.8 Gevolgtrekking**

Die definisie vir dissipelskap, soos wat dit na aanleiding van teksgedeeltes in die Skrif geformuleer is, kan soos volg verwoord word: “Dissipelskap is die lewenslange proses waartoe die gelowige deur Jesus Christus geroep word om elke dag in liefde homself te verloën en Christus te volg deurdat hy in liefde gehoorsaam aan Christus is deur vir Christus se koninkryk te lewe binne die konteks van `n geloofsgemeenskap.”

Dit is egter `n bitter moeilike taak om die verskillende definisies van die verskillende teoloë saam te voeg tot een werkbare definisie wat nie té omslagtig is nie. Om hierdie rede, word slegs die volgende aspekte gegee. Telkens word vir interessantheidshalwe die naam van die teoloog, by wie hierdie aspek gevind word, ook aangebring:

- Dissipelskap is die lewenslange proses van heiligmaking (Calvyn, Hull, Bonhoeffer en Hirsch);
- Dit vra van die gelowige om hom- of haarself in gehoorsaamheid aan Christus te onderwerp deur hom- of haarself te verloën, sy of haar kruis op te neem en Christus te volg (Bonhoeffer, Calvyn);
- Hierdie lewenslange proses van heiligmaking word gekenmerk deur liefde vir God, jou naaste en jou vyand (Calvyn, Cyzewski);
- Dissipelskap vra van die gelowige om `n dissipel te wees en om ander dissipels te maak (Cyzewski, Hull);
- Dit is `n proses waartydens die gelowige groei in sy kennis van God (Calvyn, Cyzewski);
- Dit is `n proses waartydens die gelowige groei in sy eenheid met Christus (Calvyn, Bonhoeffer);
- Dit is `n proses wat geskied binne die konteks van `n geloofsgemeenskap (Bonhoeffer, Hirsch en in `n mindere mate Calvyn, Cyzewski);

- Dit is `n proses wat geskied onder die koningsheerskappy van Christus (Calvyn, Mull en in `n mindere mate Hull); en
- Dit is `n proses waartydens die gelowige Christus se boodskap beliggaam (Cyzewski, Hirsch).

Wanneer die definisie vanuit die Skrif vergelyk word met die verskillende aspekte, soos wat dit by die verskillende teoloë gevind word, is dit duidelik dat die verskillende definisies van die verskillende teoloë verskillende aspekte belig van die definisie van dissipelskap wat ons in die Skrif vind. Om hierdie rede word die definisie, soos wat dit vanuit die Skrif afgelei is, as `n bruikbare definisie geag en moet dissipelskap as sulks verstaan word.

### **3.2 Basis-teoretiese perspektiewe op die doel van Dissipelskap**

Wanneer die definisie van dissipelskap, soos dit in 3.1.2 verwoord is, bestudeer word, word dit duidelik dat die koningsheerskappy van Christus na vore tree. Die koningsheerskappy van Christus kom veral na vore in die feit dat dissipelskap binne die konteks van `n geloofsgemeenskap moet plaasvind en dat die dissipel vir die koninkryk van Christus moet lewe. Wanneer daar dan ook in gedagte gehou word dat dit Christus is wat gelowige, sowel as die ongelowige, roep om Hom te volg, word die heerskappy van Christus op die voorgrond geplaas.

Indien daar egter `n doel vir dissipelskap is, waarin moet dit gevind word? Kan daar vanuit bogenoemde stellings afgelei word dat die koninkryk van God die doel van dissipelskap is?

Met doel word nie die eindpunt van dissipelskap bedoel nie, want dan sou hierdie "doel" in stryd wees met die definisie van dissipelskap soos wat dit so pas beskryf is. Met doel word daar eerder verwys na die rede waarom Christus dissipelskap gegee het en nie hoekom iemand `n dissipel moet wees nie. Die vraag wat dus gevra moet word is eerder hoekom Christus dissipelskap aan die gelowiges gegee het en nie hoekom gelowiges gehoorsaam moet wees aan hierdie roeping tot dissipelskap nie.

Wanneer daar na Jesus Christus se lewe op aarde gekyk word, en ook na sy bediening na sy opstanding uit die dood en voor sy hemelvaart, kom daar iets besonders na vore. Wanneer Satan vir Christus versoek belowe Satan aan Christus al die koninkryke van die wêreld indien Christus sou neerval en hom aanbid (Matteus 4:8-10). Christus beveel egter vir Satan om weg te gaan, want alle koninkryke ter wêreld behoort aan God en slegs die Here God moet aanbid en gedien word. Net na hierdie gebeure begin Christus sy aardse bediening en begin Hy sy verkondiging met die boodskap dat die koninkryk van die hemele naby gekom het (Matteus 4:17).

Net na hierdie gedeelte gaan Christus deur die hele Galilea rond en verkondig die koninkryk van God (Matteus 4:23). Daarna word die bergprediking (Matteus 5:1-7:29) gegee. Telkens in die bergprediking word daar na die koninkryk van God, afhanklikheid van God en die regte houding teenoor God se gesag verwys en word daar deur Christus `n besondere lyn getrek tussen die gelowige en God wat in die hemel is (Matteus 5:3, 10, 19-20, 35, 45, 48; 6:1, 4, 6, 8-10, 14, 18, 26, 33; 7:11, 21-22, 29). In die bergprediking word daar egter iets besonders aangetref in die lig van Matteus 6:33 en Matteus 7:21. In die eerste gedeelte word die gelowiges geleer hoe hulle moet lewe. Hulle moet hulle vir die koninkryk van God en die wil van God beywer, dan sal God aan hulle alles gee wat hulle nodig het. In Matteus 7:21 word daar egter vermeld dat net dié wat die wil van God die Vader doen die koninkryk van die hemel ingaan. Hiermee word die gelowiges dus opgeroep om die koninkryk en die wil van God te soek en dit te doen om sodoende deel te wees van die koninkryk van God. Die koninkryk van God moet dus `n spil wees waar rondom die lewe van die gelowige draai (vergelyk Calvyn, 1999c:225).

Na die bergprediking word daar in die vier Evangelies telkens weer gehoor hoe Jesus Christus die dissipels leer aangaande die koninkryk van God. In Matteus alleen word daar nagenoeg 38 keer na die koninkryk van God verwys (Matteus 8:11-12; 9:35; 10:7; 11:11-12; 12:25-28; 13:11, 19, 24, 31, 33, 38, 41, 43, 44, 45, 47, 52; 16:19, 28; 18:3-4, 23; 19:12, 14, 23, 24; 20:1; 21: 31, 43; 22:2; 23:13; 24:14; 25:1, 34 en 26:29). Van hierdie gedeeltes word `n baie groot hoeveelheid (al die verwysings in hoofstukke 13 en 25) in die konteks van gelykenisse of profetiese redes oor die koninkryk van God gebruik. Ook wanneer Christus in `n nuwe dorp of omgewing kom, begin Hy sy prediking met die boodskap dat die koninkryk van God naby gekom

het. Selfs na Christus se opstanding onderrig Hy die dissipels oor die koninkryk van God (Handelinge 1:3) en met sy hemelvaart bevestig Hy aan die dissipels dat alle mag in hemel en op aarde aan Hom gegee is (Matteus 28:18). Dit is dan ook met laasgenoemde indikatief as die basis wat die dissipels die opdrag kry om na al die nasies toe te gaan, die mense te doop en alles te leer wat Christus vir die dissipels geleer het.

As bogenoemde alles in ag geneem word, word dit dus duidelik dat die koninkryk van God dié sentrale gedeelte van Christus se verkondiging op aarde was. Telkens het Christus daarmee begin onderrig en telkens het Hy weer terug verwys daarna en die aanhoorders aangespoor en aangemoedig om juis na die koninkryk van God te streef.


Om die koninkryk van God as die doel van dissipelskap te neem gaan egter van elke dissipel vra om `n goeie verstaan van die koninkryk van God te hê. Om hierdie rede gaan die volgende paar bladsye gewy word aan `n kort oorsig en uiteensetting van wat die koninkryk van God is.

Die term wat deurgaans in Afrikaans met “koninkryk” vertaal word, moet verstaan word as `n aksie van regering (Louw & Nida, 1996a:478). Die koninkryk van God is dus nie `n statiese plek, êrens agter die horisonne nie, maar die ryk waaroor Hy heers. Dit gaan dus oor `n dinamiese gebied waaroor God heerskappy voer en nie `n statiese gebied soos dié van `n aardse koning nie (Louw & Nida, 1996a:478). Die koninkryk van God en om in te gaan in die koninkryk van God behels dus dat die gelowige God se heerskappy oor sy of haar lewe in die geloof aanvaar en sy of haar knie daarvoor buig. Die term “koninkryk van die hemel” word dikwels as `n sinoniem vir die koninkryk van God gebruik.

Coetzee (1995:43-44) het `n aantal modelle waarmee die koninkryk en God se heerskappy mee verklaar kan word. Soos wat hierdie modelle hieronder kortliks bespreek en behandel gaan word, gaan die verskillende aspekte van die koninkryk van God na vore kom. Sodoende gaan daar dus verwys word na die teenswoordige en toekomstige gestaltes van die koninkryk van God, of soos dit ook bekend staan,

die “reeds” en die “nog nie” van die koninkryk van God. Hierdie modelle lyk soos volg:

### Die ewige, onaangetaste Godsregering as Skepper en Onderhouer.




Bostaande model wys die stand van sake na die Sondeval voor die koms van Christus. Tydens bogenoemde bedeling het Satan wederregtelike heerskappy oor hierdie wêreld gehad (vergelyk Job 1:6-12 en 2:1-6). Alhoewel God nog steeds in beheer was en sy wil nog steeds geskied het, het Satan se wederregtelike bewind hoogty gevier.

Met die koms van Christus het die stand van sake egter verander. Die wederregtelike heerskappy van Satan is verbreek en die koninkryk van God het naby gekom (Matteus 4:17). In hierdie bedeling word daar egter gereeld nog gevra na die wil van God en wil dit vir die mens soms voorkom of God nie altyd in beheer is nie.

Weens die sonde, Satan en sy magte, is ons as mense te blind om agter te kom dat God regeer en wil ons ook nie altyd daarvan bewus wees nie, aangesien dit ons tot verantwoording van ons dade roep (vergelyk die optrede van die Fariseërs in Matteus 12:22-32; Van der Walt, 1962:34-35). Dit is in hierdie tydperk wat ons vandag leef – die tydperk na die hemelvaart van Christus waar Hy aan die regterhand van die Vader sit en regeer, tot en met sy wederkoms. Skematies kan hierdie bedeling soos volg uitgebeeld word:

## Die ewige Godsregering as Skepper en Onderhouer



As bogenoemde modelle in gedagte gehou word en verreken word, is dit nogal voor die hand liggend wat bedoel word met die “reeds” van die koninkryk van God.

Eenvoudig kan dit gestel word dat God se koninkryk naby (“reeds”) gekom het, maar nog nie in sy volheid (“nog nie”) tussen ons is nie (Van der Walt, 1962:172-179).

Wanneer Johannes die Doper begin preek, kom die koninkryk naby (Matteus 3:2), met Christus se menswording kom die koninkryk van God naby (Lukas 1:46-55), wanneer Christus begin leer kom die koninkryk naby (Matteus 4:17) en wanneer Christus die dood oorwin, kom die koninkryk naby (Hebreërs 2:9). Reeds met die geboorte van die Messias het die koninkryk al naby gekom. Daarom ook die rede dat beide Christus en Johannes die Doper se prediking begin met die bekende gedeelte van Matteus 3:2 en Markus 1:15, naamlik: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.” Daarom leef ons vandag in hierdie besondere tyd van die “reeds” en die “nog nie” van die koninkryk van God.

Christus se gehoorsaamheid, tot in die dood toe, en sy oorwinning oor die dood het aan ons bewys dat Hy die enigste, ware Koning is (Efesiërs 1:19-21). Deur sy dood en opstanding, breek Hy deur hierdie wederregtelike heerskappy van Satan sodat ons weer, in Christus, God kan erken as die enigste, ware Koning (Efesiërs 1:22; 2:6-10). Die invloed van Satan is egter nie heeltemal uitgewis nie, maar met die “nog


nie” gaan hierdie invloed totaal uitgewis word. Hierdie “reeds” van God se koninkryk kan die beste deur die tweede skema voorgestel word.

Die “nog nie” van God se koninkryk, kan verstaan word in die sin dat Satan se wederregtelike heerskappy gebreek is, maar nog nie totaal vernietig is nie. Satan se invloede in hierdie wêreld word nog gevoel, alhoewel God die ewige Koning van die heelal is (Openbaring 17:7-14).

Met die oordeelsdag, gaan hierdie invloede van Satan heeltetal vernietig word. Daar sal `n nuwe hemel en `n nuwe aarde gemaak word en ons sal God kan sien en ken as die enigste, ware Koning van die heelal. Die vloek wat deur die toedoen van die mens oor die aarde gekom het (Gen. 3:16-19), sal daar nie meer wees nie. Daar sal nie meer trane en dood en hartseer en pyn wees nie. God self gaan die trane afdroog (Open 21:3-5)!

Hierdie “nog nie” kan ook verstaan word as God se eskatologiese toekoms en word goed uitgebeeld deur `n model wat in Coetzee (1995:45) gevind word.

**God se ewige, volmaakte heerskappy oor `n nuwe aarde en `n hernude mensheid**



Hierdie is `n baie kort en simplistiese uiteensetting van die koninkryk van God. Die doel hiervan is nie om volledig te wees nie, maar om `n oorsig te gee van wat onder die koninkryk van God verstaan word.

Die verstaan van wat die koninkryk van God behels is egter van kardinale belang om te verstaan dat die koninkryk van God die doel van die dissipelskap is. Of anders gestel, dissipelskap is die manier waarop die gelowiges in die koninkryk van God moet lewe en gestalte aan die koninkryk van God moet gee.

Die dissipel bevind hom- of haarself vandag binne die konteks van die “reeds” en die “nog nie” van die koninkryk van God. Die dissipel beleef dus tot `n groot mate die regering van God deur Christus op die aarde, maar ondanks hierdie beleving van God se regering, beleef die dissipel teenkanting, vervolging, swaar, pyn en smart. Laasgenoemde is alles dinge wat vir die mens nog `n teken is van die “nog nie” – van die toekomstige heerlikheid van God se koninkryk (Hebreërs 2:8-9).

Binne-in hierdie omstandighede word die dissipel egter geroep om uit te gaan na alle nasies en alles te verkondig wat Christus ons geleer het (Matteus 28:18-20). Dit is egter juis omdat die gelowige in hierdie omstandighede lewe wat Christus aan die dissipels die belofte gee dat Hy by hulle sal wees, al die dae tot die voleinding van die wêreld.

Wanneer hierdie opdrag op soortgelyke wyse in Handeling 1 vir ons opgeteken word, vind ons `n baie besondere toevoegsel by hierdie opdrag. In Handeling 1:8 word die belofte gegee dat die dissipels krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom en in Handeling 1:4-5 gee Hy die opdrag dat die dissipels in Jerusalem moet bly totdat die Heilige Gees aan hulle gegee is. Wanneer daar na hierdie dele in die Skrif gekyk word, word dit duidelik dat die Heilige Gees in `n besondere verhouding staan tot die koninkryk van God. Dit is wanneer die Heilige Gees uitgestort word wat die koninkryk met krag kom (vergelyk Markus 9:1 en Calvyn, 1999d:188-189).

Die dissipel lewe dus vandag in die tyd van die “reeds” en die “nog nie” van God se koninkryk, maar hy of sy lewe vandag onder die leiding van die Heilige Gees (Efesiërs 1:17; Romeine 8:4, 26-27), terwyl die dissipels as die kerk, as die Bruid van Christus, saam met die Heilige Gees verlang na die wederkoms van Christus (Openbaring 22:17-20).



Dit is ook binne-in hierdie konteks waar die kerk haarself vandag bevind. Wanneer daar van “kerk” gepraat word, word dit in die eenvoudigste vorm bedoel: die samekoms van medegelowiges as `n geloofsgemeenskap (vergelyk Heidelbergse Kategismus, Sondag 21). Wanneer in gedagte gehou word dat Christus die hoof van die kerk is (Efesiërs 1:22-23), word dit duidelik dat die kerk ook binne hierdie konteks van die koninkryk van God funksioneer. Ons kan hierdie verhouding tussen die kerk en koninkryk selfs verwoord deur te sê dat die kerk die skerp punt is waarmee die koninkryk in die wêreld deurbreek (Vorster, 2007:253). Die kerk funksioneer dus binne die koninkryk van God en die kerk het die roeping om die koninkryk van God juis aan die wêreld te gaan verkondig (Hull, 2007:138). Om hierdie rede sê Hull tereg: “Discipleship isn’t just *one* of the things the church does; it *is* what the church does”.

Wanneer hierdie studie oor die koninkryk van God as die doel van dissipelskap saamgevat moet word in een konkrete stelling, kan dit soos volg verwoord word: Die kerk, as `n groep dissipels, lewe in die konteks van die koninkryk van God en dit is deur dissipelskap wat die dissipels moet uitdrukking gee aan God se heerskappy oor hulle lewens om sodoende God se heerskappy oor die wêreld en aan die wêreld bekend te maak (vergelyk Vorster, 2007:253-254).

Vervolgens gaan ondersoek na die beginsels van dissipelskap ingestel word.

### **3.3 Basis-teoretiese perspektiewe op die beginsels van Dissipelskap**

Die koninkryk van God as die doel of fondament van dissipelskap is so pas bespreek en getoets deur te kyk na die openbaringshistoriese lyn van die koninkryk van God in die Skrif en, in die besonder, Christus se bediening op aarde. Deur hierdie studie is daar bevind dat die kerk, as `n groep dissipels, in die konteks van die koninkryk van God lewe en dat dit deur dissipelskap is wat die dissipels moet uitdrukking gee aan God se heerskappy oor hulle lewens om sodoende God se heerskappy oor die wêreld en aan die wêreld bekend te maak.

Die vraag wat hieruit voortspruit is die vraag na die beginsels vir dissipelskap. Watter beginsels of kenmerke moet dissipelskap bevat om sodoende uitdrukking te gee aan God se heerskappy oor die lewe van die dissipel en oor die res van die wêreld

(Bonhoeffer, 2008:259-260)? Die doelwit van hierdie hoofstuk is om, na aanleiding van die studie gedoen in 3.1.1 en 3.1.2, sekere basiese beginsels of kenmerke van dissipelskap te funksioneer. Hierdie beginsels gaan weer in hoofstuk 5 verder bespreek word deurdat dit van toepassing gemaak gaan word op die bevindings van hoofstuk 4.

Om hierdie studie deeglik aan te pak word die bevindinge van wat dissipelskap is, soos dit aan die einde van 3.1.2 verwoord is, soos volg opgesom :

- Dissipelskap is die lewenslange proses van heiligmaking;
- Dit vra van `n gelowige om hom- of haarself in gehoorsaamheid aan Christus te onderwerp deur hom- of haarself te verloën, sy of haar kruis op te neem en Christus te volg;
- Hierdie lewenslange proses van heiligmaking word gekenmerk deur liefde vir God, jou naaste en jou vyand;
- Dissipelskap vra van die gelowige om `n dissipel te wees en om ander dissipels te maak;
- Dit is `n proses waartydens die gelowige groei in sy kennis van God;
- Dit is `n proses waartydens die gelowige groei in sy eenheid met Christus;
- Dit is `n proses wat geskied binne die konteks van `n geloofsgemeenskap;
- Dit is `n proses wat geskied onder die koningsheerskappy van Christus; en
- Dit is `n proses waartydens die gelowige Christus se boodskap beliggaam.

Wanneer bogenoemde aspekte van die definisie van dissipelskap beskou word, is daar `n paar opvallende sake: Wat eerstens uitstaan is dat dissipelskap `n lewenslange proses is (vergelyk aspekte 1, 3, 5, 6, 7, 8 ,9). Selfs aspekte 2 en 4 wat nie eens die woord “proses” letterlik bevat nie, adem die betekenis daarvan. Wanneer daar van die dissipel gevra word om homself te verloën, sy kruis op te neem en Christus te volg (Markus 8:34), word daar in wese van die dissipel gevra om sy totale lewe oor te gee aan God (Bonhoeffer, 2008:85-86). Dit gaan dus oor `n lewenslange verhouding wat daar tussen Christus en die dissipel moet wees.

Dit is opvallend dat Bonhoeffer, wanneer hy praat oor `n lewe wat slegs aan God gewy is, juis bogenoemde stelling maak in die gedeelte van sy werk wat handel oor

Markus 8:34 (2008:80-90). Calvyn sluit weer by hierdie gedagte aan wanneer hy dissipelskap as deel van die heiligmaking ag (Calvyn, 1559:182-183). Trouens, daar is by al die teoloë geen ander kenmerk van dissipelskap wat só duidelik en só onomwonde gestel word as die feit dat dissipelskap `n lewenslange proses is nie (vergelyk ook De Klerk & Pretorius, 2005:168).

Hierdie lewenslange proses staan dan ook in `n besondere verhouding met die volgende aspek van dissipelskap wat uitstaan, naamlik die klem op verhoudings (vergelyk punte 2 tot 9). Elke keer wanneer daar `n sekere aspek van dissipelskap na vore kom in die Skrif, staan dit in `n besondere verhouding teenoor iemand of iemand. Só word die eerste dissipels geroep om Christus te volg (Markus 1:16-20), weer word die dissipels later geroep om hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en Christus te volg (Markus 8:34), en later word die dissipels opgeroep om in Christus te bly (Johannes 15:5-8) en weer om na al die nasies toe te gaan en die mense te doop en alles te leer wat Christus die dissipels geleer het (Matteus 28:18-20). Later, in 2 Petrus 1:3-8, word daar weer eens klem geplaas op verhoudings; eerstens op `n intieme verhouding met God (godsvrug), dan liefde onder mekaar, dan liefde vir alle mense en laastens toename in kennis van Jesus Christus.

Wanneer die verskillende teoloë oor dissipelskap handel, word verhoudings telkens weer op die voorgrond geplaas. Daar word telkens daarop klem geplaas dat dissipelskap die dissipel moet lei om te groei in sy kennis en verhouding met God die Vader (Calvyn, 1999f:36; Cyzewski, 2008:35, 126 en Bonhoeffer, 2008:44, 65). Die dissipel moet egter homself verloën, sy kruis opneem en Christus volg om sodoende verder te groei in sy verhouding en kennis van Christus (Calvyn, 1999f:431-432; Hull, 2006:28 en Bonhoeffer, 2008:43-44, 49). Wanneer die dissipel in sy verhouding met God en met Christus groei sal hy ook groei in sy verhouding met medegelowiges (Bonhoeffer, 2008:259-368) en dit is dan juis hierdie groei wat in die konteks van `n geloofsgemeenskap moet plaasvind (Hull, 2006:25, 188-190, Bonhoeffer, 2008:259-368 en Hirsch, 2006:24, 102). Wanneer die dissipel dan ook groei in sy verhouding met God Drie-enig en sy of haar medegelowiges, sal die dissipel ook groei in die regte verhouding teenoor die wêreld (2 Petrus 1:7-8 en Cyzewski, 2008:35, 126).

Die belang van hierdie besondere verhoudings, naamlik die verhouding van God met die dissipel, die verhouding tussen die dissipel en God, die verhouding tussen die dissipel en ander dissipels en die verhouding tussen die dissipel en die wêreld, word op vele ander plekke verder onderskryf. So kry mens die navorsing van Callahan (1983:35-40) wat die belang van verhoudings in die gemeente aandui. Hiervolgens moet die uitsluitlike gebruik van programme in die funksionering van die kerklike lewe sterk afgewys word, aangesien dit nie programme is nie maar mense wat ander mense na Christus toe trek (Callahan, 1983:39). Dit beteken egter nie dat daar geen programme in 'n gemeente moet wees nie, maar dat die fokus eerstens en veral op die verskillende verhoudings van die gemeente en verhoudings binne die gemeente moet val (Callahan, 1983:64-65).

Wanneer ons beweer dat verhoudings een van die beginsels van dissipelskap is, moet daar gevra word na die tipering van hierdie verhoudings. Die beskrywing van die verhoudings moet dus aandag geniet.

Wanneer die verskillende aspekte rakende die definisie van dissipelskap beskryf word, word by die derde punt 'n besondere beskrywing gevind. Die aspek van dissipelskap wat hier genoem word is dat dissipelskap 'n lewenslange proses van heiligmaking is en dat hierdie proses gekenmerk word deur liefde vir God, vir jou naaste en jou vyand. Laasgenoemde word veral in 2 Petrus 1:7 duidelik geskets wanneer die proses van geloofsgroei omskryf word. Volgens 2 Petrus 1:3-8 moet die gelowige alles in die stryd werp om sy geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, kennis met selfbeheersing, selfbeheersing met volharding en volharding met godsvrug. Wanneer die godsvrug verryk moet word, moet dit met liefde onder mekaar verryk word en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

Soos reeds vermeld moet bogenoemde proses nie as opeenvolgend beskou word nie, maar as 'n omvattende proses waartydens al hierdie verskillende aspekte saam vermeerder (Calvyn, 1999a:233 – vergelyk ook Lucas & Green, 1995:58). Hierdie verskillende vrugte van die Heilige Gees is in wese 'n gawe van God en moet as sulks ook gesien word as gawes van die Heilige Gees (Calvyn, 1999a:234). Wanneer daar openbaringshistories na die gawes van die Heilige Gees gekyk word, is

1 Korintiërs 13 van besondere belang, siende dat hierdie hoofstuk deel vorm van 1 Korintiërs 12-14 wat handel oor die verskillende geestelike gawes. Volgens 1 Korintiërs 13 is die liefde dan ook die grootste geestelike gawe wat die Heilige Gees aan die gelowige kan gee (1 Korintiërs 13:13).

Wanneer liefde as `n gawe van die Heilige Gees openbaringshistories bestudeer word, word dit vinnig duidelik dat liefde as `n gawe van die Heilige Gees `n baie prominente plek vul. Só word liefde, byvoorbeeld, eerste genoem as die vrug van die Gees in Galasiërs 5:22-23. Daar is dan ook heelwat teoloë wat aanvoer dat liefde dié gawe van die Heilige Gees is, en dat die daaropvolgende gawes (vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing) alles tiperend van die liefde is (Walvoord & Zuck, 1983:608).

Johannes skryf ook in sy eerste brief baie breedvoerig oor die liefde (vergelyk 1 Johannes 2:9-11; 3:1-2, 10-24 en 4:7-5:5). Johannes beskryf ook geloof in Jesus Christus en liefde vir mekaar as die gebod tot verlossing (1 Johannes 3:23). Verder leer Johannes die gelowiges dat iemand net werklik opreg glo indien hy sy broer liefhet, want wie sy broer haat, wat hy kan sien, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie (1 Johannes 4:20, vergelyk Vorster, 2007:81).

Wanneer Christus die dissipels uitstuur om na al die nasies toe te gaan, word daar weer eens na die liefde verwys, maar hierdie keer op `n indirekte manier. In Matteus 28:20 kry die dissipels die opdrag om die mense alles te leer wat Christus die dissipels geleer het. Soos wat ons reeds bewys het, het Christus se onderrig die koninkryk van God as kern bevat (vergelyk 2.2 en Vorster, 2007:81). Hierdie “alles” wat die dissipels aan die mense moet gaan leer behels dus die koninkryk van God!

Wanneer daar egter in Matteus 22:34-40 die vraag aan Christus gestel word wat die grootste gebod is, antwoord Christus die wetgeleerde met die groot liefdesgebod: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand...Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” (Matteus 22:37-39). In die weergawe wat Markus van hierdie gebeure gee, antwoord die skrifgeleerde vir Christus terug en daarna antwoord Christus hierdie skrifgeleerde met `n besondere antwoord: “Jy is nie ver van die koninkryk van God af nie” (Markus 12:34).

Die rede vir hierdie besondere antwoord lê daarin opgesluit dat die skrifgeleerde, wanneer hy Christus se antwoord herhaal, die bepaalde lidwoord uitlos (vergelyk Markus 12:32-33 in die Naslaan Bybel, Ou Afrikaanse Vertaling met Aland et al, 1993:171). Met hierdie antwoord wys Christus dus die skrifgeleerde dat hierdie liefde vir God en vir `n naaste in werklikheid in `n persoonlike verhouding moet plaasvind. Dit is liefde vir j u God en vir j u naaste.

Wanneer bogenoemde teksgedeeltes in ag geneem word en gesien word in die lig van die belangrikheid van verhoudings as `n beginsel vir dissipelskap, word dit duidelik dat hierdie verhouding getipeer moet word as `n liefdesverhouding. Liefde teenoor God, teenoor jou medegelowiges en teenoor jou naaste is dus die kardinale beginsel vir dissipelskap. Deurdat hierdie besondere liefdesverhoudings opgebou word, wat `n lewenslange proses is, sal die dissipel groei in sy kennis van die Drie-enige God, sal hy, weens hierdie liefde, ander mense lei om dissipels van Christus te wees en sal hy die geloofsgemeenskap opsoek.

### **3.4 Sintese: Die verhouding tussen Dissipelskap en Gemeentebou.**

Die doel van hierdie onderafdeling van hoofstuk 3 is om eerstens `n sintese van die bostaande studie te gee waarna die verhouding tussen dissipelskap en gemeentebou aangedui gaan word. Om hierdie verhouding egter aan te dui gaan die basiese bevindings van hoofstuk 2 uitgestip word waarna enkele opmerkings gelewer sal word.

Met betrekking tot die definisie van die term dissipel, is daar bevind dat `n dissipel `n persoon is waarvan Jesus Christus sy Leermeester in leer en lewe is. Die dissipel se geloof vind hy nie in homself nie, maar in die indikatief dat aan Jesus Christus alle mag in hemel en op aarde gegee is. Deur sy geloof in Jesus Christus vind daar by hom dus intensionele geloofsgroei, deur gebed en volharding in die Woord van God, in die konteks van `n geloofsgemeenskap plaas. Hierdie intensionele geloofsgroei is egter nie net gemik op die dissipel self nie, maar ook op alle mense.

Dissipelskap is weer die lewenslange proses waartoe die gelowige deur Jesus Christus geroep word om elke dag in liefde homself te verloën en Christus te volg. Om Christus te volg beteken om in liefde gehoorsaam te wees aan Hom en binne die konteks van `n geloofsgemeenskap vir Christus se koninkryk te lewe.

Dissipelskap is dus die proses waardeur `n dissipel al hoe meer verander om deur intensionele geloofsgroei meer soos Jesus te word.

Wat die doel van dissipelskap betref, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die koninkryk van God as die doel van dissipelskap bestempel kan word. Wanneer die studie oor die koninkryk van God as die doel van dissipelskap saamgevat moet word in een konkrete stelling, kan dit soos volg verwoord word: Die kerk, as `n groep dissipels, lewe in die konteks van die koninkryk van God en dit is deur dissipelskap wat die dissipels moet uitdrukking gee aan God se heerskappy oor hulle lewens om sodoende God se heerskappy oor die wêreld en aan die wêreld bekend te maak (vergelyk Vorster, 2007:253-254).

Wanneer daar gevra word na die beginsel van dissipelskap, word bevind dat verhoudings `n besondere plek inneem. Hierdie verhoudings word egter telkens omskryf deur liefde. Die dissipel moet in liefdesverhoudings staan. Liefde teenoor God, teenoor jou medegelowiges en teenoor jou naaste is dus die kardinale beginsel vir dissipelskap. Die opbou van die besondere liefdesverhoudings is `n lewenslange proses wat die dissipel sal laat groei in sy kennis van die Drie-enige God en dan sal hy, weens hierdie liefde, ander mense lei om dissipels van Christus te wees en sal hy die geloofsgemeenskap opsoek.

Noudat die een gedeelte van die doel van hierdie hoofstuk afgehandel is, moet daar gevra word na die verhouding tussen dissipelskap en gemeentebou en of daar enigsins `n verhouding bestaan.

Met betrekking tot gemeentebou is die volgende bevind: Met die uitsondering van Hirsch, wat nie die subjek en objek van gemeentebou uitspel nie, is die geraadpleegde teoloë dit eens dat God die subjek van gemeentebou is. Dit is God wat die gemeente laat groei volgens die opdragte en waarheid wat in die Skrif vir ons opgeteken staan (vergelyk 1 Korintiërs 3:5-6).

Behalwe weer eens vir Hirsch, wat nie in sy studie vra na die objek van gemeentebou nie, is die geraadpleegde teoloë dit eens dat die gemeente die objek van gemeentebou is. Dit is egter nie net die gemeente as geheel wat opgebou moet word nie, maar elke gelowige moet persoonlik groei in sy verhouding met God Drie-enig. Hierdie groei vind plaas deur die Heilige Gees wat kragtig in elke gelowige werk, wat die gelowiges tot 'n hegte eenheid in Christus saambind en wat die nodige gawes aan die gemeente gee (vergelyk Matteus 22:34-40, 1 Korintiërs 12:1-15 en Efesiërs 4:1-16).

Die doel van gemeentebou is die koninkryk van God. Alhoewel daar op verskillende maniere hierna verwys word, word die koningsheerskappy van God telkens op die voorgrond geplaas. Die gemeente is op die aarde om die evangelie van die koningsheerskappy van God aan die wêreld duidelik te maak en om hierdie rede moet die opbou van die gemeente plaasvind. Die koninkryk van God moet die spil wees waar rondom alles in die kerk draai (vergelyk Hirsch, 2006:99-100).

Beide Heitink en Te Velde voer aan dat metodologie die wese van gemeentebou is. Gemeentebou moet deur 'n metode beoefen word en om hierdie rede word die metodologie as die wese van gemeentebou by Heitink en Te Velde aangetref (vergelyk Erasmus, 2001:27). Wanneer Hirsch en Nel se bydrae binne konteks gelees word, word dit duidelik dat hulle ook van mening is dat 'n bepaalde metodologie benodig word vir gemeentebou. Om hierdie rede kan die wese van gemeentebou bestempel word as die metode of organiese strukture waardeur gemeentebou plaasvind.

Die vraag is egter: hoe staan dit wat oor dissipelskap bevind is in verhouding met dit wat oor gemeentebou bevind is?



Die verskillende bevindings oor gemeentebou en dissipelskap kan soos volg uiteengesit word:

	Gemeentebou	Dissipelskap
Objek	God	Die lewenslange proses waartoe die gelowige deur Jesus Christus geroep word om elke dag te groei in sy verhouding met God binne die konteks van `n geloofsgemeenskap.
Subjek	Die gemeente	
Doel	Die koninkryk van God	Die koninkryk van God
Wese/Beginsel	`n Vaste metodologie of proses	Verhoudings gebaseer op liefde.

In bogenoemde uiteensetting word dit duidelik dat beide gemeentebou en dissipelskap die koninkryk van God as doel het. Waar gemeentebou God as die objek het, is dissipelskap die proses waardeur die gelowige in sy verhouding met God groei, nadat God die gelowige daartoe geroep het. Gemeentebou het weer die gemeente as subjek terwyl dissipelskap binne die konteks van `n geloofsgemeenskap of, anders genoem, gemeente moet plaasvind. Die enigste aspek waarin daar nie `n duidelike ooreenkoms is nie, is wat die wese of beginsel van gemeentebou en dissipelskap betref. Waar die wese van gemeentebou uit `n vaste metodologie of proses bestaan, bestaan die wese of beginsel van dissipelskap uit verhoudings wat op liefde gebaseer is.

Nel (1998:140) en Hirsch (2006:102) voer egter aan dat dissipelskap die wese van gemeentebou moet wees, aangesien dissipelskap gerig is op die koninkryk van God en die koninkryk van God weer die doel van gemeentebou is. Wanneer hierdie standpunt van Nel en Hirsch gesien word teen die agtergrond van bostaande bevindings, word dit duidelik dat dissipelskap die metodologie kan wees waardeur gemeentebou moet plaasvind. Veral wanneer die besonderse ooreenkomste tussen gemeentebou en dissipelskap in ag geneem word, word hierdie besonderse verhouding tussen gemeentebou en dissipelskap voor die hand liggend. Sodoende kan dissipelskap as die wese van gemeentebou geag word (Nel, 1998:140).

#### **4. Empiriese navorsing rakende die onderrigmetodes tot geestelike groei wat daar tans op die dooplidmate, tussen die ouderdomme 13 tot 18, in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik word.**

Die gemeente kan net haar roeping nakom indien sy goed toegerus is vir die taak wat sy moet uitvoer (Hirsch, 2006:102, 115). Met die term “gemeente” word daar egter nie net na die belydende lidmate verwys nie, maar ook na die dooplidmate. Gemeentebou moet dus inklusief wees. Hiermee word bedoel dat gemeentebou holisties aangepak moet word, sodat die bediening op beide die belydende lidmate en dooplidmate fokus (Nel, 1998:18). In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die stand van sake egter van só `n aard dat daar al verskeie kere in die verlede kommer uitgespreek is oor die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vergelyk GKSA, 1997:515-516 en 2006:371-378). Dus is jeugbediening binne die konteks van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika `n brandende kwessie wat aangespreek moet word.

Om jeugbediening binne die konteks van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan te spreek, gaan egter vra dat daar `n empiriese ondersoek na die huidige situasie van jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedoen moet word. Die empiriese ondersoek het immers ten doel om meer kennis te genereer om die huidige, ongunstige situasie aan te spreek en te verander na `n meer gunstige situasie (Heitink, 1999:223-225).

Om hierdie doel deur hierdie studie te bereik, word `n toespitsing gemaak op `n sekere groep mense in die kerk, naamlik die huidige dooplidmate van die kerk, en dan in die besonder, die dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tussen die ouderdomme van 13 tot 18. Die doel van hierdie toespitsing is om sodoende `n meer gefokuste studie op `n bepaalde groep te doen, sodat daar `n konkrete sintese aan die einde van die studie geformuleer kan word. Soos in die oriëntering van die studie genoem is, is dit dan spesifiek ook hierdie groep wat die ergste geraak word deur die veranderende tye waarin die kerk haar bevind (Niemand, 2007:22; vergelyk ook Erasmus, 2001:82).

Om hierdie studie suksesvol aan te pak, gaan daar eerstens gekyk word na die aanslag wat in die verlede deur die nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geneem is om hierdie brandende kwessie aan te spreek. Tweedens gaan daar stil gestaan word by die algemene opvatting wat daar onder die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor geestelike groei en dissipelskap bestaan. Laastens gaan daar ook stil gestaan word by die algemene opvatting wat die kategete van die dooplidmate in bogenoemde groep oor geestelike groei en dissipelskap by dooplidmate het.

Die doel van hierdie drieledige ondersoek is om op hierdie wyse te bepaal tot in watter mate die doelwitte of uitgangspunte, wat die nasionale sinodes deur die werk en aanbevelings van die Deputate Katkisasie en Deputate Jeugsorg gestel het, bereik is. Die doel van die empiriese ondersoek onder die kategete en kategete is dus eerstens om te bepaal wat die siening van die kategete oor dissipelskap en die koninkryk van God is en tweedens om te bepaal of die uitkomst of doelwitte, wat vir die kategete en jeugbediening gestel is, bereik is. Op hierdie wyse word verhoed dat die navorser se vooropgestelde doelwitte vir kategete nie 'n rol speel in die bevindings rakende die werklike situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie. Die bevindings hiervan gaan dan aan die einde van die hoofstuk in die vorm van 'n gevolgtrekking weergegee word.

#### **4.1 Die aanslag van die nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die verlede.**

Wanneer daar na die huidige stand van sake in 'n kerk gevra word, is dit belangrik om te gaan kyk wat die ontwikkeling van daardie kerk oor 'n bepaalde periode was. Net so is dit belangrik wanneer daar na die stand van sake in 'n bepaalde kerkverband gevra word.

Wanneer die jeugbediening van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onder die vergrootglas geplaas word, is dit nie anders nie. Voordat daar tot 'n bevinding gevorder kan word, is dit nodig om die ontwikkeling in die onlangse geskiedenis voor oë te kry. Om hierdie rede gaan daar tydens die empiriese ondersoek eerstens gevra word na die huidige aanslag van die nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deur te kyk na wat in die onlangse verlede gebeur het. Vir

hierdie doeleindes gaan die tydperk 1997 tot 2009 gebruik word en gaan die rapporte van die Deputate Jeugsorg en van die Deputate Katkisasie bestudeer word. Op hierdie manier kan daar bepaal word of daar deurlopende ontwikkeling oor `n langer tydperk is en of hierdie ontwikkeling holisties van aard is. Van nature het hierdie studie die potensiaal om baie omvangryk te wees en om hierdie rede gaan slegs die ter saaklike punte van belang uitgelig word.

#### **4.1.1 Deputate Katkisasie 1997-2009**

##### **4.1.1.1 Deputate Katkisasie 1997**

Die 1997 rapportering oor die werksaamhede van die Deputate Katkisasie begin deur eerstens die opdragte van die Deputate te lys (GKSA, 1997:504-506).

Hiervolgens het die Deputate die opdrag ontvang om die kommentare vanaf die kerke te ontvang rakende die katkisasie kurrikula wat voor 1994 in gebruik was.

Nadat die insette vanaf die verskillende kerke ontvang is, kon die Deputate begin om hierdie kurrikula te hersien of te herskryf. Van wesentlike belang is dat die nodige kundiges genader is vir die proses. Terwyl hierdie proses aan die gang was, moes die vorige Handleidings voorsien word en moes kommentaar van kerke en individue ontvang word met betrekking tot die konsephandleidings. Hierdie konsephandleidings is volgens `n nuwe kurrikulum en nuwe sillabusse opgestel.

Vanuit die rapport het dit duidelik geword dat die nuwe kurrikula en nuwe sillabusse goed deur die gemeentes ontvang is en dat die nodige veranderings aangebring is (GKSA, 1997:505). Om die Handleidings op te stel is daar meestal van teoloë as skrywers gebruik gemaak, met onderwysers wat gehelp het met die skryf van die Handleidings vir graad 1 en 2 katkisante. Met die opstel van die nuwe kurrikula en sillabusse is daar op vier hoofindelings gefokus, naamlik Openbaringsgeskiedenis, die koninkryk van God, kerk en kerkgeskiedenis en laastens die Belydenisskrifte. Vanuit die voortdurende terugvoer en kommentaar wat ontvang is, het dit al hoe duideliker geword wat die inhoud van die Handleidings moet wees en dat hierdie Handleidings in die vorm van werkboeke opgestel moet word, sodat die katkisant elke dag met die Bybel kan besig wees. Die Deputate het egter ook tot die besef gekom dat hierdie Handleidings deurlopend geëvalueer sal moet word deur

opvoedkundiges, om sodoende te verseker dat elke les werklik bevatlik is vir die ouderdomsgroep waarmee gewerk word (GKSA, 1997:505).

#### **4.1.1.2 Deputate Katkisasie 2000**

Tydens die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2000 is `n meer omvangryke rapport deur die Deputate Katkisasie voorgelê (vergelyk GKSA, 2000:358-360). In hierdie rapport is daar van die staanspoor af erken dat die uitkomst wat tydens die nasionale sinode van 1997 beoog is, nie bereik kon word nie en dat `n nuwe werkswyse gevolg sal moet word.

Die nuwe werkswyse het behels dat een predikant verantwoordelikheid aanvaar vir die inhoud van `n aantal lesse. Hierdie predikant het dan hulp van buite in die vorm van opvoedkundiges gekry en die lesse self opgestel. Daarna het dit deur `n hele redigeringsproses gegaan waartydens daar ook na dogmatiese korrektheid gekyk is. Met die skrywe van hierdie lesse is daar egter meer klem daarop gelê dat slegs een hoofgedagte per les goed bespreek moet word en dat hierdie tema in drie dimensies aangeraak moet word, naamlik kennis, vertrouwe en die uitlewing van hierdie tema (vergelyk Deputate Katkisasie, 2001:ii).

Hierdie nuwe werkswyse het ingesluit dat die Handleidings vir die katkisante tussen graad 1 en 6 só opgestel is om die ouers te help om die kinders te laat groei in selfstandige Skrifstudie. Hierdie Handleidings is ook só opgestel dat elke les uit 3 tot 4 bybelstudies bestaan waardeur die ouer die kind kan leer om selfstandig te groei in Skrifstudie. Die werk van die kategeet behels hoofsaaklik die konkretisering van die les eerder as bloot die oordrag van kennis.

Die Handleidings vir die graad 7 tot 11 katkisante is egter op `n ander manier opgestel. Daar is nog steeds op die drie dimensies - kennis, vertrouwe en toepassing - gefokus en daar is nog steeds `n gedeelte wat die ouer en kind saam moet bestudeer (Deputate Katkisasie, 2001:ii-iii), maar die konkrete verdeling van die werk in 3 tot 4 bybelstudies word nie meer gevolg nie. Daar word dus meer staat gemaak op die selfstandige werk van die katkisant.

Bogenoemde, veranderde werkswyse en aanslag is deur die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 2000 goedgekeur (GKSA, 2000:360).

#### **4.1.1.3 Deputate Katkisasie 2003**

Op die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2003 is weer 'n rapport van die Deputate Katkisasie (GKSA, 2003:439) voorgelê. Hierdie rapport het berig dat al die handleidings vir al die verskillende grade saamgestel en versprei is, dat daar op twee geleenthede kommentaar vanaf die kerke gevra is en dat die kommentaar, wat ontvang is, oorwegend positief was. Hierdie kommentaar is dan ook verwerk in die hersiening van die verskillende handleidings.

Met hierdie rapport is daar egter ook kennis gegee dat 'n byvoegsel tot elke handleiding uitgegee moet word (GKSA, 2003:439). Die doel van hierdie byvoegsel is om die jaar se werk en die temas wat aangeraak word binne die konteks van die Bybelse geskiedenis te plaas. Hierdie besluit is goedgekeur deur die nasionale sinode.

#### **4.1.1.4 Deputate Katkisasie 2006**

Tydens die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2006 is daar, net soos in 2000, 'n omvangryke rapport deur die Deputate Katkisasie voorgelê.

Hierdie rapport het begin deur eerstens te vermeld dat daar in die tydperk 2003 tot 2006 'n hele aantal kursusse by gemeentes aangebied is waartydens daar toeligting rakende die katkisasie sillabus gegee is. Dit het dan ook tydens hierdie kursusse onder die aandag van die Deputate gekom dat daar aan die gemeentes duidelike toeligting gegee moet word rakende die samestelling van die sillabus (GKSA, 2006:364).

In die daaropvolgende bladsye van die rapport is die beginsels uiteengesit waarvolgens die sillabus vir die katkisasie opgestel is (GKSA, 2006:364-369). Die eerste beginsel wat aangedui is, berus op Deuteronomium 6:4-9, naamlik dat dit in die eerste plek die verbondsouers se plig is om toe te sien dat sy of haar verbondskinders (lees ook katkisant) geloofsonderrig ontvang (GKSA, 2006:364).

Hierdie geloofsonderrig deur die ouers aan die kind moet in elke faset van die kind se lewe plaasvind en moet aangevuur word deur die ouer se oorgawe aan en liefde vir God. Om hierdie rede word die handleidings só opgestel dat die ouers doelbewus betrek word by die onderrig van die verbondskind. In die Handleidings word daar dus byvoorbeeld geleentheid geskep dat die nodige herhaling en inskerping van kennis deur die ouers kan plaasvind, om sodoende te verhoed dat die handleidings werk moet herhaal (GKSA, 2006:365).

Die tweede beginsel wat gebruik word berus op Psalm 78:3-4, naamlik dat God Hom aan die kind bekend maak deur die Woord. Godsopenbaring aan die kinders deur die handleidings moet dan ook plaasvind en om hierdie rede word daar van die openbaringsgeskiedenis gebruik gemaak om die handleidings op te stel. Die openbaringsgeskiedenis word so omslagtig as moontlik met die kinders, van graad 1 tot 6, behandel deurdat die openbaringsgeskiedenis in `n hele aantal verskillende fases opgedeel word (vergelyk GKSA, 2006:366). Daar word verder gepoog om nie dieselfde teksgedeeltes elke keer te gebruik nie, sodat soveel as moontlik van die inhoud van die Skrif gedek word. Vir graad 1 tot 6 word die konteks van die gedeelte in die hele openbaringsgeskiedenis telkens aan die begin van elke les aangedui. In graad 7 tot 11 word die kanoniek van verskeie Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese boeke behandel. Vir die katkisasie in graad 8 tot 11 is daar `n aparte handleiding opgestel waarmee die katkisasie verder kan groei in hulle kennis van die openbaringsgeskiedenis.

Soos wat daar vanaf graad 1 tot en met graad 11 aan die katkisasie blootstelling aan die Godsopenbaring in die geskiedenis gegee word, word daar aan hulle blootstelling gegee van wat God ons aangaande die kerk, die koninkryk van God en die belydenis in die Skrif leer (GKSA, 2006:367-368). Namate die kind in die katkisasie vorder, word daar minder fokus op die openbaringsgeskiedenis geplaas en meer fokus op die koninkryk van God en die belydenis van die kerk (vergelyk GKSA, 2006:368). Die derde beginsel waarvolgens die sillabus vir kategetiese opgestel is, berus op Psalm 78:5-8. In hierdie drie verse word die drie dimensies van die kategetiese sillabus gevind, naamlik ken, vertrou en doen. In die handleidings word daar dus, volgens die Deputate Katkisasie, gepoog om `n gesonde balans tussen hierdie drie dimensies te handhaaf. Geloof bestaan immers uit kennis en vertrou en geloof wat

nie tot daad oorgaan nie is sonder meer dood (GKSA, 2006:369, Hebreërs 11:1 en Jakobus 2:26).

Nadat bogenoemde beginsels uiteengesit is, is daar ook gemeld dat daar samewerking tussen die Deputate Katkisasie, die Jeug Deputate (verstaan: Deputate Jeugsorg) en die Christelike Onderwys Deputate was (GKSA, 2006:369). Die uiteinde van hierdie samewerking was 'n studietoer na Amerika rakende jeugbediening, vraelyste wat na alle kerke in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gestuur is en 'n moontlike toerustingseleentheid wat in Oktober 2006 vir kerke binne die kerkverband van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangebied sou word.

Daar word deurgaans in hierdie rapport genoem dat die katkisasie al hoe meer kontekstueel-relevant aangebied moet word (GKSA, 2006:369-370) om sodoende toe te sien dat die inhoud van die sillabus werklik aktueel vir die katkisante is om die katkisante sodoende te help om die inhoud daarvan werklik uit te leef. Om hierdie doelwit te bereik is byvoorbeeld van die materiaal reeds in 2006 na DVD-formaat verwerk en het die Deputate Katkisasie die opdrag ontvang om te besin oor die gebruik van multimedia in die onderrig van die katkisante (GKSA, 2006:370).

#### **4.1.1.5 Deputate Katkisasie 2009**

Op die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2009 is daar weer eens 'n omvattende rapport deur die Deputate Katkisasie ingedien. In hierdie rapport word daar kennis gegee dat die handleidings vir graad 1 tot 3 weer 'n keer hersien is om die gedagte en konsep van Openbaringsgeskiedenis duideliker by hierdie kinders te laat posvat. Daar is ook heelwat suksesvolle werksinkels aangebied waarop belangrike insette ontvang is wat weer eens in berekening gebring sal word met die hersiening van die handleidings. Daar is meer aandag gegee aan Kerkgeskiedenis en twee teoloë is genader om te help om hiervoor 'n handleiding vir katkisante op te stel. Verder is daar in die tydperk 2006-2009 'n Engelse vertaling van vyf jaargroepe se handleidings afgehandel en ook 'n hulpghids opgestel vir die ouers rakende verbondsonderrig (GKSA, 2009:316). Die enigste saak waarin daar in hierdie drie jaar nie werklik baie vordering gemaak was nie, was die gebruik van multimedia in die kategetiese onderrig.



In die daaropvolgende bladsye (GKSA, 2009:317-320) is dieselfde beginsels, wat in die Deputate Katkisasie rapport van 2003 voorgehou is, weer voorgehou. Nadat hierdie beginsels net weer bevestig is, is daar in `n onderafdeling van hierdie rapport verslag gelewer oor die samewerking tussen die Deputategroepe vir Katkisasie, Jeugsorg en Christelike Onderwys (GKSA, 2009:321). Weer eens word daar in hierdie onderafdeling van die rapport die fokus geplaas op die kontekstuele-relevantheid van die katkisasie en dat die bogenoemde Deputategroepe dit oorweeg om `n selfstandige webwerf op te stel.

Aan die einde van hierdie rapport word daar weer eens `n aantal opdragte aan die Deputate Katkisasie gegee. Die opdragte wat betrekking het op hierdie studie is dat die kategetiese materiaal aanhoudend hersien moet word, dat die gebruik van multimedia vir kontekstuele relevantheid optimaal uitgebou moet word en dat daar meer toerusting aan die hoërskooljeug en die ouers van verbondskinders beskikbaar gestel moet word. Daar moet ook meer toerusting gegee word aan kategete en daar moet gevra word na die behoefte wat daar in die kerke van Sinode Middelande en Klassis Capricorn bestaan (GKSA, 2009:322).

#### **4.1.1.6 Gevolgtrekking**

In die periode wat hierbo bestudeer is, het dit duidelik geword dat daar deurgaans verbeterings aan die kategetiese materiaal aangebring is en dat daar veral ook gekyk is na die kontekstuele relevantheid van die kategetiese materiaal. Hierdie dinge is alles goed en dit is nodig dat daar ook daarna gekyk moet word, maar vir die doeleindes van hierdie studie is dit veral die beginsels wat neergelê word wat belangrik is.

Hierdie drie beginsels is die eerste keer in 2006 duidelik uiteengesit: Die beginsels behels die volgende: Eerstens dat kategetiese onderrig hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die ouers is. Tweedens dat die kategetiese onderrig gemoed moet wees met die openbaring van God in die geskiedenis. Derdens roep die kategetiese onderrig die kind op tot groei in kennis en vertrouwe wat oorfloei in gehoorsaamheid aan die wil van God.

Wat in besonder in gedagte gehou moet word, is dat die Godsopenbaring geleer word deurdat daar stilgestaan word by die Openbaringsgeskiedenis en hoe dit gestalte vind in wat God ons leer oor die kerk, die koninkryk van God en die belydenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Wanneer daar onder 4.2 en 4.3 gekyk gaan word na onderskeidelik die algemene opvattinge onder die katekise en kategete moet die volgende vrae dus in gedagte gehou word:

- Tot in watter mate kan die katekise selfstandig die Skrif bestudeer en dus sodoende groei in sy verhouding met God?
- Hoeveel het die katekise gegroei in sy kennis van God?
- Hoeveel het die katekise gegroei in sy verhouding met die kerk?
- Hoeveel het die katekise gegroei as gelowige binne die koninkryk van God?
- Tot in watter mate is die katekise gehoorsaam aan dit wat hy leer en kan hy dit toepas in die samelewing waarbinne hy hom bevind?

Vervolgens gaan daar stil gestaan word by die verskeie rapporte van die Deputate vir Jeugsorg.

#### **4.1.2 Nasionale Deputate Jeugsorg 1997-2009**

##### **4.1.2.1 Deputate Jeugsorg 1997**

Aan die begin van die rapport aan die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1997, vermeld die Deputate Jeugsorg die opdrag waarmee hulle belas is (GKSA, 1997:506-507). Hierdie opdrag bestaan uit sewe komponente, naamlik:

- Doelgerigte toerusting van die kerkjeug deurdat daar aan die kerke programwenke vir jeugbyeenkomste saamgestel word.
- Toerusting oor Bybelleesmetodiek vir die jongmense, spesifiek laerskooljeug, en die beskikbaarstelling van die nodige hulpmiddele daarvoor.

- Aandag moet gegee word om toerustingsmateriaal vir die toerusting en opleiding van jongmense daar te stel, sodat daar met jeugaktiwiteite leiding geneem kan word.
- Die samestelling van `n bundel met geestelike liedere, naas die Psalms en Skrifberymings, wat die sang onder die jongmense in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan bevorder.
- Die samestelling van lektuur vir die jeug in samewerking met die Calvin Jubileum Boekefonds.
- Om as skakel met die Jeugkommissies van die Nederduits-Gereformeerde en Nederduits-Hervormde kerke, asook met ander binnelandse Kerke, in verband met jeugsorg te dien.
- Aan die Deputate vir Jeugsorg word die taak opgedra om die kerkrade te help en toe te rus sodat die kerkrade die jeug kan stimuleer om jeugwerk in die amp van die gelowige te onderneem.

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar slegs `n paar aspekte van hierdie opdrag van belang, naamlik dié wat handel oor die toerusting van die jeug:

- Doelgerigte toerusting van die kerkjeug deurdat daar aan die kerke programwenke vir jeugbyeenkomste saamgestel word.
- Toerusting oor Bybelleesmetodiek vir die jongmense, spesifiek laerskooljeug, en die beskikbaarstelling van die nodige hulpmiddele daarvoor.
- Aandag moet gegee word om toerustingsmateriaal vir die toerusting en opleiding van jongmense daar te stel, sodat daar met jeugaktiwiteite leiding geneem kan word.
- Aan die Deputate vir Jeugsorg word die taak opgedra om die kerkrade van hulp te wees en toe te rus sodat die kerkrade die jeug kan stimuleer om jeugwerk in die amp van die gelowige te onderneem.

In die Deputate Jeugsorg se verslag aangaande die werk wat gedoen is rakende die toerusting wat gegee moet word in verband met programwenke vir jeugbyeenkomste, word daar slegs genoem dat Programwenke 1 en 2 beskikbaar gestel is (GKSA,

1997:507). Wat hierdie twee Programwenke egter behels word nie genoem nie. Daar word vermeld dat Programwenk 3 oor 'n aantal onderwerpe handel en dat daar ook riglyne vir die opstel van 'n jaarprogram gegee sal word.

In Programwenk 4 word daar weer riglyne gegee vir die toerusting van die jeug om dienswerk in die amp van die gelowige te doen. In hierdie Programwenk word daar ook 'n aantal riglyne vir kenmekeer- en ontspanningsgeleenthede gegee.

Rakende die toerusting van die jeug in Bybelleesmetodiek word daar genoem dat daar 'n kursus opgestel is wat aan die kerke versprei word waardeur die kerke self die jeug moet toerus. Hierdie kursus bestaan uit ses dele (GKSA, 1997:507-508) waarvan slegs een gedeelte kortliks handel oor Bybelstudie. Die res van hierdie kursus bestaan uit toerusting oor die noodsaak van jeugsorg, die unieke aard van jeugsorg, die unieke leierskap wat vir jeugsorg vereis word en dies meer. Van die werklike toerusting van 'n Bybelleesmetodiek het daar min gekom in hierdie kursus. Daar is egter wel 'n Bybelleesrooster vir laerskoolkinders opgestel.

Die leierskaptoerusting wat die Deputate Jeugsorg moes voorsien (die derde komponent van die opdrag) het dus gestalte gevind in 'n kursus wat in werklikheid moes handel oor Bybelleesmetodiek. Tog is hierdie leierskaptoerusting goed ontvang (GKSA, 1997:508).

Wat die stimulering van die jeug om dienswerk in die amp van die gelowige te doen aanbetref, het die Deputate Jeugsorg sover gevorder om Programwenke 4 op te stel asook om Huisbesoekriglyne vir ouderlinge en diakens uit te werk. Daar is ook Huisgodsdienstriglyne vir die gebruik van die huisgesin opgestel (GKSA, 1997:510). In laasgenoemde word daar aangesluit by die eerste beginsel wat die Deputate Katkisasie volg in die opstel van die sillabus vir kategese.

Wanneer die sewe komponente van die opdrag, soos hierbo vermeld, deur die nasionale sinode voortgesit word aan die einde van die rapport, word daar ook vermeld dat daar van fasiliteerders gebruik gemaak moet word om vas te stel wat die jeug se spesifieke behoeftes is rakende die toerusting om dienswerk in die amp van die gelowige te doen (GKSA, 1997:516).

Vanuit bogenoemde handeling van die Deputate Jeugsorg word dit duidelik dat daar `n baie sterk fokus is op die toerusting van die kerkrade, kerke en jeug om jeugsorg sy regmatige plek in die gemeentelike bediening te laat in neem. Dit word ook duidelik dat daar `n groter behoefte is dat hierdie toerusting op `n kontekstueel-relevante wyse vir die kerke, kerkrade en jeug aangebied moet word.

Die toerusting wat egter gebied word, is sterk daarop gefokus om die jeug meer deel te maak van die gemeentelike bediening en bevat nie toerusting aan die jeug vir evangelisasie en sending nie. Hierdie toerusting is dus sterk inwaarts, op die gemeente self, gerig.

Laastens kan daar vermeld word dat hierdie rapport die aanslag van jeugsorg in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika duidelik na vore bring. Die jeugsorg word programmaties aangepak. Hiermee word bedoel dat die toerusting van die jeug deur middel van bepaalde programme plaasvind en dat dit nie organies deel is van `n groter geheel nie. Die bevordering en groei van verhoudings kry dus nie werklik aandag in die toerusting van die jeug nie. Sonder om verder hieroor uit te brei, gaan die rapport van die Deputate Jeugsorg op die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2000 bestudeer word.

#### **4.1.2.2 Deputate Jeugsorg 2000**

In die tydperk tussen die nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1997 en 2000 was daar `n aantal verwickelinge (GKSA, 2000:361-370). Die eerste, opvallende verwikkeling is dat daar nog drie van die programwenke opgestel en beskikbaar gestel is aan die kerke in die kerkverband. Hierdie programwenke is deel van die eerste komponent van die algehele opdrag wat die Deputate Jeugsorg ontvang het, naamlik dat daar aan die kerke programwenke voorsien moet word wat die kerke in staat sal stel om jeugbyeenkomste te hou.

Die drie nuwe programwenke, nommers 5 tot 7, is baie gerig op sending en evangelisasie. Programwenke 5 handel oor evangelisering en hoe om `n evangeliserende gesprek met iemand aan te knoop. Programwenke 6 handel oor kultusse en bied aan die kerke die nodige agtergrondskennis oor verskillende

kultusse waarmee die jeug weerbaar gemaak kan word, terwyl programwenke 7 'n vasvra-kompetisie met betrekking tot Bybelkennis bied.

Met betrekking tot die komponent van die oorkoepelende opdrag van die Deputate Jeugsorg, wat handel oor Bybelleesmetodiek, was daar heelwat ontwikkeling (GKSA, 2000:362). Daar is spesifiek vir die laerskooljeug twee handleidings opgestel wat selfstandige Skrifstudie by die jeug moet aanwakker. Elkeen van hierdie handleidings bevat ook 'n lys met korrekte antwoorde. Daar is ook 'n plakkaat opgestel wat 'n aantal verskillende metodes van selfstandige Bybellees deurgee. Hierdie metodes is só aangebied dat die metodes maklik aangeleer kan word en dat dit diepgang in die bestudering van die Skrif stimuleer. Daar is in hierdie tydperk ook 'n dagboek opgestel wat die Nederlandse Geloofsbelydenis as basis gebruik.

Reeds in 1995 is daar 'n kursus, *Jong lidmaat, jong leier*, opgestel wat die kerke moes help om jong leiers te ontwikkel wat self leiding kan neem in die jeugbediening van die kerke. Hierdie kursus is in die tydperk 1997 tot 2000 bygewerk en verbeter en 'n aantal werkswinkels rakende hierdie kursus is ook aangebied (GKSA, 2000:363). Die doel van hierdie kursus was ondermeer om onderwerpe soos groepsdinamika, leierskap, kommunikasie, beplanning en die unieke uitdagings van jeugbediening aan te spreek.

Verder is daar by twee geleenthede landswye kampe en jeugkongresse aangebied om jong leiers op te lei (GKSA, 2000:363-364). Hierdie kampe het sake aangeraak soos die toerusting van die Gereformeerde Kerke se jongmense, die vasstelling van die jongmense se behoeftes, die bevordering van die sing van Psalms en Skrifberymings deur die jeug, die bevordering van die gemeenskap van die gelowiges, die skep van 'n positiewe gees onder die Gereformeerde jeug, die versterking van die Gereformeerde identiteit onder die jongmense en die bemerking van die Jeugdeputate se publikasies.

Verder is daar in die tydperk 1997 tot 2000 aandag gegee aan die kontekstuele relevantheid van die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 'n opdrag wat saamhang met die toerusting van die gemeentes en kerkrade (GKSA, 2000:365-369). In hierdie ondersoek is daar na 'n aantal verskillende aspekte van die kerklike lewe gekyk, soos die eredienste, huisbesoek, kategese, pastorale sorg

en gemeentelike aktiwiteite soos gemeentekampe en jeugkampe. Nadat die bevindings van hierdie navorsing gegee is, is die kerke opgeroep om ag te slaan op hierdie bevindings. Daar is ook `n aanbeveling aan die Deputate Jeugsorg gegee dat daar `n selfstandige webwerf gestig moes word waarop al die toerusting vir jongmense beskikbaar gestel kan word.

Aan die einde van die rapport wat die Deputate Jeugsorg aan die nasionale sinode gelewer het, is die verskillende opdragte weer eens bevestig (GKSA, 2000:370). Ons vind hierin egter `n groot uitbreiding op die bestaande opdragte. Hierdie uitbreiding behels ondermeer dat daar meer lektuur aan naskoolse jeug verskaf moet word en dat hierdie lektuur ook vir blindes beskikbaar gestel moet word. Verder moet die kerke in die voormalige sinode Middellande en klassis Capricorn bygestaan word in hulle jeugsorg indien hulle dit sou verlang. Verder, ter uitbreiding van die kontekstuele relevantheid van die jeugbediening, moet die internet maksimaal gebruik word en moet daar jaarlikse jeugkongresse en jeugkampe aangebied word. Hierdie jeugkongresse, –kampe en ander jeugaktiwiteite moet gekoördineer word deur `n bepaalde netwerk.

Toerusting wat aan die kerkrade en hulle jeugkommissies gebied word, moet ook uitgebrei word (GKSA, 2000:370). Toerusting in verband met die volgende sake moet verskaf word: die trauma wat die jongmens vandag beleef, die geestelike weerbaarheid van die jongmens en hulle heiligmaking, die skep van gesonde verhoudings in alle aspekte van die lewe, die vervulling van die jongmens se koninkryksroeping, hoe die jongmens God in die kerklike aktiwiteite kan vereer en hoe die jongmens tussen valse godsdienste kan onderskei. Verder moet daar ook toerusting gegee word vir hoe die jongmens gelei kan word om in sy verhouding met God te groei en watter dissipline en vreugde die Gereformeerde identiteit behels.

Wanneer die bostaande verwickelinge op die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2000 bestudeer word, is daar `n hele aantal verblydende sake. Daar is baie gedoen om die toerusting vir jeugsorg in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te verbeter. Verder is daar ook baie gedoen aan die kontekstuele relevantheid van die jeugsorg in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die uitgebreide opdragte, wat ontvang is, maak die deur nog verder oop.

Wat egter besonders is van die verwickelinge, is dat daar `n meer uitwaartse fokus in die uitgebreide opdragte aan die Deputate Jeugsorg is. Die vervulling van die koninkryksroeping van die jongmens asook die fokus op gesonde verhoudings in elke aspek van die lewe van die jongmens spreek van die leemtes aan wat reeds in 4.1.3.1 geïdentifiseer is.

#### **4.1.2.3 Deputate Jeugsorg 2003**

Tydens die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2003 word die vordering van die Deputate Jeugsorg op verskillende vlakke van die oorkoepelende opdrag duidelik (GKSA, 2003:440-449).

Wat die eerste komponent van die oorkoepelende opdrag van die Deputate Jeugsorg betref, word daar gerapporteer dat daar nog twee programwenke versprei is en dat daar vier ander programwenke in die ontwikkelingstadium is. Die twee programwenke wat beskikbaar gestel is handel onderskeidelik oor kultusse, met `n gepaardgaande video, en oor hoe die tiener in vandag se lewe ware blydschap kan ondervind.

Die vier ander programwenke handel oor kenmeekaarspeletjies wat met jeugbyeenkomste gebruik kan word, verslaafdes, die vervulling van die koninkryksroeping van die kind en hoe die laerskoolkinders die eredienste beleef. Ook wat die opleiding van die jeugleiers behels was daar vooruitgang (GKSA, 2003:442).

Behalwe vir die kursus en boek "Jong lidmaat, jong leier" wat suksesvol aangebied is, is daar ook `n jeugseminaar aangebied wat oor geïntegreerde jeugbediening gehandel het. Sake wat op hierdie seminaar aangespreek is, is die integrering van die jeug in die liturgie, die integrering van die gemeente in jeugbediening en die beplanning van `n bedieningstrategie. Met hierdie seminaar het dit dus duidelik geword dat daar in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika al hoe meer gekyk word na `n gemeentelik-inklusiewe bedieningstyl vir jeugbediening. Hiermee word bedoel dat die gemeente in sy geheel betrek moet word by die bediening van die jeug (Nel, 1998:23-25).



Die beskikbaarheid van lektuur vir die jeug het ook aansienlik verbeter na aanleiding van `n hele aantal boeke wat voltooi is en boeke wat beplan word. In die tydperk 2000 tot 2003 het daar drie nuwe boeke die lig gesien (GKSA, 2003:442-443). Die eerste, "Waarom Gereformeerd?", handel oor die hedendaagse vrae van die naskoolse jongmens terwyl die tweede publikasie, "Die evangelie oor kinders, vir kinders", weer gefokus is op hoe die evangelie met kleiner kinders gedeel kan word. Laastens is daar ook `n boek, "Soeklig op Efesiërs", uitgebring om hierdie reeks Bybelstudieboeke verder uit te brei.

Behalwe vir bostaande publikasies wat die lig gesien het, is daar `n aantal publikasies beplan om die volgende temas aan te spreek: Verdieping van die gesinse verhouding met God; feite, gevare en optrede rondom Vigs; die trauma na egskeiding; die gevaar van molestering en hoe die slagoffer op verskillende maniere kan optree daarna (bedoelende watter reaksies molestering by `n jongmens kan ontlok); die proses van heiligmaking; die Moslemgeloof en laastens dissipline en vreugde van Kerkwees (vergelyk GKSA, 2003:443).

Behalwe vir bogenoemde publikasies wat die lig gesien het, is daar `n aantal adviseurs genader om te help om verdere lektuur vir die jongmense op te stel. Hierdie lektuur handel ondermeer oor die jeug en natuurbewaring, hoe `n afgedwaalde matriekkind geëvangelizeer kan word en hoe die werkende jeug betrokke kan wees by evangelisasie. Verder is daar ook lektuur uitgebring oor Bybelleesmetodiek, die simboliek van die gereformeerde erediens, rolmodelle en hoe `n jongmens moet funksioneer in `n huisgesin van enkelouerskap.

In die tydperk 2000 tot 2003 is daar ook heelwat aandag bestee aan die gebruik van die internet in die jeugbediening (GKSA, 2003:443-444). Vir hierdie doeleindes het die Deputate Jeugsorg in samewerking met die bestaande webwerf van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ook begin om `n webwerf vir die jeug op te stel. Hierdie webwerf het verskeie funksies, naamlik om `n ruimte te skep waar jongmense vrae kan vra wat deur predikante beantwoord kan word, `n spasie waar daar elke dag `n gedeelte uit die Bybel met die jongmense gedeel word, `n spasie waar werkseleenthede in die kerkverband vir jongmense geadverteer word en `n spasie waar jeugkampe en die jaarprogramme van verskillende gemeentes beskikbaar

gestel word. Verder is daar gepoog om al die webadresse van die kerke in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te bekom.

In dieselfde tydperk is daar weer `n aantal jeugkampe aangebied, met `n nasionale treintoer vir die jeug in 2002 (GKSA, 2003:444-445). Op hierdie kampe is temas met betrekking tot die koninkryksroeping van die kind en ware skuldvergewing aangeraak. Wat egter van meer belang vir hierdie studie is, is dat daar deur middel van hierdie kampe tot `n gevolgtrekking gekom is dat die soeke van die jeug na vaste waarhede nog steeds bestaan en dat die nood vir jeugleiers in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika werklik groot is. In die praktyk word dit dus duidelik dat die doelwit van die Deputate Jeugsorg, naamlik die toerusting van die jeug en jeugleiers, reeds tot `n mate bereik is, maar dat daar nog baie werk gedoen moet word en dat hierdie doelwit gehandhaaf moet word.

Aan die einde van die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2003 is die bestaande komponente van die oorkoepelende opdrag van toerusting bevestig (GKSA, 2003:447-449). Die Deputate Jeugsorg het egter ook `n aantal ander opdragte bygekry. Die eerste opdrag is dat die seminar oor geïntegreerde jeugbediening weer aangebied moet word en verder uitgebrei moet word om ook jeugleiers en ouers in te sluit. Verder moet die moontlikheid van `n diensjaar vir naskoolse jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ondersoek word. Daar moet ook meer toerusting aan verbondsouers gegee word om hulle sodoende te aktiveer.

Vervolgens gaan daar gekyk word na die rapport van die Deputate Jeugsorg op die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2006 en hoe daar uitvoering gegee is aan die bostaande opdragte.

#### **4.1.2.4 Deputate Jeugsorg 2006**

Die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2006 lei bykans `n nuwe era vir die jeugsorg in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in. Op hierdie vergadering lewer die Deputate Jeugsorg verslag (GKSA, 2006:371-378) oor die werk wat in die tydperk 2003 tot 2006 gedoen is. Sekerlik die belangrikste verwikkelinge in hierdie verband is die ontstaan van die GJKK, of die Gesamentlike

Jeug Koördineringskomitee. Hierdie komitee bestaan uit die drie voorsitters van die Deputate Katkisasie, Deputate Jeugsorg en die Deputate Christelike Onderwys.

Die doel van hierdie komitee is die koördinering van die raakvlakke wat daar tussen hierdie deputategroepe bestaan (GKSA, 2006:372). Wanneer daar `n aantal voorbeelde van raakvlakke genoem word, word daar ondermeer na die bediening en toerusting van verbondsouers, die mobilisering van die jeug deur middel van `n sentrale jeugkantoor, die integrering van die jeug in die volle dienswerk van die gemeente, leierskapsontwikkeling deur middel van rolmodelle en die ontwikkeling van die roepingsbewustheid van die kind verwys. Dit is in hierdie verskillende voorbeelde wat twee belangrike aspekte van die werk van die Deputate Jeugsorg en die Deputate Katkisasie na vore kom, naamlik toerusting wat verskaf moet word en die roepingsbewustheid wat daar by die kind gekweek moet word.

Met betrekking tot die toerustingslektuur wat in die vorm van programwenke verskaf moet word, het die Deputate Jeugsorg aanbeveel dat daar nie huidiglik verdere aandag hieraan gegee gaan word nie, weens die samewerking wat daar tussen hierdie deputategroep en die Deputate Katkisasie en die Deputate Christelike Onderwys bestaan (GKSA, 2006:373). Die lektuur wat egter op die nasionale treintoere behandel is gaan wel as programwenke verwerk word en aan die kerke beskikbaar gestel word (vergelyk GKSA, 2006:376-377).

Hierdie selfde aanslag is ook gevolg met betrekking tot die toerustingsmateriaal vir jeugleiers en die lektuur wat vir naskoolse jeug en blindes beskikbaar is. Daar is slegs `n deeglike voorraadopname van beskikbare lektuur gemaak, sodat die bestaande lektuur aan die kerke beskikbaar gestel kan word. Die enigste nuwe bydraes wat in hierdie verband gemaak is, is die verwerking van die lektuur, wat op die nasionale treintoere van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik is, tot toerustingsmateriaal vir jeugleiers (GKSA, 2006:373).

Dit was ook op hierdie treintoere wat dit duidelik geword het dat hierdie vorm van toerustingsgeleenthede vir die jeug in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika noodsaaklik is (GKSA, 2006:374).

Wat verder bygedra het tot die nuwe rigting wat die Deputate Jeugsorg ingeslaan het, is die noodsaak vir `n nasionale jeugkantoor wat uitgespreek is (GKSA, 2006:373). Die noodsaak hiervoor is wyd bespreek en die doel van hierdie jeugkantoor sal wees om al die publikasies van die Deputate Jeugsorg en die Deputate Katkisasie te koördineer, om ook `n webblad vir die jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot stand te bring en om die wenslikheid en werkbaarheid vir `n “diensjaar-aksie” vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te ondersoek (GKSA, 2006:374-375).

In 2003 het die Deputate Jeugsorg die opdrag gekry om `n seminaar oor geïntegreerde jeugbediening te herhaal (GKSA, 2006:371). Nadat `n aantal predikante en die voorsitter van die Deputate Jeugsorg `n kongres in die VSA bygewoon het, het die Deputate Jeugsorg besluit dat hierdie seminaar oor geïntegreerde jeugbediening nie net herhaal kan word nie, maar dat hierdie seminaar bygewerk en verbeter moet word (GKSA, 2006:374-375).

Die werkswyse wat gevolg sou word om hierdie seminaar te verbeter sou behels dat `n landswye opname onder die jeug, deur middel van vraelyste, gemaak sou word om sodoende verdere leemtes te identifiseer. Behalwe hiervoor is daar ook drie breë terreine geïdentifiseer wat aangespreek moet word met hierdie seminaar. Hierdie terreine is eerstens geïntegreerde jeugbediening, tweedens die vestiging van `n jeugkoördineerder en jeugwerkerskorps in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en laastens gesinsbediening (GKSA, 2006:374).

Hierdie drie terreine is geïdentifiseer omdat geïntegreerde jeugbediening een van die sterkste strukture vir jeugbediening is. Die noodsaaklike skakel wat ontbreek tussen die jeug en die bestaande diensstrukture wat daar in die gemeente is, sal ontstaan wanneer `n jeugkoördineerder en jeugwerkerskorps in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gevestig word. Laastens het die Deputate Jeugsorg ook bevind dat ouers nie die belangrikheid van hulle doopbelofte besef nie en om hierdie rede word die doopbelofte nie nagekom nie, met die gevolg dat die ouers minimaal betrokke is by die godsdienstige onderrig en kategese van die kind (GKSA, 2006:375).

Aan die einde van die rapport word die opdragte, wat aan die Deputate Jeugsorg opgedra word, gestel (GKSA, 2006:377-378). Waar daar in die verlede een opdrag met verskillende komponente gevind is, word daar op hierdie nasionale sinode 8 duidelike opdragte gegee. Hierdie opdragte behels groter en deegliker samewerking met die Deputate Katkisasie en Deputate Christelike Onderwys, dat daar `n deeglike voorraadopname van die verskillende programwenke vir jeugaksies gemaak word, dat die ander Sinodes in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (Sinode Middellande en Klassis Capricorn) deur die Deputate Jeugsorg bygestaan moet word, dat daar `n sentrale jeugkantoor gestig moet word, dat daar jeugsaamtreкке op nasionale vlak moet plaasvind, dat seminare oor geïntegreerde jeugbediening aangebied moet word, dat skakeling met die afvaardigings van ander kerke in Suid-Afrika in verband met jeugbediening moet voortgaan en dat die Deputate Jeugsorg op die volgende nasionale sinode verslag sal doen oor die aanwending van hulle fondse.

Samevattend kan daar oor die werk van die Deputate Jeugsorg in die tydperk 2003 tot 2006 gesê word dat daar heelwat ontwikkeling plaasgevind het, alhoewel die doel van die Deputate Jeugsorg dieselfde gebly het. Die aard van die toerusting wat gebied gaan word, het verander deurdat daar gesoek is na beter koördinering en dat die kundigheid oor die toerusting wat gebied word, nie meer net plaaslik is nie maar ook internasionaal ingewin gaan word. Daar was dus in hierdie tydperk `n verhoogde erns oor jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

#### **4.1.2.5 Deputate Jeugsorg 2009**

Die opdragte van die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2006 aan die Deputate Jeugsorg was baie breedvoerig en so ook die rapport oor die opdragte (vergelyk GKSA, 2009:323-334)!

Tydens die rapport wat gelewer is, is dit eerstens vermeld dat daar heelwat samewerking tussen die Deputate Jeugsorg, Deputate Katkisasie en die Deputate Christelike Onderwys was en dat verskillende raakvlakke bespreek is (GKSA, 2009:323).

In die tydperk 2006 tot 2009 het *Kruispad*, die nasionale jeugkantoor, ontstaan (GKSA, 2009:323-324). Die doel en visie van hierdie jeugkantoor is “om die plaaslike gemeentes by te staan met die jeugbediening deur die beskikbaarstelling van hulpmiddels vir die huidige en volgende generasie met die fokus op identifisering, koördinerende, mobiliserende en integrerende van jeugbediening” (GKSA, 2009:324). Hierdie jeugkantoor stel die Deputate Jeugsorg ook in staat om die ander opdragte van die deputategroep beter uit te voer (GKSA, 2009:325). `n Voorbeeld hiervan is dat al die programwenke vir jeugsorg bymekaar gemaak sou word en aan *Kruispad* verskaf sou word vir verder gebruik (vergelyk GKSA, 2009:323).

*Kruispad* het ook die Deputate Jeugsorg bygestaan in die vorming van `n eie webwerf vir die jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en ook `n tydskrif, met dieselfde naam, het die lig gesien. Die doel van beide die webwerf en die tydskrif is om die jeug op `n kontekstueel-relevante wyse by te staan op die kruispaaie van die lewe (GKSA, 2009:325).

*Kruispad* speel ook `n belangrike rol in die vorming van die “diensjaar-aksie” vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, deurdat die “Gee-jaar” vorm aangeneem het (GKSA, 2009:326-327). Die doel van die “Gee-jaar” is dan ook om jongmense toe te rus vir dienswerk in die koninkryk van God en hulle te lei op `n pad van geloofsgroei. Op die nasionale sinode moes die Deputate Jeugsorg egter verslag doen dat nasionale jeugsaamtrekke, soos deur middel van die gereelde treintoere, om verskeie redes nie meer kon plaasvind nie (GKSA, 2009:327-330). Daar is egter wel besluit dat die beskikbare finansies wat oorspronklik vir hierdie doel geöormerk is, nog steeds hiervoor bewaar sal word. Die doel van hierdie toere was immers nie die toere opsig self nie, maar die toerusting van die jeug en `n bewusmaking van die Gereformeerde identiteit (GKSA, 2009:328).

Met betrekking tot die aanbieding van seminare oor geïntegreerde jeugbediening en skakeling met die afgevaardigdes van ander kerke in Suid-Afrika, het daar heelwat plaas gevind (GKSA, 2009:330-331). In hierdie opsig het *Kruispad* weer `n belangrike rol gespeel deurdat `n databasis van kontakpersone opgestel is en daar `n beduidende verskil gemaak is in die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Verder was daar heelwat vergaderings en is aanbevelings gemaak van

hoe die naskoolse jeug betrek kan word in die plaaslike gemeentes, onder andere dat die naskoolse jeug as mentors vir die skoolgaande jeug moet optree as deel van die geestelike ontwikkeling van die skoolgaande jeug (GKSA, 2009:331). Daar is ook heelwat gepraat oor internetbediening om die bediening van die jeug meer kontekstueel-relevant te maak.

Aan die einde van die rapport, wat op die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 2009 dien, word daar 'n aantal bykomende opdragte aan die Deputate Jeugsorg gegee en word daar gemeld dat die deputategroep voortaan as die Deputate Jeugsorg en Kruispad gaan bekend staan (GKSA, 2009:333).

Daar is weer eens in die opdragte beklemtoon dat hierdie deputategroep die plaaslike gemeentes moet ondersteun in hulle jeugbediening. Die deputategroep moet voortaan ook rekening hou met die multikulturele aard van die jeug in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In wese word al die opdragte wat die Deputate Jeugsorg in die verlede gehad het geskuif na die werksaamhede van *Kruispad* as jeugkantoor van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vergelyk GKSA, 2006:377-378). Die jeugkantoor staan egter onder die toesig van die Deputate Jeugsorg en Kruispad wat moet toesien na die effektiewe funksionering van die jeugkantoor (GKSA, 2009:333).

#### **4.1.2.6 Gevolgtrekking**

Wanneer daar dus na die ontwikkeling van die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gekyk word, word die doel van die werksaamhede duidelik. Tydens die 13 jaar wat bestudeer is, word die opdragte van die Deputate Jeugsorg gereeld aangepas, maar telkens bly die kern of die wese van hierdie opdragte dieselfde: die toerusting van die jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om hulle roeping in die koninkryk van God te vervul.

Hierdie toerusting het op verskillende maniere plaasgevind, maar die belangrikste van al hierdie maniere is dat die toerusting telkens kontekstueel-relevant tot die jeug moet wees. Nie net die toerusting van die jeug nie, maar ook die bediening van die jeug moet op só 'n wyse ingeklee word dat dit die jeug in hulle onderskeie kontekste aanspreek en laat groei.

Die toerusting was en is egter nie net gefokus op die vervulling van die roeping van die jong gelowige in die koninkryk van God nie, maar ook op die ontwikkeling van jong leiers om sodoende ook die res van die jeug in die plaaslike gemeentes toe te rus.

Wanneer daar dus vervolgens gekyk gaan word na die algemene opvatting van die dooplidmate (13 tot 18 jaar), gaan dit belangrik wees om te probeer bepaal tot in watter mate hierdie doel bereik is. Daar gaan dus bepaal moet word of hierdie jongmense leiding in die plaaslike gemeente sal kan neem, of hierdie jongmense groei in hulle verhouding met God, of die jongmense toegerus is om hulle roeping in die koninkryk van God te vervul en of hierdie jongmense hulle geloof op 'n kontekstueel-relevante manier kan uitleef.

## **4.2 Die algemene opvatting onder die dooplidmate (13 tot 18 jaar) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, oor geestelike groei en dissipelskap.**

### **4.2.1 Metodiek gevolg vir die empiriese navorsing onder die dooplidmate (13 tot 18 jaar).**

Alhoewel hierdie studie gerig is op die jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, fokus hierdie empiriese studie op 'n bepaalde groep, naamlik die jeug tussen die ouderdomme 13 tot 18. Soos reeds vermeld onder 4.1 is hierdie groep jongmense die lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat hulle self midde-in die veranderende tye van die nuwe Suid-Afrika bevind.

Om hierdie studie egter effektief aan te pak, is dit nodig om 'n verdere toespitsing te maak. Vir hierdie doeleindes is daar gefokus op die jeug in hierdie bepaalde ouderdomsgroep wat hulle self in klassis KwaZulu-Natal-Noord bevind.

Die rede hiervoor is dat hierdie klassis uit vier wit kerke en vier swart kerke, uit die voormalige sinode Middellande, bestaan, naamlik Gereformeerde Kerke Vryheid, Ladysmith-Glencoe kombinasie, Newcastle, Empangeni, Ekwandeni, Munywana, Kwa Ndindindi en iSandlwana. Verder is die kerke in hierdie klassis redelik eweredig versprei tussen landelike, plattelandse en stedelike kontekste. Die voertaal in die wit



kerke is oorwegend Afrikaans, terwyl die voertaal in die swart kerke Engels is. Engels is egter `n tweede taal vir die meeste van die katkisanter en om hierdie rede is die vraelyste so eenvoudig as moontlik bewoord.

Deurdar daar dus op hierdie kerke in hierdie klassis gefokus word, is die empiriese navorsing gebalanseerd wat herkoms, konteks, getalle en dies meer betref. Op hierdie manier kan daar dus `n meer holistiese aanslag tot hierdie studie gebied word.

Die data van die empiriese navorsing is bekom deur middel van vraelyste wat na die verskillende gemeentes versend is. Hierdie vraelyste bestaan uit geslote vrae met twee verskillende vraagformate na aanleiding van die bevindings van die basisteoretiese bevindings van hierdie studie (vergelyk Erasmus, 2001:87). Die een formaat vra van die dooplidmaat (in die empiriese navorsing ook verwys na "katkisant" of "respondent") om `n keuse tussen vyf moontlike antwoorde te maak terwyl die ander formaat die dooplidmaat vra om `n selfstandige antwoord te gee. Voorbeelde van hierdie vraelyste, een in Afrikaans en een in Engels, is ingesluit by hierdie studie onder "Addendums".

Met die verwerking van die data van die empiriese navorsing, is daar gefokus op ouderdomsgroepe. Hiermee word bedoel dat die dooplidmate van ouderdomme 13 en 14 as `n eenheid hanteer word, ouderdomme 15 en 16 as `n aparte eenheid en ouderdomme 17 en 18 as `n aparte eenheid. Daar was egter `n aantal vraelyste wat terug ontvang is waarop die ouderdom van die dooplidmaat nie aangedui is nie. Die inligting wat uit hierdie vraelyste gekom het, gaan egter nie net weggelaat word nie, maar gaan as `n aparte groep op sy eie geëvalueer word. Op hierdie manier kan bepaal word tot in watter mate daar ontwikkeling oor `n tydperk by die verskillende dooplidmate plaasvind.

Met betrekking tot die aspek van kontekstuele relevantheid gaan elkeen van hierdie ouderdomsgroepe onderverdeel word in drie kontekste, naamlik "plattelands", "landelik" en "stedelik". Met "plattelands" word daar verwys na gemeentes wat hulle hoofsaaklik in `n kommersiële boerdery gemeenskap bevind. Met "landelik" word daar verwys na gemeentes wat hulle self in `n konteks van bestaansboerdery bevind

en waar daar bykans geen tegnologiese ontwikkeling bestaan nie. Met “stedelik” word daar weer na gemeentes verwys wat hulle self hoofsaaklik in `n korporatiewe samelewing bevind en waar die nuwe tegnologiese ontwikkelings aan almal redelik bekend is.

Met die verwerking van die data het dit egter duidelik geword dat nie elkeen van hierdie betrokke kontekste in elke jaargroep aanwesig is nie. Waar hierdie tendens egter voorkom gaan die betrokke gedeelte in die tabel leeg gelaat word om sodoende aan te dui dat daar in hierdie verband geen bevindings gemaak kon word nie.

Daar is reeds vermeld dat die vrae van die vraelyste opgestel is na aanleiding van die basis-teoretiese bevindings van die studie. Om hierdie rede gaan die bevindings by elke ouderdomsgroep opgedeel word in drie verskillende aspekte, naamlik Kerk, Koninkryk en Dissipelskap en laastens Kategese.

#### **4.2.2 Bevindings van die empiriese navorsing onder die dooplidmate tussen die ouderdomme 13 tot 18.**

##### **4.2.2.1 Samestelling van die toegespitsde groep dooplidmate**

Vanuit hierdie hele klassis is `n totaal van 30 vraelyste terug ontvang. Die verspreiding tussen die verskillende ouderdomsgroepe kan soos volg uiteengesit word:

	Vraelyste in Afrikaans	Vraelyste in Engels
Totale aantal vraelyste uitgestuur	24	50
Totale aantal vraelyste terug ontvang:		
13-14 jarige ouderdom	9	0
15-16 jarige ouderdom	2	1
17-18 jarige ouderdom	6	1
Vraelyste waarvan die ouderdom nie aangedui is nie.	1	10

Vanuit die bogenoemde uiteensetting word dit duidelik dat daar `n meer eweredige verspreiding van Afrikaanse vraelyste in die verskillende ouderdomsgroepe is, as wat die geval is met die Engelse vraelyste. Die eenvoudige rede hiervoor is dat die ouderdomme op bykans `n derde van alle vraelyste, wat ingevorder is, nie aangedui is nie en dit om hierdie rede moeilik maak om `n eweredige verspreiding van katkisanter onder die swart kerke te bepaal.

Die bevindings in die groep waarvan die ouderdomme onbekend is, kan egter nie net weggelaat word nie, maar moet op `n manier verdiskonteer word in die bevindings van hierdie studie. Om hierdie rede gaan die bevindings van hierdie groep apart hanteer word, maar gaan dit ook beskou word in die lig van die bevindings van die ander groep.

Persentasie-gewys verteenwoordig die jaargroep 13 tot 14 dus 30%, die jaargroep 15 tot 16 10%, die jaargroep 17 tot 18 23% en die groep waarvan die ouderdomme onbekend is `n volle 37%.

Wat demografiese verspreiding van die dooplidmate betref, kan daar gestel word dat 60% van die respondente in plattelandse en stedelike gebiede woon, terwyl 40% in die landelike gebiede van KwaZulu-Natal woon.

Alhoewel daar dus nie `n presiese eweredigheid in die getalle bestaan nie, is hierdie vraelyste redelik verteenwoordigend van die totale groep wat genader is. Wat egter ontstellend is, is die totale terugvoer wat ontvang is. Van die 50 Engelse vraelyste wat uitgestuur is, is slegs 12 terug ontvang, `n terugvoer persentasie van slegs 24%. Die terugvoer persentasie onder die Afrikaanssprekende dooplidmate was egter heelwat hoër. Altesaam 18 vraelyste van die 24 wat uitgestuur is, is terug ontvang. Dit is dus `n terugvoer persentasie van 75%.

Die redes waarom die terugvoer vanaf die swart kerke só laag is, is mondelings deur een van die predikante aan die navorser bevestig. Baie van die dooplidmate woon nie gereeld katechese by nie en hulle het die vraelyste ontvang tydens die Junie/Julie vakansie van 2010. Die gevolg hiervan was dat die predikante nie die vraelyste by al

die dooplidmate kon besorg en terug ontvang nie. Al die vraelyste wat wel in die hande van die predikante was, is aan die navorser terug besorg.

Vervolgens gaan daar na die bevindings van die onderskeie groepe gekyk word.

#### **4.2.2.2 Die bevindings onder die ouderdomsgroep 13 tot 14**

##### **4.2.2.2.1 Kerk**

Om die algemene opvatting onder die jeug, rakende die kerk, te bepaal is die volgende twee vrae gestel:

- a) Hoe betrokke is die gemeente, waarvan jy deel is, in jou vorming as 'n Christen?
- b) Voel jy dat jy nou reeds deel van die gemeente is en dat jy saam met die gemeente groei in jou verhouding met Jesus Christus?

Elkeen van hierdie vrae het vyf verskillende antwoorde gehad waarvan die betrokke dooplidmaat een moes kies. Vergelyk die vraelyste in die addendum om die verskillende opsies van die betrokke vrae te kry.

Die bevindings rakende die vraag oor hoe betrokke die gemeente in die vorming van die dooplidmaat is, was soos volg:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		Die gemeente is redelik betrokke, maar die dooplidmate sal dit waardeer indien die gemeente meer betrokke sou wees.	Die gemeente is reeds baie betrokke in die vorming van die dooplidmate, maar die dooplidmate sal dit waardeer indien daar nog meer betrokkenheid is.

Die bevindings rakende die vraag oor of die dooplidmate deel van die gemeente voel, het die volgende resultate opgelewer:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		Die dooplidmate voel dat hulle tot `n redelike mate deel is van die gemeente.	Die gemiddelde antwoord is dat die dooplidmate tot `n redelike mate deel van die gemeente voel.

Wat bostaande bevindings betref is daar `n interessante tendens wat die dooplidmate in die stedelike gebiede betref. In totaal is daar vyf dooplidmate wat hulle in stedelike gebiede bevind. Van hierdie vyf lidmate het drie aangedui dat hulle tot `n redelike mate deel van die gemeente voel. Een het aangedui dat hy totaal en al deel van die gemeente voel terwyl die laaste respondente nie regtig deel voel van die gemeente nie. Beide die katkisanter, die katkisanter wat heeltemal deel voel van die gemeente en die katkisanter wat nie regtig deel voel van die gemeente, is in dieselfde gemeente. Die verskil van betrokkenheid lê dus nie noodwendig te vinde in die aanslag van die gemeente tot jeugbediening nie, maar in die katkisanter se houding teenoor die gemeente.

Dit is belangrik om in hierdie studie te onthou dat die dooplidmate self ook `n verantwoordelikheid het in verband met sy en die gemeente se betrokkenheid met mekaar. Wat hiermee bedoel word, is dat die katkisanter nie kan verwag dat hy deel moet voel van die gemeente as hy of sy nie self deelneem aan die gemeentelike aktiwiteite nie.

Vanuit die bogenoemde bevindings word dit dus duidelik dat beide die dooplidmate in die plattelandse en stedelike gebiede voel dat hulle tot `n redelike mate deel van die gemeente is. Hierdie selfde sentiment word beleef aangaande die betrokkenheid van die gemeente by kategetese. Teenoor hierdie situasie spreek die dooplidmate dan ook die begeerte uit dat die gemeentes meer betrokke moet wees in die vorming van

die katkisanter as Christene. Dit is die mening van die navorser dat indien die gemeente meer betrokke is by die vorming van die katkisanter, en indien hierdie vorming op alle vlakke van die kerklike lewe gaan plaasvind, die katkisanter al hoe meer deel gaan voel van die gemeente (vergelyk Nel, 1998:66-67).

#### **4.2.2.2.2 Koninkryk en Dissipelskap**

Die eerste vraag wat as deel van hierdie gedeelte van die empiriese navorsing gevra is, was hoeveel die dooplidmate voel hy in sy verhouding met Jesus Christus deur die katkisasie gegroei het. Hierdie vraag het dus beide aspekte van dissipelskap en katkisasie oorskry, maar siende die hipotese van hierdie studie word hierdie vraag juis onder die aspek wat oor die koninkryk van God en dissipelskap handel, behandel.

Nadat die verskillende persentasies, soos deur die dooplidmate verskaf, bymekaar getel en deur die aantal dooplidmate in daardie spesifieke konteks verdeel is, is die volgende persentasie bevinding gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		`n Persentasie groei van 68.75% is aangedui.	`n Persentasie groei van 63% is aangedui.

Vanuit bogenoemde bevinding is dit duidelik dat die katkisanter in die plattelandse konteks persoonlik voel dat hulle meer in die geloof gegroei het as wat die katkisanter in die stedelike konteks voel. Wat die werklike omvang van hierdie geloofsgroei is sal eers bepaal kan word wanneer daar gekyk word na die mening van die kategete oor die geloofsgroei van die katkisanter. (Vergelyk 4.3.2.2.2 vir hierdie doeleindes)

Nadat die bogenoemde geloofsgroei bepaal is, is daar gevra na die mening van die katkisanter oor wie of wat hulle dink `n dissipel is. Die volgende interessante bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		75% is oortuig dat dit iemand is wat Christus se helper is, terwyl 25% van die oortuiging is dat `n dissipel iemand is wat deur Christus gekies is om sy Woord te versprei aan ongelowiges	60% is oortuig dat `n dissipel iemand is wat God se Woord verkondig, 20% is oortuig dat dit iemand is wat in God glo. Die oorblywende 20% is oortuig dat dit iemand is wat saam met Christus getrek het om mense van God te vertel.

Vanuit hierdie bevindings is dit opvallend dat 75% van die katkisanter in die plattelandse konteks, en dus 33% van die totaal van katkisanter, dissipels bloot as Christus se helpers sien, terwyl 45% `n dissipel slegs as iemand sien wat God se Woord verkondig. Dit is skokkend dat slegs 11% van alle katkisanter dissipelskap aan geloof in God gekoppel het en geen een van die katkisanter het enige persoonlike verhouding met God aan dissipelskap gekoppel nie!

Wanneer hierdie bevindings vergelyk word met die bevindings van die eerste vraag, naamlik hoeveel die katkisanter in sy verhouding met Christus gegroei het tydens die laaste kwartaal se katkisasie, is daar dus `n duidelike weerspreking. Alhoewel die katkisanter aandui dat hulle redelik in hulle verhouding met Jesus Christus gegroei het, dui geen een van die katkisanter `n persoonlike verhouding met Christus aan met betrekking tot die definisie van `n dissipel nie. `n Moontlike oorsaak van hierdie tendens kan wees dat die katkisanter nie `n grondige kennis het oor wie of wat `n

dissipel is nie. Soos gestel is, is hierdie slegs 'n moontlikheid en sal dit eers duidelik word soos wat daar verder deur die empiriese navorsings gewerk word.

Om die begrip van die katekisasië in verband met die koninkryk van God en dissipelskap te bepaal, is daar gevra of die katekisasië, met die kennis wat hy of sy nou het, die evangelie aan iemand kan kommunikeer indien hy of sy deur daardie persoon gekonfronteer word. Die rede waarom spesifiek hierdie vraag gevra is, is omdat daar tydens die basis-teoretiese ondersoek bevind is dat 'n belangrike komponent van dissipelskap gerig is op die uitdra van die evangelie om sodoende die koms van die koninkryk van God te verkondig.

Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		In hierdie konteks het almal aangedui dat hulle heel moontlik die evangelie aan iemand sal kan kommunikeer indien iemand hulle daarmee konfronteer.	20% van die katekisasië het gestel dat hulle verseker met iemand die evangelie sal kan deel. 60% van die katekisasië voel dat hulle heel moontlik die evangelie met iemand sal kan deel. 20% van die katekisasië twyfel of hulle die evangelie sal kan deel.

In bogenoemde bevindings word dit duidelik dat die katekisasië tot 'n redelike mate van sekerheid die evangelie aan ander mense sal kan kommunikeer. In totaal is dit slegs 11% wat twyfel of hulle dit wel sal kan doen, terwyl 78% aangedui het dat hulle heel moontlik die evangelie aan ander mense sal kan kommunikeer. Daar moet onthou word dat hierdie jaargroep uit 13- en 14-jariges bestaan en dit sal dus insiggewend wees om te sien hoe hierdie getal gaan fluktueer onder die ander jaargroepe.



’n Wesentlike deel van dissipelskap in die koninkryk van God is volhoubare geloofsgroei. Om hierdie rede is daar aan die kerkisante gevra of hulle ooit op ’n stadium gaan kom waar dit vir hulle nie meer nodig gaan wees om in die geloof te groei nie. Die volgende bevindings het na vore gekom:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		Al die respondente in die plattelandse samelewing voel dat hulle nooit sal ophou om van Christus te leer nie.	40% van die kerkisante voel dat hulle nooit sal ophou om meer van Christus te leer nie, terwyl 60% van die kerkisante voel dat hulle nooit sal ophou om van Christus te leer nie, alhoewel hulle daarvoor twyfel.

Alhoewel 66% van die totale getal kerkisante in hierdie jaargroep voel dat hulle nooit sal ophou om in die geloof te groei nie, is daar 44% wat daarvoor twyfel. Die navorser is egter van mening dat hierdie bevinding nie nou reeds al problematies vir die kerk moet wees nie, maar dat daar gekyk moet word of dit nie ’n tendens onder die dooplidmate vorm nie. Indien hierdie bevindings wel ’n tendens vorm, gaan daar daadwerklik gewerk moet word aan die konsep van volhoubare geloofsgroei onder die dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die voorafgaande vraag is opgevolg deur ’n vraag wat soek na die motivering van die antwoorde van die kerkisant op die voorafgaande vraag: of die kerkisant ooit op ’n punt sal kom waar dit nie meer nodig is om van Christus te leer nie. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
--	-----------	----------------------	-------------------

	gebiede		
Bevinding		Al die antwoorde van die respondente het gestel dat die mens nooit alles van God sal weet nie en om hierdie rede moet die gelowige aanhou om meer van Christus te leer.	Al die antwoorde wat die respondente verskaf het, wys daarheen dat geen persoon ooit alles oor God sal weet nie en om hierdie rede moet die persoon aanhou om meer van God te leer tot op jou sterwensdag.

Een van die respondente het `n besondere antwoord gegee, wat die navorser graag wil uitlig. Woordeliks kan die antwoord soos volg aangehaal word: “Dit sal nie gebeur nie, want `n mens het Christenskap nodig. Anders lewe jy in sonde en ellende.” In hierdie beredenering tref die respondent dus `n verhouding tussen Christenskap en volhoubare groei in kennis en geloof (vergelyk Hebreërs 11:1 en Heidelbergse Kategismus, Sondag 7). Een van die besondere komponente van dissipelskap, wat in die basis-teoretiese ondersoek bevind is, word dus hier deur `n respondent uitgelig. Hierdie komponent is deurgaanse groei in jou verhouding met God deur groei in kennis van God.

Die laaste vraag wat oor die koninkryk van God en dissipelskap gehandel het, was die vraag oor wat die koningskap van Christus vir die kerk beteken. Hierdie vraag is juis gevra omdat dissipelskap die koninkryk van God, met Christus as die Koning, ten doel het. Vanuit die empiriese ondersoek gedoen in 4.1.1 is dit ook duidelik dat daar in die kategetiese besondere klem op die koninkryk van God moet wees. In hierdie verband is die volgende bevinding gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		100% van die kerklieders se antwoorde het daarop gefokus dat Christus ons help in moeilike	60% van die kerklieders het die koningskap van Christus direk en uitsluitlik gekoppel aan die regering

		omstandighede. Slegs 25% van die respondente het die koningskap van Christus verder ook aan die regering van Christus oor die gelowiges gekoppel, terwyl nog 25% die koningskap van Christus gekoppel het aan leiding wat God aan die gelowige gee.	van Christus oor die gelowige. 20% van die katkisanter het die koningskap van Christus gekoppel aan die voorsienigheid van God – dat God aan die gelowige alles voorsien wat die gelowige nodig het. 20% van die katkisanter het die koningskap van Christus gekoppel aan hulp wat Christus in moeilike tye gee.
--	--	---	--

In bogenoemde bevindings word dit duidelik dat 56% van die katkisanter die koningskap van Christus bloot koppel aan hulp wat Christus aan die gelowige kan gee. Slegs 33% het die regering van Christus gekoppel aan 'n lewe volgens die wil van God, gehoorsaam aan die Koning terwyl slegs 11% die koningskap van Christus gekoppel het aan die voorsienigheid van God. Hierdie bevinding is ontstellend wanneer die bydrae van Blake (2010) oor die Amerikaanse Christen-tieners in gedagte gehou word. Volgens hierdie bydrae van Blake is daar 'n groot aantal tiener gelowiges in Amerika wat uitsluitlik die koningskap van Christus koppel aan die oplossing vir persoonlike probleme. Blake (2010) dui aan dat 'n hele aantal geleerdes hierdie vorm van geloof 'n verdraaide Christenskap noem waarin die geloof uitsluitlik gaan oor die voorspoed en geluk van die mens.

Indien die bevinding nie net beperk is tot hierdie jaargroep nie, maar in wese 'n tendens is onder al die katkisanter, sal daar daadwerklike veranderinge gemaak moet word. Nie net die siening van die dooplidmate nie, maar ook die inhoud van alle leerstof in die kerk sal onder die loep geneem moet word om te bepaal tot in watter mate hierdie boodskap van 'n "probleem-oplos" Koning al posgevat het onder die lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

#### 4.2.2.2.3 Kategese.

Onder die kategorie, wat handel oor die siening van die katekiseer oor katekese, is daar slegs twee vrae aan die katekiseer gestel. Die eerste vraag wat in verband met katekese gevra is, het handel oor die doel van katekese. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		<p>50% van die katekiseer het aangedui dat die doel van katekese is om die katekiseer meer oor die geskiedenis van God te leer.</p> <p>25% van die katekiseer het aangedui dat die doel van katekese is om die gelowige meer van God te leer en 'n beter Christen te maak.</p> <p>25% van die katekiseer het aangedui dat die doel van katekese is om die katekiseer voor te berei om die beste Christen moontlik te wees.</p>	<p>80% van die katekiseer in hierdie jaargroep het aangedui dat die doel van katekese is om die kind meer van God te leer.</p> <p>20% van die katekiseer het aangesluit by die bogenoemde standpunt, maar het vermeld dat hierdie onderrig buite die erediens "op 'n makliker manier" plaasvind (direkte aanhaling vanaf vraelys).</p>

In bogenoemde bevindings word dit duidelik dat 67% van die katekiseer aangedui dat die doel van katekese uitsluitlik is om die katekiseer meer van God te leer. 22% het aangedui dat die doel van katekese is om die katekiseer meer oor die geskiedenis van

God te leer terwyl die oorblywende 11% aangedui het dat die doel van kategeese is om die katkisant `n 'beter' Christen te maak.

Dit is kommerwekkend dat geen van katkisante hoegenaamd enige groei in `n persoonlike verhouding met God kan sien as die doel van kategeese nie. Hierdie bevinding gaan weer eens, soos baie van die ander bevindings, deurgaans gemonitor moet word om te bepaal of hierdie nie dalk ook `n tendens onder die katkisante vorm nie.

Die laaste vraag wat aan hierdie jaargroep gestel is, was of hulle dink dat die huidige vorm van kategeese die beste metode tot geloofsgroei is. Hulle moes ook `n rede verskaf vir waarom hulle juis hierdie siening koester. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding		<p>75% van die katkisante in hierdie jaargroep het aangedui dat hierdie metode van geloofsgroei die beste is, sonder om enige rede te verskaf vir hierdie siening.</p> <p>25% van die katkisante het gestel dat hierdie manier van geloofsgroei die beste is. Hierdie respondent het egter aangedui dat daar meer fokus geplaas moet word op die verhouding van die katkisant met God en of die katkisant se verhouding met God "up</p>	<p>60% van die katkisante in hierdie jaargroep het aangedui dat hierdie vorm van geloofsgroei deur kategeese die beste manier is, sonder dat daar enige redes vir hierdie siening verskaf is.</p> <p>20% van die katkisante het aangedui dat hierdie manier die beste is, maar dat die verskillende lesse meer uitgebrei kan word.</p> <p>Slegs 20% van die katkisante het aangedui dat hierdie manier van kategeese die beste is, aangesien die inhoud daarvan</p>

		to date is” is (direkte aanhaling vanaf vraelys).	kontekstueel-relevant tot die katekisasie is.
--	--	---	---

Uit bogenoemde bevindings word dit duidelik dat min van die katekisasie werklik 'n rede kan verskaf vir hoekom die huidige vorm van katekiese die beste metode is, alhoewel almal instem dat dit is. Daar word egter twee opmerkings gemaak wat volgens die mening van die navorser nie oor die hoof gesien kan word nie en dit is dat die inhoud van die katekisasie meer kontekstueel-relevant tot die leefwêreld van die katekisant moet wees en dat daar meer aandag gegee moet word aan geloofsekerheid en die persoonlike verhouding van die katekisant met God.

#### **4.2.2.2.4 Gevolgtrekking**

In die bostaande bevindings onder die jaargroep 13 tot 14 word dit duidelik dat daar 'n aantal positiewe aspekte is, maar dat daar 'n hele aantal aspekte is waaraan daar daadwerklik aandag gegee sal moet word, indien hierdie bevindings nie net bevindings nie, maar ook tendense is.

Dit is positief dat meer as 60% van die katekisasie van mening is dat hulle gedurende die afgelope kwartaal in die geloof gegroei het en dat die katekisasie al reeds tot 'n redelike mate deel voel van die gemeente. Hierdie is baie positiewe aspekte waarop die kerke in hulle benadering tot jeugbediening verder kan bou. Laastens is dit ook positief dat die oorgrote meerderheid van die katekisasie dit betwyfel dat mens ooit moet ophou groei in die geloof.

Wat egter baie kommerwekkend is, is dat daar nie werklik enige tekens van 'n persoonlike verhouding met God by hierdie katekisasie bestaan nie. Daar is min van die katekisasie wat geloof in God koppel aan 'n persoonlike verhouding met God en daar is net so min katekisasie wat die koningskap van Christus koppel aan Christus se regering oor die gelowige en die gehoorsaamheid van die gelowige aan Christus. Verder is dit kommerwekkend dat die meerderheid van die katekisasie in hierdie jaargroep geloof en die koningskap van Christus as 'n kruk vir probleme sien. Hierdie bevinding sal beslis deurgaans gemonitor moet word.

Vervolgens gaan daar gekyk word na die bevindings wat daar onder die ouderdomsgroep 15 tot 16 gemaak is.

#### **4.2.2.3 Die bevindings onder die ouderdomsgroep 15 tot 16**

In hierdie ouderdomsgroep was daar slegs een dooplidmaat wat uit die landelike gebied gekom het, een wat uit 'n plattelandse gebied gekom het en twee wat uit 'n stedelike gebied gekom het. In totaal was daar dus slegs 4 katkisanter wat in hierdie ouderdomsgroep geval het.

Met die verwerking van die vraelyste het dit egter duidelik geword dat die sienings wat onder die katkisanter bestaan grotendeels ooreenstem, ongeag die konteks waarin die katkisant hom- of haarself bevind. Om hierdie rede gaan hierdie vier katkisanter as een groep hanteer word. Die volgende bevinding is uit die vraelyste gemaak:

##### **4.2.2.3.1 Kerk**

Soos vermeld, is die eerste vraag wat aan die katkisanter gevra is, die vraag oor hoe betrokke die gemeente is in hulle vorming as gelowiges. Die volgende bevinding in hierdie verband is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Die katkisanter voel dat die gemeente baie betrokke is, maar erken dat 'n groter mate van betrokkenheid deur die gemeente waardeer sal word.

Vanuit hierdie bevinding wil dit voorkom of die verskillende gemeentes in die verskillende kontekste reeds betrokke is by die vorming van die katkisanter. Die bevinding onder die katkisant in die plattelandse gemeente wys 'n moontlike verskil van die gevoel onder die katkisanter in die jaargroep 13 tot 14 in dieselfde konteks. Onder die vorige jaargroep was die algemene gevoel dat die gemeente nie baie betrokke is nie, maar dat daar wel van tyd tot tyd 'n ekstra geleentheid vir geloofsgroei gebied word.

Daar moet egter uitgewys word dat hierdie slegs `n moontlike verskil is. Die aantal katkisanter in hierdie jaargroep in die plattelandse konteks maak dit onmoontlik om enige vaste, wetenskaplike bevindings te maak.

Die bevinding van die navorsing onder die katkisanter in hierdie jaargroep stem grotendeels ooreen met die bevinding onder die katkisanter in die vorige jaargroep, alhoewel die jaargroep vir 15- tot 16-jariges effens meer oortuig is van die gemeentese betrokkenheid by hulle vorming as `n Christen.

Die bogenoemde bevinding, rakende die betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die katkisanter, word weerspieël in die bevinding rakende die vraag of die katkisanter deel voel van die gemeente.

Die bevinding rakende die vraag oor of die dooplidmate deel van die gemeente voel, het die volgende resultate opgelewer:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede.
Bevinding	Die katkisanter voel dat hulle tot `n meerdere mate reeds deel vorm van die gemeente.

Die enigste verskil tussen bogenoemde bevinding en die bevinding oor dieselfde vraag in 4.2.2.2.1 is dat die katkisanter van hierdie jaargroep in die stedelike gebiede nog meer deel voel van die gemeente as die katkisanter van die vorige jaargroep in dieselfde konteks.

In die vorige jaargroep was daar nie enige katkisanter in die landelike konteks waarvan daar enige terugvoer ontvang is nie. Om hierdie rede gaan die bevinding in hierdie jaargroep, rakende al die vrae, gebruik word as `n moontlike verwysingspunt van waar daar na die bevindinge in die ander jaargroepe gekyk kan word. Die navorsers wil die leser weer eens daarop wys dat geen vaste bevindinge vir een besonderse konteks op grond van hierdie een jaargroep gemaak kan word nie, omdat die aantal respondente net eenvoudig té min is. Die katkisanter in die landelike gebiede voel dan ook heeltemal deel van die gemeente.



#### 4.2.2.3.2. Koninkryk en Dissipelskap

Die eerste vraag wat aan hierdie jaargroep gevra is, rakende die koninkryk van God en dissipelskap, is hoeveel die dooplidmate voel hy of sy in hulle verhouding met Jesus Christus gegroei het na die afgelope kwartaal se kerkisasie. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	75%

In hierdie jaargroep is dit verblydend om te sien dat die gemiddelde persentasie groei hoër is as die persentasie groei wat by die vorige jaargroep se onderskeie kontekste aangedui is. Die groei onder die kerkisante, in die jaargroep 13- tot 14-jariges, in die plattelandse konteks was nagenoeg 63% teenoor hierdie jaargroep se gemiddelde persentasie groei van 75%.

’n Soortgelyke verskynsel word opgemerk onder die kerkisante in die stedelike gebiede, waar die persentasie groei vir die jaargroep 13- tot 14-jariges slegs 68,75% was teenoor die gemiddelde persentasie groei van 75% vir die kerkisante in die jaargroep 15- tot 16-jariges. Wat uit bogenoemde resultate dus duidelik word, is dat die kerkisante in die stedelike konteks ’n bestendige geloofsgroei beleef van jaargroep tot jaargroep, terwyl die kerkisante in plattelandse konteks ’n meer progressiewe geloofsgroei van jaargroep tot jaargroep beleef. Die wetenskaplike houdbaarheid van hierdie moontlike bevinding sal egter eers na vore kom wanneer al die bevindinge onder al die jaargroepe en in alle kontekste in oënskou geneem word.

Die volgende vraag wat aan hierdie jaargroep gevra is, is wie of wat ’n dissipel volgens die kerkisante is. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Die kerkisante in hierdie jaargroep is van mening dat ’n dissipel iemand is wat in God glo, vir Hom alleen lewe en wat in die diens van God staan deurdat hy of sy die Woord van

Die bevinding onder die jaargroep in die plattelandse konteks stem ooreen met die bevinding rakende dieselfde vraag in die vorige jaargroep deurdat beide van hierdie jaargroepe in dieselfde konteks `n dissipel sien as iemand wat in die diens van God staan.

Die bevinding oor die definisie van `n dissipel onder hierdie jaargroep in die stedelike konteks verskil aansienlik van die definisie wat gegee is deur die vorige ouderdomsgroep in dieselfde konteks. In die vorige jaargroep het slegs 20% van die katekisasie in hierdie konteks `n dissipel gesien as iemand wat in God glo, terwyl al die katekisasie in hierdie jaargroep `n dissipel sien as iemand wat in God glo.

Volgens hierdie jaargroep is die verkondiging van God se Woord deur `n gelowige deel daarvan om `n dissipel te wees. In hierdie opsig is dit dus duidelik dat daar definitiewe groei plaasvind onder die katekisasie rakende dissipelskap en is `n dissipel nie meer net iemand wat in die tyd van Christus geleef het nie, maar iemand wat aktief die Woord van God uitdra omdat die persoon in God glo.

Onder die katekisasie in die landelike konteks is iets besonder bevind. Hier word daar vir die eerste keer gevind dat die katekisasie homself met `n dissipel identifiseer. Die katekisasie verskaf ook `n rede vir sy antwoord, naamlik dat hy `n dissipel is omdat hy vir God lief is en daarvan hou om saam met die gemeente te vergader. In die antwoord van hierdie katekisasie hoor ons weer eens iets besonder wat reeds met die basis-teoretiese ondersoek bewys is, naamlik dat liefde vir God en liefde vir jou naaste die wese van dissipelskap uitmaak.

Dit is egter noodsaaklik dat die navorser die leser daarop wys dat hierdie een siening nie as `n vaste tendens geag kan of moet word nie. Wat hierbo gegee word, is die algemene stand van sake, sodat wetenskaplik-volhoubare bevindings gemaak kan word. Op grond hiervan word hierdie een siening nie uitgesonder nie, maar deur die navorser berekend uitgelaat. Hierdie enkele siening word egter wel in berekening gebring wanneer die finale bevinding geformuleer word.

Uit die volgende vraag wat gevra is: Sal die katkisant, met die kennis wat hy of sy nou het, die evangelie aan iemand kan kommunikeer indien hy of sy deur daardie persoon gekonfronteer word? is die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie jaargroep dui aan dat hulle beslis met iemand `n evangeliserende gesprek sal kan voer, maar dat dit wonderlik sal wees om meer toerusting in hierdie verband te ontvang.

In hierdie jaargroep word daar duidelik deur die katkisant in die plattelandse konteks gestel dat hulle heel moontlik met iemand `n evangeliserende gesprek sal kan aanknoop. Hierdie bevindinge stem ooreen met die bevinding wat daar oor dieselfde vraag in die vorige jaargroep gemaak is.

Die katkisante in die stedelike konteks voel baie meer versekerd van hulle toerusting om met iemand oor die evangelie te praat as die katkisante in dieselfde konteks in die vorige jaargroep. Daar is `n beduidende verbetering in hierdie verband en dit is ook verblydend dat van die katkisante in hierdie jaargroep in `n ekstra nota aangedui het dat hulle meer toerusting in hierdie verband sal waardeer.

Die katkisant in die landelike gebied is vas oortuig dat hy met iemand `n gesprek oor die evangelie sal kan aanknoop indien iemand hom daarvoor sou konfronteer.

Die volgende bevindings het na vore getree toe die volgende vraag aan die katkisante gestel is, naamlik of hulle ooit op `n stadium gaan kom waar dit nie meer vir hulle nodig is om in die geloof te groei nie:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Die katkisante se reaksie was: Nee, beslis nie.

In verband met hierdie vraag is daar ook `n beduidende verbetering wanneer die bevindings met dié van die vorige jaargroep vergelyk word. Hierdie jaargroep in die verskillende kontekste is baie meer daarvan oortuig dat geen mens God se grootheid

kan bepaal nie en om hierdie rede kan geen mens ooit op `n stadium in sy lewe kom waar hy nie meer kan groei in die geloof nie.

Die bevinding van bogenoemde vraag word veral duidelik wanneer die motivering van die bogenoemde antwoorde van die katekisant beskou word. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Die katekisant voel dat mens altyd meer kan leer en om hierdie rede moet mens aanhou om van God te leer.

In die interpretasie van die vorige jaargroep se bevinding rakende volhoubare geloofsgroei het die navorser sy kommer uitgespreek oor daardie spesifieke jaargroep se siening oor geloofsgroei, naamlik dat 44% daarvan oortuig was dat mens dalk wel op `n stadium sou kon kom waar dit nie meer nodig sou wees om in die geloof te groei nie. Daar is toe egter reeds vermaan dat hierdie bevinding nie as `n tendens beskou moet word nie en dat die bevinding van daardie jaargroep eers in die lig van die ander jaargroepe beskou moet word.

Wanneer die bevinding van hierdie jaargroep, die katekisante tussen ouderdomme 15 tot 16, in ag geneem word, blyk dit dat die bevinding onder die jaargroep 13 tot 14 beperk is tot daardie jaargroep en dus nie noodwendig as `n tendens beskou moet word nie. Daar sal egter wel aandag aan hierdie belangrike aspek gegee moet word, indien dit sou blyk dat hierdie selfde bevinding, wat onder die 13- en 14-jariges, ook onder ander jaargroepe gevind word.

Die laaste vraag wat oor die koninkryk van God en dissipelskap gehandel het, was die vraag oor wat die koningskap van Christus vir die katekisant beteken. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katekisante koppel die koningskap van Christus baie

	sterk aan die hulp en beskerming wat God aan die gelowige gee, aan die alomteenwoordigheid van God en liefde wat teenoor God bewys moet word..
--	--

Uit bostaande bevindings word dit weer eens duidelik dat `n beduidende aantal katkisanter die koningskap van Christus oorwegend in die konteks van die gelowige se probleme sien en dat die koningskap van Christus nie in die ander aspekte van die lewe van die gelowige neerslag vind nie. Dit is egter verblydend dat daar wel `n redelike persentasie van die katkisanter is wat die koningskap van Christus in konteks met die verlossing in Christus alleen sien. Die navorser wil dit weer noem dat hierdie standpunt oor die koningskap van Christus, naamlik dat die koningskap net beperk word tot die oplossing van die katkisanter se probleme, deeglik dopgehou moet word om te bepaal of hierdie wel `n tendens is wat duidelik aangespreek sal moet word.

#### **4.2.2.3.3 Kategese.**

Die eerste vraag wat in verband met kategese gevra is, het gehandel oor die doel van kategese. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katkisanter het die doel van kategese uitgedruk as die toename in kennis van God.

By bykans al die katkisanter wat in hierdie jaargroep genader is, het dit duidelik geword dat hulle siening van die doel van kategese uitsluitlik beperk is tot die toename in kennis. Dit is slegs die katkisanter in die stedelike konteks wat die doel van kategese gesien het as die toename van kennis sodat die katkisanter kan groei in sy verhouding met God. Hierdie een katkisanter wat die doel van die kategese koppel aan die groei van die gelowige se verhouding met God, moet egter eerder as `n uitsondering gesien word. Om hierdie rede kan daar ook nie enige vaste bevindings gemaak word op grond van hierdie een katkisanter se siening oor die doel van kategese nie.

Die laaste vraag wat aan hierdie jaargroep gestel is, was of hulle dink dat die huidige vorm van kategeese die beste metode tot geloofsgroei is. Hulle moes ook `n rede vir hulle siening verskaf. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike, plattelandse en stedelike gebiede
Bevinding	Die katekisant in hierdie jaargroep het almal positief geantwoord sonder om enige grondige redes vir hulle antwoord te verskaf.

By hierdie jaargroep vind ons dieselfde bevinding as wat daar gevind is by die vorige jaargroep, naamlik dat daar in die algemeen geen rede verskaf word vir die standpunt wat die katekisant huldig nie. Dit is slegs die katekisant in die landelike konteks wat aandui dat die huidige metode van geloofsgroei deur die kategeese die katekisant in staat stel om sy geloofskennis op `n kontekstueel-relevante wyse toe te pas. Daarteenoor het een van die katekisante in die stedelike konteks wel erken dat daar ander metodes kan wees, maar nie een só spesifieke metode is genoem nie.

#### **4.2.2.3.4 Gevolgtrekking**

By die katekisante in die jaargroep 15 tot 16 is daar `n aantal positiewe en negatiewe bevindings gemaak.

Positiewe bevindings wat gemaak is, is dat die katekisante tot `n groot mate reeds deel van die gemeente voel en dat die katekisante dit beleef dat die gemeentes tot `n groot mate deel in hulle vorming as gelowiges. Dit is ook positief dat daar meer van die katekisante is wat `n persoonlike toespitsing maak oor wat `n dissipel is en dat daar `n groter aantal katekisante is wat voel dat volhoubare en volgehoue geloofsgroei noodsaaklik is. Die bestendige en selfs progressiewe geloofsgroei wat daar tot dusver gevind is, is ook baie positief.

Wat egter kommerwekkend en dus negatief is, is die feit dat die oorgrote meerderheid van die katekisante Christus se koningskap bloot sien as `n kruk vir die gelowige se probleme. Belangrike aspekte van die koningskap van Christus, soos sy

regering oor die heelal, die voorsienigheid van God en die oproep tot gehoorsaamheid, is alles aspekte wat nog nie werklik deel vorm van die siening van die kerkisante oor die koninkryk van God en Christus se koningskap nie.

Dit is ook kommerwekkend dat die kerkisante nog nie die doel van kategetiese persoonlik van toepassing maak nie. Vanuit die bevindinge blyk dit huidiglik dat die doel van kategetiese, vir die kerkisant, is om meer kennis van God in te win en slegs in uitsonderlike gevalle word hierdie kennis in die kerkisant se verhouding met God toegepas.

In die twee jaargroepe wat volg is daar geen kerkisante in die plattelandse konteks wat vraelyste ingedien het nie. Dit beteken dat daar slegs kerkisante vanuit die stedelike en landelike kontekste vraelyste vir die volgende twee jaargroepe ingedien het. Dit beteken egter nie dat bogenoemde `n finale gevolgtrekking is rakende die kerkisante in die plattelandse konteks nie. `n Finale gevolgtrekking sal aan die einde van die studie gegee word, nadat die bevindings van die kategete verwerk en in berekening gebring is.

Vervolgens gaan daar gekyk word na die bevindings onder die ouderdomsgroep 17 tot 18.

#### **4.2.2.4 Die bevindings onder die ouderdomsgroep 17 tot 18**

In hierdie ouderdomsgroep was daar weer eens net kerkisante in twee uit die verskillende kontekste, naamlik in die landelike en die stedelike kontekste. Verder was daar slegs een kerkisant uit die landelike konteks wat geantwoord het, terwyl daar 6 kerkisante in die stedelike konteks was.

Anders as by die jaargroep vir 15- tot 16-jariges is daar egter `n aantal uiteenlopende antwoorde en om hierdie rede kan hierdie twee kontekste nie saam verreken word nie. Verder kan die bevindings wat in die landelike konteks gemaak is nie bloot net buite berekening gelaat word nie, maar moet dit weergegee word. Hierdie bevindings kan egter net as moontlikes gesien word en nie as vaste tendense nie, weens die klein aantal respondente in die landelike konteks wat gereageer het. Om hierdie rede moet ook hierdie bevindings in die lig van die groter geheel beskou word.

Die volgende bevindings is gemaak:

#### 4.2.2.4.1 Kerk

Die bevindings rakende die vraag oor hoe betrokke die gemeente in die vorming van die dooplidmaat is, was soos volg:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katkisant het erken dat die gemeente redelik baie betrokke is, maar dat dit lekker sou gewees het indien die gemeente nog meer betrokke was.		50% van die katkisante het aangedui dat hulle gemeente baie betrokke is by die gemeente. 17% van die katkisante het aangedui dat die gemeente baie betrokke is, maar dat dit lekker sal wees indien die gemeente nog meer betrokke sou wees. 17% het aangedui dat die gemeente nie baie betrokke is nie, maar dat daar wel van tyd tot tyd `n aksie deur die gemeente gehou word. Die oorblywende 16% het geen aanduiding gegee nie.

Wanneer bogenoemde bevindings vergelyk word met die bevindings onder die vorige twee jaargroepe, blyk dit die katkisant in die landelike konteks, in die jaargroep 17 tot 18, voel dat die gemeente minder betrokke is by sy vorming as `n gelowige as wat die geval was by die vorige jaargroep in dieselfde konteks. Hierdie verskyning kan egter verklaar word aan die hand van verskeie faktore, soos die betrokkenheid van die kategeet by die katkisant, die bedieningsplan en –styl van die betrokke gemeente waarin hierdie katkisant hom- of haarself bevind. Selfs die afstand van die katkisant



se huis na die kerkgebou kan `n rol speel (vergelyk Warren, 2005:120-121). Om hierdie rede wil die navorser nie nou reeds `n afleiding in hierdie verband maak nie. Daar sal wel later, tydens die bevindings van die groep waarvan die ouderdomme onbekend is, hierby stilgestaan word.

In die bogenoemde bevindings is dit duidelik dat daar geen katkisanter uit die plattelandse konteks in hierdie jaargroep `n vraelys terug gestuur het nie, en om hierdie rede word daar geen afleiding of gevolgtrekking nou reeds in hierdie verband gemaak nie.

Wat die katkisanter in die stedelike konteks betref is dit opvallend dat die betrokkenheid van die gemeentes by die vorming van die katkisanter deurgaans dieselfde bly by die verskillende jaargroepe. Hierdie bevinding is positief siende dat dit aandui dat daar op `n konstante basis vorming van katkisanter plaasvind in die gemeentes.

Die bevindings rakende die vraag oor of die dooplidmate deel van die gemeente voel, het die volgende resultate opgelewer:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie respondent voel heeltemal deel van die gemeente.		67% van die katkisanter het aangedui dat hulle beslis deel van die gemeente voel. Die oorblywende 33% het aangedui dat hulle in `n meerdere mate deel van die gemeente voel.

Uit bogenoemde bevindings word dit duidelik dat die katkisanter in die landelike konteks heeltemal deel voel van die gemeente. Hierdie bevinding stem ooreen met die bevinding wat in dieselfde verband by die vorige jaargroep gemaak is. Hieruit word dit dus duidelik dat die bevindings uit die vorige vraag, wat betrekking op hierdie konteks het, nie toegeskryf kan word aan die katkisanter se gevoel jeens die

gemeentes of hulle betrokkenheid by die gemeentes nie, maar eerder aan kleiner faktore wat die deurlopende blootstelling aan vorming beïnvloed.

Wat die katekisasie in die stedelike konteks betref, voel die oorgrote meerderheid heeltemal deel van die gemeente, terwyl daar wel 'n aantal is wat net tot 'n redelike mate deel voel van die gemeente. Hierdie bevinding stem grootliks ooreen met die bevinding wat in die vorige jaargroep, met betrekking tot hierdie vraag, gemaak is. Dit verskil egter van die bevinding in die jongste jaargroep, naamlik die katekisasie tussen die ouderdomme 13 en 14. Al die katekisasie in daardie jaargroep het slegs tot 'n redelike mate deel gevoel van die gemeente, terwyl die katekisasie in hierdie jaargroep oorwegend heeltemal deel voel van die gemeente. Om hierdie rede kan daar dus gemeld word dat daar 'n geleidelike groei by die katekisasie te bespeur is in hierdie verband.

Vervolgens gaan daar gekyk word na die bevindings wat gemaak is aangaande die siening van die katekisasie oor die koninkryk van God en dissipelskap.

#### **4.2.2.4.2 Koninkryk en Dissipelskap**

Dieselfde vrae met betrekking tot die koninkryk van God en dissipelskap is aan hierdie katekisasie gevra as wat aan die vorige jaargroepe gevra is. Die eerste vraag wat aan die katekisasie gevra is, het betrekking gehad op die geloofsgroei van die katekisant in die afgelope kwartaal se kategorie. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Die katekisant in hierdie konteks het aangedui dat hy of sy volgens eie mening 75% in sy of haar verhouding met God gegroei het.		Die algehele groei persentasie wat in hierdie konteks aangedui is, is 75%.

Wanneer bogenoemde bevinding vergelyk word met die bevinding by die vorige jaargroepe, word dit duidelik dat die katekisant in die landelike konteks van mening is

dat hy of sy in die afgelope kwartaal minder gegroei het as die katkisante in dieselfde konteks as waarin hy homself bevind, maar wat in `n jonger jaargroep is. Hierdie is dieselfde geval as wat gevind is by die vraag oor die betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die katkisant en om hierdie rede wil die navorser nie nou reeds enige gevolgtrekkings hieroor gemaak word nie.

Wat egter besonders is, is dat die katkisante in die stedelike gebiede `n konstante persentasie groei toon. Wat hiermee bedoel word is dat die katkisante in hierdie jaargroep na eie mening presies dieselfde hoeveelheid in hulle verhouding met Christus gegroei het as die katkisante in die jaargroep voor hulle. Hierdie persentasie is 75% en is `n verbetering op die 68,75% wat by die jaargroep 13- tot 14-jariges gevind is.

Nadat die geloofsgroei oor die laaste kwartaal bepaal is, is daar aan die katkisante gevra oor wie of wat hulle dink `n dissipel is. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katkisant het aangedui dat hy glad nie weet wie of wat `n dissipel is nie.		33% van die katkisante het aangedui dat `n dissipel bloot `n volgeling van Jesus Christus is. 50% van die katkisante het aangedui dat `n dissipel iemand is wat God se Woord verkondig en wat sy of haar totale lewe aan God wy. 17% van die katkisante het aangedui dat `n dissipel `n dienaar van Christus is wat Hom volg en ander mense help.

Wanneer bogenoemde bevindings vergelyk word met die bevindings van die vorige jaargroep is dit teleurstellend om agter te kom dat die katekisant in die landelike konteks minder van 'n idee het van wie of wat 'n dissipel is, as wat die katekisante in die vorige jaargroep het. Hierdie bevinding gaan egter eers vergelyk word met die volgende jaargroep voordat daar enige definitiewe gevolgtrekkings in hierdie verband gemaak word.

Wanneer die bevindings van die katekisante in die stedelike konteks beskou word en dit vergelyk word met die bevindings van die vorige jaargroep, is dit verblydend om te sien dat daar 'n groter persentasie van katekisante in die jaargroep 17- tot 18-jariges is wat 'n dissipel sien as iemand wat 'n persoonlike verhouding met God het. Daar is nogtans 'n redelike aantal katekisante wat 'n dissipel sien as iemand wat die Woord van God verkondig.

Dit is belangrik om hier te stel dat bogenoemde vraag nie 'n definitiewe regte en verkeerde antwoord het nie, maar dat hierdie vraag poog om aan te dui watter komponent van dissipelskap en dissipel-wees vir die katekisante uitstaan. Daar is egter wel een besonderse komponent wat aanwesig moet wees, naamlik die persoonlike verhouding tussen die persoon en God. Dit is verblydend om te sien dat na mate die katekisante ouer raak, hierdie belangrike komponent al hoe meer na vore tree.

Met die basis-teoretiese ondersoek is daar aangedui dat dissipelskap van die gelowige vra om ander mense Christus te dissipels te maak. Om hierdie rede is dit van belang dat daar bepaal moet word of die katekisant 'n evangeliserende gesprek, of 'n gesprek waartydens die waarhede van die evangelie bekend gemaak word, kan voer. Tydens hierdie deel van die empiriese ondersoek, is die volgende bevindings gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katekisant het aangedui dat hy of sy heel moontlik met		64% van die katekisante het aangedui dat hulle verseker met iemand 'n evangeliserende

	iemand `n evangeliserende gesprek sal kan voer.		gesprek sal kan aanknoop. 36% van die katkisanter het aangedui dat hulle heel moontlik `n evangeliserende gesprek met iemand sal kan aanknoop.
--	---	--	--

Vanuit bogenoemde bevindings word dit duidelik dat die katkisant in die landelike omgewing van min of meer dieselfde oortuiging is as die katkisanter in dieselfde konteks, maar wat jonger as hy of sy is. Hierteenoor is die katkisanter in die stedelike konteks meer versekerd daarvan as die katkisanter in dieselfde konteks, maar wat `n jaargroep jonger as hulle is.

Weer eens word dit uit bogenoemde bevindings duidelik dat daar in die algemeen konstante, positiewe groei by die katkisanter plaasvind. Hierdie groei is na die mening van die navorser nie net beperk tot die kennis van die katkisanter nie, maar is ook van toepassing op die verhouding van die katkisanter met God, aangesien die katkisanter in die verskillende kontekste na gelang van ouderdom al hoe meer van `n persoonlike verbintenis met God in geloofsgroei sien.

Tog het die volgende, redelik ontstellende, bevindings na vore getree toe die katkisanter gevra is of hulle ooit op `n stadium gaan kom waar dit nie meer vir hulle nodig is om in die geloof te groei nie:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katkisant het aangedui dat hy of sy heel moontlik op `n stadium gaan kom waar dit nie meer nodig is om nog in die geloof te groei nie.		83% van die katkisanter het aangedui dat hulle beslis nie op `n stadium gaan kom waar hulle kan ophou om in die geloof te groei nie. 17% van die katkisanter het aangedui dat hulle nie dink

			dat mens ooit kan ophou om in die geloof te groei nie.
--	--	--	--

Wat die katkisanter in die stedelike konteks betref word 'n toename in oortuiging gemerk dat die katkisanter dit nooit sal nodig ag om op te hou om in die geloof te groei nie. Die toename in oortuiging word duidelik as daar in gedagte gehou word dat 60% van die katkisanter in die jaargroep vir 13- tot 14-jariges net gedeeltelik oortuig was dat hulle nooit sal ophou groei in die geloof nie. In die jaargroep vir 17- tot 18-jariges het die persentasie vir bogenoemde standpunt tot 'n skamele 17% gedaal, terwyl 83% van die katkisanter daarvan oortuig is dat hulle beslis nie sal ophou groei in die geloof nie. Hierdie verskynsel is werklik verblydend.

Wat egter baie ontstellend is, is die feit dat die katkisanter in die landelike konteks daarvan oortuig is dat hy of sy heel moontlik op 'n stadium nie meer in die geloof gaan groei nie. Hierdie bevinding staan in skille kontras teenoor die bevinding wat by die vorige jaargroep, die katkisanter tussen die ouderdomme 15 en 16, gemaak is. Volgens laasgenoemde jaargroep sal hulle beslis nie ophou om in die geloof te groei nie.

Alhoewel bogenoemde bevinding op sigself ontstellend is, word die rede waarom dit ontstellend is al hoe duideliker wanneer die redes vir die bogenoemde antwoorde verskaf word. Die volgende bevindings is in hierdie verband gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katkisanter het bostaande standpunt ingeneem omdat hy of sy van mening is dat nie alle fasette van die lewe deur jou geloof in God beïnvloed moet word nie en om hierdie		Al die katkisanter is van mening dat geen persoon ooit God ten volle kan ken nie en om daardie rede moet die gelowige aanhou groei in die geloof. 17% van die katkisanter het egter kennis van God

	rede gaan jy op `n stadium kom waar jy alles gaan weet wat nodig is.		gekoppel aan geestelike oorlogvoering. Hiervolgens is Satan besig om “soos `n brullende leeu” (direkte aanhaling vanaf vraelys) iemand te soek om te verslind en dit is deur kennis van God wat die gelowige staande kan bly.
--	--	--	---

Bogenoemde standpunt van die katkisante in die stedelike konteks is in lyn met die antwoorde wat die jonger jaargroepe in dieselfde konteks verskaf het. Tog is daar by hierdie jaargroep die uitbreiding op hierdie standpunt, naamlik dat die groei in sy/haar kennis en verhouding met God die gelowige sal help om staande te bly teen die aanslae van Satan.

Die standpunt wat die katkisant in die landelike konteks verskaf het is kommerwekkend, aangesien dit daarop dui dat die katkisant nie werklik `n begrip het van die koninkryk van God en dat die gelowige binne die koninkryk van God lewe nie. Verder kan hierdie verskynsel toegeskryf word aan `n tradisionele Afrika godsdienst wat nog deels aanwesig is in die katkisant se lewe en dat hierdie katkisant nie hiervan wil afsien nie (vergelyk Mbiti, 1998:150-152). Dit moet egter onthou word dat hierdie slegs die opinie van een katkisant is en dat daar dus nie net op hierdie een katkisant staat gemaak kan word vir `n duidelike bevinding nie. Om hierdie rede is dit van kardinale belang dat die bevindinge van die jaargroep waarvan die ouderdomme onbekend is ook in berekening gebring sal moet word.

Die laaste vraag wat oor die koninkryk van God en dissipelskap gehandel het, was die vraag oor wat die koningskap van Christus vir die katkisant beteken. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
--	-------------------	----------------------	-------------------

Bevinding	Die katkisant het glad nie hierdie vraag verstaan nie en bloot gemeld dat hy of sy in die boodskap van die Bybel glo en om daardie rede só probeer lewe soos wat hy of sy in die Bybel leer.		<p>66% van die katkisante het die koningskap van Christus direk gekoppel aan die versoeningswerk van Christus. Indirek is die koningskap van Christus deur hierdie katkisante ook gekoppel aan lofprysing aan God en die wederkoms van Christus.</p> <p>17% van die katkisante het die koningskap van Christus direk gekoppel aan die onvoorwaardelike liefde van God.</p> <p>17% van die katkisante het die koningskap van Christus gekoppel aan oplossing vir moeilike situasies waarin die gelowige hom of haar mag bevind.</p>
-----------	--	--	--

Die bostaande bevinding, rakende die katkisant uit die landelike konteks, bevestig die aanname wat gemaak is in verband met geloofsgroei, naamlik dat die katkisant nog nie werklik `n begrip het van die koninkryk van God nie. Hierdie standpunt staan weer eens in skrilte kontras met die bevindinge van die jonger jaargroep wat aandui dat die koningskap van Christus vir hulle beteken dat die katkisant moet aanhou om God beter te leer ken en om liever vir God te word.

Die bevinding wat onder die katkisante in die stedelike konteks gemaak is dui weer eens `n progressiewe, konstante groei aan. Waar die koningskap van Christus in die twee jonger jaargroepe meestal oor die beskerming van God gegaan het, wys die koningskap van Christus vir die katkisante in hierdie jaargroep grotendeels op die versoeningswerk van Christus. Slegs 17% van die katkisante in hierdie jaargroep dui



aan dat die koningskap van Christus vir die katkisanse bloot daarvoor gaan dat Christus die katkisanse probleme kan oplos.

Vanuit bogenoemde word dit dus duidelik dat die gevreesde tendens, dat die katkisanse net in God glo omdat Hy hulle met hulle probleme kan help, slegs tot 'n mindere mate posgevat het onder die katkisanse in die stedelike gebiede. Hierdie bevinding moet die kerke egter nie gerus stel nie, maar aanmoedig om die konsep van die koninkryk van God en Christus se koningskap oor die lewe van die gelowige sterker tuis te bring by die katkisanse.

Vervolgens gaan daar gekyk word na die bevindings wat gemaak is rakende kategese:

#### **4.2.2.4.3 Kategese.**

Die eerste vraag wat in verband met kategese gevra is, het gehandel oor die doel van kategese. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Volgens die katkisanse is die doel van kategese om die kind te leer dat hy of sy deel van 'n gemeente moet wees, sodat hulle meer van God kan leer. Die rede hiervoor is dat wanneer jy in God glo, dit met jou goed sal gaan.		50% van die katkisanse het die doel van kategese gekoppel aan die inwinning van kennis oor God. 33% van die katkisanse het die doel van kategese gekoppel aan groei in die katkisanse se verhouding met God, deur die toename van kennis. 17% van die katkisanse het die doel van kategese gekoppel aan die toename in kennis met die groter doel om hierdie kennis met ander

			mense te gaan deel.
--	--	--	---------------------

Weer eens is die bevinding in bogenoemde navorsing nie konstant met die vorige bevindings wat gemaak is in die konteks van die landelike gemeentes nie. Die enigste konstante tussen die antwoord van die katkisant in hierdie jaargroep met die antwoorde van die katkisante in die vorige jaargroep uit dieselfde konteks, is dat toename in kennis van God `n deel van die doel van kategese is. Waar die welvaart van die gelowige in die stedelike konteks na vore gekom het in die aspek van die koningskap van Christus, word dit in die landelike konteks duidelik in die doel van kategese. Bogenoemde stelling is slegs opvallend vir die navorser en moet nie as `n gevolgtrekking geag word nie. Eers wanneer die bevinding in die jaargroep waarvan die ouderdomme onbekend is in berekening gebring is, sal daar tot `n konkrete gevolgtrekking gekom word.

Die konstante groei wat deurgaans nog onder die katkisante in die stedelike konteks opgemerk is, word voortgesit wanneer daar gevra word na die doel van kategese. Daar is `n groter persentasie van die katkisante wat die doel van kategese sien as `n geleentheid waardeur die katkisant kan groei in sy verhouding met God. Alhoewel die toename in kennis nog steeds `n prominente deel vorm, is dit reeds in die basis-teoretiese deel van die studie bewys dat die groei van die gelowige in sy verhouding met God juis gepaard gaan met die groei in kennis van God.

Die laaste vraag wat aan hierdie jaargroep gestel is, was of hulle dink dat die huidige vorm van kategese die beste metode tot geloofsgroei is. Hulle moes ook `n rede verskaf vir waarom hulle juis hierdie siening koester. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hierdie katkisant is van mening dat die huidige vorm van kategese die beste metode is, maar		100% van die katkisante het aangedui dat die huidige metode van kategese die beste is. Die rede vir

	<p>gee nie enige verdere motivering vir sy of haar standpunt nie.</p>		<p>hierdie standpunt verskil egter heelwat:  33% het geen verdere rede aangedui nie.  33% het aangedui dat hierdie metode die katkisant help "om daaglik tyd af te staan vir God" (direkte aanhaling vanaf vraelys).  17% het nie `n rede verskaf nie, maar aangedui dat die laer grade (graad 1 tot 4) dalk op `n meer informele wyse, deur speletjies, geleer moet word.  17% het aangedui dat die enigste leemte wat beleef word, is dat die inhoud van katkisasie nie altyd kontekstueel-relevant aangebied word.</p>
--	---	--	---

Uit bostaande bevinding word dit duidelik dat die huidige metode van kategetiese in die stedelike konteks as moontlik die beste metode geag word, maar dat daar kleiner leemtes is wat gevul kan word. Wat egter opvallend is, is dat daar juis in hierdie konteks uitgewys word dat daar `n gebrek aan kontekstuele relevantheid in die aanbieding van die kategetiese inhoud is, terwyl die kontekstuele relevantheid juis as een van die sterk punte geïdentifiseer is deur jaargroep vir 13- tot 14-jariges. Kontekstuele relevantheid en die aanbieding van die kategetiese inhoud op `n kontekstueel-relevante manier is nie iets wat voor die deur van kategetiese inhoud gelê kan word nie. Die kategeet as onderwyser moet juis vir die katkisant aandui hoekom die inhoud, wat geleer word, kontekstueel-relevant is.

#### **4.2.2.4 Gevolgtrekking**

Die bevindings in hierdie jaargroep is bemoeilik weens die feit dat slegs een katkisant vanuit die landelike konteks sy of haar vraelys terug gestuur het. Die geloofskennis en –volwassenheid van die katkisant in die landelike konteks speel dus `n bepalende faktor in die bevindings en verseker hoegenaamd nie `n weergawe van die algemene situasie of oortuigings nie. Dit beteken egter nie dat die bevindings in hierdie konteks van hierdie jaargroep buite rekening gelaat kan word nie, maar dat hierdie bevindings gesien moet word in die lig van die bevindings wat uit die vorige jaargroep asook uit die volgende jaargroep gemaak gaan word. Eers wanneer hierdie bevindings in die konteks van die groter geheel geplaas word, kan daar `n aantal gevolgtrekkings gemaak word.

Wat die bevindings van hierdie jaargroep in die stedelike konteks betref, is dit insig-gewend dat daar `n konstante groei is wanneer die bevindings van hierdie jaargroep vergelyk word met die bevindings van die jonger jaargroepe. Hierdie konstante groei beteken egter nie dat die gemeentes in die stedelike konteks gerus kan wees nie, maar dat daar nogtans krities na die kategetiese onderrig gekyk moet word.

In die jaargroep waarvan die ouderdomme onbekend is, is daar geen katkisante wat uit `n stedelike konteks kom nie. Dit beteken egter nie dat bogenoemde `n finale gevolgtrekking rakende die katkisante en kategete in die stedelike konteks is nie. `n Finale gevolgtrekking rakende die kategete in die stedelike konteks sal verskaf word aan die einde van die hoofstuk, nadat die bevindings onder die kategete verwerk en in berekening gebring is.

#### **4.2.2.5 Die bevindings van die groep waarvan die ouderdomme onbekend is**

In hierdie jaargroep, waarvan die ouderdomme onbekend is, was daar `n totaal van tien respondente. Hierdie respondente val egter almal in die konteks vir landelike gebiede. Om hierdie rede dat die kontekste “plattelandse gebiede” en “stedelike gebiede” oopgelaat is. Wanneer daar dus in hierdie afdeling van die empiriese navorsing verwys word na “ander jaargroepe” word dieselfde konteks in ag geneem en veronderstel. Slegs waar daar na `n ander konteks, naamlik die stedelike of plattelandse kontekste, verwys word, sal dit uitdruklik vermeld word.

#### 4.2.2.5.1 Kerk

Dieselfde vrae is deurgaans aan hierdie groep gevra as wat daar aan die vorige jaargroepe gevra is. Die bevindings rakende die vraag oor hoe betrokke die gemeente in die vorming van die dooplidmaat is, was soos volg:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	<p>10% van die respondente het aangedui dat buiten die kategese die gemeente glad nie betrokke is in sy vorming as gelowige nie.</p> <p>10% het aangedui dat die gemeente nie baie betrokke is nie, maar dat daar wel van tyd tot tyd `n ekstra geleentheid vir geestelike groei gehou word.</p> <p>50% het aangedui dat die gemeente redelik baie betrokke is, maar dat dit lekker sou wees indien die gemeente meer betrokke was.</p> <p>30% het aangedui dat die gemeente ten volle betrokke was.</p>		

Wanneer bogenoemde bevindings vergelyk word met die bevindings onder die verskillende jaargroepe, word `n baie sterk verteenwoordigende bevinding aangetref. Deurgaans het die katkisante in die landelike konteks aangetoon dat die gemeente baie betrokke is in hulle vorming as gelowiges, terwyl `n beduidende kleiner persentasie aangedui het dat die gemeente baie min betrokke is. Bogenoemde bevinding is dus `n goeie verteenwoordigende bevinding van die huidige situasie onder die katkisante in die landelike omgewing wat die betrokkenheid van die gemeente by hulle vorming as gelowiges aanbetref.

Die bevindings rakende die vraag oor of die katkisanter deel van die gemeente voel, het die volgende resultate opgelewer:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	50% van die katkisanter het aangedui dat hulle tot 'n meerdere mate deel voel van die gemeente. 40% van die katkisanter het aangedui dat hulle ten volle deel voel van die gemeente. 10% van die katkisanter het geen aanduiding gegee nie.		

Weer eens wys bogenoemde bevindings dat hierdie jaargroep van onbekende ouderdomme baie verteenwoordigend is van die katkisanter in die landelike omgewing. Selfs die persentasie verdeling van die bevinding is akkuraat van die situasie in die verskillende jaargroepe indien bogenoemde bevinding vergelyk word met die bevindings wat in die ander jaargroepe gemaak is.

#### **4.2.2.5.2 Koninkryk en Dissipelskap**

Die eerste vraag wat aan hierdie diverse jaargroep in verband met die koninkryk van God en dissipelskap gestel is, is hoeveel die dooplidmaat voel hy in sy verhouding met Jesus Christus deur die katkisasie gegroei het. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Die algehele aanduiding is dat daar by 67% van die katkisanter 'n groei in hulle verhouding met Christus was.		

Met bogenoemde vraag aan die katkisanter was daar egter 'n besonderse geval. Met die vorige jaargroep was die afsonderlike aanduidings redelik naby aan mekaar.

Telkens het die persentasie aanwysings gewissel tussen 50% en 75%, met 50% as die laagste aanduiding in die ander groepe wanneer die plattelandse en stedelike kontekste ingesluit word in hierdie studie. In die onbekende jaargroep wissel die verskillende persentasie aanwysings ook in die algemeen tussen 50% en 75%, maar daar is wel 'n geval waar die persentasie aanduiding selfs so laag as 15% is!

Daar moet egter nie meer in hierdie bevinding gelees word as wat werklik gestaaf kan word nie. Elke katkisant leer en groei volgens die potensiaal wat die katkisant het. Hierdie statistieke bewys net hierdie hipotese en maak die navorser daarvan bewus dat elke katkisant individueel gemonitor moet word en dat nie alle katkisante oor dieselfde kam geskeer kan word nie.

Tog, selfs wanneer bogenoemde uitsondering in ag geneem word, word dit weer eens duidelik dat hierdie jaargroep van onbekende ouderdomme baie verteenwoordigend is. Alhoewel die katkisant in die landelike konteks van die vorige jaargroep aangedui het dat hy of sy ongeveer 75% in sy of haar verhouding met God gegroei het, was dit duidelik dat hierdie katkisant nog baie moet leer. Die gevolg hiervan is dat die uitsondering in die vorige jaargroep ook in die jaargroep van onbekende ouderdomme gereflekteer word. Dit beteken dat hierdie jaargroep van onbekende ouderdomme heel moontlik gebruik kan word om geldige gevolgtrekkings te maak oor die huidige stand van sake by die katkisante in die gemeentes wat hulle in 'n landelike konteks bevind.

Die vraag oor wie of wat 'n dissipel is, het die volgende bevindings opgelewer onder hierdie jaargroep van onbekende ouderdomme:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	30% van die katkisante is van mening dat 'n dissipel iemand is wat die bevoegdheid het om ander gelowiges te onderrig. 20% het aangedui dat hulle van		

	<p>mening is dat `n dissipel iemand is wat Christus as sy of haar persoonlike Verlosser aangeneem het.</p> <p>20% van die katkisante het hulself persoonlik met `n dissipel geïdentifiseer omdat die persoon op Christus alleen hulle hoop om verlossing plaas.</p> <p>20% het aangedui dat `n dissipel aan God behoort, maar het nie verder hierop uitgebrei nie.</p> <p>10% van die katkisante het geen mening gegee nie.</p>		
--	---	--	--

Die bogenoemde bevindings is baie besonders. Hierdie bevindings is nie uitsluitlik verteenwoordigend van die landelike konteks in die verskillende jaargroepe nie, maar is verteenwoordigend van al die jaargroepe in die verskillende kontekste! Wanneer bogenoemde persentasies vergelyk word met die verskillende definisies en sienings van wie of wat `n dissipel is, soos wat dit na vore kom uit die verskillende kontekste in verskillende jaargroepe, is bogenoemde persentasies `n duidelike weergawe van hierdie sienings en definisies.

Soos reeds vermeld is die uitdra van die evangelie `n besondere deel van dissipelskap en om hierdie rede is die vraag gevra of die katkisant, met die kennis wat hy of sy nou het, die evangelie aan iemand kan kommunikeer indien hy of sy deur daardie persoon gekonfronteer word. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	40% van die katkisante het aangedui dat hulle beslis die		



	<p>evangelie aan iemand anders sal kan kommunikeer.</p> <p>50% het aangedui dat hulle heel moontlik die evangelie aan iemand anders sal kan kommunikeer.</p> <p>10% van die katkisanter het aangedui dat hulle dink dat hulle nie die evangelie aan iemand anders sal kan kommunikeer nie.</p>		
--	--	--	--

Weer eens is die bevindinge wat gemaak is verteenwoordigend van die verskillende jaargroepe in dieselfde konteks. Die feit dat 60% van die katkisanter egter aangetoon het dat hulle nie heeltemal daarvan oortuig is dat hulle die evangelie met iemand anders sal kan deel nie is egter kommerwekkend en sal beslis moet aandag kry in die huidige metode van kategetiese onderrig.

Die volgende bevindings het na vore getree toe die katkisanter gevra is of hulle ooit op 'n stadium gaan kom waar dit nie meer vir hulle nodig is om in die geloof te groei nie:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	<p>50% van die katkisanter het aangedui dat hulle beslis nie op 'n stadium gaan kom waar dit nie meer nodig is om in die geloof te groei nie.</p> <p>30% het aangedui dat hulle moontlik op 'n stadium gaan kom waar dit nie meer nodig gaan wees om in die geloof te groei nie.</p>		

	20% het aangedui dat hulle beslis op `n stadium gaan kom waar dit nie meer vir hulle nodig gaan wees om in die geloof te groei nie.		
--	---	--	--

Wanneer bogenoemde bevindings bestudeer word, is dit kommerwekkend om te besef dat nagenoeg 50% van die katkisanter in hierdie jaargroep van oortuiging is dat hy of sy moontlik op `n stadium nie meer in die geloof hoef te groei nie. Indien hierdie bevindings gesien word in die lig van die bevindings rakende dieselfde vraag in die vorige jaargroep, is hierdie bevindings nie verrassend nie, maar wel kommerwekkend. Hierdie bevindings staan ook in `n skille kontras met die tendens wat daar in hierdie verband onder die katkisanter in die plattelandse en stedelike kontekste aanwesig is.

Om duidelikheid op bogenoemde vraag te kry, is hierdie vraag opgevolg deur `n vraag wat soek na die motivering van die antwoorde van die katkisant op die vraag of die katkisant ooit op `n punt sal kom waar dit nie meer nodig is om van Christus te leer nie.

Die bevindings wat gemaak is, is egter só uiteenlopend dat die bostaande bevinding gebruik is om die bevindings van hierdie vraag mee in te deel. Om hierdie rede is die kolom aan die heel regterkant toegewy aan die katkisanter wat meen dat hulle beslis op `n stadium gaan kom waar dit nie meer nodig gaan wees om in die geloof te groei nie. Die kolom tweede van regs word toegestaan aan dié groep katkisanter wat meen dat hulle moontlik op `n stadium gaan kom waar dit nie meer nodig is om in die geloof te groei nie. Die kolom tweede van links word laastens afgestaan aan die groep katkisanter wat beweer dat hulle beslis nie sal ophou om in die geloof te groei nie.

Die volgende bevindings is gemaak:

	<b>50% Wat beslis nie gaan ophou groei</b>	<b>30% wat moontlik gaan ophou groei</b>	<b>20% wat beslis gaan ophou groei</b>
--	--	--	--

	<b>nie.</b>	<b>in die geloof.</b>	<b>in die geloof.</b>
Bevinding	<p>40% van hierdie groep dui die rede vir hulle antwoord aan as: die koningskap van Christus. Hy is Koning en om hierdie rede sal en moet hulle aanhou groei in die geloof.</p> <p>40% van hierdie groep gee nie `n rede vir hulle standpunt nie.</p> <p>Die oorblywende 20% van hierdie groep meen dat die gelowige nooit sal ophou om in die geloof te groei nie, want selfs met die wederkoms gaan daar nog geloofsgroei by die gelowige plaasvind.</p>	<p>33,3% van hierdie groep meen dat die gelowige alles van God kan weet en daarom kan ophou om nog verder in die geloof te groei.</p> <p>33,3% meen dat hulle moontlik deur `n ongelowige oortuig kan word om nie meer in die geloof te groei nie</p> <p>33,3% is van mening dat hulle in persoon op `n stadium kan besluit dat dit nie meer nodig is nie, sonder dat enige verdere redes verskaf word.</p>	<p>50% van hierdie groep is van mening dat hy of sy binne die volgende paar jaar tot op `n punt gaan kom om nie meer in die geloof te groei nie, omdat hy of sy self die Woord van God kan interpreteer.</p> <p>50% van hierdie groep is van mening dat die gelowige moet ophou om in die geloof te groei, sodat hy of sy die geloof werklik kan lewe.</p>

Wat die standpunte betref van die groep wat meen dat hulle nooit sal ophou groei in die geloof nie, is dit insiggewend om daarop te let dat hierdie standpunte verteenwoordigend is van die tendens wat onder die verskillende jaargroepe gevind word; selfs onder die jaargroepe van katkisante wat hulle in die ander kontekste bevind.

Die bevindings van die ander twee groepe, naamlik die katkisante wat van mening is dat hulle moontlik kan ophou groei in die geloof en die katkisante wat van mening is

dat hulle beslis gaan ophou groei in die geloof, is nie verteenwoordigend van die ander jaargroepe nie.

Daar is slegs een geval waar die rede vir `n spesifieke siening ooreenstem met die bevinding van `n vorige jaargroep. Hierdie siening is dat nie die hele lewe van die gelowige gedek word deur die geloof nie en dat daar sekere aspekte van die lewe van die gelowige is wat buite die kader van die verhouding met God staan.

Die ander bevindings wat hierbo gelys word is kommerwekkend en sal dus duidelik aangespreek moet word in die kategetiese leerstof. Die feit dat sommige van die kategete van mening is dat iemand van `n ander geloof hulle moontlik kan oortuig om nie meer te glo nie, laat `n vraag ontstaan oor die geloofsekerheid van die kategete.

Die laaste vraag wat oor die koninkryk van God en dissipelskap gehandel het, was die vraag oor wat die koningskap van Christus vir die kategete beteken. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	<p>50% van die kategete het aangedui dat die koningskap van Christus vir hulle beteken dat Hy regeer en dat Hy die enigste Verlosser is.</p> <p>30% van die kategete het aangedui dat die koningskap van Christus vir hulle beteken dat hulle Hom moet liefhê en respekteer.</p> <p>20% van die kategete het aangedui dat die koningskap van</p>		

	Christus vir hulle beteken dat hulle iemand het wat hulle met probleme kan help.		
--	--	--	--

Wat bogenoemde bevindings betref is dit weer eens opvallend dat hierdie bevindings baie verteenwoordigend is van die verskillende jaargroepe in die verskillende kontekste. Dit is verblydend om op te merk dat 50% van die katkisanter die koningskap van Christus koppel aan die versoeningswerk van Christus, maar dit is egter kommerwekkend dat die koningskap van Christus vir 20% van die katkisanter bloot beperk is tot iemand wat hulle met probleme kan help.

Die oorblywende 30% van die katkisanter dui `n baie belangrike aspek van die koningskap van Christus aan, naamlik dat die koningskap van Christus die gelowige oproep tot liefde en respek vir God. Deur die basis-teoretiese ondersoek van hierdie studie is daar bewys dat liefde vir God en liefde vir die naaste die wese van dissipelskap is. Wat dus in hierdie empiriese navorsing gevind word is `n bevestiging vir die basis-teorie wat in hoofstuk 3 gegee is rakende die wese van dissipelskap.

Vervolgens gaan daar gekyk word oor die bevindings onder die jaargroep van onbekende ouderdomme, met betrekking tot die kategese.

#### **4.2.2.5.3 Kategese.**

Die eerste vraag wat in verband met kategese gevra is, het gehandel oor die doel van kategese. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	70% van die katkisanter sien die doel van katkisasie bloot as die oordra van kennis oor God aan die katkisanter. 10% van die katkisanter sluit by bogenoemde siening aan, maar vermeld dat die doel van		

	<p>kategese ook is om die belangrikheid van kerkbywoning te onderstreep.</p> <p>10% van die katkisanter het die doel van kategees persoonlik van toepassing gemaak en gestel dat die doel van kategees is om die katkisanter te laat groei in sy verhouding met God.</p> <p>10% het aangedui dat die doel van kategees is om die katkisanter vergifnis en gebed te leer en om die kind op te roep tot bekering.</p>		
--	---	--	--

Bogenoemde bevindings, soos wat reeds in verskeie aspekte opgemerk is, is verteenwoordigend van die siening van die katkisanter oor die verskillende jaargroepe in die verskillende kontekste. Dit is verblydend dat 70% aandui dat die doel van kategees die toename van kennis is, maar dit is weer eens kommerwekkend dat slegs 10% hierdie toename van kennis koppel aan 'n persoonlike verhouding tussen God en die katkisanter. In hierdie opsig, sover die empiriese navorsing op hierdie moment aandui, gaan die kweek van gesonde verhoudings 'n belangrike aspek wees wat aangeraak sal moet word. Met gesonde verhoudings word nie bloot net die onderlinge verhoudings tussen gelowiges bedoel nie, maar ook die verhouding tussen die gelowige en God.

Die laaste vraag wat aan hierdie jaargroep gestel is, was of hulle dink dat die huidige vorm van kategees die beste metode tot geloofsgroei is. Hulle moes ook 'n rede verskaf vir waarom hulle juis hierdie siening koester. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	10% het geen antwoord verskaf		

	<p>nie.</p> <p>90% van die katkisanter is van mening dat die huidige metode van katechesis die beste is. Die redes wat verskaf is, is soos volg:</p> <p>60% van die katkisanter het geen rede verskaf nie, behalwe dat dit juis daar is waar die katekisant van God moet leer.</p> <p>10% dui aan dat die huidige metode die katkisanter die geleentheid gee om belangrike vrae te vra.</p> <p>10% dui egter aan dat, alhoewel die huidige metode die beste is, daar meer ruimte vir kreatiwiteit gelaat moet word.</p> <p>10% het aangedui dat die huidige metode die beste is, aangesien dit die ouers ook betrek sodat die ouers hulle doopbeloftes kan nakom.</p>		
--	---	--	--

Bogenoemde bevinding is nie werklik verteenwoordigend van die verskillende jaargroepe in dieselfde konteks nie en ook nie van die verskillende jaargroepe oor die verskillende kontekste nie. Alhoewel daar raakpunte tussen die verskillende standpunte in die verskillende jaargroepe en kontekste bestaan, is die persentasie verspreiding egter van só 'n aard dat bogenoemde bevinding nie as verteenwoordigend beskou kan word nie.

#### **4.2.2.6 Gevolgtrekking van die empiriese navorsing onder die katkisante.**

Wanneer daar gevolgtrekkings van die bostaande empiriese navorsing gemaak moet word, kan daar inleidend gestel word dat dit verblydend is dat `n tendens van deurgaanse positiewe groei sigbaar is. Hierdie progressiewe groei is veral die duidelikste onder die katkisante wat hulle in `n stedelike konteks bevind.

Die bevindinge onder die katkisante wat hulle in `n landelike konteks bevind is egter, op grond van die navorsing, baie sterk verteenwoordigend van al die katkisante in al die jaargroepe in hierdie spesifieke konteks. Ook in hierdie opsig is daar duidelike progressiewe groei sigbaar, alhoewel daar een of twee aspekte is wat kommerwekkend is.

Teenoor bostaande gevolgtrekkings is die bevindings onder die katkisante wat hulle in `n plattelandse konteks bevind heelwat anders. By hierdie katkisante is die deurgaanse geloofsgroei minder sigbaar en is daar `n aantal kommerwekkende aspekte wat aangeraak sal moet word.

Die bostaande inleidende gevolgtrekking lei die navorser in die rigting dat die praktyk-teoretiese riglyne, wat in hoofstuk 5 aangebied gaan word, nie bloot algemene riglyne moet wees nie. Die praktyk-teoretiese riglyne sal toegespits moet wees op die verskillende kontekste waarin die katkisante hulle bevind en om hierdie rede gaan die praktyk-teorie in die drie verskillende kontekste verdeel moet wees.

Daar is egter, by elkeen van die drie aspekte, sekere gevolgtrekkings wat gemaak is wat in meer besonderhede aangedui moet word:

##### **4.2.2.6.1 Kerk**

Wanneer die bostaande deel van die empiriese navorsing beskou, ontleed en geïnterpreteer word, word dit duidelik dat die katkisante tot `n groot mate `n positiewe standpunt inneem teenoor die betrokkenheid van die gemeentes by hulle vorming as Christene. Dit word ook duidelik dat hierdie betrokkenheid van die gemeentes by die vorming van die katkisante toeneem na mate die katkisante ouer word en nader kom aan belydenisaflegging. Hierdie tendens moet egter nie die gemeentes gerus stel nie, aangesien al die verskillende jaargroepe aangedui het



dat dit verlang word dat die gemeentes nog meer betrokke moet wees met hulle vorming as Christene.

Vanuit die bostaande deel van die empiriese navorsing word dit ook duidelik dat die katkisante, na mate hulle ouer word, al hoe meer deel voel van die gemeente. Weer eens beteken dit dat die gemeente gerus moet voel oor die aspek nie. Dit is noodsaaklik dat die katkisante reeds van `n vroeë ouderdom deel voel van die gemeente en dit is ook nodig dat die gemeentes die nodige strukture in plek het om hierdie proses aan te help.

#### **4.2.2.6.2 Koninkryk en Dissipelskap**

Wanneer die bevindings van hierdie gedeelte van die empiriese navorsing in oënskyn geneem word, word dit duidelik dat daar drastiese aandag gegee moet word aan die konsep van volhoubare geloofsgroei. Alhoewel `n groot aantal van die katkisante aangetoon het dat hulle nooit sal ophou om in die geloof te groei nie, is daar `n beduidende persentasie wat wel van mening is dat dit moontlik en selfs nodig is om op te groei in die geloof. In die basis-teoretiese deel van hierdie studie het dit duidelik geword dat volhoubare geloofsgroei `n belangrike komponent van dissipelskap is en vanuit die empiriese navorsing blyk dit egter dat hierdie komponent huidiglik ontbreek.

Wanneer die verskillende definisies en sienings oor wie of wat `n dissipel is voor oë geroep word, word dit duidelik dat `n persoonlike verhouding met God en liefdevolle verhoudings teenoor die naaste bykans ontbreek by die katkisante. Hierdie is `n problematiese verskynsel en word ook gevind wanneer daar gekyk word na die doel van die kategete (sien 4.2.2.6.3). Dit is dus belangrik om ook die kategete se siening oor wie of wat `n dissipel is in berekening te bring, om sodoende te sien hoe die katkisante se siening deur die siening van die kategete beïnvloed word.

Verder is dit kommerwekkend dat só `n groot aantal van die kategete die koningskap van Christus bloot koppel aan `n oplossing vir die katkisant se persoonlike probleme. Van die katkisante gaan selfs só vêr as om te vermeld dat om in Christus te glo beteken dat dit net goed met die gelowige sal gaan. Die waarheid en konsep dat gehoorsaamheid aan die Koning vervolging en verdrukking (vergelyk basis-teoretiese

studie en Lukas 21:12) tot gevolg kan hê ontbreek dus heeltemal by hierdie katekisasiante.

Laastens is dit verblydend om uit bostaande empiriese navorsing te bemark dat die katekisasiante die koninkryk van God en dissipelskap tot `n groot mate kontekstueel-relevant beleef. Hierdie saak is ook van toepassing op 4.2.2.6.3 en gaan vervolgens daaronder behandel word.

#### **4.2.2.6.3 Kategese.**

Uit die empiriese navorsing onder die katekisasiante het daar `n groot leemte duidelik geword, naamlik geloofsekerheid. Baie van die aspekte wat onder 4.2.2.6.1 en 4.2.2.6.2 aangeraak is, hou verband met die geloofsekerheid en geloofsvolwassenheid van die katekisasiante. Die feit dat baie van die katekisasiante aangedui het dat hulle nog nie heeltemal oortuig is dat hulle `n evangeliserende gesprek met iemand kan aanknoop nie en dat van hulle oortuig is dat hulle op `n stadium nie meer in die geloof sal hoef te groei nie, hou direk verband met geloofsekerheid. Geloofsekerheid beteken, na mening van die navorser, dat die gelowige in só `n mate oortuig is van dit wat hy of sy glo, dat hy of sy met vrymoedigheid teenoor iemand anders daarvan kan getuig. Wanneer hierdie definisie van geloofsekerheid gehuldig word, word dit duidelik dat daar in die kategetiese onderrig meer aandag en tyd gespandeer moet word aan geloofsekerheid.

Laastens is dit verblydend om te sien dat die katekisasiante die kategese, die koninkryk van God en dissipelskap as kontekstueel-relevant tot hulle leefwêreld sien. Tog dui baie van die katekisasiante aan dat daar `n leemte is wanneer die relevansie van die kategetiese inhoud aangedui moet word en dat die inhoud nie altyd op `n relevante wyse aangebied word nie. Hierdie is sake waaraan besondere aandag geskenk sal moet word.

Om egter tot geldige gevolgtrekkings te kom is dit nodig om die algemene opvatting van die kategete oor dieselfde sake in ag te neem. Vervolgens gaan daar stilgestaan word by die algemene opvatting onder die kategete oor geestelike groei en

dissipelskap by die dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tussen die ouderdomme 13 tot 18.

### **4.3 Die algemene opvatting onder die kategete van dooplidmate tussen die ouderdomme 13 tot 18 van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, oor die geestelike groei en dissipelskap by hierdie dooplidmate.**

#### **4.3.1 Metodiek gevolg vir die empiriese navorsing onder die kategete.**

Met betrekking tot die metodiek wat vir hierdie empiriese navorsing gebruik is, word u verwys na 4.2.1. Dieselfde gemeentes is vir hierdie navorsing gebruik en dieselfde kontekste gaan in hierdie verband gebruik word vir die verwerking van die data. Die enigste verskil in die metodiek wat gevolg is, is dat die ouderdomme nie aangedui word nie, maar dat die bevindings van die kategete as `n geheel bestudeer gaan word.

Die data van die empiriese navorsing is bekom deur middel van vraelyste wat na die verskillende gemeentes versend is. Hierdie vraelyste bestaan uit geslote vrae met twee verskillende vraagformate na aanleiding van die bevindings van die basis-teoretiese bevindings van hierdie studie. Die een formaat vra van die kategete om `n keuse tussen vyf moontlike antwoorde te maak terwyl die ander formaat die kategete vra om selfstandige antwoorde te gee. Voorbeelde van hierdie vraelyste, een in Afrikaans en een in Engels, is ingesluit by hierdie studie onder "Addendums".

#### **4.3.2 Bevindings van die empiriese navorsing onder die kategete.**

##### **4.3.2.1 Die samestelling van die toegespitsde groep kategete.**

In die hele klassis KwaZulu-Natal-Noord is daar met die betrokke navorsing `n totaal van 26 kategete genader. Die verspreiding tussen Afrikaanse en Engelse vraelyste kan soos volg uiteengesit word:

	Afrikaanse vraelyste	Engelse vraelyste
Totaal versprei	6	20
Totaal ontvang	5	9

Nagenoeg 83% van alle Afrikaanse vraelyste is terug ontvang terwyl slegs 45% van alle Engelse vraelyste terug ontvang is. In totaal is 54% van alle vraelyste terug ontvang.

Die rede waarom daar so 'n klein aantal vraelyste onder die wit kerke versprei is, is weens die feit dat daar in die oorgrote meerderheid van hierdie kerke slegs een kategeet vir al die hoërskool katkisanter is. Om hierdie rede word die ouderdomsgroepe 13 tot 17 in die meeste gevalle deur slegs een kategeet, naamlik die predikant, gekatkeeser.

Daarteenoor is die geval onder die swart kerke heeltemal anders. Die lidmate is baie meer verspreidwonend met die gevolg dat meer kategete aangewys moet word om die kategeeser waar te neem. Die feit dat die kategete so wyd verspreid woon is die oorsaak waarom daar 'n laer persentasie van vraelyste onder die kategete terug ontvang is. Weens verskeie logistiese redes kom nie al die vorms terug ontvang of selfs voltooi word nie.

Die aantal vraelyste wat terug ontvang is, is egter verteenwoordigend van die groter beeld in klassis KwaZulu-Natal-Noord en om hierdie rede kan die bevindings van hierdie empiriese navorsing as geloofwaardig geag word.

#### **4.3.2.2 Die bevindings onder die kategete**

Om hierdie empiriese navorsing te loods is daar 'n totaal van 26 vraelyste uitgestuur, waarvan 14 terug ontvang het. Soos reeds vermeld gaan dieselfde kontekste gebruik word om hierdie vraelyste te verwerk, met 9 vraelyste wat in die landelike konteks val, 1 wat in die plattelandse konteks val en 4 wat in die stedelike konteks val. Die volgende bevindings is gemaak, rakende die aspekte van Kerk, Koninkryk en Dissipelskap, en Kategeeser en Kerk.

#### 4.3.2.2.1 Kerk

Die eerste vraag wat aan die kategete gevra is, is `n vraag rakende die betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die kerkgebou buite die struktuur van formele kategete. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	<p>45% van die kategete is van mening dat hulle gemeente redelik baie betrokke is by die vorming van die kerkgebou, maar dat daar ruimte vir verbetering is. 33% is van mening dat hulle gemeente nie werklik betrokke is nie, maar dat daar wel van tyd tot tyd `n geleentheid tot vorming van die kerkgebou word. 11% van die kategete is van mening dat die gemeente baie</p>	<p>Die kategete in hierdie konteks is heeltemal onseker oor die betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die kerkgebou buite die struktuur van formele kategete.</p>	<p>50% van die kategete in hierdie konteks het aangedui dat hulle gemeente glad nie buite die struktuur van formele kategete betrokke is by die vorming van die kerkgebou nie. 50% van die kategete is van mening dat hulle gemeente nie vreeslik baie betrokke is by die vorming van die kerkgebou buite die struktuur van formele kategete nie, maar dat daar wel van tyd tot tyd `n geleentheid tot</p>

	betrokke is, terwyl die laaste 11% nie 'n opinie gegee het nie.		geloofsgroei is.
--	---	--	------------------

Die bogenoemde bevindings maak dit duidelik dat daar in al drie die verskillende kontekste 'n tekort is aan die betrokkenheid van die gemeente in die vorming van die kerkbode buite die formele struktuur van kategete. In totaal voel slegs 7% dat hulle gemeente baie en genoegsaam betrokke is in die bediening van die jeug buite die formele struktuur van kategete. Hierdie tendens, dat 93% van die gemeentes in die klassis nie genoegsaam betrokke is by die vorming van die kerkbode buite die struktuur van formele kategete nie, vra dat daar daadwerklik gekyk moet word na die bedieningstyl en –plan wat daar in die verskillende gemeentes in plek is.

Die tweede vraag wat aan die kategete gestel is, het gepoog om enige tekortkominge in die geloofsgroei van die kerkbode te identifiseer. Deurdat hierdie tekortkominge bepaal is, sal die proses vergemaklik word om die nodige veranderinge aan die huidige bedieningstyle en –planne in die gemeente te maak.

Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Die kategete in hierdie konteks het die volgende tekortkominge geïdentifiseer: a) Daar word nie genoeg gebruik gemaak van musiek instrumente nie, terwyl dit eie	Die kategete in hierdie konteks is van mening dat die kerkbode bloot gesien word as “lidmate in opleiding” en word dus nie as volwaardige kinders van God	Die kategete in hierdie konteks het drie tekortkominge geïdentifiseer: a) Daar word te min gedoen om die kerklike jeug op ander tye van die week

	<p>aan die konteks van die katekisasie is.</p> <p>b) Daar is 'n tekort aan katekisasie wat die katekisasie kan bewus maak van die realiteit van die geestelike wêreld, met die gevolg dat die katekisasie nie met toewyding God dien nie.</p> <p>c) Die soeke na geluk en ware, christelike blydschap word nie genoegsaam aangeraak nie, met die gevolg dat die katekisasie op ander plekke vreugde probeer vind.</p> <p>d) Verwarring ontstaan by die katekisasie wanneer die ouers van 'n kind in verskillende denominasies is. Die gevolg hiervan is dat die katekisasie nie vaste opinies en oortuigings oor</p>	<p>geag nie.</p>	<p>bymekaar te bring.</p> <p>b) Daar is te min aktuele praatjies en bybelstudies vir die katekisasie.</p> <p>c) Die verbondsouers stel nie werklik 'n voorbeeld vir die jeug nie.</p>
--	--	------------------	---

	<p>sekere sake het nie.</p> <p>e) Gebed en die praktiese beoefening van gebed kry nie genoegsaam aandag in die geloofsonderrig van die katekisant nie.</p>		
--	--	--	--

In twee van die kontekste, naamlik die landelike en stedelike kontekste, is een van die tekortkominge wat genoem word die invloed van die ouers op die katekisant. In die een konteks word daar verwarring veroorsaak deurdat ouers na verskillende denominasies toe gaan, terwyl die ouers in die ander konteks weer nie genoegsaam belangstel in die vorming van die katekisant nie. Een van die ander tekortkominge wat genoem word is dat die katekisant nie as volwaardige kinders van God geag word nie en om hierdie rede het die gemeente nie veel waarde daaraan om buite die struktuur van formele katekese by die vorming van die katekisant betrokke te wees nie.

Daar is egter 'n aantal tekortkominge wat volgens die oordeel van die navorser aan een aspek toegeskryf kan word, naamlik kontekstuele relevantheid. Al die tekortkominge wat betrekking het op die musiek wat gespeel word tydens die erediens, die soeke na werklike geluk en blydskap, die toepassing van gebedskunde en die tekort daaraan asook die tekort aan aktuele praatjies en bybelstudies staan in 'n verhouding met kontekstuele relevantheid.

Die bogenoemde bevindings kan dus gekonsentreer word in die toespitsing van die ouers op hulle doopbeloftes en die wyse waarop kennis oorgedra word. In die bedieningstyl en –plan, wat verander moet word, gaan daar dus pertinent aandag geskenk moet word aan die betrokkenheid van die verbondsuers by die verbondsonderrig van die kind en om die inhoud van die christelike leer op relevante wyse oor te dra aan die katekisant.



Vervolgens gaan daar gekyk word na die mening van die kategete oor hoe die koninkryk van God en dissipelskap toegepas en geleer word onder die katkisante, tussen die ouderdomme van 13 tot 18.

#### **4.3.2.2.2 Koninkryk en Dissipelskap**

Die eerste vraag wat aan die kategete gevra is rakende dissipelskap, was oor hoeveel die kategete dink die katkisant gegroei het in sy verhouding met God tydens die laaste kwartaal van kategese. Slegs `n persentasie uit 100 word aangedui. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	61%	10%	61%

Dit is weer eens opvallend dat hier `n ooreenstemming gevind word tussen die tendense van die landelike en stedelike gebiede, terwyl die plattelandse gebiede heelwat laer is. Die antwoord op hierdie tendens behoort al hoe duideliker te word soos wat daar gaandeweg deur die empiriese navorsing gewerk word.

Die volgende aspek van dissipelskap wat ondersoek is, was die kategete se siening oor wie of wat `n dissipel is. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Hier word vier uiteenlopende, maar tog ook samehangende definisies gevind: 45% is van mening dat `n dissipel iemand is wat luister na God se wil en wat in Christus glo en	`n Dissipel is `n leerling of `n volgeling.	`n Dissipel is `n werktuig van God wat sy Woord nastreef en verkondig.

	<p>Hom volg. 22% sien `n dissipel as `n gelowige wat goed geleerd is en wat leiding kan neem. 22% sien `n dissipel as iemand wat ander kan leer oor God en wat iemand op `n pad van geloofsgroei kan lei. 11% sien `n dissipel as `n leerling wat respek teenoor sy of haar leermeester betuig.</p>		
--	---	--	--

Wanneer die bogenoemde bevindings beskou word en op `n persentasie-basis bymekaar gevoeg word, word verbasend genoeg bykans die definisie van `n dissipel, soos in hoofstuk 3.1.1 geformuleer is, gevind. Die verskillende aspekte van `n dissipel en dissipelskap word in hierdie verband deur die verskillende kontekste belig.

Dit is egter interessant om te sien dat daar `n groot mate van ooreenstemming is tussen die definisies wat die kategete in die landelike gebiede en die katkisanter in die landelike gebied verskaf. Hierdie selfde verskynsel word gevind in die stedelike konteks. Dit is slegs die plattelandse konteks waar daar `n redelike verskil is tussen die definisie wat die kategete verskaf het teenoor die definisie wat die katkisanter verskaf het.

Die derde vraag wat aan die kategete gevra is, was of die kategete van mening is dat daar genoeg klem geplaas word op die koningskap van Christus in die kategetiese inhoud. Die volgende bevindinge is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	<p>22% van die kategete in hierdie konteks het aangedui dat die koningskap van Christus genoegsaam in die kategese aangeraak word.</p> <p>45% van die kategete het aangedui dat die koningskap van Christus duidelik aangeraak word, maar dat daar beslis ruimte vir verbetering is.</p> <p>33% van die kategete het geen aanduiding gegee nie.</p>	<p>Die kategeet in hierdie konteks voel dat die koningskap van Christus genoegsaam aangeraak word, maar dat daar ruimte vir verbetering bestaan.</p>	<p>25% van die kategete in hierdie konteks het aangedui dat die koningskap van Christus genoeg aangeraak word en dat verder aandag hieraan nie nodig is nie.</p> <p>25% van die kategete het weer heeltemal die teenoorgestelde aangedui en vermeld dat daar meer aandag hieraan spandeer moet word.</p> <p>50% van die kategete het aangedui dat daar baie aandag aan die koningskap van Christus gegee word, maar dat daar duidelik ruimte vir verbetering is.</p>

Wanneer die bogenoemde bevindings van die kategete in die landelike konteks vergelyk word met die bevindings wat gemaak is onder die katekisasie in die verskillende jaargroepe binne die landelike konteks, word dit duidelik dat hierdie bevindings ooreenstem. By beide die kategete en katekisasie is daar 'n kleinerige persentasie wat 'n redelike begrip oor die koninkryk van God het. Die oorgrote meerderheid van die kategete dui egter aan dat daar ruimte vir verbetering is terwyl die bevindings onder die katekisasie daarop dui dat beter onderrig oor die koninkryk van God nodig is.

Wat die kategete in die plattelandse konteks in hierdie verband betref word dit baie duidelik dat daar werklik aandag aan die aspek van die koninkryk van God in die kategetiese leer materiaal gegee sal moet word. Daar is reeds bevind dat die katekisasie in die plattelandse konteks 'n baie eensydige siening rakende die koninkryk van God het. Hierdie bevinding word deur die kategete gestaaf wanneer hy aandui dat daar ruimte vir verbetering in hierdie aspek is.

In 4.2 is daar met 'n groot mate van sekerheid bewys dat die katekisasie in die stedelike gebied 'n redelike goeie begrip van die koninkryk van God besit. Daar is egter aangedui dat hierdie goeie begrip die kerke nie moet laks maak of gerus stel nie, maar dat daar verder op hierdie positiewe aspek gebou moet word. In die empiriese navorsing onder die kategete word hierdie mening bevestig deurdat 50% van die kategete aandui dat daar ruimte vir verbetering is alhoewel hulle die mening huldig dat die koninkryk van God genoegsaam aangeraak word in die kategete.

Die algehele bevinding in hierdie verband is dus dat al die kategete in die verskillende kontekste aandag sal moet gee aan die toepassing en verduideliking van die koninkryk van God aan die katekisant. Alhoewel die mate van aandag van konteks tot konteks verskil, bly hierdie aspek 'n kwessie wat aangespreek moet word.

Die vierde vraag wat aan die kategete gevra is, was watter rol die katekisasie in die bediening van die jeug in die gemeente speel. Alhoewel hierdie vraag baie sterk fokus op die aspekte katekisasie en kerk, word hierdie vraag juis hier gevra om te bepaal tot watter mate die gemeente en die katekisasie die katekisasie daartoe in staat stel om binne die konteks van die koninkryk van God te leef deurdat die inhoud van

die kategese toegepas word in die lewe van die katkisanter. Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	<p>45% van die kategete in hierdie konteks het geen aanduiding gegee van watter rol kategese in die kerklike bediening speel nie.</p> <p>22% van die kategete het aangedui dat kategese juis die plek is waar die katkisanter plek vind om hulle talente te gebruik en dat die inhoud van die kategese deur die katkisanter met jongmense buite die gemeente gedeel word.</p> <p>22% het aangedui dat die kategese `n</p>	<p>Die kategete in hierdie konteks het aangedui dat die kategese op hierdie stadium as kontakpunt dien waardeur `n vertrouensverhouding gebou word, sodat die kennis wat deur kategese verkry word in die leefwyse van die katkisanter neerslag vind.</p>	<p>50% van die kategete in hierdie konteks het aangedui dat kategese die enigste vorm van jeugbediening in die gemeente vorm. Van die oorblywende 50% het die helfte aangedui dat kategese `n groot rol speel omdat die gemeente sukkel om die katkisanter met ander jeugaksies betrokke te kry. Daarteenoor het die ander helfte aangedui dat die kategese juis die plek vorm waar die katkisanter gehelp kan word om vir mekaar om te gee.</p>

	<p>belangrike rol speel, aangesien dit die katkisant leer wat die beste vir hom of haar as Christen is deurdat hulle God beter leer ken. 11% van die kategete het aangedui dat kategese `n prominente rol speel, aangesien dit die katkisant leer hoe om `n goeie, eenvoudige lewete lei.</p>		
--	---	--	--

Wanneer bogenoemde bevindings bestudeer word, word dit duidelik dat die huidige kategese `n baie prominente rol speel in die ontwikkeling van die katkisante om die kennis wat hulle in die kategese opdoen in die koninkryk van God te gaan toepas. Hierdie prominensie is van só `n aard dat die kategese in 72% van die gemeentes bykans die enigste vorm van jeugbediening is en as die fondament vir die jeugbediening in die gemeente dien.

Van die kategete vermeld egter `n baie belangrike perspektief rakende die rol wat katkisasie speel in die bediening van die jeug in die gemeente. Volgens van die kategete, in die plattelandse en stedelike kontekste, help die kategese om goeie verhoudings, tussen die kategeet en katkisant en tussen die katkisante onderling, te kweek. Verhoudings wat op onvoorwaardelike liefde gebaseer is, vorm die wese van dissipelskap wat die koninkryk van God as doel het.

Wat hiermee bedoel word is dat die huidige vorme van kategeese, soos dit in hierdie gemeentes beoefen word, `n baie sterk basis vorm waar vanaf die bediening van die jeug in die groter konteks van gemeentebou uitgebou kan word.

Die vyfde vraag wat aan die kategete gevra is, het die kategete se siening probeer peil aangaande die kennis van die katekisant in die tydperk van belydenisaflegging en of die katekisant, met die kennis wat hy of sy dan het, werklik as `n volwasse lidmaat van die gemeente kan funksioneer.

Die rede waarom hierdie vraag juis onder dissipelskap en die koninkryk van God behandel word, is omdat die katekisant ten tye van belydenisaflegging reeds `n grondige kennis oor die koninkryk van God en dissipelskap moet besit, waardeur die katekisant ook `n aktiewe lidmaat van die gemeente kan wees. Deur hierdie vraag word daar dus gepoog om te peil of die katekisante, na mening van die kategete, werklik as `n Christen in die koninkryk van God en in die gemeente kan gaan leef. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	45% van die kategete in hierdie konteks is van mening dat die katekisante nog nie genoeg weet nie, maar voel dat hierdie katekisante tog maar moet belydenis aflê, omdat daar nie enige modules is vir verdere geloofsgroei nie.	Die kategete in hierdie konteks voel dat die katekisante genoeg weet, maar dat daar ruimte vir verbetering is.	50% van die kategete in hierdie konteks voel dat die katekisante beslis genoeg weet. 25% van die kategete voel dat die katekisante genoeg weet, maar dat daar ruimte vir verbetering is. Die oorblywende

	<p>33% van die kategete voel dat die katkisanter beslis genoeg weet.</p> <p>11% van die kategete voel dat die katkisanter genoeg weet, maar dat daar ruimte vir verbetering is.</p> <p>11% van die kategete het nie 'n opinie hieroor gelug nie.</p>		<p>25% van die kategete voel dat die katkisanter nog nie genoeg weet nie.</p>
--	--	--	---

Wanneer die bogenoemde persentasies bymekaar getel word en dit in ag geneem word dat sekere kategete nie 'n opinie gelug het nie, blyk dit dat ongeveer 38,5% van die kategete voel dat die katkisanter nie genoeg weet nie en dat 23% van die katkisanter voel dat daar ruimte vir verbetering is. Dit is slegs die oorblywende 38,5% wat van mening is dat die katkisanter ten tye van belydenisaflegging werklik genoeg weet en dat dit nie nodig is om te verbeter nie.

Bogenoemde stukkie statistiek is redelik ontstellend en die kategete se redes vir hulle menings bevestig hierdie statistieke. Die volgende interessante bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	Die kategete wat van mening is dat die katkisanter nie	Die kategete in hierdie konteks het aangedui dat dit	Die kategete wat daarvan oortuig is dat die katkisanter



	<p>genoeg weet nie, het die volgende drie redes aangevoer vir hulle mening:</p> <p>a) Die katekiseer val baie maklik in die geloof ("<i>backslide</i>") en hou aan om in die geloof te val.</p> <p>b) Die katekiseer ken God net so goed as wat hulle alkohol en dwelms ken.</p> <p>c) Die katekiseer lê belydenis van geloof af net om deur ander mense raakgesien te word.</p> <p>Die oorblywende 55% van die katekiseer in hierdie konteks het aangesluit by die bogenoemde redes of het selfs</p>	<p>noodsaak is dat elke kind van God in 'n bewustelike geloofsverhouding met God moet staan. Dit vra egter van die katekiseer meer as net blote kennis wat geleer word en in hierdie opsig is daar dikwels 'n leemte in die kennis van die katekiseer.</p>	<p>genoeg weet, huldig hierdie mening omdat hulle van oortuiging is dat die katekiseer reeds van graad 1 af leer om volgens die wil van God te lewe en in vergelyking met kerke van ander denominasies is die geloofsgroei in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika baie sterker. Hulle erken wel dat daar meer ondersteuning en toerusting gebied kan word aan dié katekiseer wat na skool hul ouerhuise gaan verlaat.</p> <p>Die katekiseer wat gevoel het dat die katekiseer nog nie heeltemal genoeg weet nie, is van mening dat die onderrig as sulks</p>
--	---	--	---

	<p>geen redes vir hulle antwoord verskaf nie.</p>	<p>asook die geloofsekerheid van die katekisasie moet verbeter.</p> <p>Die 25% van die katekisasie wat voel dat die katekisasie glad nie genoeg weet nie, is van mening dat Bybelkennis nie na wense is nie, dat daar te veel klem op die “gereformeerde” leer en op die Gereformeerde Kerk geplaas word en dat die katekisasie nie by die gemeente inskakel nie.</p> <p>Volgens hierdie katekisasie het die groot klem op die “gereformeerde” leer tot gevolg dat die persepsie ontstaan dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die enigste ware kerk is en dat</p>
--	---	--

			daar min tot geen interaksie met ander kerke bestaan nie.
--	--	--	---

Uit die bogenoemde bevindings word dit egter duidelik dat die kategete uit die drie verskillende kontekste om bykans dieselfde redes voel dat die katkisanter nie genoeg weet nie. In al drie die kontekste word dit duidelik dat die katkisanter nie noodwendig weet hoe om op 'n kontekstueel-relevante manier die kennis, wat hulle in die kategetiese ontvang het, toe te pas nie. Hierdie gemeenskaplike rede het egter tot gevolg dat daar 'n wye verskeidenheid van oorsake is, aangesien 'n wesentlike deel van die algemene rede veranderend van aard is, naamlik die konteks. Wat hiermee bedoel word is dat 'n gebrek aan kontekstuele relevantheid verskillende simptome toon in verskillende kontekste, maar dat die oorsaak dieselfde bly.

Meeste van die kere het bogenoemde gebeurtenis tot gevolg dat die katkisanter bloot belydenis van die geloof aflê om deur ander gelowiges raakgesien te word of dat die katkisanter na die belydenisaflegging in hul geloof val. Laasgenoemde opmerking word dan ook deur die bevinding van hierdie studie ondersteun deur monde van die kategete.

Wanneer bogenoemde in ag geneem word, word dit duidelik dat enige praktyk-teorie in hierdie verband toegespits sal moet wees, aangesien die situasie in die praktyk van konteks tot konteks sal verskil. Die teoretiese aspek van die praktyk-teorie sal egter in elke konteks dieselfde bly aangesien daar vanaf 'n vaste beginsel gewerk word (vergelyk Vorster, 2007:11-13 waar dieselfde verskynsel by die etiek verduidelik word).

Een van die kategete in die landelike gebiede het 'n opmerking gemaak wat die navorser hier wil uitlig. Die kategete is van mening dat daar ondersteuning gebied moet word aan die katkisanter wat belydenis van geloof aflê en daarna onaktiewe lidmate van die gemeente word. Hierdie kategete dui aan dat dit gewoonlik die reaksie van die gemeente is om in woede teenoor hierdie lidmate op te tree, maar dat die gemeente in werklikheid juis in liefde teenoor hierdie lidmate moet optree en

dat die nodige ondersteuningstrukture in plek moet wees om hierdie lidmate by te staan. Hierdie opmerking van die kategeet is besonders en sal verreken moet word wanneer daar na die praktyk-teoretiese riglyne gekyk word.

#### **4.3.2.2.3 Kategese.**

Met betrekking tot die kategese is daar slegs twee vrae aan die kategete gestel. Die eerste vraag is gevra om te bepaal wat die kategeet se oortuiging is in verband met die doel van kategese. Die volgende bevindings is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	<p>67% van die kategete in hierdie konteks het aangedui dat die doel van kategese is om die kind van God te leer en wat God van die mens verwag. Daar is hier dus `n fokus op die blote oordrag van kennis.</p> <p>22% van die kategete sien die doel van kategese as `n tydperk waartydens die kind God persoonlik kan leer ken om sodoende Christus te volg.</p> <p>11% van die</p>	<p>Die kategeet is van oortuiging dat die doel van kategese is om die katkisant geloofstoerusting te gee sodat die katkisant sy of haar Verlosser kan leer ken en volg deur liefdevolle gehoorsaamheid.</p>	<p>50% van die kategete in hierdie konteks het aangedui dat die doel van kategese bloot die oordrag van kennis is, aangesien vertroue nie in `n boek geleer kan word nie.</p> <p>25% van die kategete het aangesluit by bogenoemde siening, maar aangedui dat die verdere doel geloofsgroei is.</p> <p>25% het aangedui dat die doel van kategese is om die leemte wat daar</p>

	kategete sien die doel van kategese as `n geleentheid om die katkisanter te indoktrineer sodat ander denominasies of gelowe nie die katkisant sal mislei nie.		tans in die ouerhuis is, aan te spreek aangesien ouers nie meer hulle doopbeloftes nakom nie.
--	--	--	--

Wanneer die bogenoemde bevindings onder die kategete vergelyk word met die bevindings wat daar onder die katkisanter gemaak is, word die onderstaande tendense duidelik. Dit moet egter hier genoem word dat die doel wat die Deputate Katkisasie vir die kategese neergepen het in gedagte gehou moet word wanneer daar oor `n “korrekte” en “verkeerde” siening gepraat word. Hierdie aspek gaan egter eers in 4.4 behandel word. Wat hier volg is dus slegs `n uiteensetting van die stand van sake wanneer die sienings van die kategete met dié van die katkisanter vergelyk word.

Die volgende tendense het duidelik na vore getree:

Daar is `n baie groot mate van ooreenstemming tussen die sienings van die kategete en die katkisanter in die landelike konteks. Die oorgrote meerderheid van beide die katkisanter en die kategete sien die hoofdoel van die kategese as die oordrag van kennis, terwyl `n kleiner aantal die doel van kategese sien as `n geleentheid waarin die katkisant kan groei in sy verhouding met God.

Daar is `n redelike groot verskil tussen die sienings van die kategete en die katkisanter in die plattelandse konteks. In hierdie geval is die doel van kategese volgens die kategete die kweek van geloofstoerusting by die katkisanter sodat die katkisanter Christus as enigste Verlosser kan aanneem en Hom kan volg. Hierteenoor sien die katkisanter die doel van kategese grotendeels as die oordrag van kennis van God en die kweek van `n beter lewensstyl.

Daar is `n groot mate van ooreenstemming tussen die sienings van die kategete en die katkisanter in hierdie konteks. Beide die kategete en die katkisanter sien die doel van kategetese hoofsaaklik as die oordrag van kennis terwyl slegs die helfte geloofsgroei as `n bykomende doel vir kategetese ag. Wat egter by die kategete aanwesig is, maar wat by die katkisanter ontbreek, is dat die doel van kategetese ook is om die plek van die afwesige verbondsoeners in te neem.

Die laaste vraag wat aan die kategete gevra is, het gefokus op die kategete se siening oor die doeltreffendheid van die huidige metode van kategetese. Die vraag wat aan die kategete gestel is, was woordeliks soos volg: "Dink u dat die katkisasie, soos dit nou aangebied word, die beste manier is om die katkisanter te lei in intensionele geloofsgroei? Indien wel of indien nie, watter voorstelle sou u maak om dit te verbeter?". Die volgende bevinding is gemaak:

	Landelike gebiede	Plattelandse gebiede	Stedelike gebiede
Bevinding	45% van die kategete in hierdie konteks het slegs hulle antwoord vir die vorige vraag bevestig, sonder om enige redes te gee. 33% van die kategete het aangedui dat die huidige metode baie goed is, maar dat dit nie interaktief is nie. `n Voorstel word gemaak dat daar	Die kategete in hierdie konteks is van mening dat hierdie huidige metode nie werklik effektief is nie, aangesien meer gereelde en meer intense kontak intensionele geloofsgroei sou verbeter. Verder voel die kategete dat die ouerhuis en die skool ook `n prominente rol moet vertolk, maar	50% van die kategete in hierdie konteks het aangedui dat die huidige metode nie effektief is nie, aangesien die verbondsoeners nie betrokke is by die onderrig nie. Verder ontbreek die praktiese toepassing van dit wat geleer is in die huidige metode van kategetese. 25% voel dat die

	<p>meer van leersame speletjies gebruik gemaak moet word.</p> <p>11% van die kategete is van mening dat hierdie metode van kategese goed is, maar dat daar meer erns gemaak moet word met die kategete. Die kategete moet geestelike rolmodelle of mentors wees, sodat die kinders deur hulle voorbeeld kan leer.</p> <p>11% van die kategete voel dat die huidige metode goed is, maar dat daar meer gereelde kontak moet wees.</p>	<p>dat dit huidiglik nie die geval is nie.</p>	<p>huidige metode redelik geslaagd is, maar dat die kategese reeds van `n vroeë ouderdom, vanaf graad 6 en 7, in die vorm van `n Bybelstudie aangebied moet word.</p> <p>25% van die kategete voel dat die huidige metode van kategese die beste is, aangesien die katkisanse volgens die handleiding geleer word.</p>
--	--	--	--

Wanneer die bogenoemde bevindings bestudeer word in die lig van die bevindings wat in 4.2 gemaak is, is die ooreenkomste opvallend, veral wat die landelike konteks

betref! Bykans dieselfde redes en voorstelle word onder die kategete aangetref as wat by die katkisanter aangetref word, met die gebrek aan kontekstuele relevantheid van die kategetiese inhoud as die grootste leemte. Beide die katkisanter en die kategete stel voor dat die huidige metode van kategetiese verbeter kan word deur 'n interaktiewe leerproses en dat die verbondsouers ook betrek moet word by die kategetiese. Wat egter na vore kom onder die kategete in die landelike gebied, wat nie deur die katkisanter gemeld word nie, is die noodsaak van toerusting van die kategete sodat hulle die onderrig met meer doeltreffendheid kan aanpak.

Ook onder die kategete en katkisanter in die plattelandse konteks is daar 'n mate van ooreenstemming. Alhoewel die katkisanter in die algemeen meer positief oor die huidige metode van kategetiese is, dui die katkisanter, net soos die kategete, kontekstuele relevantheid aan as 'n groot leemte waaraan gewerk kan word. Hierdie tendens word ook herhaal in die gemeentes wat hulle in die stedelike konteks bevind.

By die kategete in die plattelandse en stedelike kontekste word iets besonder aangetref, naamlik dat daar 'n leemte gesien word in die feit dat die ouers nie betrokke genoeg is in die vorming van die katkisanter nie. Hierdie opmerking is van besondere belang in die lig van die bevindings in 4.1 en sal in 4.4 beslis in berekening gebring moet word.

#### **4.3.2.3 Gevolgtrekking**

Nadat die empiriese navorsing, wat onder die kategete gedoen is, verwerk en geïnterpreteer is, het dit duidelik geword dat daar in sekere opsigte baie ooreenstemming is tussen hierdie bevindings en die bevindings onder die katkisanter van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

##### **4.3.2.3.1 Kerk**

Wanneer daar na die bevindings rakende die aspek van die kerk gekyk word, word daar opgemerk dat daar 'n radikale verskil is tussen die mening van die kategete en die katkisanter rakende die betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die katkisanter as Christen. Waar die oorgrote meerderheid van die katkisanter aangedui het dat die gemeente baie betrokke is, is die kategete van mening dat bykans 93%



van die gemeentes nie genoegsaam betrokke is by die vorming van die katekisasie.

Wanneer die kategete gevra word om die tekortkominge te lys in die geloofsonderrig van die kerklike jeug is dit verstommend dat hierdie tekortkominge in die algemeen ooreenstem met die tekortkominge en kommerwekkende kwessies wat in 4.2 gevind is. Die belangrikste tekortkoming wat deur die bank geïdentifiseer is, is die kontekstueel-relevante aanbieding van die kategetiese inhoud en die onbetrokkenheid van die ouers in die geloofsonderrig van die kerklike jeug.

#### **4.3.2.3.2 Koninkryk van God en dissipelskap**

Wanneer daar na die bevindings rakende die koninkryk van God en dissipelskap gekyk word, word daar deurgaans `n groot mate van ooreenstemming gevind met die bevindinge wat onder die katekisasie gemaak is. Hiermee word bedoel dat die tekortkominge wat deur die verwerking van die empiriese navorsing onder die katekisasie geïdentifiseer is, ook deur die kategete geïdentifiseer is. Die gebrek aan geloofsekerheid en geloofsvolwassenheid is egter baie kommerwekkend. Verder is die tekort aan deeglike onderrig aangaande die koninkryk van God by die katekisasie `n leemte wat aangespreek moet word.

#### **4.3.2.3.3 Kategese**

Wat die kategese betref, is dit verblydend om te sien dat die kategese `n baie prominente plek vul in die kerklike bediening van die jeug, ongeag die tekortkominge en leemtes wat daar tans bestaan. Hierdie prominente plek wat die kategese inneem moet na mening van die navorser as `n basis gebruik word waar vanaf die gemeentes hulle kerklike bediening en vorming van die jeug verder kan uitbou. Dit is ook verblydend dat die kategese geag word as `n ruimte waarbinne gesonde verhoudings gebou kan word.

Daar is egter ook `n aantal tekortkominge geïdentifiseer, naamlik dat die huidige metode van kategese nie altyd die inhoud van die leerstof op `n kontekstueel-relevante manier oordra nie, dat hierdie metode nie noodwendig die katekisant voorberei om as `n volwasse lidmaat in die kerk en koninkryk te funksioneer nie en,

laastens, dat die ouers nie genoegsaam betrek word by die onderrig van die katekisasie in die huidige model van katekese nie. Aan hierdie tekortkominge sal daar daadwerklike aandag geskenk moet word.

#### **4.4 Gevolgtrekking oor die bevindings van die empiriese navorsing.**

Aan die begin van die empiriese navorsing is daar vermeld dat die primêre doel van die empiriese ondersoek is om meer kennis te genereer om die huidige, ongunstige situasie aan te spreek en te verander na 'n meer gunstige situasie (Heitink, 1999:223-225). Die empiriese navorsing het dus van die hipotese uitgegaan dat daar tans 'n ongunstige situasie in die huidige vorm van toerusting van die jeug, tussen die ouderdomme 13 tot 18, van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is.

Daar is egter aangedui dat hierdie hipotese net bewys kan word indien daar 'n drieledige ondersoek gedoen word na die ontwikkeling van die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, soos dit duidelik word in die handelinge van die Deputate Katekisasie en Deputate Jeugsorg van die nasionale sinode oor 'n spesifieke tydperk. Die tweede been waarop hierdie empiriese ondersoek berus is die bepaling van die huidige sienings onder die dooplidmate rakende die kerk, die koninkryk van God en dissipelskap en laastens die katekese. 'n Ondersoek na die siening van die kategete rakende die bogenoemde aspekte vorm die derde been van die empiriese navorsing.

Die doel van hierdie drieledige ondersoek is om op hierdie wyse te bepaal tot watter mate die doelwitte of uitgangspunte, wat die nasionale sinodes deur die Deputate Katekisasie en Deputate Jeugsorg gestel het, bereik is. Die doel van die empiriese ondersoek onder die katekisasie en kategete is dus eerstens om te bepaal wat die siening van die katekisasie oor dissipelskap en die koninkryk van God is en tweedens om te bepaal of die uitkomst of doelwitte, wat vir die katekisasie en jeugbediening gestel is, bereik is. Op hierdie wyse word verhoed dat die navorser se vooropgestelde doelwitte vir katekisasie, nie 'n bepalende faktor speel in die werklike situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.

Die doel van hierdie gevolgtrekking aan die einde van die empiriese navorsing is dus eerstens om te bepaal wat die huidige siening is van die kerk, die koninkryk van God en dissipelskap en die kategeese. Tweedens is die doel van die gevolgtrekking van hierdie studie om aan te dui tot in watter mate die doelwitte, wat die betrokke deputategroepe gestel het, bereik is.

#### **4.4.1 Die huidige siening van die kerk, die koninkryk van God en dissipelskap en die kategeese.**

Om hierdie huidige siening te bepaal is daar nie net stilgestaan by die siening van die kerk, maar ook by die siening van die kategeese. Die rede waarom beide die kerk en die kategeese se siening in ag geneem word, is om sodoende 'n werklike, realistiese beeld te kry deurdat daar vanuit twee perspektiewe na dieselfde sake gekyk word.

Indien slegs die sienings van die kerk gebruik sou word, kan dit tot gevolg hê dat daar baie optimistiese bevindings gemaak word, omdat die kerk té subjektief teenoor die situasie staan.

Indien die sienings van die kategeese alleenlik gebruik sou word, kan dit tot gevolg hê dat daar nie 'n werklike beeld verkry kan word nie, aangesien die persoonlike sienings van die kerk onbekend is aan die kategeese.

Deur bogenoemde aanslag te volg, is daar gepoog om werklik 'n realistiese beeld van die huidige situasie te verkry, sodat die huidige situasie krities bestudeer kan word. Die gevolgtrekkings rakende die situasie onder die dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in die ouderdomsgroep 13 tot 18, is soos volg:

##### **4.4.1.1 Kerk**

Vanuit die empiriese navorsing het dit duidelik geword dat die kerk tot 'n redelike mate 'n positiewe standpunt inneem teenoor die betrokkenheid van die gemeentes by hulle vorming as Christene en dat die betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die kerk toeneem na mate die kerk die punt van openbare belydenisaflegging nader. Die gevolg hiervan is dat daar deurgaans positiewe groei by die kerk sigbaar is.

Hierdie positiewe sentiment gaan egter gepaard met `n vraag na meer intense betrokkenheid van die gemeente by vorming van die kerk as Christene en dat hierdie betrokkenheid deurlopend meer moet word. Hierdie tendens moet egter nie die gemeentes gerus stel nie, aangesien al die verskillende jaargroepe aangedui het dat dit verlang word dat die gemeentes nog meer betrokke moet wees by hulle vorming as Christene.

Vanuit die bostaande deel van die empiriese navorsing word dit ook duidelik dat die kerk, namate hulle ouer word, al hoe meer deel voel van die gemeente. Dit is noodsaaklik dat die kerk reeds van `n vroeë ouderdom deel voel van die gemeente en dit is ook nodig dat die gemeentes die nodige strukture in plek het om hierdie proses aan te help. Alhoewel die kerk reeds tot `n groot mate deel voel van die gemeente, is dit kommerwekkend dat die afwesigheid van die ouers `n groot tekortkoming is wat geïdentifiseer is. Dit is juis die ouers wat die doopbeloftes afgelê het en waarop die onus van verbondsonderrig rus. Hierdie verbondsonderrig moet tuis begin en verleng word in die kategetiese en kerklike betrokkenheid.

#### **4.4.1.2 Die koninkryk van God en dissipelskap**

Wanneer die bevindings van hierdie gedeelte van die empiriese navorsing in oënskyn geneem word, word dit duidelik dat daar drastiese aandag gegee moet word aan die konsep van volhoubare geloofsgroei. Wanneer die bevindinge onder die kerk vergelyk word met die bevindinge onder die kategete, met betrekking tot die vraag of die kerk genoeg weet wanneer die kerkant sy geloof in die openbaar bely, word dit duidelik dat volhoubare geloofsgroei `n brandende saak is wat meer aandag verdien in die toerusting van die kerk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In die basis-teoretiese deel van hierdie studie het dit duidelik geword dat volhoubare geloofsgroei `n belangrike komponent van dissipelskap is en vanuit die empiriese navorsing blyk dit egter dat hierdie komponent huidiglik bykans ontbreek.

Wanneer die verskillende definisies oor wie of wat `n dissipel is en wat die doel van kategetiese is, voor oë geroep word, word dit duidelik dat `n persoonlike verhouding met God en liefdevolle verhoudings teenoor die naaste bykans ontbreek by die

katkisanter! In beide hierdie sienings word die fokus geplaas op die blote oordrag van kennis van God terwyl 'n verhouding met God baie min aandag ontvang. Slegs 7% tot 14% van alle kategete sien 'n persoonlike verhouding tussen die kategete en God en tussen die kategete onderling as deel van die doel van kategetiese en die definisie van wie of wat 'n dissipel is. Die vestiging, uitbouing en bevordering van gesonde verhoudings is 'n aspek wat drastiese aandag kort in die kategetiese toerusting van die dooplidmate.

Verder is dit kommerwekkend dat só 'n groot aantal van die kategete die koningskap van Christus uitsluitlik koppel aan 'n oplossing vir die kategete se persoonlike probleme. Ander aspekte rakende die koninkryk van God, byvoorbeeld die versoening van die gelowige deur die soenverdienste van die Koning en 'n lewe van dankbaarheid deur gehoorsaamheid, word nouliks aangetref by die kategete. Die waarheid en konsep dat gehoorsaamheid aan die Koning, vervolging en verdrukking (vergelyk basis-teoretiese studie en Lukas 21:12) tot gevolg kan hê ontbreek dus heeltemal by hierdie kategete.

Laastens is dit verblydend om in bostaande empiriese navorsing te bemerk dat die kategete die koninkryk van God en dissipelskap tot 'n groot mate kontekstueel-relevant beleef. Die empiriese bevindings in hierdie verband is egter weerspreek deur die bevindings onder die kategete. Verder word die ontbreking van kontekstuele relevantheid op die voorgrond geplaas deur die genoemde feit dat die kategete die koninkryk van God bykans net van toepassing maak op hul persoonlike probleme. Veral onder die gemeentes in die landelike konteks het 'n sterk stem opgegaan vir verbeterde kontekstueel-relevante aanbieding van die kategetiese leerstof.

#### **4.4.1.3 Kategetiese.**

Wanneer daar gelet word op die huidige situasie van die kategete onder die kategete in die genoemde ouderdomsgroep in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is dit van belang om op te merk dat die oordrag van kennis as die oorkoepelende doel van kategetiese geag word. Slegs 'n geringe persentasie het ander aspekte, soos die kweek van betekenisvolle verhoudings, gebedskunde en die aanspreek van etiese kwessies, gekoppel aan die doel van kategetiese.

Die leemte aan volhoubare geloofsgroei het tot gevolg dat geloofsekerheid by die katekisasie tot 'n redelike mate ontbreek. Baie van die aspekte wat onder 4.2.2.6.1 en 4.2.2.6.2 aangeraak is, hou verband met die geloofsekerheid en geloofsvolwassenheid van die katekisasie. Geloofsekerheid beteken dat die gelowige in só 'n mate oortuig is van dit wat hy of sy glo, dat hy of sy met vrymoedigheid teenoor iemand anders daarvan kan getuig en dat die gelowige die begeerte het om te groei in sy of haar verhouding met God. Wanneer hierdie definisie van geloofsekerheid gehuldig word, word dit duidelik dat daar in die kategetiese onderrig meer aandag gegee en tyd gespandeer moet word aan geloofsekerheid.

Die empiriese navorsing het egter getoon dat beide die katekisasie en die kategete die afwesigheid van die verbondsoeners as 'n groot tekortkoming beskou. Hiermee word bedoel dat die verbondsoeners nie genoegsaam betrek word in die kategetiese proses nie.

#### **4.4.2 Die bereiking van die doelwitte wat deur die deputategroepe gestel is.**

Die vraag ontstaan egter oor hoe bogenoemde bevindings vergelyk met die doelwitte wat die betrokke deputategroepe gestel het in verband met die geestelike ontwikkeling van die jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Vervolgens gaan hierdie doelwitte weer genoem word en gaan enkele gevolgtrekkings en opmerkings gemaak word rakende die bereiking van hierdie doelwitte. Hierdie gevolgtrekkings en opmerkings gaan gemaak word deur die bevindinge van die empiriese ondersoek onder die katekisasie en kategete in gedagte te hou.

##### **4.4.2.1 Die doelwitte wat gestel is.**

Na 'n studie rakende die werk van die Deputate Katekisasie en Deputate Jeugsorg is die volgende doelwitte geïdentifiseer:

- a) Die katekisant moet selfstandig die Skrif kan bestudeer om sodoende te groei in sy verhouding met God;
- b) Die katekisant moet groei in sy kennis van God;

- c) Die katekisant moet groei in sy verhouding met die kerk;
- d) Die katekisant moet groei as gelowige binne die koninkryk van God;
- e) Die katekisant moet gehoorsaam wees aan dit wat hy leer en moet dit kan toepas in die samelewing waarbinne hy hom bevind;
- f) Die katekisant moet toegerus word om sy of haar roeping in die koninkryk van God te vervul; en laastens
- g) Die katekisant moet toegerus word om as 'n leier in die plaaslike gemeente op te tree.

Hierdie doelwitte berus op drie beginsels, naamlik:

- Die kategetiese onderrig is hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die ouers.
- Die kategetiese onderrig is bemoei met die openbaring van God in die geskiedenis.
- Die kategetiese onderrig moet die kind oproep tot groei in kennis en vertroue wat oorvloei in gehoorsaamheid aan die wil van God.

#### **4.4.2.2 Gevolgtrekkings en opmerkings rakende die bereiking van die doelwitte.**

Voordat enige gevolgtrekking of opmerking rakende die bereiking van die doelwitte gemaak word, word die volgende gevolgtrekkings en opmerkings gemaak rakende die beginsels wat geïdentifiseer is:

Soos wat die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bewys het (GKSA, 2006:364-369) berus hierdie beginsels op Skrifgronde. Om hierdie rede is die beginsels geldig en moet die beginsels as die fondament gebruik word vir die toerusting van die katekisante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die verbondsouers word erken en geïdentifiseer as die primêre opvoeder van die verbondskind en om hierdie rede moet die verbondsouers die sentrale plek in neem

as toeruster van die verbondskind. Hierdie beginsel word egter nie huidiglik toegepas nie, siende dat die afwesigheid van die verbondsouers by die toerusting van die verbondskinders `n kwellende leemte is wat na vore gekom het in die empiriese ondersoek onder die katkisante en kategete van die dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die betrokke teikengroep. Die gevolgtrekking is dat die verbondsouers nie bewus is van, of die belangrikheid van hulle taak as verbondsouers, besef nie.

Die volgende gevolgtrekkings en opmerkings rakende die bereiking van die doelwitte word gemaak, soos wat die verskillende doelwitte hierbo daarvan uitsien:

- a) Die huidige tendens onder die katkisante is dat die erns en belang van geloofsgroei nog nie ten volle begryp word nie. Hierdie doelwit word in `n mate bereik, maar daar moet meer aandag gegee word aan die belang van geloofsgroei by die katkisante.
- b) Die huidige tendens is dat die katkisante groei in hulle kennis van God alhoewel hierdie groei nog nie heeltemal na wense is nie. Die doel van kategetiese as die vermeerdering van jou kennis van God oortuig die navorser dat hierdie doelwit tot `n meerdere mate bereik word.
- c) Die huidige tendens onder die katkisante is dat die katkisante wel groei in hul verhouding met die kerk. Tog bewys die empiriese navorsing dat daar kommer is oor die aantal katkisante wat na openbare belydenisaflegging uit die kerk "verdwyn". Om hierdie rede is die navorser oortuig dat hierdie doelwit nog nie ten volle bereik is nie, maar dat daar wel positiewe vordering gemaak word in hierdie verband.
- d) Die huidige tendens onder die katkisante is dat die koninkryk van God nog nie deur die katkisante werklik begryp word nie en om hierdie rede sukkel die katkisante om as gelowige binne die koninkryk van God te leef en te groei. Om hierdie rede is die navorser van mening dat hierdie doelwit nog nie bereik is nie.
- e) Die huidige tendens onder die katkisante in hierdie verband is dat die kategetiese leerstof nie altyd op `n kontekstueel-relevante wyse toegepas en verduidelik word nie en om hierdie rede sukkel baie van die katkisante om dit



wat hulle leer in die samelewing waarbinne hulle leef toe te pas. Om hierdie rede is ook hierdie doelwit nog nie ten volle bereik nie.

- f) Die huidige tendens onder die kerk is dat daar 'n bewustheid is van die roeping wat die kerk is. Alhoewel hierdie die geval is, is daar 'n aantal wat nog nie oortuig hiervan is nie. Om hierdie rede is die navorser daarvan oortuig dat hierdie doelwit tot 'n mate bereik is, maar dat daar nogtans baie aandag hieraan geskenk moet word.
- g) Na gelang van die bevindinge oor die geloofsvolwassenheid en geloofsekerheid van die kerk is dit te betwyfel dat die kerk toegerus is om as 'n leier in die gemeente op te tree. Om hierdie rede is die navorser van oortuiging dat hierdie doelwit nog nie bereik is nie en dat baie aandag hieraan gegee sal moet word.

Vanuit bogenoemde gevolgtrekking word dit duidelik dat die huidige situasie van die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ongunstig is. Daar moet dus werklik gesoek word na die nodige oplossings, sodat die nodige veranderinge gemaak kan word. Hierdeur sal die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verander kan word om 'n meer gunstige situasie in te neem.

## **5. Enkele praktyk-teoretiese perspektiewe vir dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.**

### **5.1 Inleiding**

Tydens die uiteensetting van die metodologie wat in hierdie studie gevolg gaan word (vergelyk 1.5), is daar vermeld dat `n praktykteorie net kan ontstaan wanneer daar hermeneutiese wisselwerking plaasvind tussen die basis-teoretiese perspektiewe en die empiriese bevindings van die navorsing. Die doel van hierdie wetenskaplike navorsing is dus om `n nuwe praktykteorie daar te stel, sodat die huidige ongewenste situasie kan verander na `n meer gunstige situasie (vergelyk Heitink, 1999:114).

Om `n nuwe praktykteorie vir gemeentebou deur dissipelskap vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daar te stel, gaan die basis-teoretiese riglyne, wat in hoofstuk 2 en 3 ontwikkel is, in ag geneem word. Hierdie basis-teoretiese riglyne gaan dan toegepas word op die empiriese werklikheid wat in hoofstuk 4 bevind is.

### **5.2 `n Praktykteorie vir dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou vir en aan die dooplidmate.**

#### **5.2.1 Uiteensetting van die praktykteorie.**

Die praktykteorie word soos volg uiteengesit, om dit sodoende konkreet te hou:

- Eerstens gaan gestel word wat die plek van die doel en beginsels van dissipelskap binne gemeentebou behoort te wees;
- Tweedens gaan dissipelskap as `n bedieningsmodel toegepas word deur enkele riglyne te verskaf vir dooplidmate wat hulle in die landelike, plattelandse en stedelike kontekste bevind.

## **5.2.2 Die doel en beginsels van dissipelskap binne gemeentebou.**

### **5.2.2.1 Die doel van dissipelskap binne gemeentebou**

In 2.6 is daar bevind dat God die subjek van gemeentebou is. Dit is God wat die gemeente laat groei volgens die opdragte en waarheid wat in die Skrif vir ons opgeteken staan (vergelyk 1 Korintiërs 3:5-6). Om hierdie rede is dit van kardinale belang dat gemeentebou en die bedieningsmodel van gemeentebou moet berus op die opdragte wat God deur sy Woord aan die gemeente gee.

Die objek van gemeentebou is die gemeente (vergelyk 2.6). Dit is egter nie net die gemeente as geheel wat opgebou moet word nie, maar elke gelowige moet persoonlik groei in sy verhouding met God Drie-enig. In enige gemeente moet die bedieningsmodel vir gemeentebou dus van só `n aard wees dat dit fokus op die behoeftes van die gemeente as die liggaam van Christus en ook op die behoeftes van elke individuele lidmaat.

In 3.1.1.2 is daar bewys dat `n dissipel `n persoon is wat Jesus as sy Leermeester in lewe en leer volg, sodat hy of sy kan groei in hulle verhouding met God binne die konteks van `n geloofsgemeenskap. `n Dissipel is dus `n persoon wat binne die konteks van `n gemeente opgebou word in die geloof en op hierdie waarheid moet die bedieningsmodel van `n gemeente gedifferensieerd-toegespits wees: Gedifferensieerd, sodat die kollektiewe nood van die gemeente as `n eenheid aangespreek kan word, maar toegespits, sodat elke lidmaat se persoonlike nood ook aangespreek kan word (vergelyk 2.3).

Jeugbediening - binne die groter konteks van gemeentebou - en dissipelskap, moet ook gedifferensieerd-toegespits wees, sodat die doel, objek en roeping van die jeugbediening van `n gemeente ooreenstem met die doel, objek en roeping van die gemeente terwyl die doel, objek en roeping van die jeugbediening spesifiek op die bedieningsnood van die jeug toegepas word.

In 3.1.2.2 is daar bewys dat dissipelskap die lewenslange proses is waartoe die gelowige deur Jesus Christus geroep word om elke dag in liefde homself te verloën,

sy kruis op te neem en Christus te volg deurdat hy in liefde gehoorsaam aan Christus is deur vir Christus se koninkryk te lewe binne die konteks van `n geloofsgemeenskap. Om hierdie rede is die koninkryk van God die doel van gemeentebou asook die doel van dissipelskap. Dit het tot gevolg dat enige bedieningsmodel vir gemeentebou konkreet gerig moet wees op die koninkryk van God. Die koninkryk van God moet dus pertinent gestel word as die doel van die gemeentebou.

Dissipelskap is `n lewenslange proses (vergelyk 3.1.2.2). Om hierdie rede moet die bedieningsmodel, wat op die jeugbediening gerig is, daarop ingestel wees dat die dooplidmate reeds op `n vroeë ouderdom die belangrikheid van volhoubare geloofsgroei moet besef en erns daarmee moet maak. Volhoubare geloofsgroei moet egter, in die aard van enige faset van `n bedieningsmodel, meetbaar wees, sodat die nodige veranderinge gemaak kan word indien dit sou blyk dat die belang van volhoubare geloofsgroei nie by die kerkisante pos gevat het nie.

Die kerk, as `n groep dissipels, lewe in die konteks van die koninkryk van God (2.6) en dit is deur dissipelskap wat die dissipels moet uitdrukking gee aan God se heerskappy oor hulle lewens om sodoende God se heerskappy oor die wêreld en aan die wêreld bekend te maak (3.2). Hierdie waarheid vra van enige bedieningsplan vir gemeentebou om kontekstueel-relevant te wees, sodat die lidmate gelei kan word om in hulle persoonlike lewens uitdrukking te gee aan die koningskap van Christus oor die gelowige.

Die toepassing van dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou sal dus van gemeente tot gemeente en van konteks tot konteks verskil, aangesien dissipelskap juis op `n kontekstueel-relevante wyse toegepas en geleef moet word. Juis om hierdie rede kan daar nie een konkrete model vir dissipelskap gegee word nie, maar slegs `n aantal praktyk-teoretiese perspektiewe wat in berekening gebring moet word.

Dissipelskap as `n bedieningsmodel sal dus van konteks tot konteks en gemeente tot gemeente verskil, terwyl daar `n sekere aantal aspekte is wat oral teenwoordig sal wees. Hierdie aspekte is ondermeer:

- volhoubare, of intensionele, geloofsgroei;
- toename in geloofsekerheid;
- 'n gerigtheid op betekenisvolle liefdesverhoudings met God, die medegelowige en die ongelowige;
- Kontekstuele relevantheid van die bedieningsmodel; en
- Die koninkryk van God as die doel van die gemeentebou en nie die gemeente as die hoogste doel nie.

### **5.2.2.2 Die beginsels van dissipelskap binne gemeentebou.**

Vanuit 2.6 en 3.4 word dit duidelik dat dissipelskap die metodologie kan wees waardeur gemeentebou moet plaasvind. Om hierdie rede kan die wese van gemeentebou bestempel word as die bedieningsmodel waardeur dissipelskap geleef en toegepas word binne die konteks van 'n gemeente of, anders genoem, geloofsgemeenskap.

In 3.3 word daar aangedui dat wanneer daar 'n sekere aspek van dissipelskap in die Skrif na vore kom, dit telkens in 'n besondere verhouding teenoor iemand of iemand staan. Siende dat daar reeds in 3.4 bewys is dat dissipelskap wel 'n geldige bedieningsmodel vir gemeentebou is, is dit dus voor die hand liggend dat dissipelskap as 'n bedieningsmodel vir gemeentebou gebaseer moet wees op betekenisvolle verhoudings.

Liefde teenoor God, teenoor medegelowiges en teenoor die naaste is dus die kardinale beginsel vir dissipelskap en moet dus die leidende motief wees in die bedieningsmodel vir gemeentebou. Eerder as om op programme in die bedieningsmodel te fokus, moet daar gevra word hoe betekenisvolle verhoudings deur die bedieningsmodel bevorder en gekweek kan word (vergelyk Callahan, 1983:35-39).

Die gelowige se verhouding teenoor God moet nie net berus op 'n toename in sy kennis van die Drie-enige God nie, maar moet oorvloei in die aanbidding van die Drie-enige God en 'n lewenstyl van dankbaarheid teenoor God (vergelyk 3.3).

Dissipelskap as bedieningsmodel vir gemeentebou moet egter ook gefokus wees op die onderlinge meelewing van die lidmate, sodat die lidmate kan groei in hulle

verhouding met mekaar. In hierdie verband kan die “mekaar”-tekste in die Nuwe Testamentiese briewe die rigting, waarin die bedieningsmodel opgestel moet word, aandui (vergelyk 3.3).

Dissipelskap as `n bedieningstyl vir gemeentebou moet egter ook gerig wees op die uitdra van die evangelie na die naaste, aangesien die dissipel ook in `n verhouding teenoor sy naaste staan (vergelyk 3.3) en die roeping ontvang het om die evangelie te verkondig en dissipels van mense te maak (vergelyk 3.1.2.1.5). Die bedieningsmodel van die gemeente moet dus konkrete strukture en programme in plek hê om, eerstens, die lidmate toe te rus vir hierdie besondere roeping en, tweedens, om lidmate die blootstelling aan ongelowiges te gee.

### **5.2.3 Dissipelskap as bedieningsmodel toegepas op die dooplidmate binne die landelike, plattelandse en stedelike kontekste.**

#### **5.2.3.1 Dissipelskap as bedieningsmodel vir en aan dooplidmate in die landelike konteks.**

Onder 4.2.2.3.1 en 4.2.2.5.1 word dit duidelik dat die gemeentes in hierdie konteks baie betrokke is by die vorming van die dooplidmate en dat die dooplidmate tot `n groot mate deel voel van die gemeente. Die onderlinge verhoudings in die gemeente is dus `n fondament waar vanaf dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou verder uitgebou kan word, deurdat hierdie verhoudings verder versterk word. Hierdie sterk verhouding tussen die kerk en die res van die gemeente dien as die ideale geleentheid waar jeugbediening op `n inklusiewe gemeentelike benadering aangepak kan word.

Die dooplidmate groei kwartaalliks heelwat in hulle verhouding met Christus (vergelyk 4.2.2.3.2, 4.2.2.4.2 en 4.2.2.5.2 as ook 4.3.2.2.2.) en hierdie erns wat met geloofsgroei gemaak word dien as `n basis waar vanaf die konsep van volhoubare geloofsgroei verder by die kerk gekweek kan word. Die noodsaak hiervan word veral duidelik deur die feit dat baie van die kerk aangedui het dat hulle wel op `n stadium nie meer in die geloof sal hoef te groei nie (4.2.2.3.2, 4.2.2.4.2 en 4.2.2.5.2). Geloofsgroei is dus vir hierdie kerk van besondere belang, maar

wel in die punktuele sin van die woord. Langtermyn, volhoubare geloofsgroei ontbreek by hierdie dooplidmate.

Die dooplidmate in die landelike konteks sien egter baie meer van `n persoonlike konnotasie met dissipelskap as die dooplidmate in die plattelandse en stedelike kontekste (4.2.2.3.2 en 4.2.2.5.2). Tog ontbreek hierdie persoonlike konnotasie wanneer dit kom by die onderrig van die dooplidmate (vergelyk 4.2.2.3.3; 4.2.2.4.3 en 4.2.2.5.3 as ook 4.3.2.2.3).

Weens die persoonlike konnotasie wat die katekise met `n dissipel maak, naamlik dat hulle hulself as dissipels sien, is daar dus `n sterker basis waar vanaf volhoubare geloofsgroei aangemoedig kan word. Dit gaan van kardinale belang wees dat dissipelskap as bedieningsmodel vir gemeentebou van hierdie gemeentes `n prominente klem moet plaas op die opdrag van Christus aan die gelowiges om in Hom te bly (vergelyk Johannes 15:5-8). Hierdie opdrag van Christus, om in Hom te bly, is dan ook `n oproep tot volhoubare geloofsgroei.

Wanneer bogenoemde, naamlik die ontbreking van volhoubare geloofsgroei en persoonlike verhoudings, in ag geneem word en gesien word in die lig van gemeentes wat reeds redelik betrokke is by die vorming van die jeug, kan `n kleingroep bedieningsmodel oorweeg word. Dissipelskap vind dan plaas binne die konteks van `n kleingroep, waar daar klem geplaas word op die verskillende verhoudings waarin die gelowige staan. Op hierdie manier kan God se verhouding met die katekise, die katekise se verhouding met God, die katekise se verhouding met medegelowiges en die katekise se verhouding met die wêreld genoegsame aandag kry. Deurdat daar van `n kleingroep gebruik gemaak word, word die katekise ook voorsien van `n ondersteuningsnetwerk wat hom kan ondersteun in volhoubare geloofsgroei (vergelyk Oostenbrink & Lotter, 1999:21-25).

Alhoewel geloofsekerheid in `n mate by hierdie katekise ontbreek (4.3.2.2.2), dui die dooplidmate in hierdie konteks aan dat hulle tot `n meerdere mate daarvan oortuig is dat hulle `n evangeliserende gesprek met iemand sal kan voer (4.2.2.3.2, 4.2.2.4.2 en 4.2.2.5.2). Vanaf hierdie basis kan daar verder gebou word aan die bediening van die jeug deurdat daar deur middel van die nodige strukture en

programme aan hulle die geleentheid gebied word om hulle geloof met iemand te deel. Verder moet die opdrag van Christus, om na al die nasies toe te gaan en die mense sy dissipels te maak, aan hierdie dooplidmate bevestig word.

Weer eens bied `n kleingroepbenadering wonderlike geleenthede in hierdie verband. Dit is binne die kleingroep wat die katekise kan leer hoe om met mekaar hulle geloof te deel en mekaar by te staan in tye van beproewing. In die kleingroep kan daar ook aandag gegee word aan die verkondiging van die evangelie aan ongelowiges deurdat daar toerustingsgeleenthede gebied word deur middel van rolspel. Sodoende kan een lid van die kleingroep hom byvoorbeeld voordoen as `n Jehova Getuie terwyl `n ander lid van die groep met hierdie persoon `n evangeliserende gesprek moet voer.

Die ontbreking van geloofsekerheid by hierdie katekise word verder bevestig deurdat baie van die dooplidmate oortuig is dat geloof nie alle aspekte van die lewe oorspan nie (4.3.2.2.2 en 4.2.2.4.2). Alhoewel hierdie siening gekoppel kan word aan `n wêreldbeskouing, moet dit egter nie as `n verskoning gebruik word nie. Dit is dus van kardinale belang dat die bedieningsmodel aan die katekise ruimte daarvoor laat dat `n wêreldbeskouing wat op die Skrif gegrond is, aan die katekise oorgedra en beoefen moet word.

In die onderrig en bediening van die dooplidmate in hierdie konteks moet daar meer gefokus word op die koningskap van Christus. Alhoewel `n aantal van die katekise die koningskap van Christus gekoppel het aan gehoorsaamheid aan die Koning (4.2.2.5.2) word dit egter duidelik dat daar nie genoegsame aandag hieraan geskenk word nie (4.3.2.2.2).

Weer eens kan daar na die kleingroep benadering gewys word as `n moontlike oplossing vir bogenoemde situasies, naamlik geloofsekerheid en die koningskap van Christus oor die lewe van die katekise. Dit is binne die kleingroep wat daar aandag gegee kan word aan die verhouding tussen die katekise en die wêreld asook Christus se koningskap oor die lewe van die gelowige.

Aandag aan die katekise se verhouding met die wêreld kan gegee word deur tyd af te staan waarin daar na die praktiese toepassing van `n sekere waarheid gesoek



word. Hierdie toepassing kan selfs fisies beoefen word. `n Voorbeeld hiervan kan wees dat daar tyd gegee word aan die kleingroep waartydens die rommel in `n sekere area opgetel word, wanneer daar in die kategetiese leerinhoud oor die verantwoordelikheid van die gelowige teenoor die skepping gehandel word.

Op hierdie manier word daar dan ook aandag gegee aan die koningskap van Christus oor die lewe van die gelowige deurdat daar gehoorsaamheid aan die opdragte in die Skrif gekweek word. Verder kan daar ook tyd gemaak word waartydens die lof van ons Koning, Jesus Christus, besing word tydens die kleingroep byeenkoms. Dit is ook van belang dat die kategeet, wat as die kleingroepleier of –fasiliteerder kan funksioneer, dit pertinent stel dat daar aan die verskillende sake aandag gegee word.

Die huidige vorm van kategeses gee egter `n goeie platform wat kan dien vir verdere bediening van die jeug in die konteks van gemeentebou. Hierdie rede word aangevoer aangesien die oorgrote meerderheid kategete en katkisanter daarvan oortuig is dat die huidige vorm van kategeses die beste metode op hierdie stadium is (4.2.2.3.3; 4.2.2.4.3; 4.2.2.5.3 en 4.3.2.2.3). Indien die kleingroep benadering dus gevolg word, sal dit komplimenterend tot die huidige vorm van kategeses moet dien en nie as vervangend nie. Hiermee word bedoel dat die fokus op die verskillende verhoudings meer plek moet vind in die huidige vorm van kategeses.

### **5.2.3.2 Dissipelskap as bedieningsmodel vir en aan dooplidmate in die plattelandse konteks.**

Die gemeentes in die plattelandse konteks se betrokkenheid by die vorming van die katkisanter is heeltemal onseker en daadwerklike aandag sal hieraan geskenk moet word (vergelyk 4.2.2.2.2.1; 4.2.2.3.1 en 4.3.2.2.1). Die gevolg hiervan is dan ook dat die katkisanter nog nie heeltemal deel voel van die gemeente nie en bloot as “lidmate in opleiding” geag word (4.2.2.2.2.1; 4.2.2.3.1 en 4.3.2.2.1).

`n Bedieningsmodel aan die katkisanter in hierdie konteks sal dus juis moet fokus op die inklusiewe aard van die jeugbediening. Wanneer bogenoemde bevindings prakties-teoreties toegepas moet word, beteken dit dat die bedieningsmodel vir en

aan die jeug ruimte moet laat vir die bediening van die dooplidmate deur die verbondsouers (vergelyk 4.3.2.2.3).

Met bogenoemde word bedoel dat die bedieningsmodel aan die katekiseante prominente ooreenkomste met die bedieningsmodel van die res van die gemeente moet hê. Beide hierdie bedieningsmodelle moet ruimte laat vir die bou van sterker verhoudings tussen die lidmate onderling asook in gesinsverband, siende dat die onbetrokkenheid van die ouers `n groot kwessie is wat aangespreek sal moet word (vergelyk 4.3.2.2.3 as ook 4.1.1.6).

In hierdie opsig sal dit `n groot aanwys wees indien die ouers meer betrek word by die katekese van die dooplidmate. Hiermee word nie bedoel dat die ouers herinner moet word aan hulle plig om die katekiseante tuis ook te onderrig nie, maar dat daar in die kategetiese onderrig plek gelaat moet word vir die betrokkenheid van die ouers. `n Voorbeeld van hierdie betrokkenheid sal wees dat die ouers saam met die katekiseante die katekese bywoon en dat daar in die praktiese toepassing van die kategetiese leerinhoud aandag gegee sal word aan die verhouding tussen verbondsouer en –kind asook die verhouding tussen die katekiseante en die gemeente en hoe die katekiseante `n integrale deel van die gemeente vorm.

In 4.4.1.2 het dit egter ook duidelik geword dat betekenisvolle verhoudings daadwerklike aandag moet geniet, siende dat dit totaal en al ontbreek by die katekiseante in die plattelandse konteks. Dit word veral duidelik daarin dat die katekiseante geen persoonlike konnotasie tussen hom- of haarself en `n dissipel sien nie (vergelyk weereens 4.2.2.2.2 en 4.2.2.3.2) en dat daar `n soeke is na verhoogde fokus op die verhouding tussen die katekiseant en God (4.2.2.2.3 en 4.3.2.2.3).

Die gebrek aan voldoende fokus op die verhouding tussen die katekiseante en God word ook duidelik wanneer die katekiseante se perspektief op die koninkryk van God ondersoek word (vergelyk 4.4.1.2). Gehoorsaamheid aan die wil van God ontbreek by die katekiseante se oortuiging oor die koninkryk van God en `n eensydige klem op Christus as die Helper vir die gelowige is aanwesig ( vergelyk 4.2.2.2.2 en 4.2.2.3.2). Die gevolg van hierdie gebrek is dat daar weinige geloofsekerheid by die katekiseante in hierdie konteks is. Geen aanduiding kan in die vraelyste gevind word dat die

katkisanter Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser en Saligmaker aanvaar nie (vergelyk 4.2.2.2.2; 4.2.2.3.2 en 4.3.2.2.2). Om bogenoemde rede is min van die katkisanter werklik ten volle oortuig dat hulle, hulle geloof met iemand anders sal kan deel in `n evangeliserende gesprek.

Wanneer bogenoemde in ag geneem word, is dit duidelik dat `n bedieningsmodel vir en aan die jeug in hierdie konteks in die besonder moet fokus op die gelowige se verhouding met God. Dit gaan verder van kardinale belang wees dat hierdie katkisanter deeglike toerusting moet ontvang met betrekking tot die uitdra van die evangelie en dit gaan verder nodig wees dat die katkisanter in `n veilige hawe die geleentheid sal ontvang om sy geloof met iemand anders te deel.

In 4.4.1.2 is daar aangedui dat volhoubare geloofsgroei baie aandag moet geniet. Hierdie aspek is `n brandende kwessie onder die katkisanter in die plattelandse konteks (vergelyk 4.3.2.2.2).

Verder moet daar aan die kontekstuele relevantheid van die huidige toerusting en bediening van die jeug gewerk word (4.4.1.2). Bogenoemde leemtes, naamlik die gebrekkige verhoudings met God en met die gemeente, die gebrek aan geloofsekerheid en volhoubare geloofsgroei en die twyfel oor die uitdra van die evangelie, is alles beduidend op die gebrek aan die oordrag van die kontekstuele relevantheid van die kategetiese leerstof. Bogenoemde aspekte word alles in die kategetiese leerstof aangeraak (vergelyk 4.1.1.4 en 4.1.2.1). Indien hierdie aspekte in die kategetiese leerstof nie op `n kontekstueel-relevante wyse aan die katkisanter oorgedra word nie, sal hulle ook nie die potensiaal toon om dit weer op hulle beurt oor te dra nie. Om hierdie rede sal die bedieningsmodel vir en aan die dooplidmate in hierdie konteks baie aandag moet bestee aan die kontekstuele relevantheid van die geloof van die katkisanter en die wyse waarop die katkisanter hierdie geloof sal kan uitleef.

Volhoubare geloofsgroei en die kontekstuele relevantheid van die kategetiese materiaal moet nie as twee aspekte in isolasie van mekaar gesien word nie, maar eerder as twee aspekte wat komplimenterend tot mekaar staan. Deurdat die katkisanter nie kan begryp hoe die kategetiese leerinhoud kontekstueel-relevant is nie,

kan die katkisant nie volhoubaar groei in die geloof nie, omdat die inhoud wat die geloofsgroei moet stimuleer irrelevant vir die katkisant is.

Om bogenoemde probleem praktykteoreties aan te spreek gaan behels dat daar in die kategese indringend aandag geskenk sal moet word aan `n metodiek vir Bybelstudie wat aan die katkisante geleer kan word. Hierdie metode moet egter van só `n aard wees dat die katkisante dit in `n groep, maar ook elkeen individueel, kan toepas.

Vanuit praktiese ondervinding kan die navorser die volgende metode aanbeveel:

- Eerstens word `n bepaalde gedeelte in die Skrif hardop voorgelees;
- Tweedens neem elke katkisant `n tyd om weer in stilte deur die gedeelte te lees;
- Derdens kry elke katkisant `n beurt om een aspek van die gedeelte te noem wat vir hom/haar opvallend was;
- Vierdens lees elke katkisant weer in stilte deur hierdie gedeelte;
- Vyfdens kry elke katkisant die geleentheid om `n ondersoekende vraag te vra waarna hierdie vrae in die groep beantwoord word. Sleutelvraagwoorde vir hierdie vrae is dus “hoekom”, “waarom”, “watter” en “wanneer”;
- Nadat die vrae in die groep beantwoord is, kry die katkisante weer die geleentheid om in stilte deur die gedeelte te lees.;
- Die sewende stap van die metode is dat katkisante die verskillende moontlike praktiese toepassings van die gedeeltes gee en bespreek, waarna daar weer in stilte deur die gedeelte gelees word;
- Die agtste stap is dat elke katkisant geleentheid kry om te vermeld wat sy of haar persoonlike toepassing van die gedeelte is en hoe hy of sy dit in die komende week gaan doen;
- Laastens word daar dan afgesluit met gebed waartydens daar ook oor die betrokke gedeelte gebid word en voorbidding gedoen word dat God aan elke katkisant die krag sal gee om hierdie gedeelte toe te pas in sy of haar lewe.

Hierdie metode het verskillende voordele, deurdat dit eerstens aan elke katkisant `n metode gee waardeur hy of sy persoonlik Bybelstudie kan doen om sodoende elke

dag te verdiep in die Woord van God. Tweedens help hierdie metode die katekiseer om ondersoekend na die Woord te luister. Die katekiseer leer om die antwoorde vir sy of haar vrae in die Skrif te soek en om werklik te luister wanneer daar uit die Skrif gelees word. Derdens help hierdie metode die katekiseer om dit wat hulle leer prakties te gaan toepas en sodoende word die kontekstuele relevantheid vir die katekiseer duideliker. Laastens help hierdie metode die katekiseer om vertrouwd daarmee te raak om hulle geloof met ander te deel. Die groep waarbinne hierdie metode toegepas word, dien dus as 'n veilige hawe waarbinne die katekiseer veilig voel om sy worstelinge te deel.

### **5.2.3.3 Dissipelskap as bedieningsmodel vir en aan dooplidmate in die stedelike konteks.**

Die gemeentes in hierdie konteks is reeds redelik betrokke by die vorming van die katekiseer en tot 'n redelike mate voel die katekiseer reeds deel van die gemeente (4.2.2.2.1; 4.2.2.3.1 en 4.2.2.4.1). Tog word dit verlang dat die gemeentes nog meer betrokke moet wees by die vorming van die katekiseer (4.3.2.2.1) aangesien die opbou van die katekiseer as deel van die gemeente (2.6) en dissipelskap juis binne die konteks van 'n geloofsgemeenskap moet plaasvind (3.1.1.2). Om hierdie rede kan die bestaande verhoudings tussen die katekiseer en die res van die gemeente gebruik word as 'n basis waar vanaf die bediening van die jeug deur dissipelskap uitgebou kan word.

Die ouers as verbondsouers word egter nie genoeg betrek by die kategetiese metode wat tans gevolg word nie (4.3.2.2.3). Om hierdie rede sal enige bedieningsmodel vir en aan die katekiseer in hierdie konteks die ouers moet betrek. Op hierdie wyse sal verhoogde betrokkenheid deur die verbondsouers verkry word, sodat die verbondsbloetes wat die ouers afgelê het, nagekom kan word. Hierdie praktykteoretiese aanslag sal ook tot gevolg hê dat die katekiseer meer geredelik deel voel van die gemeente.

In 4.3.2.2.3 is daar kommer uitgespreek oor die talle katekiseer wat na openbare geloofsbelydenis "wegraak" uit die gemeente deurdat die, nou belydende, jongmense nie meer die eredienste bywoon nie. Hierdie tendens is volgens die mening van die navorser tiperend van 'n gebroke verhouding tussen die katekiseer en gemeente wat

reeds in die vroeë jare van die kerk ontstaan. Praktiese teoretiese kan hierdie tendens aangespreek word deurdat die kerkreeds reeds voor belydenisaflegging deel word van 'n hegte groep lidmate. Deurdat die kerkreeds byvoorbeeld as groeigroepe of kleingroepe hanteer word, kan hierdie tendens moontlik teen gewerk word (vergelyk Oostenbrink & Lotter, 1999:8). Die kerkreeds sal ten tye van belydenisaflegging reeds deel voel van 'n hegte gemeenskap gelowiges en sal volgens die navorser minder geneigd wees om "groener weiveld" in ander gemeentes te gaan soek.

Volhoubare geloofsgroei is 'n meer bekende en gevestigde konsep onder die kerkreeds in die stedelike konteks (4.2.2.2.2; 4.2.2.3.2; 4.2.2.4.2 en 4.3.2.2.2). Tog word dit duidelik in 4.3.2.2.2 dat daar nog veel arbeid hieraan gespandeer moet word aangesien die Bybelkennis en geloofsekerheid van die kerkreeds nog nie na wense is nie. Alternatiewe Bybelstudies, buite die bestaande struktuur van katechese, kan dus 'n goeie basis vorm waartydens volhoubare geloofsgroei verder gekweek word.

Alhoewel die kerkreeds in hierdie konteks 'n meer persoonlike verband tussen hom- of haarself en 'n dissipel van Christus sien, ontbreek die persoonlike verhouding tussen die kerkreeds en God tot 'n groot mate (4.2.2.2.2; 4.2.2.3.2 en 4.2.2.4.2). Dit word ook duidelik wanneer die kerkreeds gevra word na die doel van katechese en daar bykans geen verwysing na die groei in verhoudings is nie (4.2.2.2.3; 4.2.2.3.3 en 4.2.2.4.3). 'n Bedieningsmodel vir en aan die kerkreeds in hierdie konteks sal dus sterk daarop moet fokus om die doel van geloofsgroei en die groei in kennis, naamlik versterking van die kerkreeds se verhouding met God, oor te dra. Telkens sal die kennis wat geleer word op 'n kontekstueel-relevante wyse toegepas moet word op die lewe van die kerkreeds.

Die koninkryk van God is beslis meer bepaald tot die gehoorsaamheid aan Christus en die versoeningswerk wat Christus gedoen het as wat die geval is in die ander kontekste (4.2.2.2.2; 4.2.2.3.2 en 4.2.2.4.2). Tog word daar aangedui dat daar ruim plek vir verbetering hiervan is (4.3.2.2.2) en wanneer daar in ag geneem word dat die koninkryk van God die doel van die gemeentebou (2.6) en dissipelskap (3.2) is, kan dit nie anders nie. 'n Bedieningsmodel vir en aan die kerkreeds in hierdie konteks moet dus duidelik die boodskap oordra dat die gelowige "in hierdie wêreld, maar nie

van hierdie wêreld is nie” en dat die koningskap van Christus die gelowige oproep om radikaal anders as die wêreld te leef.

Die huidige metode moet dus nie as die ideaal geag word nie, maar slegs as `n goeie basis waar vanaf verder gewerk kan word. Daadwerklike aandag en veranderinge aan die *status quo* is dus van besondere belang.

### **5.3 Samevatting**

In hierdie praktyk-teoretiese riglyne is daar uitgewys dat die koninkryk van God die doel van die dissipelskap binne gemeentebou is en dat enige bedieningsmodel vir gemeentebou hierdie belangrike aspek in gedagte moet hou.

Verder is daar bewys dat liefdesverhoudings die beginsel van dissipelskap uitmaak en dat dissipelskap weer `n bepaalde metodologie is waardeur gemeentebou kan plaasvind. `n Bepaalde metodologie is dan weer die beginsel vir gemeentebou en om hierdie rede kan dissipelskap wel as die beginsel vir gemeentebou dien.

Laastens is daar ook stilgestaan by die praktyk-teoretiese toespitsing van die studie op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika binne die betrokke kontekste waarin hulle hulself bevind. Hier het dit duidelik geword dat elke konteks sy eie unieke praktyk-teoretiese toepassing het, maar dat daar in elke konteks meer aandag gegee sal moet word aan die verskillende verhoudings wat daar binne `n gemeente aangetref word. In hierdie opsig is `n kleingroepbenadering as `n struktuur vir dissipelskap `n goeie opsie wat oorweeg kan word.

## **6. Finale samevatting en bevinding.**

Die doel van hierdie studie is om die waarde van dissipelskap te ondersoek as `n moontlike bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Hierdie doel vir die studie het ontstaan deurdat daar `n bepaalde probleem geïdentifiseer is, naamlik die veranderde omstandighede waarin die kerk haar bevind en die roeping wat die kerk in die wêreld het (vergelyk 1.1.1). Hierdie roeping van die kerk is om vir die wêreld plek voor God in te neem deurdat die kerk vir Christus volg.

In die besonder is daar bepaal dat die kinders van gelowiges hulle in hierdie veranderende omstandighede bevind en dat dit juis hierdie kinders van gelowiges is wat gekonfronteer word met die siening van die wêreld dat daar nie net een waarheid is nie. Dit is egter die kinders van gelowiges en om hierdie rede is dit belangrik dat hierdie kinders, as deel van `n gemeente, opgebou moet word in die geloof. Dit is dus van kardinale belang dat die model vir gemeentebou van só `n aard is dat die dooplidmate van die kerk toegerus sal wees om vir die wêreld plek voor God in te neem, deurdat die dooplidmate vir Christus volg.

Dit is dan hierdie situasie-analise wat aanleiding gegee het tot die volgende probleemstelling: “Hoe kan dissipelskap as `n bedieningsmodel dien aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar), in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika?”.

Om hierdie probleemstelling aan te spreek is daar `n bepaalde aantal doelwitte gestel, naamlik:

- a) Om `n duidelike uiteensetting van die dissipline “Gemeentebou” te gee en om dit as `n vertrekpunt vir die studie te neem.
- b) Om Dissipelskap as `n bedieningsmodel vir die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, te ondersoek deurdat werkbare definisies vir die terme “dissipel” en “dissipelskap” gegee word en daar na die beginsels en doel van Dissipelskap gekyk word.
- c) Om te bepaal watter onderrigmetodes tot geestelike groei daar tans op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas word.
- d) Om enkele praktyk-teoretiese beginsels te formuleer vir `n bedieningsmodel vir en aan hierdie groep dooplidmate.



Die sentraal-teoretiese argument of hipotese was dan ook dat dissipelskap `n bedieningsmodel is waarmee die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gelei kan word in die voetspore van Jesus.

Om samevattend en konkluderend aan te dui hoe hierdie verskillende doelwitte in hierdie studie bereik is en dat hierdie sentraal-teoretiese argument geldig is, gaan daar vervolgens `n kort probleemstelling, metodologie en resultaat van hoofstukke 2 tot 5 gebied word. Hierdie samevattinge gaan afgerond word deur `n finale gevolgtrekking waarin die verskillende aspekte van die doelwitte en die sentraal-teoretiese argument bevestig gaan word asook `n lys van moontlike terreine vir verdere navorsing gegee gaan word..

## **6.1 Basis-teoretiese perspektiewe op “Gemeentebou” as `n vertrekpunt vir hierdie studie**

### **6.1.1 Probleemstelling**

Toe daar gevra is na die basis-teoretiese perspektiewe van die term “Gemeentebou”, was die probleemstelling dat `n studie in die vakdissipline van gemeentebou slegs aangepak kan word indien dit duidelik uitgespel is wat onder gemeentebou verstaan word. Deurdat daar `n konkrete definisie van die term “Gemeentebou” geformuleer word, sal daar in die studie bepaal kan word of dissipelskap wel `n plek binne die kader van gemeentebou kan inneem. Die probleemstelling van hierdie basis-teoretiese hoofstuk was dus bloot na aanleiding van die definiëring van die term “Gemeentebou” deurdat daar na die subjek, objek, doel en wese van gemeentebou gekyk word.

### **6.1.2 Metodologie**

Om hierdie probleemstelling aan te spreek en suksesvol af te handel, is `n basis-teoretiese ondersoek na die term “gemeentebou” soos gesien deur verskillende teoloë uit verskillende kerklike kringe, aangepak. Met hierdie werkswyse het die nodige insigte na vore gekom om `n konkrete definisie van gemeentebou te gee terwyl daar wyd genoeg gekyk word om te verseker dat hierdie definisie ook gebalanseerd is.

Vir hierdie doel is daar na die bydraes van Heitink, Hirsch, Nel, Te Velde en Wijma gekyk. Heitink, Te Velde en Wijma kom vanuit dieselfde denkskool, soos wat dit duidelik word in hulle werke. Gereeld word daar deur die een teoloog verwys na die ander en op hierdie manier bou hulle saam voort op die definisie, doel, wese, objek en subjek van gemeentebou. Deur hierdie drie teoloë se werke te bestudeer het 'n duidelike oorsig oor die ontwikkeling van gemeentebou in gereformeerde kringe in Europa na vore getree.

Alhoewel Nel ook vanuit 'n gereformeerde agtergrond skryf, is sy bydrae baie meer kontekstueel-relevant as die bydrae vanuit Europa, siende dat Nel binne die konteks van die nuwe Suid-Afrika skryf. Hirsch vorm deel van die Ontluikende Missionale Kerk. Hirsch poog om in sy bydrae die basiese waarhede uit te haal waaruit die kerk nog al die eeue bestaan. Deur Hirsch se bydrae te bestudeer kan daar vanuit hierdie relatiewe jong groep kerke moontlik 'n aantal ander insigte ingewin word as wat daar by die gereformeerde teoloë gevind word.

Deur hierdie metodologie te volg, is daar balans gevind in die studie na die subjek, objek, doel en wese van gemeentebou.

### **6.1.3 Resultaat**

In die soeke na 'n antwoord vir die probleemstelling het dit duidelik geword dat God die subjek van gemeentebou is. Dit is God wat die gemeente laat groei volgens die opdragte en waarheid wat in die Skrif vir ons opgeteken staan (vergelyk 1 Korintiërs 3:5-6).

Verder het dit duidelik geword dat die gemeente die objek van gemeentebou is. Dit is egter nie net die gemeente as geheel wat opgebou moet word nie, maar elke gelowige moet persoonlik groei in sy verhouding met God Drie-enig. Hierdie groei vind plaas deur die Heilige Gees wat kragtig in elke gelowige werk, wat die gelowiges tot 'n hegte eenheid in Christus saambind en wat die nodige gawes aan die gemeente gee (vergelyk Matteus 22:34-40, 1 Korintiërs 12:1-15 en Efesiërs 4:1-16). In die probleemstelling het dit duidelik geword dat daar ook gevra moet word na die doel van gemeentebou. Alhoewel daar op verskillende maniere hierna verwys word, word die koningsheerskappy van God telkens op die voorgrond geplaas. Die

koninkryk van God moet die spil wees waar rondom alles in die kerk draai en juis dit is dan ook die doel van gemeentebou.

Wat die wese van gemeentebou aanbetref, het dit duidelik geword dat `n bepaalde metodologie die wese van gemeentebou moet uitmaak. Gemeentebou moet deur `n metode beoefen word en om hierdie rede word die metodologie as die wese van gemeentebou bestempel. Nel en Hirsch voer egter aan dat dissipelskap die wese van gemeentebou moet wees, aangesien dissipelskap gerig is op die koninkryk van God en die koninkryk van God weer die doel van gemeentebou is. Om hierdie rede kan die wese van gemeentebou bestempel word as die metode of organiese strukture waardeur dissipelskap geleef word (vergelyk Nel, 1998:140).

## **6.2 Basis-teoretiese perspektiewe op dissipelskap as `n moontlike bedieningsmodel.**

### **6.2.1 Probleemstelling**

In die voorafgaande basis-teoretiese hoofstuk is daar bepaal dat gemeentebou slegs kan plaasvind indien die gemeente toegerus word. Ons kan dus sê dat toerusting die weg is waarlangs gemeentebou moet plaasvind. Die vraag bly egter: Hoe moet hierdie toerusting plaasvind? Watter struktuur, kanaal of proses is nodig sodat hierdie toerusting effektief kan plaasvind?

Hull (2007:21) kondig aan dat dissipelskap die proses is wat volgens hom deur God self gegee is waardeur die kerk geestelik moet groei, maar ook in getalle moet groei. Bonhoeffer (2008:260-261) stel dat dissipelskap nie behels of `n sekere besluit vir hierdie of daardie optrede is nie, maar dat dissipelskap altyd `n besluit vir of teen Jesus Christus is. Dissipelskap is egter `n lewenstyl wat ook die bedieningstyl van die kerk moet wees, want die kerk bestaan nie uit strukture nie maar uit gelowiges wat in `n besondere verhouding met God staan (Barna, 2006:20, 38)!

Die doel van hierdie hoofstuk was dus om dissipelskap as `n bedieningsmodel te ondersoek. Die probleemstelling van hierdie hoofstuk staan dus komplimentêrend tot die doel van hierdie hoofstuk en vra eerstens na `n definisie van dissipelskap,

tweedens na die doel van dissipelskap en derdens of daar sekere beginsels vir dissipelskap is en hoe hierdie beginsels daarvan uitsien. Laastens is daar stilgestaan by die verhouding tussen dissipelskap en die vakdissipline van gemeentebou.

### **6.2.2 Metodologie**

Hierdie vierledige probleemstelling is onderwerp aan `n basisteoretiese ondersoek deurdat daar `n eksegeties-openbaringshistoriese navorsingsmetode gevolg is. Om hierdie navorsingsmetodologie tot uitvoering te bring is daar van `n grammaties-historiese eksegetiese model gebruik gemaak. Daar is egter alreeds baie oor dissipelskap geskryf (vergelyk Hull, 2006:313-328) en om hierdie rede is ook `n literatuurstudie gevolg om die bepaalde probleemstelling aan te spreek. Meer spesifiek is daar gefokus op die bydraes van Bonhoeffer, Calvin, Cyzewski, De Klerk & Pretorius, Hirsch, Hull en Mull. Deurdat hierdie sewe bydraes bestudeer is, is `n gebalanseerde siening gevorm oor die term dissipelskap, die doel en beginsel van dissipelskap asook die verhouding tussen gemeentebou en dissipelskap.

### **6.2.3 Resultaat.**

Met betrekking tot die definisie van die term dissipel, is daar bevind dat `n dissipel `n persoon is waarvan Jesus Christus sy Leermeester in leer en lewe is. Die dissipel se geloof vind hy nie in homself nie, maar in die indikatief dat aan Jesus Christus alle mag in hemel en op aarde gegee is. Deur sy geloof in Jesus Christus vind daar by hom dus intensionele geloofsgroei, deur gebed en volharding in die Woord van God, in die konteks van `n geloofsgemeenskap plaas. Hierdie intensionele geloofsgroei is egter nie net gemik op die dissipel self nie, maar ook op alle mense.

Verder is daar bevind dat dissipelskap die lewenslange proses is waartoe die gelowige deur Jesus Christus geroep word om elke dag in liefde homself te verloën en Christus te volg. Dit doen die gelowige deurdat hy in liefde aan Christus gehoorsaam is deur vir Christus se koninkryk te lewe binne die konteks van `n geloofsgemeenskap. Dissipelskap is dus die proses waardeur `n dissipel al hoe meer verander om deur intensionele geloofsgroei meer soos Jesus te word.

Wat die tweede aspek van die probleemstelling betref, naamlik die vraag na die doel van dissipelskap, is daar bevind dat die koninkryk van God as die doel van

dissipelskap bestempel kan word. Die kerk, as `n groep dissipels, lewe in die konteks van die koninkryk van God en dit is deur dissipelskap wat die dissipels moet uitdrukking gee aan God se heerskappy oor hulle lewens om sodoende God se heerskappy oor die wêreld en aan die wêreld bekend te maak.

Met betrekking tot die derde aspek van die probleemstelling, naamlik die beginsel van dissipelskap, is daar bevind dat verhoudings `n besondere plek inneem. Hierdie verhoudings word egter telkens omskryf deur liefde. Liefde teenoor God, teenoor jou medegelowiges en teenoor jou naaste is die kardinale beginsel vir dissipelskap. Deurdat hierdie besondere liefdesverhoudings opgebou word, wat `n lewenslange proses is, sal die dissipel groei in sy kennis van die Drie-enige God, sal hy, weens hierdie liefde, ander mense lei om dissipels van Christus te wees en sal hy die geloofsgemeenskap opsoek.

Met betrekking tot die vierde aspek van die probleemstelling, naamlik die verhouding tussen gemeentebou en dissipelskap, is daar bevind dat beide gemeentebou en dissipelskap die koninkryk van God as doel het. Waar gemeentebou God as die objek het, is dissipelskap die proses waardeur die gelowige in sy verhouding met God groei, nadat God die gelowige daartoe geroep het. Gemeentebou het weer die gemeente as subjek terwyl dissipelskap binne die konteks van `n geloofsgemeenskap of, anders genoem, gemeente moet plaasvind. Die enigste aspek waarin daar nie `n duidelike ooreenkoms is nie, is wat die wese of beginsel van gemeentebou en dissipelskap betref. Waar die wese van gemeentebou bestaan uit `n vaste metodologie of proses bestaan die wese of beginsel van dissipelskap uit verhoudings wat op liefde gebaseer is. Vanuit bogenoemde word dit dus duidelik dat dissipelskap as die wese van gemeentebou geag kan word en dat dissipelskap dus as `n metodologie of model vir gemeentebou kan dien.

### **6.3 Empiriese navorsing rakende die onderrigmetodes tot geestelike groei wat daar tans op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik word.**

### **6.3.1 Probleemstelling**

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die stand van sake egter van só 'n aard dat daar al verskeie kere in die verlede kommer uitgespreek is oor die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vergelyk GKSA, 1997:515-516 en 2006:371-378). Dus is jeugbediening binne die konteks van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n brandende kwessie wat aangespreek moet word, aangesien die jeug deel maak van die gemeente en dus inherent ook deel uitmaak van die gemeentebou van 'n betrokke gemeente.

Om jeugbediening binne die konteks van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan te spreek, gaan egter vra dat daar 'n empiriese ondersoek na die huidige situasie van jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedoen moet word. Die empiriese ondersoek het immers ten doel om meer kennis te genereer om die huidige, ongunstige situasie aan te spreek en te verander na 'n meer gunstige situasie (Heitink, 1999:223-225).

Die probleemstelling van hierdie gedeelte van die studie was dus watter huidige onderrigmetodes tot geestelike groei daar tans op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik word.

### **6.3.2 Metodologie**

'n Kwalitatiewe navorsingsmetode is gebruik om die studie oor die onderrigmetodes tot geestelike groei van die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te maak.

Hierdie kwalitatiewe navorsingsmetode is aangewend deurdat inligting wat deur die verskillende deputate van Kategese en Jeugsorg van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beskikbaar gestel is, bestudeer is. Verder is daar vraelyste uitgestuur aan 'n aantal kerke in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waarin daar spesifieke vrae gevra is rondom die onderrigmetode wat tans gebruik word om die dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te onderrig. Die vrae van hierdie vraelyste is gebaseer op die bevindings in hoofstuk 3 van hierdie studie asook die uitkomst wat die Deputate Kategese en Jeugsorg gestel het.

Om die probleemstelling daadwerklik aan te spreek, is daar egter nie net stilgestaan by die siening van die katkisanter nie, maar ook by die siening van die kategete. Die rede waarom beide die katkisanter en die kategete se siening in ag geneem is, is om sodoende `n werklike, realistiese gemiddeld te kry deurdat daar vanuit twee perspektiewe na dieselfde sake gekyk word. Indien die sienings van die katkisanter alleenlik gebruik sou word, kan dit tot gevolg hê dat daar baie optimistiese bevindings gemaak word, omdat die katkisanter té subjektief tot die situasie staan.

Indien die sienings van die kategete alleenlik gebruik sou word, kan dit tot gevolg hê dat daar nie `n werklike beeld verkry kan word nie, aangesien die persoonlike sienings van die katkisanter onbekend is aan die kategete.

Die bevindings van die empiriese navorsing deur die vraelyste is verder gebruik om die uitkomst van die verskillende Deputate groepe te meet, om sodoende te bepaal tot in watter mate hierdie uitkomst reeds bereik is en watter leemtes daar huidiglik gevul moet word.

Op hierdie wyse is verhoed dat die navorser se vooropgestelde doelwitte vir die kategete `n rol speel in die bevindings van die werklike situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

### **6.3.3 Resultaat.**

Vanuit die empiriese navorsing het dit duidelik geword dat die katkisanter tot `n redelike mate `n positiewe standpunt inneem teenoor die betrokkenheid van die gemeentes by hulle vorming as Christene en dat die betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die katkisanter toeneem namate die katkisanter die punt van openbare belydenisaflegging nader. Die gevolg hiervan is dat een van die doelwitte wat die Deputate Katkisasie en Deputate Jeugsorg gestel het, tot `n meerdere mate bereik word.

Hierdie positiewe sentiment gaan egter gepaard met `n vraag na meer intense betrokkenheid van die gemeente by die vorming van die katkisanter as Christene en dat hierdie betrokkenheid deurlopend meer word. Hierdie tendens moet egter nie die

gemeentes gerusstel nie, aangesien al die verskillende jaargroepe aangedui het dat dit verlang word dat die gemeentes nog meer betrokke moet wees by hulle vorming as Christene.

Vanuit die empiriese navorsing word dit ook duidelik dat die katekisasierte, na mate hulle ouer word, al hoe meer deel voel van die gemeente. Tog is dit kommerwekkend dat die afwesigheid van die ouers 'n groot tekortkoming is wat geïdentifiseer is. Dit is juis die ouers wat die doopbeloftes afgelê het en waarop die onus van verbondsonderrig rus. Juis in hierdie opsig is een van die doelwitte, wat deur die Deputate Kerkisasie en Deputate Jeugsorg gestel is, nog nie bereik nie.

Volhoubare geloofsgroei is egter 'n saak waaraan veel aandag geskenk sal moet word. Wanneer die bevindinge onder die katekisasierte vergelyk word met die bevindinge onder die kategete, met betrekking tot die vraag of die katekisasierte genoeg weet wanneer hulle hul geloof in die openbaar bely, word dit duidelik dat volhoubare geloofsgroei 'n brandende saak is wat aandag kort in die toerusting van die katekisasierte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Verder het die empiriese navorsing aangetoon dat 'n persoonlike verhouding met God en liefdevolle verhoudings teenoor die naaste bykans ontbreek by die katekisasierte! Die blote oordrag van kennis van God kry voorrang, terwyl 'n verhouding met God baie min aandag ontvang. Die vestiging, uitbouing en bevordering van gesonde verhoudings is 'n aspek wat drastiese aandag verg in die kategetiese toerusting van die dooplidmate. Met die groot klem op die oordrag van kennis slaag die Deputate Kerkisasie en Deputate Jeugsorg egter in die doelwit wat hulle gestel het, naamlik om die dooplidmate te laat groei in hulle kennis van God.

Verder is dit kommerwekkend dat só 'n groot aantal van die kategete die koningskap van Christus uitsluitlik koppel aan 'n oplossing vir die katekisasierte se persoonlike probleme. Ander aspekte rakende die koninkryk van God, byvoorbeeld die versoening van die gelowige met God deur die soenverdienste van die Koning en 'n lewe van dankbaarheid deur gehoorsaamheid, word nouliks aangetref by die katekisasierte. Vanuit die resultate word dit dus duidelik dat hierdie doelwit van die



Deputate Katkisasie en Deputate Jeugsorg nog nie bereik is nie en dat daadwerklike aandag hieraan bestee sal moet word.

Laastens is dit verblydend om in bostaande empiriese navorsing te bemerk dat die katkisante die koninkryk van God en dissipelskap tot `n groot mate kontekstueel-relevant beleef. Tog is die empiriese bevindings in hierdie verband egter weerspreek deur die bevindings onder die kategete. Verder word die ontbreking van kontekstuele relevantheid op die voorgrond geplaas deur die genoemde feit dat die katkisante die koninkryk van God bykans net van toepassing maak op die probleme van die katkisante. Dit is dus die bevinding van die empiriese navorsings dat hierdie doelwit, wat die Deputate Katkisasie en Deputate Jeugsorg gestel het, nog nie bereik is nie.

In `n soeke na `n antwoord vir die probleemstelling van hierdie hoofstuk, het dit duidelik geword dat die huidige tendens onder die katkisante is dat daar `n bewustheid is van die roeping wat die katkisant het. Tog is daar `n aantal wat nog nie oortuig hiervan is nie. Om hierdie rede is die navorser daarvan oortuig dat hierdie doelwit tot `n mate bereik is, maar dat daar nogtans baie aandag hieraan geskenk moet word.

Na gelang van die bevindinge oor die geloofsvolwassenheid en geloofsekerheid van die katkisante is dit te betwyfel of die katkisante toegerus is om as leiers in die gemeente op te tree. Om hierdie rede is die navorser van oortuiging dat hierdie doelwit nog nie bereik is nie en dat baie aandag hieraan spandeer sal moet word.

## **6.4 Enkele praktyk-teoretiese perspektiewe vir dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.**

### **6.4.1 Probleemstelling**

Vanuit die bevindings van beide die basis-teoretiese navorsing sowel as die empiriese navorsings word dit duidelik dat die huidige situasie van die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ongunstig is en dat daar werklik gesoek moet word na die nodige oplossings, sodat die nodige veranderings gemaak kan

word. Hierdeur sal die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verander kan word om `n meer gunstige situasie in te neem.

Om bogenoemde rede het hierdie laaste hoofstuk van die studie nie `n suiwere probleemstelling nie, maar eerder `n vraag na die nodige praktyk-teoretiese riglyne vir hoe dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas kan word.

#### **6.4.2 Metodologie**

Om bogenoemde praktyk-teoretiese beginsels te formuleer is `n bepaalde handelingswetenskaplike model gebruik waarmee die interaksie tussen die basis-teoretiese en empiriese navorsings bewerkstellig is. Vanuit die wisselwerking tussen die huidige tradisie en die gewenste situasie word daar dan `n nuwe prakties-teologiese teorie geformuleer wat aanleiding gee tot `n nuwe praxis, naamlik die praktyk-teoretiese riglyne wat onder hierdie hoofstuk verskaf is.

#### **6.4.3 Resultaat**

Die volgende praktyk-teoretiese perspektiewe is verkry met betrekking tot dissipelskap as `n bedieningsmodel vir gemeentebou:

Dissipelskap bied `n metodologie waardeur gemeentebou kan plaasvind, deurdat betekenisvolle liefdesverhoudings die wese of beginsel van dissipelskap vorm. Beide gemeentebou en dissipelskap het die koninkryk van God ten doel en om hierdie rede sal enige bedieningsmodel van dissipelskap vir gemeentebou sterk gefokus moet wees op die koninkryk van God.

Enige bedieningsmodel wat op dissipelskap gebaseer is moet gemoeid wees met volhoubare geloofsgroei, aangesien die dissipel juis tot volhoubare geloofsgroei geroep is. Geloofsgroei het in die besonder betrekking op die groei van die verhouding tussen die gelowige en God.

Dissipelskap as `n bedieningsmodel roep die gemeente op om op `n praktiese wyse liefde teenoor mekaar te bewys en die evangelie aan ongelowiges te verkondig. Sodoende word ander mense Christus se dissipels gemaak. Hierdie moet plaasvind

binne `n kontekstueel-relevante omgewing, aangesien dissipelskap juis gerig is op die uitlewing van die dissipel se geloof binne die konteks waarin hy hom bevind. Met betrekking tot dissipelskap as `n bedieningsmodel aan die jeug (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is die volgende aantal praktyk-teoretiese perspektiewe verkry:

Enige vorm van dissipelskap as `n bedieningsmodel aan die jeug moet `n inklusiewe gemeentelike benadering volg terwyl dit kontekstueel-relevant toegepas word om sodoende die jeug in hulle konteks toe te rus.

Hierdie bedieningsmodel van dissipelskap moet die verbondsouers van die dooplidmate betrek, sodat die verbondsouers gehoor kan gee aan hulle verbondsbeloftes.

Dissipelskap as `n bedieningsmodel aan die jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet sterk gefokus wees op die volhoubare geloofsgroei van die dooplidmate waartydens die dooplidmate groei in betekenisvolle verhoudings met God, sy medegelowiges en sy naaste. Sodoende kan die dooplidmate ook groei in geloofsekerheid.

Laastens moet dissipelskap as `n bedieningsmodel die dooplidmate voor die heerskappy van Christus stel, waartydens die dooplidmate geroep word tot gehoorsaamheid aan die Koning.

## **6.5 Gevolgtrekking**

Deur hierdie studie is die sentraal-teoretiese argument as geldig bewys, deurdat dit duidelik geword het dat dissipelskap wel as `n bedieningsmodel vir gemeentebou gebruik kan word en dat dissipelskap wel as `n bedieningsmodel op die dooplidmate (13 tot 18 jaar) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas kan word. Verder het die geldigheid van hierdie sentraal-teoretiese argument duidelik geword deurdat elkeen van die onderskeie doelwitte en die doelstelling van hierdie studie bereik is. Daar is naamlik bevind dat:

- a) Dissipelskap baie waarde het as `n bedieningsmodel vir gemeentebou aan die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vergelyk in besonder 3.4);
- b) Dat God die subjek van gemeentebou is, dat die gemeente die objek van gemeentebou is, dat die koninkryk van God die doel van gemeentebou is en dat die wese van gemeentebou uit `n konkrete metodologie bestaan. In die besonder is dissipelskap dan `n metodologie waardeur gemeentebou kan plaasvind;
- c) Dat daar `n werkbare definisie vir “dissipel” en “dissipelskap” gevind is en dat daar bepaal is dat die koninkryk van God die doel van dissipelskap is terwyl liefdevolle verhoudings die beginsel van dissipelskap uitmaak;
- d) Dat die huidige onderrigmetodes tot geestelike groei van die jeug in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika redelik geslaag is, maar dat daar verskeie leemtes is wat deur dissipelskap aangespreek kan word; en
- e) Dat daar enkele praktyk-teoretiese perspektiewe vir `n bedieningsmodel van dissipelskap vir hierdie groep dooplidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gestel kan word.

In bogenoemde studie word dit dus duidelik dat die sentraal-teoretiese argument van die studie bereik is. Hierdie sentraal-teoretiese argument is dat dissipelskap `n moontlike bedieningsmodel vir gemeentebou is waarmee die dooplidmate (13 tot 18 jaar) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gelei kan word in die voetspore van Jesus.

## **6.6 Enkele terreine vir verder navorsing.**

Die volgende terreine kan vir verdere navorsing oorweeg word:

- a) Die koninkryk van God as grondmotief vir gemeentebou.
- b) Die rol van die koninkryk van God in jeugbediening.
- c) Betekenisvolle verhoudings as die wese van gemeentebou.
- d) Die rol van die verbondsouer in die inklusiewe gemeentelike bediening van die jeug.
- e) Die verhouding tussen kontekstuele relevantheid en gemeentebou.
- f) Volhoubare geloofsgroei as wesenselement van gemeentebou.

## **Addendum**

### **Addenda by hoofstuk 3**

#### **Addendum 1 – Uitgebreide eksegeese van Markus 8:27-9:1**

##### **1.) Besondere Kanoniek**

###### **a. Outeurskap**

Vanuit die boek is dit duidelik dat Johannes Markus die skrywer van hierdie evangelie is. Hy het saam met Paulus gewerk en was volgens Hand. 13:13 saam met Paulus op sy eerste sendingreis. Hy was egter nie `n dissipel nie, maar het noue kontak met die dissipels gehad, aangesien hulle gereeld in sy ma se huis in Jerusalem bymekaar gekom het.

###### **b. Doel van Markus**

Die doel van die boek is om Christus as die Seun van God te proklameer. Markus laat val `n baie sterk klem op die koms van die koninkryk van God, deur die werke en dade van Christus (Greijdanus, 1947:109). Om hierdie rede dan ook dat Christus se verkondiging begin met *“Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.”* (Markus 1:15).

### c. **Inhoud van Markus**

Die inhoud van Markus het ten doel om die lyding en sterwe van die Messias te beklemtoon. Daarom die “gejaagde tempo” regdeur Markus om sodoende by die kruisiging en sterwe van Christus uit te kom. Dit is ook `n moontlike verduideliking vir waarom die evangelie in sekere manuskripte net 8 verse bevat oor die opstanding van Christus. Tog handel Markus ook oor Christus as die Seun van God. Alles in ag geneem kan Markus dus in vier dele verdeel word:

- 1) Opskrif en Inleiding (1:1-13)
- 2) Jesus as die Seun van God wat wonders doen (1:14-8:26)
- 3) Jesus op pad na Jerusalem om te sterf en op te staan (8:27-13:37)
- 4) Die kruisgebeure en opstanding (14:1-16:20)

In Markus word daar egter ook `n sterk klem geplaas op die menslike persoonlikheid van Jesus (Guthrie, 1970:58). Tog merk Grant (1978:633) tereg op dat die fokus in Markus val op die magtige dade van Christus. Hierdie fokus word nie aan ongelowiges voorgehou nie, maar aan mense wat reeds gelowig is. Dus is die Evangelie volgens Markus `n motivering aan die gelowiges om te volhard in die Weg en op die weg, want Christus word nog steeds nagevolg. Markus 8:27-9:1 vorm die sentrale deel van hierdie boodskap. Grant (1978:633) wys dan ook daarop dat die gehoor vir wie Markus skryf heel moontlik vervolging ondergaan en dus bemoedig moet word vir die lyding wat hulle in die gesig staar.

### d. **Datering van Markus**

Die boek Markus is tussen 55 en 65 n.C. geskryf aan die Christene in Rome (Guthrie, 1970:61-63), dus moontlike Christene met `n nie-Joodse

agtergrond (Greijdanus, 1947:102). As motivering vir die nie-Joodse gehoor, kan daar veral gekyk word na die verduideliking van Joodse tradisies asook die vertaling van Aramese uitdrukkings na Grieks in die Evangelie volgens Markus.

## **2.) Plek van die perikoop in die Markusstruktuur**

- 1) Opskrif en Inleiding (1:1-15)
- 2) Jesus as die Seun van God wat wonders doen (1:16-8:26)
- 3) Jesus op pad na Jerusalem om te sterf en op te staan (8:27-13:37)**
  - i. Belydenis van die Christus en dissipelskap (8:27-9:1)
  - ii. Die verheerliking van Christus en die bewys daarvan (9:2-29)
  - iii. Die dood en opstanding word `n tweede keer aangekondig (9:30-32)
  - iv. Menseverhoudings (9:33-10:16)
  - v. Die vraag na die ewige lewe (10:17-31)
  - vi. Die dood en opstanding word `n derde keer aangekondig (10:32-34)
  - vii. Jakobus en Johannes se versoek (10:35-45)
  - viii. Genesing (10:46-52)
  - ix. Intog in Jerusalem (11:1-33)
  - x. Gelykenisse en onderrig (12:1-44)
  - xi. Profetiese redes (13:1-37)
- 4) Die kruisgebeure en opstanding (14:1-16:20)

Markus 8:27-9:1 is dus aan die begin van Jesus se reis na Jerusalem en voor sy verheerliking op die berg. Petrus het dus Jesus as die Christus herken voordat hy gesien het hoe Christus op die berg verheerlik word. Die gedeelte sluit dan ook by die eerste aankondiging van Christus se dood en opstanding aan.

Markus 8:27-9:1 kan verder in drie gedeeltes opgedeel word, naamlik:

- a) Petrus se belydenis (8:27-30)
- b) Die aankondiging van Christus se dood en opstanding (8:30-33)
- c) Die eise van Dissipelskap (8:34-9:1).

Wanneer die Grieks van Markus 8:27-9:1 bestudeer word, word dit egter baie duidelik dat hier nie `n lang tydsverloop plaasgevind het nie (in teenstelling met byvoorbeeld Markus 9:2). Daarom dat bogenoemde indeling meer inhoudelik as temporeel van aard is. Daar kan dus vanuit die gedeelte aangeneem word dat hierdie gebeure min of meer chronologies naby Sesarea-Filippi plaasgevind het.

### 3.) Die ontleding van die gedagte-opbou van die gedeelte

8:27: Christus vra aan die dissipels oor wie die mense sê Hy is.

8:28. Die antwoord: Johannes, Elia of `n profeet.

8:29a. Christus vra die dissipels wie hulle dink Hy is.

8:29b Petrus noem Jesus die Christus.

8:30. Christus belet hulle om dit te verkondig

8:31. Jesus leer die dissipels oor sy lyding en kruisiging asook opstanding

8:32a. Jesus praat reguit met hulle hieroor.

8:32b. Petrus berispe vir Jesus hieroor.

8:33a Jesus berispe vir Petrus voor die dissipels

8:33b. Die inhoud : Petrus doen satanswerk – dink aan wat die mense wil hê.

8:34a. Jesus roep die skare en die dissipels nader.

8:34b. As iemand Jesus wil volg moet hy....

- c. homself verloën
- d. sy kruis opneem
- e. en Hom volg

8:35. want as jy jou lewe vir Jesus verloor, sal jy dit behou.

8:36-37. om jou lewe te verloor beteken niks.

8:38. maar as jy jou vir Jesus skaam, sal Hy hom vir jou ook skaam.


9:1. Die belofte van die koms van die koninkryk.

Alhoewel die bostaande sintaktiese struktuur dit nie so duidelik aandui nie, is daar `n sterk verhouding tussen Petrus se twee verskillende optredes en die eise van dissipelskap wat Christus aan die aanhoorders verkondig. Om Jesus te volg (8:34e) is om Hom as die Christus te erken (8:29b) en om jouself te verloën en jou kruis op te neem (8:34c-d). Dit is dus om Jesus as die Christus te bely (8:29) en om nie te dink



aan wat die mense en jyself wil hê nie, maar aan wat God wil hê (8:33b). Hierdeur word die hegte eenheid van Markus 8:27-9:1 verder ondersteun en beklemtoon.

#### 4.) Ontleding van die sintaktiese struktuur van vers 34.



Vanuit die ontleding van die sintaktiese struktuur kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die frase “agter my” benadruk word aangesien dit voor die werkwoord in die bysin geplaas word. Dit gaan dus eerstens oor die Wie en dan oor die handeling wat daarmee gepaard gaan. Daar kan ook vanuit hierdie sintaktiese ontleding `n aantal kernbegrippe geïdentifiseer word waarvan daar `n woordstudie gemaak sal moet word, naamlik θέλει, ἀπαρνησάσθω en ἀκολουθεῖτω.

#### 5.) Semantiese ontleding van kernbegrippe in die Skrifgedeelte

θέλει is `n woord wat sentraal staan in hierdie gedeelte. In Louw & Nida (1996b:118) kom θέλω in vier verskillende semantiese veld voor, waarvan die een (31.4) slegs die betekenis dra in 2 Petrus 3:5. Die ander drie semantiese velde is:

30.58 : doel/*purpose*

25.1 : begeerte/*desire*

25.102 : geniet/*enjoy*.

Betreffende die gebruik van θέλω in Markus 8:34 blyk dit asof slegs die semantiese veld 25.1 betrekking het op θέλει (Louw & Nida, 1996a:287). Dit gaan dus om `n sterk passievolle gevoel om `n sekere handeling uit te voer. Dit is dus ook nie `n ondeurdagte handeling nie, maar iets wat goed besin is. Volgens Kittel, Bromiley & Friedrich (1976a: 46) gaan θέλει saam met `n gevoel en toegeneentheid van liefde.

ἀπαρνησάσθω. In Louw & Nida (1996b:24) behoort ἀπαρνησάσθω tot semantiese veld 30.52. Hiervolgens dra dit die betekenis van om “nee” te sê vir iets, maar in die onoorganklike sin van die woord. Dit het dus nie betrekking om iets spesifiek nie, maar `n algemene neerlê van die eie-ek en die oorgee in die hande van i(l)emand anders. Dit dra ook die nuanse van verwerping (Louw & Nida, 1996a:355).

ἀκολουθείτω. In Louw & Nida (1996b:8) val ἀκολουθείτω in semantiese veld 36.31 en dra dus die betekenis van om iemand se dissipel te wees (Louw & Nida, 1996b:469). Om hierdie rede dan ook dat daar in die bestudering van die kultuur (sosio-) historiese oorwegings ondersoek ingestel sal moet word na wat dit beteken het om `n dissipel van iemand te wees. Plato het ἀκολουθείτω gebruik om die handeling te verduidelik wanneer iemand die gang van `n redenasie volg en aanhang.

## **6.) Kultuur(sosio-)historiese oorwegings**

Soos reeds genoem sal daar na die dissipelbeweging gekyk moet word in die bestudering van die sosiohistoriese gegewens. Daar sal ook na die gebied rondom Sesarea-Filippi gekyk moet word in hierdie bestudering.

### Dissipelskap in die tyd van Jesus Christus

Net die elite, “die beste van die beste van die beste” het die volgelinge van `n rabbi geword (vergelyk Hull, 2006:59-61). Die res van die bevolking, alhoewel hulle die

Tora baie goed geken het, het aangegaan met hulle familie-besighede. Die Jode wat wel dissipels van `n rabbi geword het, moes van nature gehoorsaam wees aan die interpretasie wat daardie rabbi aan die Torah gee (Kittel, Bromiley & Friedrich, 1976b:443). Vanuit die Skrif kan byvoorbeeld die volgende gebruike genoem word:

- a) Hulle mag nie saam met sondaars geëet het nie (Markus 2:16).
- b) Hulle moes die Sabbatsgebod baie streng nakom (Lukas 6:1-5)
- c) Hulle mag nie enigiets goed in `n tollenaar gesien het nie (Markus 2:16).
- d) Hulle was ywerig om niks met die Grieks-Romeinse kultuur te doen te hê nie (Vergelyk met die naamsbetekenis “Fariseër” – Afgesonderde).
- e) Hulle het die Tora onbeskryflik goed geken (Markus 10:1-12).

In hierdie gedeelte bevind Jesus Christus Hom saam met sy dissipels in Sesarea-Filippi, `n stad wat deur Herodes opgebou is vir keiser Filippus. Sodoende bevind hierdie dissipels en Jesus Christus hulself `n heidense stad waar die Grieks-Romeinse kultuur en godsdiens hooggety vier.

#### Sesarea-Filippi en die gebied daar rondom.

Sesarea-Filippi is geleë in die noorde van Palestina, teen die voete van die Hermon berg (Aharoni & Avi-Yonah, 1979:149). Dit word gekenmerk deur die berg en dan in die besonder die grot, net buite Sesarea-Filippi (Vergelyk Smith). Hierdie grot was omskep in `n tempel vir die Griekse god van musiek, Pan (vergeelyk Gottheil & Krauss). Hy was half-mens-half-bok. Daar was ook altare vir Zeus en `n hele aantal wybeeldtjies aan nimfe was ook daar opgerig. Bestialisme was algemeen, aangesien geslagsomgang met die bokke – wat vir hierdie doel aangehou was – as `n offer aan Pan gesien is. Tussen al hierdie onheilighede loop Jesus Christus saam met sy dissipels rond, en dan vra Hy vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?” Anders gestel: “Tussen al hierdie (af)gode, kan julle nog die ware God herken en aanbid?”

#### **7.) Openbaringshistoriese plasing**

Mark. 8:27-9:1 is `n keerpunt in die openbaringsgeskiedenis. Hier word die dissipels `n lewensbelangrike vraag gestel. Volgens Joh. 1:42 het Petrus van Andreas, sy

broer, reeds gehoor dat Jesus die Messias is, maar in hierdie gedeelte is dit nie net 'n bevestiging van dit wat hy gehoor het nie, maar is dit 'n openbaring van God (cf. Matt. 16:17)! Petrus bely hier dat Jesus die Gesalfde is. Hy glo in Jesus Christus, maar wanneer hy hoor wat die volle implikasies van hierdie belydenis is, kom hy agter dat hy nie die lewe kan leef nie. Petrus die belyer word Petrus die standpuntsteller.

In die tweede subperikoop van die gedeelte kondig Jesus Christus die eerste keer sy dood en opstanding aan. Hierdie aankondiging bewerk ontsteltenis by Petrus. Die tweede keer wat Jesus Christus sy dood en opstanding aankondig (Mark. 9:30-32), bewerk dit ontsteltenis by die dissipels. Die derde keer wat Jesus Christus sy dood en opstanding aankondig (Matt. 20:17-19, Luk. 18:31-34 cf Mark 10:32-34) verstaan die dissipels nog steeds nie wat Jesus Christus hulle meedeel nie. By die kruis begin die betekenis vir hulle deurskemer en na die opstanding en sy verskyning aan hulle word dit vir hulle egter duidelik. In die Briewe van die Nuwe Testament word daar dan van hierdie oorspronklike ontsteltenis gepraat as die goeie nuus, die blye boodskap, die evangelie. Die manier waarop Jesus na Homself verwys as die "Seun van die mens" is 'n verwysing na Daniël 7:13-14 (Anderson, 1976:209). Die dissipels besef dit egter nie. Eers later skemer hierdie profesie van Daniël vir hulle deur en word dit vir hulle duidelik.

Wat kos dit egter om Jesus Christus te volg? Wat moet 'n persoon doen as hy agter Jesus Christus wil aangaan? Hy moet homself verloën, sy kruis opneem en Jesus Christus volg. Soos wat die dooies hulle eie dooies moes gaan begrawe (Matt. 8:22, Luk. 9:60), so moet die persoon homself agterlaat, sy kruis opneem en Jesus Christus volg. Wanneer Jesus Christus na die gelowige se kruis verwys, weerklink daarin die woorde van Matt. 11:30. Vir die mens is dit 'n kruis, maar vir God is dit ligte las. Wat dit van ons gaan verg om Jesus Christus te volg gaan swaar vir ons wees, maar by Jesus Christus vind ons rus en is hierdie juk sag en die las lig.

Mark. 8:34 -9:1 staan op 'n besonderse plek in die openbaringsgeskiedenis. Hier word die eise van dissipelskap gegee. Maar reeds in Matt. 4:18-22 word die dissipels geroep. In hierdie gedeelte word die dissipels dus voor 'n keuse gestel. Hulle volg klaar vir Christus, maar gaan hulle aanhou om die pad agter Christus aan

te loop? Dit is die keuse wat hulle moet maak. Gaan hulle volhard in die wedloop van die geloof (cf. Hebreërs 12:1-3)? Toe hulle dit gedoen het, kon hulle ook die opdrag kry om ander mense dissipels van Jesus Christus te gaan maak (Matt. 28:18-20), nie omdat hulle self die leermeesters is nie, maar omdat daar net een Leermeester is en omdat net Hy Leermeester genoem mag word (Matt. 23:8-12).

Jesus Christus maak die belofte van hierdie gedeelte in vers 38, al is dit `n negatiewe belofte. Indien iemand hom vir die woorde van Jesus Christus skaam, sal Jesus Christus Hom ook skaam vir daardie persoon wanneer Jesus Christus in al sy heerlijkheid geklee aan die regterhand van die Vader sit. Om hierdie rede is hierdie gedeelte dan ook gerig op die eskatologie. Die oordeelsdag is aan't kom! Jesus Christus gaan regverdig oordeel op daardie dag. Indien jy jou egter nie geskaam het vir die woorde van ons Here Jesus Christus nie, sal Hy Hom ook nie vir jou skaam waar Hy in heerlijkheid aan die regterhand van die Vader sit nie.

Markus 9:1 verwys na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Alhoewel hierdie vers ook op die wederkoms sinspeel, verwys dit eerstens na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster (Hand. 2:1-13). Ons kan dus vandag ook deur die geestesoë sien hoe die koninkryk van God met krag in hierdie wêreld werk, maar ons kan ook uitsien na die dag van die Here, wanneer die "nog nie" van die koninkryk van God vir ons gaan aanbreek (Open. 5, 14:14-20).

## **Addendum by hoofstuk 4**

### **Vraelyste aan Katkisanter en Kategete – Afrikaans**

#### **Vraelys aan Katkisanter**

#### **Ouderdom:**

Goeie dag!

Ek wil weet of jy my kan help? Ek is besig om `n studie te maak oor die jeugbediening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en wil graag jou mening oor `n paar vrae hê. Ek moet nog baie leer en daarom dat ek jou hulp vra! Jy hoef glad nie jou naam of enige ander besonderhede neer te skryf nie, behalwe jou ouderdom (omdat dit deel van die studie is).

Ek belowe dan ook om van my kant af vir jou gemeente se kerkraad `n brief te skryf waarin ek vir hulle bietjie terugvoer gee oor die antwoorde wat ek van jongmense uit verskillende gemeentes ontvang, sodat ons mekaar kan help om te groei in ons verhouding met ons Verlosser!

Baie dankie vir jou hulp!

Jou broer in Jesus

Karel Steyn

- 
- 1) Uit `n persentasie van 100, hoeveel, voel jy, dat jy gegroei het in jou verhouding met Jesus na die afgelope kwartaal se katkisasie-lesse?

0%-----25%-----50%-----75%-----100%

- 2) Wie of wat dink jy is `n dissipel?

---

---

---

- 3) Wat dink jy is die doel van katkisasie?

---

---

---

- 4) Dink jy dat die katkisasie, soos dit nou aangebied word, die beste manier is om in jou geloof te groei en meer van God te leer? Indien wel of indien nie, watter voorstelle sou jy maak om dit te verbeter?

---

---

---

5) Wat beteken dit vir jou dat Jesus Christus ons Koning is?

---

---

---

6) Sal jy, met die kennis wat jy nou al het, met iemand kan praat oor die Here as hy of sy jou daarmee konfronteer? (Merk met `n kruisie)

Ja, verseker!	Ja, heel moontlik	Sjoe, ek weet nie...	Nee, ek dink nie so nie.	Nee, beslis nie!
---------------	-------------------	----------------------	--------------------------	------------------

7) Sal jy ooit op `n punt kom waar dit nie meer vir jou nodig is om meer van die Here te leer nie? (Merk met `n kruisie)

Ja, verseker!	Ja, heel moontlik	Sjoe, ek weet nie...	Nee, ek dink nie so nie.	Nee, beslis nie!
---------------	-------------------	----------------------	--------------------------	------------------

8) Wanneer sal dit gebeur en hoekom sê jy so?

---

---

---

9) Hoe betrokke is die gemeente, waarvan jy deel is, in jou vorming as `n Christen? (Merk met `n kruisie)

Vreeslik baie!	Baie, maar dit sou lekker gewees het as hulle meer betrokke was.	Sjoe, ek weet nie...	Nie baie nie, maar daar is wel so af en toe `n geleentheid om te groei.	Buite kerkisasie, is die gemeente glad nie betrokke nie.
----------------	--	----------------------	---	--

10) Voel jy dat jy nou reeds deel van die gemeente is en dat jy saam met die gemeente groei in jou verhouding met Jesus Christus? (Merk met `n kruisie)

Ja, verseker!	Ja, tot `n redelike mate.	Sjoe, ek weet nie...	Nee, ek voel nie regtig deel van die gemeente nie	Nee, beslis nie!
------------------	------------------------------	-------------------------	--	---------------------

**Vraelys aan Kategeet.**

Goeie dag!

Ek is tans besig met my meestersgraad in Gemeentebou en fokus op dissipelskap as `n moontlike bedieningsmodel. Ek ondersoek veral die plek van kategese en jeugbediening in hierdie model. Om hierdie studie kontekstueel-relevant te hou, is dit vir my nodig om u, as Kategeet, se mening oor `n paar sake, rakende dissipelskap, katekisasie en jeugbediening in te win. Kan u dalk `n paar minute afstaan en die volgende 10 vrae antwoord?



Ek belowe dan om van my kant af vir u kerkraad terugvoer te gee oor die antwoorde wat ek van kategete uit verskillende gemeentes ontvang, sodat ons mekaar kan help om te groei in ons verhouding met ons Verlosser!

Baie dankie vir u hulp!

U broer in Jesus

Karel Steyn

- 
- 1) Uit `n persentasie van 100, hoeveel voel u dat die katkisant gegroei het in sy verhouding met Jesus Christus na die afgelope kwartaal se katkisasie-lesse?

0%-----25%-----50%-----75%-----100%

- 2) Wie of wat dink u is `n dissipel?

---

---

---

- 3) Wat dink u is die doel van katkisasie?

---

---

---

- 4) Dink u dat die katkisasie, soos dit nou aangebied word, die beste manier is om die katkisant te lei in intensionele geloofsgroei? Indien wel of indien nie, watter voorstelle sou u maak om dit te verbeter?

---

---

---

- 5) Word die koningskap van Jesus Christus genoegsaam verduidelik en toegepas tydens die kategeseseproses?

Ja, verseker.	Ja, maar daar is tog `n groot ruimte vir verbetering.	Heeltemal onseker.	Nee, daar word slegs daaraan geraak.	Nee, dit word glad nie genoegsaam verduidelik en toegepas nie.
---------------	---	--------------------	--------------------------------------	--

6) Watter rol speel katkisasie in die bediening van die jeug in u gemeente?

---



---



---

7) Voel u dat die hedendaagse katkisant, wanneer hy of sy op die punt van geloofsbelydenis kom, werklik genoeg weet om as volwasse lidmaat van die kerk te funksioneer?

Ja, verseker.	Ja, maar daar is tog `n groot ruimte vir verbetering.	Heeltemal onseker.	Nee, nie werklik nie. Tog kan ons hulle nie afwys nie, dit is mos nou immers die einde van die katkisasie-proses.	Nee, hulle weet glad nie genoeg nie.
---------------	---	--------------------	---	--------------------------------------

8) Waarom sê u so?

---



---



---

9) Hoe betrokke is die gemeente, waarvan u deel is, in die vorming van die katkisante as Christene buite die struktuur van formele kategese?

Vreeslik baie!	Baie, maar daar is plek vir meer geleentheid.	Heeltemal onseker.	Nie baie nie, maar daar is wel so af en toe `n geleentheid tot geloofsgroei.	Buite kerkisasie, is die gemeente glad nie betrokke nie.
----------------	---	--------------------	--	--

10)Watter tekortkominge is daar huidiglik in die geloofsonderrig van die kerklike jeug tussen die ouderdomme van 13 en 18?

---



---



---

### **Vraelyste aan Katkisanter en Kategete - Engels**

#### **Questionnaire for baptized child not yet confessing his or her faith.**

**Age:**

Good day!

Can you help me? I am currently busy with some research about the youth ministry in die Reformed Churches in South Africa and I will really appreciate your opinion about a few things. I still need to learn a lot and therefore I am asking for your help. You don't need to give your name, but only your age as it is part of the research.

In return, I promise to write a letter to your Church Council in which I will give feedback about my findings in order that we can grow together in our relationship with our Savior, Jesus Christ.

Thank you very much!

Your brother in Christ.

Karel Steyn

---

1) Out of a hundred, how much, do you feel, did you grow in your relationship with Jesus after a school quarter of Sunday School?

0%-----25%-----50%-----75%-----100%

2) Who, or what, do you think is a disciple?

---

---

---

3) What do you think is the purpose of Sunday school?

---

---

---

4) Do you think that the Sunday school, as it is given at this stage, is the best way to grow in your faith and to learn more about God? If so or if not so, what suggestions will you give to improve it?

---

---

---

5) What does it mean to you that Jesus Christ is our King?

---



---



---

6) With the knowledge that you have at this stage, will you be able to talk to someone about the Lord if you are confronted by him or her about it?

(Mark with a cross)

Yes, definitely!	Yes, probably	I don't know.	No, I don't think so.	No, certainly not!
------------------	---------------	---------------	-----------------------	--------------------

7) Will you ever come to a point in your life where it won't be necessary for you to learn more about the Lord? (Mark with a cross)

Yes, definitely	Yes, probably	I don't know	No, I don't think so.	No, certainly not!
-----------------	---------------	--------------	-----------------------	--------------------

8) When will this happen and why do you say so?

---



---



---

9) How involved is the rest of your congregation in your development as a Christian? (Mark with a cross)

A lot!	Quite a lot, but it would be wonderful if they were even more involved.	I don't know.	Not a lot, but now and again there is an event for growth.	Except for Sunday school, not at all.
--------	---	---------------	--	---------------------------------------

10) Do you feel that you are already part of the congregation and that you are growing with the congregation in your relationship with Jesus Christ? (Mark with a cross)

Yes, definitely	Yes, quite a lot.	I don't know	No, I don't really feel part of the congregation.	No, not at all!
--------------------	----------------------	--------------	--	--------------------

**Questionnaire for the teachers giving Sunday school.**

Good day!

I am currently busy with my Masters degree in Theology in the field of Church Development and Discipleship as a probable strategy for ministry. In this study I am focusing on the place which catechetics hold in the youth ministry of the congregations of the Reformed Churches in South Africa. For this study to be thorough, I need to ask you a few questions. Will you be able to help me?

In return, I promise to write a letter to your Church Council in which I will give feedback about my findings in order that we can grow together in our relationship with our Savior, Jesus Christ.

Thank you very much!

Your brother in Christ.

Karel Steyn

-----

1) Out of a hundred, how much do you feel did the learner grow in his or her relationship with Jesus Christ after a school quarter's Sunday school?

0%-----25%-----50%-----75%-----100%

2) Who, or what, do you think is a disciple?

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

3) What do you think is the purpose of Sunday school?

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

4) Do you think that the Sunday school, as it is given at this stage, is the best way for the learner to grow in his or her faith and to learn more about God? If so or if not so, what suggestions will you give to better it?

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

5) Do you think that there is enough emphasis on Jesus as our King and that it is thoroughly explained and applied in the Sunday school?

Yes, certainly!	Yes, but there is definitely room for improvement.	I am unsure.	No, the subject is barely touched.	No, this subject is definitely not explained and applied enough!
-----------------	--	--------------	------------------------------------	--

6) What part does Sunday school play in the ministry of your congregation?

---



---



---

7) Do you feel that the youth of today know enough, when they give public confession of their faith, to actively be part of the congregation??

Yes, certainly!	Yes, but there is definitely room for improvement.	I am unsure.	No, not really, but we can't stop them from confessing their faith because this is the end of the Sunday school modules.	No, they don't know enough at all.
-----------------	--	--------------	--	------------------------------------

8) Why do you feel so?

---



---



---

9) How involved is your congregation in helping and developing the youth of your congregation outside the structure of formal Sunday school?



A lot!!	Quite a lot, but there is room for improvement.	Totally unsure	Not really, but there is a few occasions for spiritual growth.	Not at all.
---------	---	----------------	--	-------------

10)What shortages is there currently in the spiritual education of the youth between the ages 13 and 18 in the church?

---

---

---

## **Bibliografie**

AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS. 2002. Kaapstad: NB-Uitgewers Beperk.

AHARONI, Y. & AVI-YONAH, M. 1979. Bybelse Atlas. New York: Macmillan Publishing.

ALAND, B., ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C. M., METZGER, B. M., & WIKGREN, A. 1993. The Greek New Testament (Vierde uitgawe.). Federal Republic of Germany: United Bible Societies.

ALEXANDER, D. & ALEXANDER, P. 1977. Handboek by die Bybel. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

ANDERSON, H. 1976. New Century Bible. Based on the Revised Standard Version. The Gospel of Mark. London: Oliphants.

BARNA, G. 2006. Revolution. Worn-out on Church? Finding vibrant Faith beyond the walls of the Sanctuary. Vereeniging: Christian Art.

BLAKE, J. 2010. More teens become “fake” Christians. [Web:] <http://edition.cnn.com/2010/LIVING/08/27/almost.christian/index.html?hpt=P1&ieref=N51#fbid=Z1jLhDgDIO&wom=false>. [Datum van gebruik: 30 Augustus 2010]

BONHOEFFER, D. 2008. Wat Dissipelskap kos. Genade wat alles van jou vra. Vertaal deur Annes Nel. Wellington: Lux Verbi.BM.

BREED, D.G., JANSE VAN RENSBURG, J.J. & JORDAAN, G.J.C. 2008. Manlik en Vroulik in die Kerk. Geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies.

BROOKS, J.A. 1991. The New American Commentary. Volume 23. Markus. Nashville: Broadman Press.

BYBEL. 2003. Die Bybel Naslaan. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Paarl: Paarl Print.

CALLAHAN, K.L. 1983. Twelve Keys to an Effective Church. Strategic Planning for Mission. San Francisco: Jossey-Bass.

CALVYN, J. 1559. Johannes Calvyn. Institutie of Onderwijzing in de Christelijke Godsdienst uit het Latijn Vertaald door dr. A. Sizuu. Tweede Deel. Bevattende Boek III. Vijfde Druk. Delft: W.D. Meinema.

CALVYN, J. 1999a. Commentaries on the Catholic Epistles. Uit Frans vertaal deur J. Owen. Grand Rapids: Christian Classics Ethereal Library.

CALVYN, J. 1999b. Commentary on the Gospel according to John – Volume 2. Uit Frans vertaal deur W. Pringle. Grand Rapids: Christian Classics Ethereal Library.

CALVYN, J. 1999c. Commentary on the Gospel according to Matthew, Mark and Luke – Volume 1. Uit Frans vertaal deur W. Pringle. Grand Rapids: Christian Classics Ethereal Library.

CALVYN, J. 1999d. Commentary on the Gospel according to Matthew, Mark and Luke – Volume 2. Uit Frans vertaal deur W. Pringle. Grand Rapids: Christian Classics Ethereal Library.

CALVYN, J. 1999e. Commentary on the Gospel according to Matthew, Mark and Luke – Volume 3. Uit Frans vertaal deur W. Pringle. Grand Rapids: Christian Classics Ethereal Library.

CALVYN, J. 1999f. The Institutes of the Christian Religion. Book III: The Mode of Obtaining the Grace of Christ, the Benefit it Confers, and the Effects Resulting from

it. Uit Latyn vertaal deur Henry Beveridge. Elektroniese weergawe. Grand Rapids: Christian Classics Ethereal Library.

CARSON, D.A. 2006. The Gospel according to John. Leicester: Apollos.

COETZEE, J. C. 1995. Sleutels tot die Godsopenbaring van die Nuwe Testament. Potchefstroom: Ongepubliseerde Artikel.

CYZEWSKI, E. 2008. Coffeehouse Theology. Reflections on God in Everyday Life. Colorado Springs: Navpress.

DE BRUYN, P.J. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1997. Handleiding by die skryf van Navorsingsverslae (Referate, artikels, skripsies, verhandelinge, proefskrifte). Potchefstroom: Fakulteit Teologie, Noord-Wes Universiteit.

DE KLERK, B.J. & PRETORIUS, J. 2005. Die Implikasies van `n nadere Skrifgefundeerde definisie van *dissipel* en *dissipelskap* vir gemeentebou. *In die Skriflig*, 39(1): 155-171.

DE WET, F.W. 2006. Die Aanwending van Rolf Zeffass se handelingswetenskaplike model in Prakties-Teologiese teorievorming - `n Gereformeerde Perspektief. *In die Skriflig*, 40(1):57-87.

DEPUTATE KATKISASIE (NASIONALE SINODE) GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2001. Ken, Vertrou en Doen. Graad 10. Werkboek vir katekisant en ouer. Potchefstroom.

DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS. 1999. (In Interkerklike hersieningskommissie. Die berymde Psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Die Deputate vir die Calvyn-Jubilieumfonds).

DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. 1999. (In Interkerklike hersieningskommissie. Die berymde Psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Die Deputate vir die Calvin-Jubilieumfonds).

DU TOIT, A.B. (red.) 1990. Handleiding by die Nuwe Testament, Band VI: Die Johannes-evangelie; Hebreërs tot Openbaring: Inleiding en Teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

ERASMUS, J.A. 2001. Die Praktyk van jeugbediening binne Gereformeerde Gemeenteopbou. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. Handeling van die ses-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 6 Januarie en volgende dae.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2000. Handeling van die sewe-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 10 Januarie 2000 en volgende dae.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2003. Handeling van die agt-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 6 Januarie 2003 en volgende dae.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2006. Handeling van die nege-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 4 Januarie 2006 en die volgende dae en derde addendum van die emeritaatversorgingstrust.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2009. Handeling van die vyftigste nasionale sinode en tiende sinode Middellande in die eerste algemene sinode te Potchefstroom op 5 Januarie 2009 en volgende dae.

GKSA sien GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.

GOTTHEIL, R. & KRAUSS, S. 2002. Caesarea. [Web:] <http://www.jewishencyclopedia.com/view/jsp?artid=10&letter=C#1>. [Datum van gebruik: 24 Mei 2010].

GRANT, F.C. 1978. The Gospel according to st. Mark. in: BUTTRICK, G.A. et al. 1978. The Interpreter's Bible. The Holy Scriptures in the King James and Revised Standard Versions with General Articles and Introduction, Exegesis, Exposition for Each Book of the Bible. In Twelve Volumes. Volume 7. Nashville: Abington.

GREIJLDANUS, S. 1947. Bizondere Canoniek van de Boeken van het Nieuwe Testament. Deel 1. Historische Boeken. Kampen: Kok.

GUTHRIE, D. 1970. New Testament Introduction. Third Edition (revised) in one volume. London: The Tyndale Press.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. Grand Rapids: Eerdmans.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis.

HIRSCH, A. 2006. The Forgotten Ways. Reactivating the Missional Church. Grand Rapids: Brazos Press.

HIRSCH, A. & ALTCLASS, D. 2009. The Forgotten Ways Handbook. A Practical Guide for Developing Missional Churches. Grand Rapids: Brazos Press.

HULL, B. 2006. The Complete Book of Discipleship. On Being and Making Followers of Christ. Colorado Springs: Navpress.

HULL, B. 2007. The Disciplemaking Pastor. Leading others on the Journey of Faith. Grand Rapids: Baker Books.

JORDAAN, G.J.C. 2006. Die Binnewerk van die Griekse Taal. Handleiding vir eksegete en ander studente van Grieks. Potchefstroom: Principia.

KITTEL, G.; BROMILEY, G.W. & FRIEDRICH, G. 1976a. Theological dictionary of the New Testament (Elektroniese uitgawe). Volume 3. Grand Rapids: Eerdmans.

KITTEL, G.; BROMILEY, G.W. & FRIEDRICH, G. 1976b. Theological dictionary of the New Testament (Elektroniese uitgawe.). Volume 4. Grand Rapids: Eerdmans.

LOUW, J. P., & NIDA, E. A. 1996a. Greek-English lexicon of the New Testament : Based on semantic domains (Elektroniese uitgawe van die tweede uitgawe.). Deel 1. New York: United Bible societies.

LOUW, J. P., & NIDA, E. A. 1996b. Greek-English lexicon of the New Testament : Based on semantic domains (Elektroniese uitgawe van die tweede uitgawe.). Deel 2. New York: United Bible societies.

LUCAS, D. & GREEN, C. 1995. The Bible Speaks Today. The Message of 2 Peter and Jude. The Promise of His coming. Leicester: Inter-Varsity Press.

MBITI, J.S. 1998. African Theology. *in* KÖNIG, A. & MAIMELA, S. 1998. Initiation into Theology. The Rich Variety of Theology and Hermeneutics. Pretoria: JL Van Schaik. p. 141-158.

MOO, D.J. 1996. The NIV Application Commentary. From Biblical text...to Contemporary Life. 2 Peter and Jude. Grand Rapids: Zondervan.

MULL, R. 2005. Lord, Disciple Me. Discovering your Purpose, Empowering your Journey. Shippensburg: Destiny Image Publishers.

NEL, M. 1998. Jeugbediening. `n Inklusiewe Gemeentelike Benadering. Bloemfontein: Barnabas.

NIEMANDT, N. 2007. Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met `n Postmoderne Wêreld. Wellington: Lux Verbi.BM.

OOSTENBRINK, J. & LOTTER, G. 1999. Die Groot God by Kleingroepe. Potchefstroom: DPM.

SMITH, M.H. 1999. Caesarea-Philippi. [Web:] <http://virtualreligion.net/iho/phillipi.html>. [Datum van gebruik: 24 Mei 2010].

TE VELDE, M. 1992. Gemeenteopbouw. Barneveld: Vuurbaak.

VAN DER WALT, T. 1962. Die Koninkryk van God – Naby! Eksegetiese verkenning van die toekomspektief van Jesus Christus volgens die Getuienis van die Sinoptiese Evangelies. Kampen: Kok.

VORSTER, J.M. 2007. Christian Attitude in the South African Liberal Democracy. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

WALVOORD, J. F., ZUCK, R. B. 1983. The Bible knowledge commentary : An Exposition of the Scriptures. Volume 2. Wheaton: Victor Books.

WARREN, R. 2005. Die Doelgerigte Kerk. Ken jou Doel, Vervul jou Roeping! Groei sonder om jou boodskap of roeping prys te gee. Uit Engels vertaal deur I. van der Vyver. Kaapstad: Struik Uitgewers.

WILLIAMSON, L. 1983. Interpretation. A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Louisville: John Knox.